

GRAMMATIESE TYDSVERGESTALTING IN
AFRIKAANS - 'N LINGUISTIESE ONDERSOEK
AAN DIE HAND VAN ENKELE AFRIKAANSE
KORTVERHALE

deur

D.M. WYBENGA

Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n
gedeelte van die vereistes vir die graad

DOCTOR LITTERARUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan
die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys

Promotor: Prof. H.G.W. du Plessis
Hulppromotor: Dr. M.C.A. Seyffert

SEPTEMBER, 1983

685 / 1906

DANKBETUIGING

Ek spreek my opregte dank uit teenoor die volgende persone sonder wie se hulp hierdie proefskrif nie moontlik sou wees nie. Alle tekortkominge hierin is natuurlik vir my eie rekening:

my promotor, prof. H.G.W. du Plessis, sonder wie se simpatieke en inspirerende leiding niks van hierdie ondersoek tereg sou kom nie;

my hulppromotor, dr. M.C.A. Seyffert, wat bereid was om 'n oningewyde letterkundig te oriënteer;

al die leermeesters wat oor die jare tot my vorming bygedra het, in die besonder proff. P. Pistorius, H. Venter en T.T. Cloete;

mev. Elza van Rooyen wat kans gesien het om my kalligrafiese geheimenisse te tik;

mnr. C. van R. Viljoen wat die Engelse opsomming taalkundig versorg het;

my vrou, Gretel, en kinders wat my steeds bygestaan het

... en almal wat wetend en onwetend bygedra het om van hierdie proefskrif 'n werklikheid te maak.

I N H O U D S O P G A W EBladsyHOOFSTUK 1INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

		1
1.1	h Vraag sonder antwoord?	1
1.2	Vraag of stelling?	3
1.2.1	Die agterstand van Afrikaans	4
1.2.2	Die Afrikaanse taaleie	4
1.2.3	Die veriede tyd in Afrikaans	5
1.2.4	Vertolking van die probleem van Antonissen	7
1.3	Is die ondersoek na die grammatikale tydsuitdrukking van Afrikaans nog nie voltooi nie?	8
1.4	Die mag van die tradisie en die probleem van tyd	9
1.5	Die probleem van h korpus	9
1.6	Watter kortverhale?	12
1.7	Noodsaaklike agtergrondkennis vir die analise van kortverhale	13
1.7.1	Die taak van die taalkundige in die ondersoek van h <i>literêre</i> korpus	13
1.7.2	Die literêre en die <i>gewone</i> diskoers	13
1.7.3	Diskoersgenres	14
1.7.4	Sinsinterne en sinseksterne taalanalise	15
1.7.5	Tyd as h struktuurelement of kategorie van die epiek	15
1.8	Samevatting	16

HOOFSTUK 2STUDIES OOR DIE GRAMMATIKA VAN TYD IN AFRIKAANS

		17
2.1	Die ban van Latyn	17
2.2	Tyd, tempus, aspek, aktionsart en deiksis	18
2.2.1	Tyd en deiksis	19
2.2.2	Tempus	26
2.2.3	Aktionsart en aspek	29
2.2.4	Die verband tussen aktionsart en aspek	35

2.3	Beskouings oor die grammatika van tyd in Afrikaans	36
2.4	Beskrywende studies en verwysings na tydsuitdrukking in Afrikaans	37
2.5	Voorskrywende bronne oor tydsuitdrukking in Afrikaans	55
2.6	Samevatting	60

HOOFSTUK 3

TYDSUITDRUKKING EN DIE EPIESE DISKOERS

3.1	Diskoers	64
3.1.1	Sinsontleding of kontekstuele teksontleding	65
3.1.2	Teks en konteks	69
3.1.3	Die teks	69
3.2	Die kontekselemente	71
3.2.1	Die deiktiese sentrum	72
3.2.2	Tyd- en ruimtelike oriëntering	73
3.2.3	Deelnemers	78
3.2.4	Onderwerp	74
3.2.5	Diskoerskenmerke	80
3.2.5.1	Kanaal	80
3.2.5.2	Toonaard	81
3.2.5.3	Genre	81
3.2.6	Die konteks is deikties gefundeer	81
3.3	Tekstuur	82
3.3.1	Teksgrense	83
3.3.2	Verband en band (<i>cohesion</i>)	86
3.3.2.1	Verwysing	87
3.3.2.2	Verwysing en ellisie	87
3.3.2.3	Samevoeging	88
3.3.2.4	Herhaling	88
3.3.3	Samehang (<i>coherence</i>)	89
3.4	Mondelinge en geskrewe tekste; 'n funksionele onderskeid tussen literêre en gewone diskoerse	89

3.4.1	Beginnels van klassifikasie	92
3.4.2	Beginnels by die klassifisering van diskoersgenres	93
3.4.3	Tekstipes	96
3.4.4	Skrif en spraak	98
3.4.5	Indeling	100
3.5	Die taak van die taalkundige - die taak van die letterkundige	102
3.6	Kenmerke van die literêre diskoers	107
3.6.1	Die literêre diskoers is nie-verwysend	107
3.6.2	Die literêre taal is nie-normatief	109
3.6.3	Die literêre funksie	110
3.7	Tekstuele konteks en tekskonteks	111
3.7.1	Elemente van die tekstuele konteks	113
3.7.1.1	Deelnemers	113
3.7.1.2	Tekstuele ruimte	117
3.7.1.3	Tekstuele tyd	117
3.7.1.4	Kultuurhistoriese en sosiokulturele oriëntering	118
3.7.1.5	Diskoerskenmerke van die literêre teks	119
3.7.2	Die tekskonteks	120
3.7.2.1	Die vertelinstansie	121
3.7.2.2	Die hoorder en die toehoorder	125
3.7.2.3	Ander deelnemers en elemente van die tekskonteks	126
3.7.3	Die literêre teks	129
3.8	Tydsvergestaltung in die verhaal	129
3.8.1	Vertelsnelheid	130
3.8.2	Volgorde	132
3.8.3	Epiese afstand	135
3.8.4	Die funksie van tempus	136
3.8.5	Opeenvolging in die samehang	139
3.8.6	Tekstyd	140
3.9	Samevatting	141

<u>HOOFSTUK 4</u>		
<u>'N ANALISE VAN DIE TYDSVERGESTALTING IN AGT KORTVERHALE</u>		142
4.1	<i>Lettie</i> van Gustav Preller	145
4.2	<i>Leuens</i> van C.M. van den Heever	158
4.3	<i>Terugkeer</i> van P.J. Haasbroek	163
4.3.1	Tydloosheid	165
4.3.1.1	Generiese uitings	165
4.3.1.2	Iteratiewe	167
4.3.1.3	Beskrywings	168
4.3.2	Oriënteringspunt	170
4.3.3	Retrospeksies	172
4.3.4	Latere gebeure in die verhaal	175
4.3.5	Hoe word die volgorde weergegee?	175
4.4	<i>Kinders in die skemer</i> van Elise Muller	176
4.5	<i>Die Betlehem-ster</i> van Henriette Grové	179
4.6	<i>Hoogsomernag</i> van Chris Barnard	186
4.7	<i>Swart-ys</i> van Hennie Aucamp	191
4.8	<i>Die tuis-koms</i> van J. van Melle	196
4.9	Samevatting	204
<u>HOOFSTUK 5</u>		
<u>GEVOLGTREKKING</u>		205
5.1	Wete- en waarneming: twee wêreldes	205
5.1.1	Die gewete wêreld	207
5.1.2	Die waargenome wêreld	213
5.2	Tydloosheid	215
5.2.1	Generiese uitings	215
5.2.2	Gewoontelike sinne	217
5.2.3	Beskrywings	218
5.2.4	Die teenwoordige tyd en tydloosheid	218
5.3	Die teenwoordige tyd	220
5.4	Die toekomstige tyd	222

5.5	Die verlede tyd	226
5.6	Kontras: die noodsaaklikheid van twee werkwoord=patrone	231
5.6.1	Deiktiese sentrums	231
5.6.2	Boodskap	234
5.6.3	Opeenvolging	235
5.6.4	Kontras	235
5.7	Aktionsart en aspek	235
5.7.1	Aktionsart	235
5.7.2	Die wyse waarop aspek in Afrikaans uitgedruk word	239
5.7.3	Samehang en samespel	243
5.8	Samevatting	244
	<u>BIBLIOGRAFIE</u>	247
	<u>SUMMARY</u>	262

H O O F S T U K 1

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

*Het die agterstand van die Afrikaanse roman
nie óók iets te make met sekere wesenstrekke
van die Afrikaanse taaleie nie, - ek bedoel
in die besonder: met die verbale uitdruk=
kingsmoontlikhede van die verlede-tydsbegrip?*

Rob Antonissen.

1.1 'N VRAAG SONDER ANTWOORD?

Hoewel daar reeds in verskeie studies na die grammatikale verge=
staling van tyd in Afrikaans verwys is (vergelyk 2.4) en daar selfs
enkele studies is wat grootliks aan hierdie onderwerp gewy is (vergelyk
soos bo), is die vraag wat Antonissen in 1961 (Antonissen, 1966:6)
gestel het, nog nie afdoende beantwoord nie.

Soos Antonissen voorsien het, is hierdie vraag soms verkeerd vertolk:
daar was byvoorbeeld persone wat hom van onkunde beskuldig het.

A.P. Grové (a.w.:8) sê op 'n F.A.K.-kongres byvoorbeeld: *Ek glo dat
Antonissen se kennis van Afrikaans of van taalkunde of van albei hom
hier in die steek gelaat het.* 'n Engelse joernalis (t.a.p.) vra na
aanleiding van Antonissen se probleemstelling aan Van Wyk Louw:
*What comments would you make on the theory of Professor Antonissen
of Rhodes University that there is a connection between the lag of
Afrikaans writing and the language's paucity of past tenses?*

Hierdie probleem is ook nie nuut nie, Eugene Marais het dit reeds
in die twintigerjare geopper (Du Toit, 1940:250): *Ik verklaar met
al die nadruk waaroor ik beskik, met die nadruk van bittere onder=
vinding, dat dit nie so is nie (dat ons met 'toe' en 'toe' kan volstaan).*

Daar is nuanses van betekenis in die taal wat alleen deur die verboge vorm kan weergegee word; daar is nuanse wat mens in Afrikaans nooit sonder die onvolmaakte verlede tyd kan weergee nie. Nog eerder in 1884 het Mansvelt (vergelyk 2.3) n soorgelyke bewering gemaak.

In Desember 1962 sou Meyer de Villiers (1962:53, e.v.) n antwoord op Antonissen se vraag waag. Hy kom by die kern van die probleem as hy daarop wys (a.w.: 53-54) dat mense sedert die Middeleeue die oortuiging huldig dat Grieks en veral Latyn struktureel meerderwaardig is. Alle ander tale is hiervolgens armer in die mate waarin hulle struktureel van hierdie tale verskil (hierdie kwessie word vollediger bespreek in 2.1). n Tweede standpunt van De Villiers (a.w.: 55) is *die tydsbeeld verskil in elke taal volgens sy sisteem en geen kategorie van een taal sal presies ooreenstem met die naaste kategorie in n ander taal nie.* Uiteindelik gee De Villiers egter geen antwoord op Antonissen se vraag nie. Hy kom tot die gevolgtrekking (a.w.: 59) dat Afrikaanse skrywers nog nie die werkwoordelike stelsel in Afrikaans kan beheer nie: *Sonder twyfel is die kwessie van werkwoordkategorieë in Afrikaans lastig. Die duidelikste inkonsekwensies by goeie skrywers kan verskillend gesien word: skrywers is nog te min bewus van die Afrikaanse werkwoordelike stelsel ...*

Met hierdie standpunt maak De Villiers dieselfde fout as soveel skrywers voor en na hom (vergelyk 2.2): tydsuitdrukking moet kwansuis n werkwoordelike kategorie wees. Is dit nie maar dieselfde soort probleem as wat die taalkundiges het wat Latyn as model vir alle tale wil voorhou nie?

Dat De Villiers nie hiermee Antonissen se vraag beantwoord het nie, sê laasgenoemde self (Antonissen, 1966:9): *Laat ek nog vasstel dat Meyer de Villiers se artikel heelwat materiaal bevat wat my sterk in my vermoede. Verder spreek Antonissen (t.a.p.) egter sy waardering uit vir die artikel van De Villiers en konstateer hy dat dit juis die*

soort ondersoek is wat hy deur sy vraagstelling wou uitlok.

Antonissen het met sy vraag geen bybedoeling gehad nie, hy wou juis daarmee n ondersoek na die tydsprobleem in Afrikaans aanmoedig (a.w.: 8): *... indien my hipotese nie sinloos is nie - kan dit nie ook n verloklike werkhipotese word vir navorsing in ons Afrikaans/Nederlandse departemente nie?*

In 1967 verskyn André P. Brink se belangwekkende boek: Aspekte van die nuwe prosa. Hierin (a.w.: 93) kies hy nie standpunt vir of teen Antonissen se hipotese nie maar hy beskou ook die probleem van die Afrikaanse tydsuitdrukking as moontlike rede waarom Afrikaans *nooit in die ou roman mooi op dreef kon kom nie*. Ook hy is die mening toegedaan (t.a.p.), soos soveel ander Afrikaanse literatoure en taalkundiges, dat die werkwoord die wyse is waarop ons in Afrikaans tyd uitdruk: die saamgestelde werkwoordvorm vir verlede terwyl die simplekse vorm vir die hede en n dramatiese voorstelling van die verlede gebruik word.

Die vraag van Antonissen is vandag nog, twaalf jaar na hy dit geopper het, nie beantwoord nie. Dit ondanks verskeie verhandelings oor tydsuitdrukking in Afrikaans (vergelyk 2.4). Hierdie feit laat n mens onwillekeurig wonder of daar hoegenaamd n antwoord op hierdie vraag kan wees. Is die vraag so bewoerd dat n mens dit wel kan beantwoord? Moet n mens steeds onder die Latynse ban verkeer (vergelyk 2.1) en die antwoord by die werkwoordelike stelsel van Afrikaans gaan soek?

1.2 VRAAG OF STELLING?

Rob Antonissen is uit sy werke, veral sy kronieke oor die Afrikaanse letterkunde bekend as n persoon wat in enkele woorde sê wat ander

mense nie in bladsye kan uitdruk nie. Hy het 'n gedronge en ekonomiese stelwyse. Die vraag wat hy oor tydsuitdrukking vra, het derhalwe ook baie meer om die lyf as wat by die eerste lees daarvan blyk. Minstens drie verskillende vrae en stellings word hierin saamgevat. Hierdie vrae en stellings verdien eikeen afsonderlike aandag en moet derhalwe eksplisieteer gemaak word.

1.2.1 Die agterstand van Afrikaans

Afrikaans het 'n agterstand op die gebied van die romankuns. Hierdie agterstand lê veral by langer romans met 'n epiese inslag (vergelyk Brink, 1967:93). Op hierdie stelling kan en wil ek nie antwoord nie, dit is 'n vraag vir die literatore.

Wat so 'n agterstand veronderstel en waarmee die Afrikaanse romankuns vergelyk moet word, lê immers nie op die weg van 'n taalkundige ondersoek nie. Dit is die eerste stelling van Antonissen en dit wil uit Brink (t.a.p.) se standpunt lyk asof Antonissen nog in 1967 volkome gelyk hiermee het.

1.2.2 Die Afrikaanse taaleie

Na aanleiding van sy stelling soos in 1.2.1 geëksplisiteer vra Antonissen vervolgens of hierdie agterstand nie gesoek moet word by *sekere wesenstrekke in die Afrikaanse taaleie nie*. Is daar met ander woorde 'n gebrek in die uitdrukkingsvermoë van Afrikaans wat dit vir hom onmoontlik maak om hierdie agterstand uit te wis? Antonissen bedoel met hierdie vraag nie dat Afrikaans gebrekkig is nie; tewens kort na hierdie vraag stel hy (Antonissen, 1968:8): *Geen enkele taal is uiterdárd ongeskik vir om't ewe watter literêre uiting nie; enige taal sal, vir enige wensbare styl, aan die ontdekkingswil van die met taal- en stylsin-begafde mens die volle tol van sy geheime betaal. Die Afrikaanse romansier moet uitgaan om vir die romanstyl die grammatikale modus van sy taal te ontdek en te ontgin ...*

Wat bedoel hy dan met hierdie vraag? Soos ek dit lees, wil hy dat die skrywer en taalkundige sal vasstel op watter wyse tyd in Afrikaans uitgedruk word en hoe dit in 'n roman gebruik sal word.

1.2.3 Die verlede tyd in Afrikaans

Die derde punt wat Antonissen in sy probleemstelling opper, handel spesifiek oor die wyse waarop Afrikaans die verlede verbaal uitdruk. Direk hierna sit hy self die probleem uiteen. Afrikaans het hiervolgens slegs 'n enkele manier om werkwoordelik die verlede tyd uit te druk, terwyl daar in alle aan hom bekende tale met 'n *belangrike romanliteratuur* heelwat meer strukturele moontlikhede daarvoor by die werkwoord te vind is. Hoe rym hierdie standpunt met dit wat in 1.2.2 uiteengesit is? Gaan dit vir hom net oor die werkwoord of wil hy weet of Afrikaans anders te werk kan gaan? Uit sy aanvanklike uiteensetting van hierdie standpunt wil dit beslis lyk of dit net oor die preteritumvorm van die werkwoord gaan. As dit só is, behoef dit geen sorgvuldige ondersoek om te sê dat Afrikaans nie so 'n vorm het nie en dus nie in staat is om op dieselfde manier as die ander tale waarvan hy praat 'n roman te skryf nie. Lees 'n mens die artikel egter sorgvuldig deur, blyk dit dat hy dit nie as die enigste vereiste sien nie; elke taal is immers geskik om *enige wensbare* styl weer te gee.

Van Wyk Louw gee volgens Antonissen (a.w.: 8) 'n gedeeltelik korrekte antwoord op die verkeerde vraag van die joernalis (in 1.1 aangehaal): *No connection. A language dispenses only with what is expendable. We do without the tenses because we don't need them, and modify the verb with other words, not by modifying the verb itself; a very radical change. We reach the same ends as other languages by different means; and this*

is proved by the excellence of Afrikaans translations from French, German and English with no loss of nuance or meaning.

Alles in hierdie antwoord is vir Antonissen (a.w.: 9) goed behalwe die *excellence* en *no loss of nuance of meaning*, want: *Drievierdes van die nog so weinig talryke vertalings wat ons besit, is eerder treurig; en byna almal gee juis die preteritale styl prys s nder om te blik of te bloos, d.w.s. vertaal sommer in die presens sonder modifikasie deur 'ander woorde'.*

Antonissen soek dus na 'n strukturele wyse waarop die verlede tyd in Afrikaans uitgedruk word, iets wat die werkwoord sal wysig en hy vind dit nie. Hy maak dus uiteindelik dieselfde soort fout as die Latynverabsoluterende taalkundiges en daarmee vernietig hy die vooruitsigte vir ondersoek wat hy in sy oorspronklike vraag aan die gang wou sit. Nou wil hy soos De Villiers glo dat Afrikaanse skrywers nie hulle eie taal kan beheers nie. Ek wil liewers, n  hierdie ontleding van Antonissen se bespreking van Van Wyk Louw se antwoord, bly vashou aan Antonissen se oorspronklike uitgangspunt, naamlik dat elke taal elke moontlike liter re genre kan hanteer, al is dit op 'n eie besondere manier.

As ons dit as Antonissen se bedoeling wil sien, dan is daar ruim geleentheid vir ondersoek, so nie sal alle ondersoek vrugteloos bly.

1.2.4 Vertolking van die probleem van Antonissen

De Villiers (1962:53) interpreteer Antonissen se probleem= stelling op tweërlei maniere, naamlik: *dat h tekort aan tempora oftewel werkwoordskategorieë in Afrikaans vir ons romanskrywers probleme skep en die gehalte van die prosa nadelig tref, en tweedens dat ons skrywers nog nie geleer het hoe om ons werkwoordelike stelsel doeltreffend te gebruik nie.*

Hierdie twee afleidings kan wel gemaak word op grond van die genoemde artikel van Antonissen maar dit is myns insiens h inperking van die trefkrag daarvan. Indien die vraag nie as stelling bedoel is nie, soos ek vertrou, moet dit aan die taalkundige die vryheid laat vir onbevooroordeelde ondersoek. Om hierdie rede wil ek graag Antonissen se vraag herformuleer en in hierdie ondersoek probeer om h antwoord op die taalkundige aspekte daarin te gee:

Waarin bestaan die grammatikale tydsuitdrukking in Afrikaanse geskrewe vertellings en is dit geskik om *om't ewe watter literêre uiting en vir enige wensbare styl* gebruik te word?

Met hierdie herformulering van Antonissen se vraag is die stelling daaruit verwyder en ook die bevooroordeeling ten gunste van werkwoordelike kategorieë. So h formulering staan nader aan wat Dittmar (1976:104) as *a priorivereiste* vir onbevooroordeelde taalondersoek stel, naamlik dat enige betekenis wat relevant vir onderlinge begrip tussen mense is, deur enige taal uitgedruk kan word tensy die teendeel aangetoon kan word.

In hierdie ondersoek bepaal ek my by die eerste gedeelte van die vraag, naamlik *waarin bestaan grammatikale tydsuitdrukking in Afrikaanse geskrewe vertellings?* Die antwoord op die tweede

gedeelte sal gedeeltelik deur die ondersoek gegee kan word maar die res daarvan moet as behorende tot die ondersoekveld van die letterkunde gesien word en daarom kan dit nie deel word van 'n taalkundige ondersoek nie (vergelyk 3.5 en 3.6.3).

Hierdie probleemstelling laat onmiddellik talle vrae ten opsigte van die korpus en wyse van ondersoek ontstaan wat in die res van hierdie hoofstuk van nader bekyk moet word.

1.3 IS DIE ONDERSOEK NA DIE GRAMMATIKALE TYDSUITDRUKKING VAN AFRIKAANS NOG NIE VOLTTOOI NIE?

Voordat daar op hierdie vraag geantwoord kan word, moet daar vasgestel word wat reeds oor hierdie onderwerp geskryf is. Die blote feit dat die probleem by Antonissen opgekom het, moet egter reeds as 'n aanduiding gesien word dat daar in 1961 nog geen duidelikheid hieroor was nie. Ook in 1967 vra André P. Brink dieselfde soort vraag (vergelyk 1.1 hierbo). In 1971 verskyn 'n verbeterde tweede uitgawe van Meyer de Villiers se baie bekende boek Die Grammatika van Tyd en Modaliteit maar dit is bloot 'n uitbreiding en samevatting van wat hy reeds in vorige werke sedert 1948 geskryf het (vergelyk 2.4.4). Hierdie werk is dus byna dieselfde as die antwoord waarop Antonissen nog twyfel uitspreek (vergelyk 1.1 hierbo). Sedertdien het net Bowmer (1978) 'n omvattende ondersoek na hierdie saak gedoen, maar in sy werk word nie soseer na geskrewe Afrikaanse vertellings verwys nie (vergelyk 2.4.8).

Voorlopig moet daar aanvaar word dat hierdie saak nog nie uitgepluis is nie, maar 'n deeglike verkenning van wat reeds gedoen is, is aan die orde. Hieraan sal hoofsaaklik in Hoofstuk 2 (2.4 en 2.5) aandag gegee word.

1.4 DIE MAG VAN DIE TRADISIE EN DIE PROBLEEM VAN TYD

Daar is reeds by herhaling na die invloed van Latyn op die taal= kunde verwys. Hierdie kwessie kom weer in Hoofstuk 2 (vergelyk 2.1) onder die soeklig, juis omdat dit by Antonissen en selfs by De Villiers blyk dat hulle ook nie vry van hierdie invloed staan nie: tydsuitdrukking moet juis in die werkwoord of minstens in *modifisering van die werkwoord deur ander woorde* lê.

Tydsuitdrukking is nie 'n verskynsel wat in die taal los staan van ander verskynsels nie, daarom is dit noodsaaklik dat hierdie verwante verskynsels (vergelyk 2.2) ook onder die loep geneem moet word. Om dit te doen, moet daar terselfdertyd vasgestel word hoe tyd deur die taalgebruikende mens ervaar word.


Hierdie probleme vereis dat daar van jonger insigte oor grammatikale tydsuitdrukking in die wêreld kennis geneem moet word wat 'n mens natuurlikerwys dwing om aandag te gee aan sake soos deiksis en verwysing (vergelyk 2.2.1 en 3.2.1).

1.5 DIE PROBLEEM VAN 'N KORPUS

Daar kan van die standpunt uitgegaan word dat die enigste manier om tydsuitdrukking in vertellings te ondersoek op 'n statistiese ontleding van die gebruik daarvan moet neerkom. Dit is die soort ondersoek wat De Villiers in 1948 en 1951 (vergelyk 2.4.4) aangepak het. In sy ondersoeke gaan hy van die standpunt uit dat die struktuur die basiese gegewe is en dat die funksies daarvan sekondêr is, m.a.w. dat 'n mens by die struktuur moet begin en daarvandaan moet werk na die funksies.

Ullmann (1973:31) stel dat daar twee metodes van taalondersoek is. Dit kan soos in Figuur 1.1 voorgestel word:

FIGUUR 1.1

TWEE WYSES VAN ONDERSOEK

De Villiers se ondersoekbenadering wat op statistiese gegewens berus, is soortgelyk aan die eerste metode (Figuur 1.1). Die probleem van hierdie metode is dat dit gewoonlik lei tot 'n enkele ontwerp (device) vir 'n enkele effek. Indien 'n mens wil vasstel hoe 'n besondere effek bereik word, kan 'n mens nie by die ontwerp begin nie, jy moet dan by die effek begin. 'n Ontwerp-eerste-ondersoek veronderstel dat daar 'n bepaalde ontwerp vir elke taalfunksie is. Die teendeel is egter gewoonlik waar in die taal, daar is verskeie funksies vir elke ontwerp en 'n enkele effek kan met behulp van verskeie ontwerpe verkry word.

Hiermee spreek ek my nie uit teen De Villiers se metode van ondersoek nie, aangesien elke soort ondersoek bydra tot ons kennis van die taal. Die probleem wat voorsien word, is egter dat so 'n eensydige benadering aanleiding daartoe kan gee dat 'n enkele kategorie in die taal verabsoluteer word en alle ander kategorieë daardeur misgekyk word. Statistiese ondersoeke kan hoogstens as 'n beginpunt gesien word. Dit verskaf kwantitatiewe en nie kwalitatiewe gegewens nie. Hiermee word sekere maklik waarneembare verskynsels vasgestel wat dan ewe maklik

verabsoluteer kan word as synde die wyse waarop 'n spesifieke effek bereik kan word.

In hierdie ondersoek sal ek dankbaar gebruik maak van die korrelerende verskynsels wat De Villiers met sy statistiese metode waargeneem het, maar dit sal nie die uitgangspunt vir die metode wees nie. Vertellings moet ontleed word om te sien watter effek daarin gevind word. Hierna kan vasgestel word hoe die besondere effek bereik is.

Om hierdie metode te laat slaag, kan 'n groot korpus soos dié wat De Villiers ontleed het (vergeelyk 2.4.4) nie prakties hanteer word nie, aangesien 'n baie intensiewer ondersoek nodig is. By 'n statistiese ondersoek word slegs enkele ontwerpe nagegaan (hoe weet 'n mens watter?) en getel. By 'n effek-eerste-ondersoek is dit immers nie moontlik nie.

Hierdie saak maak dit ook onprakties om na romans te kyk want dan kan slegs een of hoogstens twee romans binne die aanvaarbare perke van 'n ondersoek soos hierdie nagegaan word. Dit sal die resultate wat verkry word ook beperk aangesien dit slegs geldig sal kan wees vir die enkele roman wat ontleed is. Om hierdie rede word dit wenslik geag dat korter vertellings onder die loep geneem word.

So 'n ondersoek blyk in stryd te wees met die doel van die studie. Antonissen (1966:7) verklaar immers dat Afrikaanse kortverhale 'n voorsprong het bo romans, juis omdat die kortverhaal die aanhoudende gebruik van 'n presens (sic) beter kan verdra as 'n vollengte roman. Hierop kan ek slegs antwoord dat daar eers bepaal moet word of ons werklik met 'n *presens* by die Afrikaanse kortverhale te doen het. 'n Ondersoek na die tydsvergestalting in vyf of meer kortverhale

sal in ieder geval tot 'n beter insig in die grammatikale tydsvergestalting van Afrikaans kan lei as 'n enkele romanondersoek, en dan moet daar nog eers bewys word dat daar werklik 'n verskil bestaan in die tydsgebruik van romans en kortverhale: Mary Pratt (1981:176 e.v.) maak byvoorbeeld in haar ondersoek na die aard van die kortverhaal nie melding van so 'n onderskeiding nie, hoewel sy juis daarop uit is om die verskille tussen 'n roman en 'n kortverhaal vas te stel. Hierteenoor lê Theunie van der Merwe (1983:111 e.v.) juis klem op die verskil in die benadering van tyd in die kortverhaal. By haar gaan dit egter om *tyd as struktuurbepalende faktor* en nie om grammatikale tydsvergestalting nie.

1.6 WATTER KORTVERHALE?

Die keuse van die kortverhale wat ontleed sal word, moet so gedoen word dat

- 1.6.1 dit verteenwoordigend sal wees van die Afrikaanse letterkunde sedert die amptelike erkenning van Afrikaans tot vandag. Dit sal verseker dat 'n wye spektrum van tydsvergestalting in Afrikaans gedek word;
- 1.6.2 die tekste oor 'n uitgebreide vertellerstekes beskik aangesien die probleem juis in die vertellerstekes lê. Die dialoog wat by die personetekes aanwesig is, vertel immers nie (vergelyk 3.7.2.3) en kan daarom nie 'n bydrae lewer tot die *tydsvergestalting in geskrewe tekste* nie;
- 1.6.3 dit van literêre gehalte is omdat dit vir Antonissen juis gaan om hierdie soort lektuur, en

- 1.6.4 dat ons in hierdie verhale by voorkeur 'n ooglopende ontginning van tyd moet vind sodat die moontlikhede wat Afrikaans vir grammatikale tydsvergestalting bied, vasgestel kan word.

Oplossings vir hierdie probleme word in Hoofstuk 4 gesoek.

1.7 NOODSAAKLIKE AGTERGRONDKENNIS VIR DIE ANALISE VAN KORTVERHALE

'n Onderzoek van hierdie aard vereis benewens 'n grondige kennisname van wat oor tydsuitdrukking in Afrikaans geskryf is, ook kennis van sake wat wissel van die onderskeid tussen taal- en letterkunde tot insigte oor die analise van tekste. Die agtergrondkennis wat nodig is, word vervolgens van nader bekyk.

1.7.1 Die taak van die taalkundige in die ondersoek van 'n literêre korpus

Waar moet die lyn getrek word tussen taalkunde en letterkunde - is daar hoegenaamd 'n onderskeid te tref tussen hierdie twee dissiplines? Kan hierdie wetenskappe 'n bydrae lewer wat oor en weer bruikbaar is? Mag die taalkundige die literêre werk as deel van sy terrein beskou?

Op hierdie en ander soortgelyke vrae moet 'n antwoord gekry word en 'n poging hiertoe word in Hoofstuk 3 (3.5 en 3.6.3) aan die orde gestel.

1.7.2 Die literêre en die gewone diskoers

Geen teks bestaan sonder meer nie. Elke teks moet gesien word as deel van die diskoers tussen 'n spreker/skrywer en 'n hoorder/leser. Boonop is daar 'n groot verskeidenheid diskoers=

genres. Hierdie ondersoek is gerig op die kortverhaal en meer spesifiek op die tydsvergestalting wat in die vertellerstekes in kortverhale tot openbaring kom. Om hierdie doel te bereik, moet daar eerstens vasgestel word wat onder 'n diskoers verstaan word maar daar moet ook meer spesifiek aandag gegee word aan die literêre diskoers. Om hierdie rede sal daar deeglik kennis geneem moet word van wat met diskoers in die algemeen en die literêre diskoers in die besonder bedoel word.

In Hoofstuk 3 (3.1-3.3) word eers na resente benaderings oor die diskoers in die algemeen gekyk. Hier word daar ook 'n model weergegee wat kan dien as 'n basis vir die ontleding van 'n diskoers. Aangesien hierdie studie gerig is op kortverhale, moet die besondere aard van die literêre diskoers ook onder die loep geneem word. Dit word ook in Hoofstuk 3 (3.6 en 3.7) behandel - nie vanuit 'n literêre standpunt nie, maar wel vanuit 'n standpunt wat die literêre diskoers as slegs nog 'n wyse waarop kommunikasie tussen deelnemers aan 'n gesprek geskied, hanteer. Probleme rondom die begrip verteller of spreker in die literêre diskoers kom dus hier aan die orde.

1.7.3 Diskoersgenres

Omdat daar in die taal 'n groot verskeidenheid diskoerstipes voorkom, is dit nodig om die veld van ondersoek deeglik af te baken. Daar moet met ander woorde bepaal word wat die aard van die diskoers is wat ondersoek word. In die eerste plek moet daar 'n onderskeid getref word tussen gesproke en geskrewe diskoerse. Is daar hoegenaamd 'n verskil of lê die verskil bloot op die vlak van die kanaal of medium waarin die gesprek voltrek word? Op hierdie vraag word in 3.4 ingegaan.

Aansluitend by hierdie probleem word die verskillende taalfunksies en tekstipes wat in die taal voorkom terselfdertyd van nader ontleed.

1.7.4 Sinsinterne en sinseksterne taalanalise

Die probleem rondom die grammatikale tydsuitdrukking in Afrikaans is tot dusver hoofsaaklik uit twee standpunte benader, naamlik òf morfologies òf sintakties. Die eerste benadering het bloot gelei tot vormlike verskille wat by die werkwoord te vind is, terwyl die tweede benadering veral gewys het op die werkwoord in samehang met bywoorde en voegwoorde. Hoewel daar dikwels in die verbygaan na die samehang van die teks as medebepalend vir die tydsuitdrukking verwys is (vergelyk byvoorbeeld De Villiers, 1971:61), is daar tot dusver nog nie spesifiek hieraan gewerk nie. Hierdie wyse van ondersoek wat ten nouste saamhang met diskoersanalise bied moontlikhede vir 'n funksionele en kommunikatiewe benadering tot taal wat verwaarloosde aspekte in die kommunikasieproses kan uitlig. Die voordeel wat hierdie soort ondersoek bo 'n sinsinterne ondersoek bied, word in 3.1.1 ontleed.

1.7.5 Tyd as 'n strukturelement of kategorie van die epiek

In die letterkunde word tyd as een van die basiese kategorieë of strukturelemente in die epiek gesien. Nida (1981:29) beskou byvoorbeeld die tydsopvolging in 'n vertelling in samehang met spesifieke deelnemers as die basiese element van 'n vertelling (vergelyk 3.4.3.1). Oor hierdie aspek is daar in die letterkunde geweldig baie geskryf. In Afrikaans het Marisa Mouton (1982) byvoorbeeld werk in hierdie verband gedoen. Omdat dit ook 'n saak is wat met behulp van die grammatika in 'n taal uitgedruk word, moet daar van hierdie gegewens kennis geneem word. Die aard en wese van die tyd as kategorie in 'n vertelling word dan ook in 3.8 van nader ondersoek.

1.8 SAMEVATTING

h Onderzoek na die grammatiese tydvergestalting in Afrikaanse vertellings lewer vir die ondersoeker baie vrae en probleme. Die ondersoeker moet nie alleen taalkundige antwoorde verskaf nie, maar ook antwoorde wat die letterkundige tevrede sal stel. Hy verkeer dus op h veld wat, in Afrikaans altans, nog braak lê. Min werk is nog in hierdie verband gedoen. Stillistiese ondersoeke het ook maar eers onlangs, na verloop van byna sestig jaar (vergelyk die inleiding tot Hoofstuk 3), weer aan die orde gekom. Hierdie soort ondersoek veroorsaak outomaties dat daar skouers geskuur moet word met persone in ander vakdissiplines.

Die soort vraag wat Antonissen (vergelyk 1.1) opper, kan nie eensydig benader word nie en die kennis van taal- en letterkundiges moet dus hiervoor ingespan word.

Om op te som: ek stel my in hierdie ondersoek ten doel om h antwoord te vind op die wyse waarop tyd en verwante verskynsels, soos aspek, in Afrikaanse geskrewe vertellings uitgedruk word, om hiermee h bydrae te kan lewer tot die probleem of Afrikaans hoegenaamd h werktuig in die hande van h skrywer kan wees om uitdrukking aan die *condition humaine* te gee versover tydsuitdrukking h rol daarin speel.

H O O F S T U K 2

STUDIES OOR DIE GRAMMATIKA VAN TYD IN AFRIKAANS

In die eerste hoofstuk (1.1 en 1.4) is daar klem gelê op die negatiewe invloed wat veral die historisisme op die bestudering van die taal gehad het. Hierdie probleem word in die onderhawige hoofstuk toegelig. Daar word in hierdie hoofstuk veral klem gelê op die invloed van die historisisme op die beskouings oor tydsuitdrukking in Afrikaans wat sy invloed selfs op skoolgrammatikas laat geld.

In Hoofstuk 1 is dit in die vooruitsig gestel dat daar kennis geneem sal word van wat reeds in verband met grammatikale tydsuitdrukking in Afrikaans gedoen is. In hierdie hoofstuk word daar dan ook ingegaan op studies van taalkundiges maar daar word ook op die hantering van tydsuitdrukking in skoolgrammatikas gewys. Voorts word 'n voorlopige afbakening van tydsuitdrukking en aspek gegee terwyl deksis wat vir tydsuitdrukking baie belangrik is (vergelyk Lyons, 1977:638 e.v.), ook onder die soeklig kom.

2.1 DIE BAN VAN LATYN

Teen die einde van die Middeleeue het die volkstale, d.w.s. daardie tale van die Germaanse, Slawiese en Romeinse volke wat tot in daardie stadium nie as kultuurtaal gesien is nie, al hoe meer veld begin wen as skryftaal van besondere gemeenskappe. Hierdie tale het nog geen eenvormige skryfwyse gehad nie en aangesien Latyn die kultuurtaal was, is daar telkens van die Latynse voorbeeld gebruik gemaak. Dit nie alleen wat die skryfwyse betref nie, maar ook ten opsigte van grammatikabeskrywing (Schönfeld, 1947:xxxiv e.v.).

Die eerste Nederlandse grammatika was die Twe-spraack vande Nederduitsche Letterkunst van H.L. Spieghel uit die sestiende eeu (Raidt, 1976:42). Spieghel baseer sy grammatika, net soos sy tydgenote elders, op die Latynse model. Die probleem van enige grammatika wat op 'n vreemde lees geskoei is, is dat dit noodwendig op punte moet stuit waar daar vir die vreemde vorm geen ekwivalent bestaan nie en 'n benaderde vorm dus gegee word. Waar daar ook geen benaderde vorm moontlik is nie, moet vorme gesoek word of dit moet as 'n gebrek afgemaak word. Spieghel gee gewaande vorme in sy grammatika wat vormlik nie van ander verskil nie en gee as verskoning: *om daar deur tot grondlijker naspuering der eighenschappen onses taals te komen* (Raidt, 1976:43).

Hierdie historisisme het nie gou uit die taalkunde verdwyn nie, tot vandag toe staan talle Afrikaanse skoolgrammatikas onder die ban van Latyn, ook waar die vergestaltung van tyd ter sprake kom (vergeelyk Van der Merwe, 1958:4 en 2.5 in hierdie hoofstuk); selfs die term *tempus* wat vir die grammatikale vergestaltung van tyd in die taalkunde gebruik word, is van Latyn ontleen (Lyons, 1969:304).

2.2 TYD, TEMPUS, ASPEK, AKTIONSART EN DEIKSIS ('N VOORLOPIGE AFBAKENING)

Tradisioneel is werkwoorde by uitstek gesien as die woord wat 'n handeling uitdruk (Lyons, 1977:441), en aangesien handeling in die tyd voltrek word (Labuschagne, 1968:17; Broos, 1964:11), het skrywers baie lank die standpunt gehuldig dat *tyd* met en deur werkwoorde uitgedruk moet word.

Ten aansien van Latyn is hierdie standpunt waarskynlik geregverdig. Labuschagne (1972:182) gaan selfs so ver om te beweer dat Latyn onder al die Indo-Europese tale *die enigste taal is wat spesifieke middele geïnnoveer het om in en deur die funksielingemaat (werkwoord) ook tempus te lingeer (uit te druk) naas en onderskei van aspek.*

(Byvoegsels tussen hakies deur D.M.W.) In ander Indo-Europese dogtertale word slegs aspek of aspek én tyd met behulp van dieselfde vormlike elemente van die werkwoord uitgedruk.

Hierdie skynbaar logiese standpunt, naamlik dat tyd deur die werkwoord uitgedruk móét word, is egter nie altyd houdbaar nie. (Vergelyk Van der Merwe, 1958:83 e.v.; Broos, 1964:7; Labuschagne, 1972:166 e.v. en De Klerk, 1978:83.) Al hierdie skrywers wys daarop dat versover dit die Indo-Europese tale aangaan, tydsuitdrukking met behulp van die werkwoord 'n ontwikkeling was wat ná aspektiese uitdrukking voorgekom het. Hierdie feit word ook deur Kiparsky (1968:30 e.v.) se ondersoek na tydsgebruik in ouer Indo-Europese tale gestaaf.

Dat Latyn wel tyd met behulp van die werkwoord uitdruk, het grammatici daartoe verlei om hierdie saak ook op ander tale van toepassing te maak (vergeelyk 2.1 hierbo). Die gevolg hiervan was dat daar tot vandag 'n Babelse verwarring heers wat die terme aksionsart, aspek, tempus en tyd betref. Byna elke skrywer oor hierdie sake heg 'n ander interpretasie aan hierdie terme. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om 'n onderskeid te maak sodat daar in die bespreking van Afrikaanse tydstudies 'n riglyn mag wees waarna verwys kan word.

Om wel 'n onderskeid te maak behoef geen betoog nie, elkeen van hierdie terme het immers raakpunte met tydsvergestalting.

2.2.1 Tyd en deiksis

Omdat handeling gewoonlik met duur gekoppel word (Lyons, 1977: 438 e.v.), sy dit in 'n negatiewe sin en omdat duur altyd in die tyd verankerd is, wil die tradisionele standpunt dat

werkwoorde tyd vergestalt. Lyons (1977:678) sê hiervan: *Traditional doctrine is also misleading in that it tends to promote the view that tense is necessarily an inflectional category of the verb.* Ongeag hierdie mistasting is dit waarskynlik waar dat alle tale in die wêreld op een of ander wyse, selfs al is dit metasintakties, tyd móét uitdruk.

Oor tyd as sodanig was daar al talle filosofiese bespiegelings, dink maar aan die werk van Kant, Einstein, Stoker, en andere, maar hierdie soort bespiegelings het vir die taalstudie ewe min waarde as De Villiers (1965:12, e.v.) se onderskeiding van sikliese en lineêre tyd. Die uitdrukking van tyd in die taal berus eerder op wat De Villiers (1965:14) egosentriese of fatiese tyd, Lyons (1977:677) 'n deiktiese kategorie, of Labuschagne (1972:182) ruimtelike gestrektheid noem. Taalmatige tydsuitdrukking berus immers op die naTewe voorwetenskaplike belewenis van die taalmaker/gebruiker.

Moë die mens tyd beleef vereis 'n volledige psigologiese studie wat buite die bestek van hierdie ondersoek val. Ek wil volstaan deur te beweer dat tyd egosentriese en ruimtelik belewe word en dat dit daarom 'n deiktiese kategorie is. Elke uiting wat gemaak word, word vanuit of ten aansien van 'n spesifieke tyd- en ruimtelike punt gemaak en daarom moet tyd in elke uiting ingebed wees, implisiet indien daar van die deiktiese sentrum as oriëntering uitgegaan word en eksplisiet as daar van 'n ander tydsverwysingspunt gebruik gemaak word. Nie net die werkwoorde in 'n uiting sal die tyd uitdruk nie, maar elke gedeelte van die uiting dra tot die weergawe van die spesifieke tyd- en ruimtelike plasing of oriëntering van die uiting by (vergelyk verder Lyons, 1968: 30, e.v.). Die volgende etimologieë staaf ook die stelling dat die tyd ruimtelik belewe word.

2.2(a) *toekomende tyd* - dit wil sê die tyd wat na die spreker aankom
verlede tyd - dit wil sê die tyd wat van die spreker weggaan -
 (vergelyk De Vries, 1967:134. *Verlede* < *lijden* = weggaan)
hede < *hiu-dagu* - dit wil sê *hier* + *dag* (a.w.: 95)
teenwoordige tyd - dit wil sê tyd wat aanwesig is: *na*, *voor*,
volgende - is almal ruimtelike verwysings net soos:
h lang en *h kort tyd*.

Lyons (1977:676, e.v.) gaan van die veronderstelling uit dat tydsvergestalting in alle tale 'n deiktiese kategorie is.

Soos in 3.2.1 uiteengesit word, bestaan daar in elke diskoers 'n deiktiese sentrum. Hierdie sentrum is nie 'n verwysingspunt in dié sin dat 'n mens daarna kan verwys nie. Dit is 'n implisiete gegewe van enige konteks. Indien 'n mens daarna kan verwys, kan dit nie meer die sentrum van waaruit verwys word, wees nie. Die sentrum het dan verskuif. Die deiktiese sentrum is nooit objektiveerbaar nie. Indien dit geobjektiveer sou word, word dit 'n verwysingspunt.

In elke diskoers word die deiktiese sentrum, wat die drie= dimensionele snypunt van spreker, ruimte en tyd in die teen= woordigheid van 'n hoorder (wat natuurlik die spreker self kan wees) is (vergelyk Lyons, 1977:627), as 'n *a priori*-gegewe aanvaar.

2.2(b) *Dit reën!*

beteken, indien geen ander tyd- of ruimtelike verwysing gegee word nie, dat dit ten tye en op die plek van die uiting reën (Lyons, 1981:231). Geen verwysingspunt van tyd en ruimte is nodig nie want die deiktiese oriëntasie is vanselfsprekend.

2.2.(c) *Dit reën hier.*

In hierdie sin is *hier* nie gelyk aan die deiktiese sentrum nie. Dit beteken bloot in die onmiddellike omgewing van die deiktiese sentrum. Dit is 'n verwysingspunt en nie 'n sentrum nie. Daar word vanuit die sentrum na hierdie punt verwys. Dieselfde geld ook *nou*:

2.2(d) *Dit reën nou.*

Nou is nie gelyk aan die deiktiese sentrum nie. Dit is 'n tydsverwysingspunt wat die tyd van die deiktiese sentrum as oriënteringspunt het.

Hierdie sake klink miskien na 'n onnodige beklemtoning van wat algemeen aanvaar word, maar dit is nie so nie. *Hier* en *nou* en *ek* word te maklik as ekwivalente van die deiktiese sentrum gesien. Dit is egter nie moontlik nie soos reeds gesê: hoe kan daar na 'n sentrum verwys word as daar vanuit die sentrum verwys word?

Kom word dikwels aanvaar as 'n werkwoord wat beweging in die rigting van die deiktiese sentrum uitdruk. In sulke gevalle word daar dan genoem: *die woordvoerder kan enige punt in die ruimte of tyd (implisiet) verklaar tot deiktiese sentrum* (Combrinck, 1981:93). 'n Voorbeeld soos 2.2(e) word dan as bewysgronde vir hierdie soort stelling aangevoer.

2.2(e) *Ek kom jou nou help.*

In der waarheid het ons hier nie met 'n verskuiwing van die deiktiese sentrum te doen nie, maar met 'n ruimtelike verwysingspunt waarna daar vanuit die deiktiese sentrum verwys word. Hierdie ruimtelike verwysingspunt is *jou*. Boonop het ons in hierdie

uiting ook 'n tydsverwysingspunt, naamlik *nou*. Die gegewens in die sin word nou ook 'n soort sentrum en wel 'n verwysde tyd- en ruimtelike sentrum waarnatoe daar gekom kan word. Dat dit in der waarheid nie dié of 'n deiktiese sentrum is nie, blyk byvoorbeeld uit 'n uitbreiding van hierdie uiting:

2.2(f) *Ek kom jou nou help, en dan tel ek jou daar op die rots. Dan kan jy die blomme hier langs my sien.*

Laat ons ons voorstel dat hierdie uiting deur 'n vader teenoor sy dogtertjie gemaak word. Hulle bevind hulle op 'n koppie maar word deur 'n rots van mekaar geskei. Die vader het 'n paar blomme gesien en vestig die meisie se aandag daarop. Sy kan hulle nie sien nie want die rots is in haar pad. Sy vra haar vader om te help en hy maak die onnodige omslagtige uiting soos in 2.2(f) gegee. Dit is onnodig omslagtig aangesien die meeste van die gegewens daarin deur die konteks (vergelyk 3.2.2) veronderstel word.

Ter wille van die argument aanvaar ons 2.2(f) egter as die uiting wat gemaak is.

Indien die deiktiese sentrum verskuif sou wees, sou dit moes moontlik wees om iets oos die volgende te sê:

2.2(g) *Ek kom jou nou help, en nou tel ek jou hier op die rots. Nou kan jy die blomme daar langs my sien.*

Onder die gegewe omstandighede is so 'n uiting onmoontlik. Selfs al sou die slotgedeelte só verander word:

2.2(h) *Nou kan jy die blomme daar langs die plek waar ek was sien,*

bly die uiting onder die gegewe omstandighede absurd.

Daar word nie *hier* nie en *hier* nie *daar* nie. *Dan* bly *dan* en *nou* bly *nou*. Selfs al word daar van 'n verwysde ruimtelike oriënteringspunt gebruik gemaak, verskuif die deiktiese sentrum nie.

Ter wille van hoflikheid, simpatie en betrokkenheid soos Combrinck (a.w.: 98) tereg opmerk, kan ruimtelike en selfs tydsoriënteringspunte gekies word, maar hulle bly net dit: oriënteringspunte en nie verskuifde deiktiese sentrums nie.

Hier moet egter iets bygevoeg word: in vertellings, byvoorbeeld, is dit moontlik om 'n fiktiewe deiktiese sentrum (Du Plessis, 1983) te skep. So 'n sentrum kan egter net tot stand kom indien die leser/hoorder saam met die verteller (spreker) toeskouers (vergelyk 3.2.3 en 3.7.2.3) word van 'n gesprek tussen die fiktiewe deelnemers (karakters) in die vertelling. In so 'n geval kan die karakters natuurlik praat van *hier* en *nou* en dit sal nie deur die verteller en leser/hoorder as hulle *hier* en *nou* geïnterpreteer word nie. In sulke gevalle sal daar in dieselfde teks twee deiktiese sentrums kan wees. Dit gebeur ook in 'n sogenaamde *stream of consciousness* vertelling soos wat ons byvoorbeeld in gedeeltes van Die Ambassadeur van André P. Brink vind.

Die deiktiese sentrum is die sentrum van die diskoers, dit kan nie verskuif word nie. Die deelnemers aan die gesprek het geen beheer hieroor nie. Dit is 'n implisiete gegewe wat nie genoem of na verwys kan word nie. Teenoor hierdie sentrum wat Lyons (1977:700) die *deictic point-of-observation* noem, vind ons 'n *non-deictic point-of-orientation* (t.a.p.). Hierdie nie-deiktiese oriënteringspunt kan ook 'n soort sentrum wees, maar daar word nie vanuit hierdie punt verwys nie, maar wel daarna.

Dit dien as oriëntering vir ander sake waarna verwys word. Die tyd en ruimte kan by hierdie oriënteringspunt saamval maar dan nog is dit nie 'n deiktiese sentrum nie, hoogstens 'n tyd- en ruimtelike oriënteringsentrum wat gekies word sodat die teks wat daarmee saamhang nie in 'n lugleegte bly nie. In hierdie studie sal na hierdie soort verwysingspunte as ruimtelike of tydsverwysings, of ruimtelike/tyds-oriënteringspunte, of tyd- en ruimtelike oriënteringspunte verwys word.


Aangesien die deiktiese sentrum so 'n belangrike saak vir tydsuitdrukking is, word weer intensief daarna en die samestellende elemente daarvan gekyk in die hantering van die diskoers en veral die literêre diskoers (vergeelyk 3.2 en 3.7.1).

Uit 'n deiktiese vertrekpunt moet tyd net soos in die tradisionele opvatting drieledig verdeel word, in

- (i) tyd wat teenwoordig is,
- (ii) tyd wat wegbeweeg en
- (iii) tyd wat na die spreker beweeg.

Diagrammaties kan die voorgaande so voorgestel word (vergeelyk ook De Villiers, 1971:14):

FIGUUR 2.1



Die tyd in die verlede kan vanuit die deiktiese sentrum as naby of ver beskryf word. Afhangende van die spreker se kyk oor die ruimtelike gestrektheid praat hy van die nabye toekoms (verlede) en verre toekoms (verlede).

Tyd word voorwetenskaplik as die bewegende faktor gesien, nie die spreker se posisie op die tydas nie. Hiervan getuig 'n gedig soos Die lewe van Tolius:

*Wat agter is, is net 'n droom
uit neweldrade fyn geweef;
en wat nou is, is soos 'n stroom
wat ylins langs my voete streef;
wat vóór is - newels wat nog loom
oor onbekende dieptes sweef.
Wanneer sal ek dan ooit kan sê:
'Ek het geleef?'*

2.2.2 Tempus

Ponelis (1979:261) definieer tempus as *sistematiese tydsver=skille wat deur die werkwoord uitgedruk word*. Hierdie definisie sluit aan by die tradisionele opvatting oor die werkwoord (2.2). Tempus (Engels: tense) is egter nie 'n universele kenmerk van tale nie (Lyons, 1977:678). Die tradisionele grammatici het egter ook aspek (2.2.4) onder tempus ingedeel. Hierdie indeling het aspek as 'n aparte kategorie versluier en doen dit tewens nog steeds. Tempus het dus 'n dubbelslagtige term geword wat aspek en tempus onder een kopers toegegooi het. (Lyons, 1977: 687; Labuschagne, 1972:118, e.v.; Van der Merwe, 1958:10.)

Op grond van so 'n opvatting waar alle tydgekoppelde werkwoordelike vorme as tempus gesien word, is Ponelis (a.w.: 263) geregtig in

'sy siening dat Afrikaans 'n tempusstelsel het in die onderskeid tussen die gemerkte en ongemerkte vorme van die werkwoord of in die tradisionele terminologie *presens* en *preteritum*.

Indien tempus egter vir tydskategorieë van die werkwoord gereserveer word, is hierdie term vir Afrikaans misplaas. Ek sal om verwarring te vermy voortaan gebruik maak van die term werkwoordpatroon (Ponelis, a.w.: 264). Onder ongemerkte patroon sal die stamvorm verstaan word, terwyl gemerkte patroon op ðf die vorme met *het* en deelwoord ðf die sekondêre vorme van hulpwerkwoord, koppelwerkwoorde en omskrywingswerkwoorde (soos *kon*, *moes*, *was*, ensovoorts) sal slaan.

Dat die twee werkwoordpatrone nie met tydsverskille (of liewer nie in die enger sin met tydsverskille) te doen het nie, behoeft geen groot betoog nie. Die eenvoudige sinne in 2.2(i) staaf hierdie bewering.

2.2(i) *Kom*

1. *Nou kom hy in die kantoor.*
2. *Môre kom hy om 10h00 in die kantoor.*
3. *Gister kom hy in die kantoor.*

Het gekom

4. *Hy het nou in die kantoor gekom.*
5. *Hy het gister in die kantoor gekom.*
6. *Om 10h00 môre het hy al in die kantoor gekom.*

Moet en moet het

7. *Hy moet nou kom.*
8. *Hy moet gister gekom het* (nie so gewoon nie maar vergelyk Ponelis (a.w.: 271)).
9. *Hy moet môre kom.* (Daar is skynbaar 'n teen= voorbeeld ten opsigte van *moet* wat as *moes* met *het* in die verlede gebruik moet word, vergelyk egter):
10. *Ma wou nie hê dat ek iets moet doen nie.*

Moes en moes het

11. *Hy moes nou kom.*
12. *Hy moes nou gekom het.*
13. *Hy moes gister kom.*
14. *Hy moes gister gekom het.*
15. *Hy moes môre kom.*
16. *Hy moes môre gekom het.*

Dit doen niks aan die saak af deur te sê dat daar in hierdie voorbeelde met verskillende kontekste en modaliteite gewerk word nie, die bedoeling is duidelik: in Afrikaans dui die werkwoordpatroon, nie sonder meer tyd aan nie. Daar is wel ander elemente in die sin soos die tydsadjunkte (vergelyk Ponelis, 1979: 335, e.v.) wat gebruik word om tydoriënteringspunte aan te dui.

Indien 'n mens nogtans van *tempus* by die werkwoord wil praat, sal 'n mens al hierdie tydsverwysingspunte in die sin ook tempus= vorme moet noem, 'n voorstel wat die term belaglik sal maak. Die feit dat die gemerkte werkwoordpatroon gewoonlik met die verlede verbind word, moet daarin gesoek word dat hierdie patroon 'n voltooiende aspek (vergelyk 2.3) weergee en voltooidheid altyd 'n soort verlede aandui maar dan 'n verlede ten opsigte van 'n spesifieke tyd- en ruimtelike oriëntering. Soos uit die voorbeelde 2.2(i) gesien is, kan enige patroon met enige tydsverwysing verbind

word, hoewel sommige op logiese gronde meer algemeen met een soort verbind as met 'n ander.

Kortom, Afrikaans het geen tempusstelsel in die klassieke sin nie.

Die Afrikaanse werkwoordpatrone is tydsvry.

2.2.3 Aktionsart en aspek

Rondom hierdie terme is daar sedert hulle ontstaan 'n geskil. Die terme word soms sinoniem gebruik, soms word die een vir patroonmatige verskille in die sin gebruik en die ander vir vormlike aspekte van die werkwoord. Soms word een vir spesifieke tale gereserveer en die ander vir ander tale en soms word hierdie terme vir totaal verskillende uitdrukkingswyses van die werkwoord gebruik (Van der Merwe, 1963:143; Labuschagne, 1972:118, e.v.; Lyons, 1977:706).

Dit gebeur ook dat taalkundiges liever ander terme kies uit hoofde van 'n besondere beskouing van taal. Lyons (t.a.p.) verkies byvoorbeeld om van *aspectual character* eerder as aktionsart te praat aangesien die term aktionsart vir hom eerder op werkwoordelike denotata slaan, as op 'n semantiese eienskap van die werkwoord self. Om dieselfde rede verkies Labuschagne (1972:123) juis om van aktionsart te praat aangesien dit vir hom juis op die semantiese eienskappe (logaliteit) van die werkwoord slaan.

Die oorsprong van die verwarring lê daarin dat sowel aktionsart as aspek oorspronklik op 'n verskynsel wat in Slawies morfologies uitgedruk word, gedui het. Die Slawiese woord was *aspekvid* en dit is in Duits vertaal as aktionsart (Schönfeld, 1947:145;

Van der Merwe, 1958:276; Broos, 1964:8; Van der Merwe, 1972:276; Lyons, 1977:706). Die betekenis van hierdie woorde het, soos uit die genoemde bronne gesien kan word, uitmekaar geloop en mettertyd verskillende inhoude begin kry. (Vergelyk in hierdie verband die 1947-uitgawe van Schönfeld (t.a.p.) met Van Loey se hersiening daarvan in 1970 (157).)

Labuschagne (1972:118, e.v.) maak 'n onderskeid tussen hierdie terme op grond van die betekenis-elemente van werkwoorde wat hy aktionsarte noem. Hierdie gebruik korreleer in mindere of meerdere mate met wat Lyons (1968:166) *features* noem en wat elders in die literatuur as betekenis-komponente bekend staan (vergeelyk byvoorbeeld De Villiers, 1975:64). Dit is nie dieselfde nie aangesien dit by Labuschagne slegs slaan op daardie kenmerke van werkwoorde wat betrekking het op hulle verbindbaarheid met ander leksikale items en hulle aktiveerbare potensialiteite in sinne (Labuschagne, 1972:110, e.v.).

Lyons (1977:703, e.v.) maak geen duidelike onderskeid tussen wat hy *aspectual character* noem en aspek nie, ewe min as enige ander skrywer oor hierdie onderwerp. In wese word daar nêrens behalwe by Labuschagne noodsaak daarin gesien om tussen *inhoudelike aspek*, dit wil sê Labuschagne se aktionsart en *eksterne aspek*, *aspek* by Labuschagne, te onderskei nie. Sake soos intensiverende aard, kousativerende aard, statiwiteit, momentaniteit en aardlike duratiwiteit word dan oor dieselfde boeg gegooi as byvoorbeeld onvoltooidheid en voltooidheid wat eintlik nie wesenskenmerke van spesifieke handeling of toestande is nie, maar sekondêre gerigte funksies. Hierdie sekondêre gerigte funksies kan tog nie met die eerste soort wat inherente kenmerke, *features*, komponente van die werkwoord is, vergelyk word nie.

Indien dit wel gedoen word, stuit ondersoekers op allerlei ingewikkelde redenasies en veralgemenings wat dié twee totaal verskillende fasette van die werkwoord in 'n sin versluier. Drogredenasies soos die van Broos (1964:12, e.v.), wat intensiveringsvorme soos *hik* uit *hyg* of *vreel* uit *ee* of kousatiewe soos *vel* uit *val* as aspektiese graad wil beskryf, ontstaan onvermydelik uit 'n sambreeelgebruik van die term aspek. Net so word Lyons (1977:703, e.v.) se hantering van aspek, hoewel dit logies en wetenskaplik deurgevoer word, onnodig gekompliseerd, juis omdat hy 'n *feature* van 'n werkwoord soos *stativity* met 'n eksterne gerigtheid daarvan soos *progressivity* as uitvloeisels van dieselfde verskynsel, naamlik aspek, wil sien.

Hierdie skeiding deur Labuschagne van die twee terme aktions=art en aspek, moet, wat 'n mens se houding teenoor die res van sy onortodokse taalkunde ook al is, as 'n definitiewe wins beskou word. Deur hierdie twee sake uit mekaar te hou is dit moontlik om 'n eenvoudiger indeling van aspek te maak as wat nog toe die geval was.

Onder *aktionsart* sal in hierdie studie verstaan word die verbindbaarheid dit wil sê die argumente wat vir die werkwoord geld (Ponelis, 1979:4) en aspektiese kenmerke van 'n werkwoord wat deel is van 'n spesifieke werkwoord se betekeniskomponente.


Wat *aspek* betref wil ek in die volgende bespreking die benadering van Labuschagne (1972) en Lyons (1977) versoen. Dit moet nie gesien word as kenmerkend van een of albei die skrywers se aspek=beskouings nie, maar eerder as 'n persoonlike interpretasie van aspek. Aangesien hierdie studie nie in die besonder oor aspek handel nie, word hierdie saak nie van alle hoeke bekyk nie. Dit

is ook geensins my bedoeling om hiermee 'n beskouing van aspek weer te gee wat vir alle tale geld nie, maar eerder as 'n apparaat om by 'n uiteensetting van grammatiese tyds=vergestalting in Afrikaans uit te kom.

Aspek slaan op die verloop van 'n handeling. Afhangende van waar die tydas met die verloop van die handeling sny, sal 'n ander aspek van hierdie verloop in die taal uitgedruk word.

Skematies kan die verloop van 'n handeling so (Figuur 2.2) weergegee word:

FIGUUR 2.2



Afhangende van die punt op die tydas wat 'n spreker as sy tekstuele verwysingsentrum wil gebruik, kan die volgende aspekte onderskei word:

2.2(j) *ingressiewe aspek*: dit dui op die voorbereiding van 'n handeling,

Ek maak gereed om 'n brief te skryf.

Ek is op die punt om 'n brief te skryf.

2.2(k) inchoatiewe aspek: dit dui op die aanvangspunt van die handeling, byvoorbeeld

Ek begin 'n brief skryf.

Ek vang aan met die skryf van 'n brief.

2.2(l) imperfektiewe aspek: dit dui op die progressie van die handeling en is dus deel van die onvoltooide verloop daarvan, byvoorbeeld

Ek skryf aan 'n brief.

Ek is besig om 'n brief te skryf.

Ek skryf 'n brief.

Ek het 'n brief geskryf (terwyl my vrou staan en kyk het).

2.2(m) okklussiewe aspek: dit dui op die voltooiingspunt van 'n handeling, byvoorbeeld

Ek hou op skryf aan 'n brief.

Ek het pas 'n brief klaar geskryf.

2.2(n) perfektiewe aspek: dit dui op die voltooide handeling en sluit soms 'n resultaat maar gewoonlik 'n toestand in, byvoorbeeld

Ek het 'n brief geskryf (hier is dit).

Ek het reeds 'n brief geskryf (soos jy gevra het).

Gewoonlik vind ons in die taal nie sulke eenvoudige en oorduidelike voorbeelde van hierdie aspekte nie, daarom gee ek nog twee voorbeelde:

2.2(o) *Nadat ek die brief geskryf het, het hy dit gelees.*
Skryf is okklussief gebruik terwyl *lees* perfektief is.

2.2(p) *Terwyl ek die brief skryf, lees hy dit.*
Skryf en *lees* word imperfektief gebruik.

In die eerste voorbeeld (o) word die verwysingspunt vereenselwig met die anafoor , wat as antesedent die tyd van voltooiing van die skryfhandeling het. Die spreker bevind hom dus iewers in die toekoms van hierdie gebeure.

In die tweede voorbeeld (p) word *terwyl* as anafoor gebruik by die tyd van die handeling *skryf*, wat die antesedent is. In hierdie voorbeeld is geen oriënteringspunt duidelik nie. Dit sal slegs uit verdere inligting in verband met die plasing van hierdie handeling ten opsigte van die spreker se posisie op die tydas gesien kan word, byvoorbeeld:

2.2(q) *Terwyl ek die brief skryf, lees hy dit en nadat ek klaar is, sal hy dit in die snippermandjie gooi.*

Die spreker bevind hom op die tydas iewers voor hierdie gebeure voltrek word. Dit word uit die ongekwalifiseerde gebruik van *sal* afgelei. Hierdie kwessie is natuurlik nie noodwendig in die toekoms nie, dit kan met nadere kwalifisering van 'n adjunk soos *gewoonlik* wat dan op al hierdie handeling van toepassing gemaak word, 'n gewoontehandeling (iteratiewe aspek) uitdruk. In sulke gevalle verval die noodsaaklikheid van 'n eksplisiete aanduiding van die spreker se posisie op die tydas. Indien daar aan hierdie gewoontehandeling 'n afsluitingspunt gegee word, hef dit nie die *iteratiewe* aspektiese aard daarvan op nie, maar dan kan van 'n perfektiewe-iteratiewe aspek gepraat word. Dit was dus 'n gewoontehandeling maar dit het voltooidheid bereik:

Ek het in die verlede altyd ... of
Ek sal tot volgende Januarie altyd ...

Onder aspek word dus verstaan: die wyse waarop 'n handeling of toestand in die tyd of daarbuite (vergelyk 5.2) voltrek word ten opsigte van 'n spesifieke tydsoriënteringspunt wat ook die deiktiese sentrum kan wees.

2.2.4 Die verband tussen aspek en aktionsart

Dit bring ons by 'n punt waar die verband tussen aktionsart en aspek nader toegelig moet word. 'n Statiewe werkwoord soos *wees* wat eerder 'n toestand as 'n proses uitdruk, kan 'n aanvangsaspek hê maar nie 'n okklussiewe aspek nie. Dit het ook nie 'n imperfektiewe aspek nie, aangesien daar geen verloop by 'n toestand moontlik is nie. Dit kan wel perfektief wees, aangesien die perfektiewe aspek per definisie 'n toestand of resultaat uitdruk. Die aanvangs- en okklussiewe aspekte van statiewe werkwoorde val dus saam, 'n toestand eindig immers nie, dit kan hoogstens opgehef of met 'n ander toestand vervang word.

2.2(r) *Ek is nie meer siek nie*, impliseer immers nie:

2.2(s) *ek het opgehou om siek te wees nie*, maar eerder:

2.2(t) *ek is gesond*.

Dieselfde geld ook vir 'n statiewe werkwoord soos *ken*.

As jy eenmaal iemand ken, veronderstel dit 'n toestand van *kenne* en dit kan nie ophou nie, vergelyk

2.2(u) *ek het hom geken*.

Hierdie sin impliseer nie dat ek die persoon nie meer ken nie, maar eerder dat hy gesterf het of dat ek hom vroeër ontmoet het. Dit is dus òf die persoon wat nie meer bestaan nie, òf die besondere stadium van my lewe wat verby is, nie die kenakte nie.

Die aanvangs- of inchoatiewe aspek mag wel by statiewe werkwoorde ter sprake wees. Vergelyk byvoorbeeld:

2.2(v) *Ek leer die man ken,*

maar vir sulke aanvangsmomente word liever 'n ander woord gebruik wat in ieder geval 'n inchoatiewe aksionsart het, *ontmoet* byvoorbeeld.

Werkwoorde met 'n momentiewe aksionart se aanvangs- en okklussiewe aspekte val saam, daar kan geen duur of imperfektiewe aspek op hulle van toepassing gemaak word nie, byvoorbeeld:

2.2(w) *Hulle het in die tuin gearriveer.*

(Vergelyk verder oor aksionsart in Hoofstuk 5 (5.7.1.)

2.3 BESKOUINGS OOR DIE GRAMMATIKA VAN TYD IN AFRIKAANS

Net soos in die geval in ander tale was, het die historisisme (2.1) tot wanopvattinge oor die grammatika van tyd in Afrikaans gelei.

In 1884 (180) skryf Mansveldt onder die inskrywing *was* in sy Idiocticon:

*Dat dit verlies in onderscheid in tijdvorm bij de ww.
in 't dagelijksch leven geen groote zwarigheden veroorzaakt,
kan ik toestemmen; doch, hoe men met zoo 'n gebrekkig werk-
tuig de fijnere schakeeringen der gedachten op wijsgeerig en
wetenschappelijk gebied zou kunnen uitdrukken, is mij nog
een raadsel.*

Hierdie beskrywing sluit presies aan by die standpunt van die historiese grammatici, naamlik dat 'n taal armer is in dieselfde mate waarin hy van Latyn afwyk: Afrikaans het nie 'n imperfektum nie, en dus kan hy nie aan wetenskaplike sake uitdrukking gee nie. Hierdie bewering behoef tans, dit wil sê 'n honderd jaar later, geen ondersoek nie - hiervoor is die ontsaglike korpus wetenskaplike geskrifte in Afrikaans seker 'n voldoende teenbewys?

Effens later (1891:46) skryf S.J. du Toit ter opheldering van sy vyftiende stelling, wat oor die reëlmatigheid en eenvoudigheid van die Afrikaanse spraakkuns handel, dat Afrikaans die *onvolmaakte verlede tyd net behou by die hulpwerkwoorde* waardeur hy *vir alle praktiese doeleindes* die volle vervoeging van sy werkwoorde behou het. Met hierdie beskouing bly ook Du Toit by die historiese grammatici omdat hy iets wil verdedig wat eenvoudig nie in Afrikaans bestaan nie. Die bedoeling van sy standpunt is egter waar, aangesien die hulpwerkwoorde nog verskillende vorme openbaar, kan Afrikaans soortgelyke aspektiese verskille wat in Nederlands bestaan wel op 'n soortgelyke wyse uitdruk. Hy bespreek in hierdie werk natuurlik nie tydsuitdrukking as sodanig nie, maar wil hiermee sekere wanopvattings oor Afrikaans weerlê.

Na 1905 sou daar al hoe meer boeke oor die Afrikaanse grammatika verskyn. Die vernaamste werke van 1905 word onder twee afdelings bekyk, naamlik:

- (a) beskrywende Taalkundige bronne en
- (b) voorskrywende bronne.

2.4 BESKRYWENDE STUDIES EN VERWYSING NA TYDSUITDRUKKING IN AFRIKAANS

2.4.1 In 1965 verskyn 'n proefskrif van P.J. du Toit. Hy studeer aan die Rijksuniversiteit in Ghent en stel soos soveel

ander van sy tyd in die herkoms van Afrikaans belang. Net soos sy tydgenote openbaar hy sy grootste belangstelling in die herkoms en ontwikkeling van die Afrikaanse woordeskat, maar hy maak tog enkele opmerkings oor die vormleer (p.80, e.v.). Uit hierdie opmerkings blyk dit egter dat hy nie soseer belangstel in die wyse waarop tyd uitgedruk word nie, maar eerder in die verlies van vorme wat in Nederlands bestaan het.

Hy wys (a.w.: 93) op die enkele reste van die imperfektum wat nog in Afrikaans oorgebly het asook die feit dat die Nederlandse plusquamperfektum in Afrikaans in onbruik geraak het.

Hierdie studie is 'n goeie voorbeeld van die studies oor Afrikaans wat rondom hierdie periode bestaan het.

Ook in die ondersoek van Hesselling (waarvoor ek die tweede uitgawe van 1923, die eerste het in 1899 verskyn, gebruik) gaan dit in die eerste plek nie om uitdrukking nie maar om vormverlies en vormverandering. Tog maak hy enkele insiggewende opmerkings, byvoorbeeld: *Het verdwijnen van het imperfektum kan ik niet verklaren door een toenemend gebruik van het zg. praesens historicum. Veeleer is een praesens vergeseld van een bywoord als toen te vergelijken met het wyse waarop het Maleis-Portugees, gelijk velerlij Kreools, het imperfektum aanduidt.* (a.w.: 123.) Hy gaan voort deur met aanhalings uit verskeie bronne te probeer aandui dat die ongemerkte vorm al hoe meer funksies verwerf het en dat vorme wat verdwyn het op 'n meer analitiese wyse uitgedruk word.

Ook Boshoff stel nie in tydsvergestalting belang nie maar eerder in die oorsprong van sekere Afrikaanshede, so wys hy

(1921:207) daarop dat die Afrikaanse gebruik van *toe* in die kiem in Nederlands aanwesig was, ook die wyse van Afrikaans om *verlede handeling aanskoulik uit te druk* met behulp van bepalings.

Hy gaan voort deur op die gebruike van die Nederlandse imperfektum en perfektum te wys maar gee in die opset van sy studie geen nadere toeligting oor Afrikaanse tydsuitdrukking nie.

Die taalkundige belangstelling in die Afrikaanse tydsuitdrukking word tot omstreeks 1920 heel eensydig histories hanteer, naamlik ten opsigte van die oorsprong daarvan. Om hierdie rede is daar eerder op verlies van vorme as op uitdrukkingswyse gekonsentreer.

2.4.2 In 1923 verskyn die eerste groot baken in die Afrikaanse beskrywende taalkunde, naamlik Oor die Afrikaanse sintaksis van J.J. le Roux. In hierdie werk gee hy ongelukkig geen aandag aan tydsuitdrukking in Afrikaanse nie, wel dui hy op die aspektiese aard van sekere Afrikaanse werkwoordelike patrone byvoorbeeld, ... *wees, bly, lyk, skyn, ... dien as hulpwerkwoorde om die begin, voortdoring of modus van die verbaalbegrip uit te druk* ... (a.w.: 150). Elders wys hy daarop dat werkwoorde met tydsbepalings kan verbind om tyd uit te druk (a.w.: 121, 125, 127 en 167). Hoewel hy dus nie oor tydsuitdrukking in Afrikaans as sodanig uitwy nie, blyk dit duidelik dat hy tydsuitdrukking nie as 'n werkwoordelike vorm sien nie maar dat dit wel met behulp van tydsbepalings geskied. Sy opmerking oor die aspektiese aard van die Afrikaanse werkwoordpatrone maak sy beskrywing ook meer wetenskaplik as enige wat tot in daardie stadium van Afrikaans gegee is. 'n Enkele keer gebruik Le Roux ook die Afrikaanse term *verlede tyd* (a.w.: 156) en wel

waar dit oor die twee vorme van die modale hulpwerkwoord gaan: *sou* en *moes* word deur hom as verledetydsvorme getipeer. In hierdie gedeelte maak hy egter ook geen opmerking oor tydsuitdrukking as sodanig nie, maar wel oor die vormlike gebruik van hierdie woorde.

In 1939 (23) trek J.J. le Roux te velde teen die skoolgrammatikas van sy tyd wat onder invloed van Latyn aan drie identiese vorme van die Afrikaanse werkwoord naamlik, *het geskryf* drie verskillende tye toeken: *Hoe die skoolmeesters dit regkry om sulke onsin goed te praat, weet ek nie, maar die feit is dat Afrikaans glad nie drie sulke tye onderskei nie. Hulle staan eenvoudig daar omdat hulle in die Nederlandse grammatika staan, wat op sy beurt deur die Latynse grammatika beïnvloed is.*

Hy wys verder op die vorme van die werkwoord wat wel voorkom en hy maak die interessante opmerking (a.w.: 146): *'Teenswoordige tyd' is dus maar net 'n naam vir die vorm van die werkwoord, en dit dui glad nie altyd die regte betekenis aan wat deur die vorm uitgedruk word nie. Ons het dus eintlik 'n behoefte aan twee terme, een vir die vorm van die werkwoord en een vir die betekenis wat daardeur uitgedruk word.*

Hy aanvaar vervolgens *Teenwoordige Tydsvorm* as naam vir die vorm (soos byvoorbeeld *kom*) maar hy wys onmiddellik daarop dat hierdie vorm die hede, verlede en toekoms kan uitdruk. Hy verduidelik dan breedvoerig dat daar net drie tye bestaan maar dat elke tyd verskillende aspekte mag hê, hoewel hy dit nie aspekte noem nie. Hy wys voorts op die gebruik van die werkwoordelike vorme maar laat na om eksplisiet te noem dat drie aspekte en tye in sy voorbeelde met bywoorde tot stand kom. Hierdie uiteensetting is egter die eerste wat in 'n Afrikaanse taalkundige werk gegee word oor die wanopvatting wat oor die werkwoord bestaan.

2.4.3 Scholtz (1940⁷:122, e.v.) gee vir die eerste keer n Afrikaanse ontleding van aspek. Hy verbind aspek aan plek en nie aan tyd nie. Sy beskouing van aspek sluit nou aan by die gangbare Europese opvatting en gevolglik word aktionsart en aspek deur hom oor dieselfde kam geskeer. Hy onderskei twee aspekte, naamlik perfektiewe en imperfektiewe, en maak vervolgens subonderskeiding by elkeen hiervan.

2.4.4 Die eerste wetenskaplike poging om tot die wese van die Afrikaanse tydsuitdrukking te kom, vind ons by De Villiers (1948). Hierdie studie volg op n proefskrif (1942) wat oor die sintaksis van die werkwoord handel. Hoewel daar in hierdie werk plek-plek sprake is van Afrikaanse tydsuitdrukking, is dit n strukturele sintaktiese studie en word die ter sake aspekte in sy 1948-werk herhaal.

In hierdie werk gee hy n ontleding van die Afrikaanse aspekte. Hierdie ondersoek na die aspekte is vollediger en indringender as die van Scholtz hierbo, maar aangesien hy by die tradisionele beskouing van aspek aansluit, word die aktionsarte van werk= woorde met aspek verwar sodat hy op probleme stuit. Vergelyk: *Wanneer n resultatiewe werkwoord met is (was) verbind word, kan dit sowel die eindpunt van n handeling (verbaal) as n toestand (byvoeglik) aandui, byvoorbeeld: 'Die kontrak is geteken': Om die handelingsaspek duidelik te stel, word dit omskryf: 'Die kontrak is geteken geword'.*

n Bietjie laer af vind ons: *In verbinding met het blyk die resultatiewe of perfektiewe aspek nie altyd voldoende nie en word ook omskrywe ... (a.w.: 103).*

Hier blyk daar n verwarring te wees tussen *resultatief* wat n aktionsart is en *perfektief* wat n aspek is. Resultatiewe

werkwoorde lei immers noodwendig tot 'n resultaat en hulle moet noodwendig aspekties gerig word om 'n durende handeling aan te dui.

Nieteenstaande hierdie tradisionele beskouing van aspek vind ons vir die eerste maal 'n volledige uiteensetting van die aspektiese funksie van skakelwerkwoorde en van hierdie uiteensetting sal ek dankbaar in die onderhawige studie gebruik maak.

Ook ten opsigte van modaliteit lewer De Villiers 'n waardevolle bydrae en hy slaag daarin om hierdie funksie van die Afrikaanse modale hulpwerkwoorde in al die skakerings daarvan uit te lig.

Van bladsy 137 tot 157 (a.w.) gee De Villiers 'n uiteensetting van die Afrikaanse tydsuitdrukking. Hy stel dit duidelik (a.w.: 139) dat tyd 'n deiktiese kategorie is: *Dié drie tye wat ons genoem het, Hede, Verlede, Toekoms, het dus geen vaste grense nie, en dit hang van onself af hoe wyd ons die grense van tyd vorentoe en agtertoe skuif. Vergelyk ook (t.a.p.): Die voorverlede vind ons waar ons praat oor 'n tydstip in die verlede en iets noem wat nog verder terug lê of iets wat toe reeds voltooid was.* Hier word tyd en aspek verwar, maar sy bedoeling is duidelik: tyd is 'n kategorie wat afhang van die spreker se blik daarop (3.2.2).

Ongelukkig bou hy nie op hierdie standpunt voort nie. Die res van sy betoog grond hy volledig op

- (a) 'n vergelyking tussen Afrikaanse en Engelse tekste en
- (b) 'n ontleding van Afrikaanse tekste.

In sy vergelykende studie gee hy bloot 'n Afrikaanse en Engelse ekwivalent en sonder om aan te dui waarin die verskille eintlik gesetel is, gee hy aspektiese name aan Afrikaanse vorme. Sy slotsom wat hy sonder verdere verduideliking gee, is dat die hele basis van die *tydsuitdrukking* anders is in Afrikaans: *dit berus op die aspek van die handeling*.

Dat die Afrikaanse tydsaanduiding grootliks van aspek afhanklik is, wil ek in hierdie stadium nie betwis nie, maar uit sy voorbeeld blyk dit dat dieselfde ook waar is van Engels. Die verskil lê daarin dat Engels benewens tydsbepalings van meer morfologiese elemente gebruik maak om aspek uit te druk as Afrikaans. Sy aanvanklike stelling wat tydsuitdrukking gelykstel aan die blik van die spreker word nie deurgetrek of selfs in die minste benut nie.

In sy ontleding van Afrikaanse tekste maak De Villiers 'n onderskeiding tussen epiese en dramatiese styl. Hierdie onderskeid berus vir hom (a.w.: 144) op die verskil tussen respektiewelik voltooidheid en onvoltooidheid. Vir hom lê die verskil basies by die gebruik van die ongemerkte werkwoordpatroon in die dramatiese styl en die gemerkte patroon vir die epiese. Hy tref die verskil op vormgrondslag nieteenstaande die feit dat hy Langenhoven dankbaar erken (a.w.: 135) as die enigste uitsondering by taalbeskrywers wat nie 'n onjuiste beskouing oor Afrikaanse tydsuitdrukking huldig nie. Langenhoven sien juis nie die verskil op hierdie basis nie (vergelyk 2.5.4 hieronder). Die res van sy betoeg berus op 'n ontleding van die gebruik van die ongemerkte en gemerkte patrone in bysinne. Ongelukkig steek hy by 'n bloot statistiese weergawe van feite vas sonder om te probeer vasstel wat die rede vir die oorweging van die patrone in die besondere sinne is. Uiteindelik gee hy reëls, wat op hierdie statistieke berus sonder om die redes daarvoor uiteen te sit.

In 1951 sou De Villiers dieselfde soort statistiese ondersoek op reuseskaal aanpak met dieselfde resultaat.

Weer stel hy dat tyd 'n deiktiese kategorie is (1951:9):
Weerskante van die Hede lê Verlede en Toekoms: die voltooide gewete-elemente wat ons Verlede noem, en die ongewete, vormlose wat ons Toekoms noem. Dit is die basiese ervarings. En op dieselfde bladsy: As ons die bestaande voorbeelde noukeurig beskou, merk ons dat die spreker se standpunt ten opsigte van die tyd uitgedruk word ...

Hy voer dit ook in hierdie studie nie deur nie, trouens hy merk op: *Hoewel hierdie faktore nooit heeltemal uit die oog verloor mag word nie, gaan ek in hierdie ondersoek uit van die verbale vorme om hulle waarde vir die aanduiding van die verlede en vir verwante begrippe te bepaal.* (Onderstreping deur De Villiers (a.w.: 10).)

Net soos in die studie hierbo vermeng hy aspek, tyd en aksionsart maar hy gee 'n selfs nog vollediger en indringender bespreking van die funksies van modale werkwoorde.

Die tweede hoofstuk wy hy daaraan om op die stylgebruik van die gemerkte en ongemerkte werkwoordpatrone aan te dui en weer stel hy die ongemerkte patroon gelyk aan die dramatiese en die gemerkte aan die epiese: *Hierdie ontleding toon hoe 'n opeenvolging van stamvorme in direkte chronologiese opvolging van gebeurtenisse in betreklik vinnige tempo suggereer ...* (a.w.: 36.)

Die derde hoofstuk wy hy aan 'n statistiese ontleding van 'n groot korpus Afrikaanse prosawerke. Net soos in sy 1948-werk lei hierdie uiteensetting slegs tot statistiese algemeenhede: sekere patrone kom in sekere bysinne oorwegend voor terwyl ander patrone in ander sinne oorweeg.

Hoewel hy plek-plek 'n indringende opmerking maak, bly hierdie ondersoek net soos die vorige 'n strukturele ondersoek sonder meer. Geen patroon behalwe 'n statistiese word van tydsuitdrukking gegee nie. In der waarheid is dit nie 'n ondersoek na Afrikaanse tydsuitdrukking nie, dit is 'n ondersoek na die voorkoms van werkwoordelike patrone in Afrikaans. Die waarde van hierdie werk moet egter nie hierdeur onderskat word nie, dit lewer die basiese data vir 'n indringende ondersoek na die Afrikaanse wyse van tydsuitdrukking waarvan ek dwarsdeur hierdie studie dankbaar gebruik sal maak.

In 1962 verskyn uit die pen van De Villiers 'n artikel oor tyd in Standpunte (vergelyk 1.1). Hierdie artikel was bedoel om 'n antwoord te wees op 'n vroeëre artikel van Antonissen (vergelyk hoofstuk 1) en Loubser (vergelyk 2.4.5). De Villiers wil hierin aandui dat tyd op 'n anderse wyse in Afrikaans as in ander tale uitgedruk word. Hierdie artikel is in die breë op sy 1951-ondersoek (hierbo) gebaseer. Weer stel hy onomwonde dat tyd 'n deiktiese kategorie is: *Verdens het ons die subjektiewe en egosentriese tydsbegrip wat waarskynlik vir alle tale die basis is. 'Nou', die oomblik waarop iemand spreek, is die nulpunt. 'Vandag', 'gister', 'môre' kan alleen bepaal word deur uit te gaan van die spreekoomblik, en net so 'Teenswoordige (d.w.s. aanwesige) Tyd, Verlede (d.w.s. verbygegane) Tyd, Toekomende (d.w.s. na die spreker komende) Tyd'. (a.w.: 55.)* Maar weer verval hy in 'n blote vormlike ondersoek. Belangrik is dit dat hy (a.w.: 56) nie die Afrikaanse gebruik van die

presens (sic.) aan die imperfektum van ander tale gelykstel nie, die een *vervang* nie die ander nie. Ongelukkig sê hy nie waarin die verskil lê nie maar verval soos in sy vorige werke in 'n vormlike analise van tekste en besluit: *Sonder twyfel is die kwessie van werkwoordkategorieë in Afrikaans lastig* (a.w.: 59) en vervolgens verwyf hy die onkunde van skrywers en die vloeibaarheid van die Afrikaanse sisteem vir die *inkonsekwensies* in die skrywers se hantering van die tyd in hulle werke. Sy slotsom is: *Mens mag wel sê dat ons verhalende tradisie - gesproke sowel as geskrewe - uit 'n afwisseling van presens- en perfekvorme bestaan wat ruweg 'n afwisseling van dramtiese en eptiese styltrant verteenwoordig* (a.w.: 60).

In hierdie opmerking is 'n gedeelte van die waarheid opgesluit maar dit bring ons nie nader aan die kern van die vraag: *hoe Afrikaans tyd uitdruk nie.*

Ook in sy werk van 1971 met die belowende titel Die Grammatika van Tyd en Modaliteit kom De Villiers nog nie by die oplossing uit nie. Baie waardevolle opmerkings, wat indien dit deurgevoer sou word, waarskynlik die kernvraagstuk sou weergee, word egter in hierdie werk gemaak, vergelyk byvoorbeeld: *Ons wêét dat die uittreksel gebeurtenisse van die verlede meedeel - ondanks die presensvorme - omdat dit in 'n roman voorkom; alle romans en verhale is immers mededelings van 'n verteller aan sy lesers of hoorders van sake wat reeds gebeur het, anders sou hulle nie verhale wees nie* (a.w.: 61). Nie hierdie kwessie nie, nóg sy uiteensetting dat tyd deikties is (p.14-19) word egter in die ondersoek deurgevoer. Dit is 'n blote herhaling met enkele uitbreidings van sy voorafgaande werke wat hierbo bespreek is.

Die kernprobleem van De Villiers se ondersoek is, dat hoewel hy tyd nie as 'n werkwoordelike saak sien nie, hy dit nogtans as sodanig hanteer, gevolglik verval hy in 'n eindelose reeks aanhalings

en statistiek sonder om dit te vertolk. Sy beskouing van aspek moet egter as 'n daadwerklike wins vir tydsondersoek gesien word.

2.4.5 Loubser (1961) maak 'n studie van die ontwikkeling van die saamgestelde verbale vorm van Nederlands tot Afrikaans. In sy studie gee hy nie net aandag aan vormverandering nie, maar ook aan funksieverandering. Op die funksieverandering wat hy vasgestel het, word hier breedvoeriger ingegaan.

Gedurende die sewentiende eeu was een van die funksies van die perfektum (die vorm *zijn* of *hebben* in die presens met verlede deelwoord) om 'n gebeurtenis of toestand uit te druk wat in die verlede afgesluit is en *waarop hy (die spreker) vanuit sy hede terugkyk sonder om dit egter in 'n oorsaaklike of ander verband met 'n feit in sy hede te sien* (a.w.: 33). Hy voeg by dat hierdie gebruik van die *perfectum* dikwels begelei word deur 'n adverbiale bepaling van tyd wat die feit wat meegedeel word duidelik in die verlede plaas ... (t.a.p.).

Hierdie soort gebruik van die perfektum noem Loubser die *retrospektiewe perfectum* en dit onderskei hy van die *resultatiewe perfectum* waar daar sprake is van 'n *verbondenheid van die situasie uit die verlede met die hede van die spreker* (a.w.: 39). Ook wat betref die *inklussiewe perfectum* word die *verbondenheid van hede en verlede uitgedruk* (a.w.: 40). Die *retrospektiewe perfectum* staan dus nader aan die gebruik van die *praeteritum* wat ook geen verband tussen 'n feit uit die verlede en die hede van die spreker uitdruk nie ... (t.a.p.).

Hy wys daarop dat hierdie isolerende gebruik van die perfektum die meeste in briewe voorkom en stel dat dit dan ook die vorm

is wat die meeste met die spreektaal sal ooreenkom (a.w.: 41). Hy onderskei voorts ook 'n *perfectum narrativum* wat in verhalende verband gebruik word. Daar bestaan vir hom 'n groot ooreenkoms in hierdie gebruik en dié van die retrospektiewe perfektum (t.a.p.).

Dit moet vermeld word dat Loubser slegs 'n funksionele onderskeid tussen die verskillende perfektumtipes maak en dat daar geen wesentlike vormlike verskille is nie.

Dit is interessant dat die verhalende perfektum in die sewentiende eeu gebruik is om as't ware as 'n skakel te dien tussen 'n retrospektiewe perfektum en 'n uiteindelijke gebruik van die praeteritum *waarin die besonderhede wat daarop volg, as voortsikrydende gebeurtenisse vertel word* (t.a.p.).

Hierdie gebruik van die perfektum kry 'n mens in die inleiding van 'n verhaal asook waar daar 'n onderbreking is en die leser as't ware na die hede teruggedroep word. Die volgende funksies word deur Loubser vermeld: as die skrywer kommentaar oor die gebeure wil lewer en as die skrywer belangrike feite wil weergee, om sodoende 'n kontras tussen die algemene voortskrydende gebeure te skep (a.w.: 48, e.v.).

Soms gebeur dit dat die perfektum saam met die *praesens historicum* gebruik is, om daarmee 'n gebeure wat voor die voortsikrydende handeling plaasgevind het uit te druk (a.w.: 58).

Die perfektumvorm het dus 'n aspektiese verband tussen spreker en gebeure asook 'n tydsfunksie gehad wat sinoniem met die praeteritum was (a.w.: 59).

Die gebruike van die perfektum in die sewentiende eeu was dus nie dieselfde as in hedendaagse Nederlands nie en hoewel dit van die Afrikaanse gebruik van die gemerkte werkwoordelike patroon verskil, is daar ook besondere ooreenkomste (a.w.: 77).

Die perfektum is ook as sogenaamde *futurum exactum* gebruik, dit wil sê om 'n voltooides aspek van toekomsverwysing weer te gee (a.w.: 117).

Teen die einde van die sewentiende eeu was daar, aldus Loubser, 'n toenemende onsekerheid oor die waardes van die perfektum en dit sou logies genoeg 'n invloed op die ontwikkeling van die Afrikaanse gebruik hê (a.w.: 118).

Gedurende die agtiende eeu het hierdie onsekerheid duideliker aan die Kaap geword en die gebruik van die preteritum minder sodat 'n analise van argiefstukke uit hierdie periode die volgende verhouding gee van vorme wat gebruik is om feite uit die verlede mee aan te dui:

67% in die saamgestelde vorm
 22% in die preteritum
 10% in die presens (a.w.: 175).

Die gebruik van woorde soos *en*, *toe* en *ook* om handelingsreëse in die verlede mee te verbind neem ook toe. Die *perfectum narrativum* kom in hierdie tydperk heelwat minder voor en ook loop die verskeidenheid funksies terug tot die aanduiding van 'n inleiding tot 'n preteritale reëse, van 'n belangrike feit en van 'n samevattende oorsig (a.w.: 176).

Ook die plusquamperfektum se funksies word deur die perfektum ingedring sodat hierdie onderskeid ook nie meer duidelik was nie. *Die leser is gevolglik ook hier al hoe meer afhanklik van die breër verband om te weet wat die skrywer met h bepaalde saamgestelde vorm bedoel het (t.a.p.).*

In hoofstuk vyf van sy studie (p.178, e.v.) sit die skrywer die Afrikaanse gebruik van die saamgestelde vorm uiteen. Die gebruike van die perfektum stem in die breë gesien met die sewentiende eeuse gebruike ooreën, behalwe dat dit al hoe meer gebruik word om reekse feite uit die verlede uit te druk en nie net vir geTsoleerde feite nie (a.w.: 223). Die teenstelling tussen preteritum en saamgestelde vorm om oor die verlede te predikeer het verval en die teenstelling bestaan nou tussen stamvorm en saamgestelde vorm (t.a.p.).

Met hierdie studie oor die ontwikkeling van die saamgestelde vorm waarin hy h reuse hoeveelheid stof verwerk het, slaag Loubser meer as enige ander taalkundige wat oor tydsvergestalting in Afrikaans skryf. Hy bly nie by die onverwerkte data soos De Villiers (1951) nie, maar druk deur tot die funksie. Sy gevolgtrekkings is ook helder en toetsbaar, vergelyk byvoorbeeld: *Omdat die hede waarvan hier sprake is, die hede van die skrywer/spreker is - wat soms kan saamval met die hede van die leser/hoorder - kry die saamgestelde vorm in die funksie van h perfektum h besondere eienskap, naamlik dat die skrywer daarin meer op die voorgrond kom en as't ware tussen die feit uit die verlede en sy leser te staan kom ... In die meeste gevalle word h handeling, gebeurtenis of situasie in die verlede egter alleen maar as voltooid in die hede van die skrywer voorgestel; daarin word dus geen verhouding tot h feit en die hede van die skrywer uitgedruk nie. (a.w.: 226-227.)*

Hoewel Loubser hom beperk tot die saamgestelde vorm, het sy insigte ook waarde vir 'n algemene ondersoek na tydsuitdrukking. Sy studie is nie op Afrikaanse tydsuitdrukking as sodanig gerig nie en daarom vind ons nie meer as terloopse verwysings na ander wyses van tydsuitdrukking as die saamgestelde werkwoordelike nie. Dit gaan dus by hom veral oor aspektiese funksies van hierdie werkwoordpatroon. Nogtans en met waardering vir die besondere gerigtheid van sy ondersoek, sal enige ondersoeker van die Afrikaanse wyse van tydsuitdrukking deeglik kennis moet neem en rekening moet hou van hierdie, byna wil ek sê miskende studie van Loubser, wat in wetenskaplikheid en insig bo enige ander verwante ondersoek in Afrikaans troon.

2.4.6 Verskeie werke wat oor aspek handel, het sedert De Villiers se werk in 1948 die lig gesien. Oor hierdie studies is reeds in die afdeling oor aspek (2.2) uitgewy.

Die werk van Labuschagne verdien egter nog aandag aangesien hy ook oor tyd uitwy. Hy stel (1972:89) dat daar geen tempusstelsel ter uitdrukking van tyd in Afrikaans bestaan nie en dat dit wat as sodanig in Afrikaans geklassifiseer word in der waarheid *'n baie markante aspekstelsel* is. Volgens hom het die relikte van die imperfektum wat by die hulpwerkwoord aanwesig is 'n tweeledige funksie, naamlik 'n primêre aspektiese en 'n sekondêre temporele funksie. Afrikaans gebruik voorts *spesifieke tydsbepalings om die aspekte van die funksie/funksielingemaat temporaal te begrens ...* (a.w.: 196). Ongelukkig gaan hy nie verder daarop in as om te sê dat sintaktiese middele hiervoor aangewend word nie en hy volstaan met enkele waardevolle voorbeelde om sy bewering te staaf (a.w.: 184, e.v.). Hierdie insig wat baie eksplisiet gemaak word as by De Villiers gaan mank aan die miskenning van die deiktiese aard van tydsuitdrukking hoewel hy tog opmerk dat tyd *gelokaliseer* word.

2.4.7 D.H. van der Vijver skryf in 1972 'n proefskrif oor die verskil in gebruike van werkwoordelike tydskategorieë tussen Afrikaans en Duits. Hy steun in hierdie proefskrif vir Afrikaans veral op gegewens wat hy uit die werke van De Villiers trek. Hy gaan egter verder deur alle Duitse tydverwante funksies van die werkwoord na te gaan. Hy bevind onder andere dat daar groot ooreenkomste tussen die atemporele gebruik van die Duitse presensvorm (a.w.: 98, e.v.) en die ongemerkte patroon vir Afrikaans is. In sy tabelvergelyking lê hy net soos De Villiers klem op die voorkoms van besondere werkwoordpatrone in spesifieke sinkonstruksies.

Die imperfektumvorm in Duits word veral in Afrikaanse weergegee deur die ongemerkte werkwoordpatroon maar ook die gemerkte werkwoordpatroon word hiervoor gebruik. In die meerderheid gevalle word die gemerkte patroon in Afrikaans aangewend waar Duits of die perfektum of die plusquamperfektum gebruik (a.w.: 201, e.v.).

Die waarde van hierdie werk lê veral daarin dat ons hierin vir die eerste keer vir Afrikaans 'n sistematiese vergelyking met 'n tweede taal vind.

2.4.8 Bowmer (1978) benader tydsuitdrukking van Afrikaans skynbaar vanuit 'n totaal nuwe hoek. By nadere ontleding van sy verhandeling wat binne die raamwerk van die generatiewe semantiek geskryf is vind 'n mens egter dat dit historisisme in 'n nuwe baadjie is, vergelyk: *Onderliggend aan die historiese presens sal 'n presensvorm gepostuleer word en onderliggend aan die dramatiese verlede tyd 'n verlede tydsvorm met het* (a.w.: 3). Afrikaanse tydsuitdrukking moet ten alle koste aan die werkwoord verknoop bly. Selfs vorme wat duidelik nie werkwoordelik is nie

soos die voorsetsel *voor* word binne die kader van hierdie werk as onderliggende werkwoord ontleed (a.w.: 49). Op hierdie manier kan enige wyse waarop tyd in Afrikaans uitgedruk word met behulp van dieptestrukture as werkwoordelik gesien word. Op grond van hierdie beskouing besluit Bowmer (a.w.: 67) dan dat die kategorie tempus wel in Afrikaans voorkom. Hieruit moet 'n mens dus besluit: tempus kom in Afrikaans voor, dit word net nie altyd in die oppervlak weergegee nie. Met hierdie soort ondersoekmetode kan enige Latynse vorm in Afrikaans bewys word, selfs casusvorme, 'n mens moet net 'n abstrakte dieptestruktuur daarvoor vind en dan is dit bewys.

Nieteenstaande hierdie kritiese opmerkings oor die ondersoek van Bowmer is daar tog veel gevind wat waardevol is, byvoorbeeld die beklemtoning van die samehang in die teks, die ontleding van die bepaler van tyd (a.w.: 60) ensovoorts.

Die grootste nadeel van hierdie soort ondersoek is dat dit nie die funksie van byvoorbeeld die verskillende werkwoord=patrone in Afrikaans kan verklaar nie: waarom is dit byvoorbeeld vir Afrikaans nodig om twee werkwoordpatrone te hê as 'n mens met behulp van onderliggende vorme slegs met een oor die weg kan kom?

2.4.9 Ponelis (1979) wy 'n volle hoofstuk aan tyd en tempus. In hierdie hoofstuk ignoreer hy aspek en word hierdie kategorie volledig deur *tyd* vervang.

'n Insiggewende afdeling handel oor tyd as deiktiese verskynsel en hierin kom ook tekstuele tyd ter sprake: *Naas uitingstyd (deikties) kan ook 'n tekstuele tydverwysingspunt gekies word.* (a.w.: 262) Ongelukkig gaan hy ook nie dieper op hierdie saak in nie en verval die res van die hoofstuk in 'n blote

vormlike weergawe, waarin verskeie voorbeelde eerder die teendeel bewys as dit waarvoor hulle gekies is, vergelyk byvoorbeeld:

In Afrikaans is die toekomsverwysing heel heterogeen en die volgende konstruksies word almal vir toekomsverwysing gebruik:

(a) die ongemerkte patroon

Ek draai nou-nou vir jou 'n plaat. (a.w.: 263)

In hierdie voorbeeld, net soos die wat daarop volg, is dit nie die werkwoordpatroon wat tyd aandui nie, maar wel die bepaling wat deel van die sin vorm.

Sy voorbeeld vir wat hy die preteritum noem, is geensins tydsaanduidend nie, dit gee slegs 'n voltooide aspek van 'n handeling weer en kan ewe goed in die hede, verlede, of toekoms gebruik word, vergelyk: *Die bus het vertrek.* Met die invoeging van 'n bepaling soos *môre om 10h00* of *nou of pas* kan hierdie konstruksie ewe goed 'n ander *tyd* uitdruk.

In die res van hierdie hoofstuk word op werkwoordelike patrone uitgebrei maar dit bly vormlike sake wat vir tydsuitdrukking as sodanig bloot toevallig is.

Die hoofstuk oor tydsadjunkte (a.w.: 335-343) is vir die onderhawige studie van veel groter waarde. Begrippe soos *tydspunt* (a.w.: 339) en *tydsoriëntasie* (a.w.: 340) vorm immers die basis van tekstuele tydsuitdrukking in Afrikaans. Hierdie uiteensetting gee bowendien die funksie van sekere voegwoorde as tydsbepalings duideliker weer as wat enige ander skrywer dit vir Afrikaans gedoen het. Hierdie rede alleen is

genoeg om Ponelis se werk as baie belangrik vir die onderhawige studie te ag.

2.4.10 Met hierdie afdeling is daar nie probeer om 'n volledige beeld te gee van alles wat oor Afrikaanse tydsuitdrukking geskryf is nie, maar wel om 'n algemene beeld te gee van die ontwikkeling daarvan asook wat die stand van hierdie soort ondersoek vandag is.

Baie is gevind wat van waarde is, maar 'n sistematiese weer-gawe van grammatiese tydsvergestalting in Afrikaans is nog nie gegee nie.

2.5 VOORSKRYWENDE BRONNE OOR TYDSUITDRUKKING IN AFRIKAANS

Onder hierdie afdeling word na

(a) grammatikahandleidings vir skole en

(b) spraakkunste vir volwassenes gekyk om vas te stel watter voorskrifte hulle vir tydsuitdrukking in Afrikaans bied. Hieruit kan daar dan ook tendense vasgestel word oor watter leiding oor tydsuitdrukking aan die gebruikers van Afrikaans gegee is.

2.5.1 D.F. Malherbe se nou reeds klassieke werkie, die Afrikaanse Taalboek verskyn in 1917. Daar was wel enkele grammatikas voor hierdie werk, onder andere van S.J. du Toit en De Waal maar dit was in der waarheid slegs vingeroefeninge wat nie 'n groot impak op die onderrig van Afrikaans sou hê nie. Vir hierdie ondersoek gebruik ek die tweede druk van Malherbe se werk wat in 1918 verskyn. Hy sê in sy voorwoord dat dit vir ontwikkelde Afrikaners bedoel is en nie 'n skoolgrammatika is nie. Hy spreek tewens die wens uit *dat daar nooit 'n Afrikaanse grammatika, in die sin waarin ons hom uit skoolervaring ken geskrywe word nie; mag ons bid dat die Afrikaanse kind van die toekoms*

bespaar mag wees die sielsknaging wat kom deur die inpomperij van onbegrepe en onware, van eensydige taalkundige wysheid (a.w.: 3). Hierdie wens, soos soveel ander, is nie bewaarheid nie.

Malherbe wy 'n vyftal bladsye aan tydsuitdrukking en noem enkele sake wat in latere grammatikas vergeet word. Hy stel byvoorbeeld: *Uit die samehang word natuurlik duidelik watter handeling voorafgaan en watter volg. (a.w.: 57)*

Nog 'n saak wat hy noem en wat selfs deur taalkundiges misgekyk word, is dat daar 'n vrye variasie bestaan tussen *was* en *was gewees*. (Du Plessis (1979:47) is 'n uitsondering op hierdie reël waar hy empiries vasgestel het dat hierdie vrye variasie wel in Johannesburgse Afrikaans voorkom.) Ook hierdie saak verduidelik Malherbe aan die hand van voorbeelde. Hy maak beswaar teen die gedwonge gebruik van *had* wat volgens hom nog net korrek gebruik kan word in wenssinne (a.w.: 58).

Hy waarsku ook teen die onnodige gebruik van *het* in die verhaaltrant (a.w.: 59). Hierdie waarskuwing van hom staan in skrilte kontras met latere skoolgrammatika waar leerlinge aangesê word om nie hulle *tye* te meng nie (2.5.5). Ook die oefeninge wat hy oor hierdie gedeelte gee (a.w.: 73), is nie soos die wat later algemeen in skoolboeke sou voorkom nie: in plaas van die opdrag wat ons telkens vind om die werkwoorde in die verlede tyd oor te skryf, is sy opdrag: *Gebruik in die volgende sinne of woordgroepe die regte vorm van die verlede deelwoord ...* Hoewel Malherbe geen volledige uiteensetting van tydsuitdrukking gee nie, gee hy tog 'n bruikbare riglyn wat nie net die basiese *tye* dek nie, maar ook aspekte daarvan.

2.5.2 In 1924 verskyn Bouman en Pienaar se Afrikaanse Spraakkuns wat die eerste volledige Afrikaanse studente-grammatika is. In hierdie boek word tydsuitdrukking as 'n basiese kenmerk van die werkwoord beskou. Afrikaans word in 'n Latynse baadjie gekorset en om hulle opvatting presies weer te gee, verduidelik hulle die Afrikaanse *tydsvorme* aan die hand van Latynse ekwivalente (a.w.: 113). Dit ag hulle nodig omdat drie van die *tye* presies dieselfde vorm het.

Hulle voeg darem by dat Afrikaans hoewel hy arm aan vorme is, met ander middele as die Latyn tog al die Latynse vorme kan uitdruk en gaan dan voort om enkele van hierdie middele vir elke *tydsvorm* aan te gee. Oor hierdie onnodige ingewikkeldheid sou Malherbe seker sy hande saamgeslaan het.

Enkele bruikbaarere opmerkings maak hulle oor die funksie van sekere voegwoorde by tydsaanduiding (a.w.: 209).

2.5.3 In 1931 verskyn die bekende grammatikahandleiding van Potgieter. Ook hy gee agt verskillende *tydsvorme* (a.w.: 145) wat hy dan kwalifiseer en daarop wys dat net een *vorm* in der waarheid anders as die res lyk. Net soos Bouman (1924) illustreer hy dan hoe hierdie *vorme* uitgedruk word. 'n Verbetering op Bouman is die feit dat hy tyd tog sien as 'n saak wat *blyk uit die verband* (a.w.: 147). Hy illustreer dit dan met verskillende voorbeelde. Hy wys vervolgens daarop hoe verskillende aspekte van die teenwoordige tyd uitgedruk word en onderskei tussen voltooide en onvoltooide handeling.

2.5.4 'n Welkome verandering van die gewone skoolgrammatika van die dertigerjare vind ons in 1931 by Langenhoven en Pienaar se boekie Hoe om te skrywe (Versamelde Werke XII). Dit is geen grammatika in die gewone sin van die woord nie maar 'n handleiding vir volwassenes in die skryfkuns.

Hulle illustreer in 'n gedeelte, getitel: Die werkwoord in die verhaaltrant met 'n kort voorbeeld die verskil tussen die sogenaamde historiese teenwoordige tyd, die epiese vorm en die voltooide vorm. Hierdie paragraaf word so belangrik geag dat dit in sy geheel aangehaal word:

Neem hierdie twee sinne: 'Toe ek by die deur inkom sien ek sit sy vooroorgebuig, haar gesig met haar hande bedek. Sy lig haar kop op; ek kon sien dat sy gehuil het; haar oë was rood en geswel'. Vergelyk 'Sy lig haar kop op; ek kan sien dat sy gehuil het; haar oë is nog rood en geswel'. Hierdie tweede is presies ooreenkomstig met die Engelse historiese present. Maar die eerste Afrikaanse voorbeeld is ook nie dieselfde as: 'Sy het haar kop opgelig; ek kon sien dat sy gehuil het nie'. Dus het Afrikaans 'n tydvorm geskep wat 'n idiomatiese eienaardigheid is, 'n allerkragtigste middel om sprekende lewendigheid van voorstelling aan 'n verhaaltrant mee te deel sonder die vervelike eentonigheid wat onafskeidbaar sou wees van 'n aanhoudende historiese praesens. Dis een van die baie psigologiese kenmerke van ons taal wat byna nie vir logiese uitleg vatbaar is nie. (a.w.: 122)

In hierdie kort gedeelte is die antwoord op tydsuitdrukking in Afrikaans opgesluit.

2.5.5 Kenmerkend van die Afrikaanse handleidings gedurende die veertigerjare is dié van C.P. van der Merwe (1940). Die volgende voorskrifte kom in byna elkeen van die handleidings uit hierdie tydperk voor:

- (a) *Die leerlinge moet die drie begrippe Verlede, Teenwoordige, Toekomende baie duidelik in gedagte hou. Daarby kom dat 'n handeling in al drie gevalle voltooid, onbepaald (onvoltooid) en voortdurend kan wees. (a.w.: 149)*
- (b) *In die skryftaal werk dit baie storend, as die leerlinge so gedurig van tyd verander; gevolglik word die verlede of teenwoordige aanbeveel. (a.w.: 150)*

Die reëls word dus meer rigied weergegee as in die vorige dekades, hoewel dit nie meer so formalisties gedoen word nie.

2.5.5 Gedurende die laat veertigerjare en die vyftigerjare neem die aantal handleidings vir skoolgebruik aansienlik toe. Enkele van die bekendstes uit hierdie periode is die werke van Booysen, e.a. (1946), Barnes (1950). Laasgenoemde skrywer se boeke het talle herdrukke beleef, Rossouw, e.a. se bekende Lewende Taalreeks wat van vroeg in die vyftigerjare tot aan die begin van die sewentigerjare seker die bekendste handleiding op laer- en hoërskole was en die Moedertaalreeks van C.P. van der Merwe en W. Kempen wat veral gedurende die sestigerjare baie gewild op laerskole was. Kenmerkend van al hierdie handleidings is dat hulle min voorskrifte maar baie oefeninge gee. Ongelukkig is die oefeninge veral van die soort waarin daar van die leerlinge verwag word om gegewe sinne in *'n ander tyd* oor te skryf. Hoewel lippediens aan die sogenaamde historiese presens gedoen word, waarin *toe* skynbaar die vernaamste rol moet speel, word in die oefeninge verwag dat die gemerkte patroon van die werkwoord vir die verlede, en die ongemerkte vir die hede gebruik word. In die ouer grammatikas is daar wel gepoog om wat *opvolging van tye* genoem word, te verklaar, maar hierdie saak vind min aandag in die jonger handleidings.

2.5.6 Die gangbare opvatting in die meeste voorskrywende grammatikas vir Afrikaans is dus dat *tydsuitdrukking* 'n werkwoordelike kategorie is en dat leerlinge die basiese *forme* van die werkwoord vir die ses vernaamste *tye* moet ken. Min aandag word aan ander wyses van tydsuitdrukking gegee, nieteenstaande die vordering wat op die gebied van die beskrywende taalkunde gemaak is. Hierdie soort benadering moet noodwendig 'n impak hê op die wyse waarop Afrikaans deur die algemene taalgebruiker geskryf word.

2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die historisisme wat vereis dat tydsuitdrukking noodwendig 'n kategorie van die werkwoord moet wees, afgewys. Daar is aangetoon dat die Afrikaanse werkwoordpatrone tydsvry is hoewel hulle dikwels met 'n spesifieke tyd geassosieer word. Tyd moet gesien word as 'n deiktiese kategorie: by die teenwoordige tyd is 'n eksplisiete tydsoriëntering nie noodsaaklik nie aangesien die deiktiese sentrum as oriëntering hiervoor gebruik word; by die uitdrukking van verlede en toekoms word daar gebruik gemaak van verwysde tydsoriënteringspunte.

Aspek en aksionsart is twee duidelike onderskeibare taalkategorieë wat nie met mekaar verwar kan word sonder om taalbeskrywing onnodig kompleks te maak nie.

Nieteenstaande die talle verhandelings en verwysings na tydsuitdrukking wat in Afrikaans bestaan, is daar tot dusver nog geen sistematiese weergawe van grammatiese tydsvergestalting in Afrikaans gegee nie. Hierdie feit vind ook sy neerslag in grammatikas en spraakkunste vir kinders en volwassenes, waar daar dikwels selfs nie eens van die bestaande taalkundige insigte oor tydsuitdrukking kennis geneem word nie.

In die ondersoek tot dusver het dit duidelik geword dat Afrikaanse tydsuitdrukking in die diskoers eerder as in die morfologie of sintaksis gesoek moet word. Oor die diskoers en verwante sake word daar in die volgende hoofstuk (hoofstuk drie) na klaarheid gesoek.

H O O F S T U K 3

TYDSUITDRUKKING EN DIE EPIESE DISKOERS

As I am telling this story in retrospect, I cannot tell it as it really happened. Take that arrow, for instance. That evening it was no more important than Leo's game of chess, the newspaper or my cup of tea; everything happened at the same level, combined into a kind of concert, like the buzzing of a swarm of bees. But now I know in retrospect that the most important thing that evening was the arrow, so I am giving it a prominent place in the story, shaping the future out of a mass of undifferentiated facts.

But how can one avoid telling a story ex post facto? Can nothing ever be described as it really was, reconstituted in its anonymous actuality? Will no one ever be able to reproduce the incoherence of the living moment at its moment of birth? Born as we are out of chaos, why can we never establish contact with it? No sooner do we look at it than order, pattern, shape is born under our eyes. Cosmos (Witold Combrowics.)

Die Taalkundige se bestudering van die literêre teks is 'n riskante onderneming: aan die een kant is sy kollegas wat kan vra: is hy dalk besig om ons te verlaat? Aan die ander kant het hy met die literariese bul te doen. Laasgenoemde sal geen ongemagtigde skending van sy territorium ongestraf laat nie. Vergelyk in hierdie verband die hewige pennetwis tussen Fowler en Bateson (Fowler, 1971:43-79).

Van die kant van die taalkundiges is die toetreding van literatoure tot gebiede wat die linguistiek vir homself opgeëis het, eweneens nie altyd gul ontvang nie (Powel, 1973:7).

Hierdie ongelukkige toestand, wat kruisbestuiwing (moontlik Kakamasperskes ook?) verhoed, het ook nie altyd geheers nie. Dit is 'n vinding van die twintigste eeu en die laat negentiende eeuse positiwisme (Spencer, 1964, VII; Todorov, 1967:91, e.v.; Fowler, 1971:1; Hendricks, 1974:661; Fowler, 1979:532). Die belangstelling van die retoriekers en filoloë van die verlede was immers nie beperk tot afgebakende taal- of letterkundige gebiede nie.

Hoewel lippe diens gedoen word aan die idee dat taalkundiges en letterkundiges mekaar nodig het, is dit tog waar dat *beneath this appearance of politeness and material esteem, discord and tension manifest themselves between what have become distinct disciplines* (Spencer, 1964:VII). Dit was in 1964 waar in Europa en dit is 1983 waar in Suid-Afrika. Om hierdie stelling verder uit te brei, is onnodig: dit is immers 'n weergawe van die emosionele toestand wat onder die kollegas van taaldepartemente aan Suid-Afrikaanse universiteite heers, hoewel dit lyk asof daar in die jongste tyd 'n kentering hierin gekom het.

Om albei partye tevrede te stel by 'n ondersoek soos die onderhawige is dit nodig om, al is dit bloot kunsmatig, tuislande af te baken.

Om hierdie rede en ook ter wille van 'n diepgaande ondersoek van die tydsvergestalting in Afrikaanse vertellings, is dit nodig om oorsigtelik kennis te neem van die werk wat letterkundiges oor tyd as epiese kategorie gedoen het. Om dieselfde rede is dit ook noodsaaklik om vas te stel of daar 'n verskil is tussen literêre taal en *gewone* taal.

Aangesien vertellings h tekstuele eenheid vorm, moet taal soos dit in die teks manifesteer, ondersoek word. Omdat taal altyd situasioneel moet wees, om kommunikatief te kan wees, moet die diskoers as uitgangspunt by die taalkundige studie van literêre tekste in die brandpunt staan: *In jeder Kommunikation gehören ein Code, ein Sprecher, ein Hörer und eine information* sê Weinrich (1978:188) tereg. Dit is immers h diskoers.

Uiteindelik moet die inligting wat in hierdie hoofstuk versamel en verwerk word, as instrument kan dien tot die bereiking van die doelwit soos dit in hoofstuk een (1.8) gestel is.

Die onderwerpe waarna daar in hierdie hoofstuk gekyk word, is die volgende:

- (a) die diskoers oor die algemeen (3.1);
- (b) die teks en die konteks (3.2-3.3);
- (c) diskoersgenres (3.4);
- (d) die taak van die taalkundige en die taak van die letterkundige (3.5);
- (e) die literêre teks as h diskoers (3.6-3.7) en
- (f) tyd as epiese kategorie van die literêre teks (3.8).

3.1 DISKOERS

In hierdie gedeelte word gegewens oor die diskoers uit wyduiteenlopende bronne en van uiteenlopende standpunte verwerk. Die term diskoers word afgebaken, aangesien dit soms as die teks, en soms as h gedeelte van die teks en soms as h gespreksituasie beskryf word.

Die rede waarom van die diskoers as ondersoekkeenheid uitgegaan word en nie van die sin nie, word ook belig.

3.1.1 Sinsontleding of kontekstuele teksontleding?

Onder konteks word soms die ruimtelike situasie, soms die historiese situasie en soms die tekstuele raamwerk van 'n enkele sin of woord verstaan. Uitlatings soos:

3.1(a) *In hierdie konteks beteken seker miskien - in 'n sin soos*

3.1(b) Piet kom darem seker werk toe
kan op verskillende maniere vertolk word:

- (i) *dit kan beteken dat seker in samehang met die woord darem miskien veronderstel;*
- (ii) *dit kan beteken dat die ruimtelike en tydskonteks van die gesprek die moontlikheid van Piet se koms onseker maak;*
- (iii) *dit kan beteken dat die spreker sy koms as onwaarskynlik beskou;*
- (iv) *dit kan beteken dat seker in 'n spesifieke milieu sy betekenis van sekerheid verloor het;*
- (v) *dit kan beteken dat die vertolker die moontlikheid van Piet se koms as onseker beskou, ensovoorts.*

Slegs in die steriele atmosfeer van 'n taalondersoeker se studeerkamer (wat ook uiteindelik 'n konteks is) word 'n sin of woord soos byvoorbeeld *seker* los gemaak van die konteks, die samehang waarin dit gebruik word: *Language events do not take place in isolation from other events; rather they operate within a wide framework of human activity. Any piece of language is therefore part of a situation and so has a context, a relationship*

with that situation. (Spencer en Gregory, 1964:68)
 Dieselfde getuigenis vind 'n mens by Bolinger (1973:636);
 Appel, e.a. (1977:79); Halliday (1976:1); Halliday (1978:
 109) en De Beaugrande (1980:11).

Teoretiese dubbelsinnighede soos die holruggeryde
 Chomskyaanse

3.1(c) *flying planes can be dangerous*

is slegs dit: teoretiese dubbelsinnighede. Dit kom selde
 in die praktyk voor, juis omdat kontekslose uitings nie voorkom
 nie.

Die sin moet (net soos die woord, die morfeem of taalklank)
 as 'n grammatiese eenheid gesien word wat met die kommunikatiewe
 funksie van taal slegs 'n sistemiese verband het. (Vergelyk De
 Beaugrande, 10-16 en Mathesius, 1975b:467.)

Grammatikaal kan taal wel gesien word as woorde of leksikon=
 items wat op grond van 'n sisteem van reëls in 'n oneindige aantal
 sinne gebruik kan word. Uit 'n kommunikatiewe oogpunt loop so 'n
 beskouing hom telkens vas in teenstrydighede wat met behulp van
 allerlei tegnieke (foefies?) soos dieperwordende dieptestrukture
 opgelos moet word. (Vergelyk Weideman, 1981:23, e.v.) Met
 hierdie stelling wil ek geensins beweer dat sodanige grammatikale
 ondersoek niks tot ons kennis kan bydra nie, maar eerder dat
 dit nie tot 'n oplossing van die probleem van hoe 'n boodskap twee=
 ledig (dit wil sê in 'n spreker/hoorderkonteks) vertolk word, kan
 lei nie. Dit bied dus geen of weinig insig in die taal as
 kommunikasiemedium.

Aangesien elke sin in 'n situasie ingebed is, moet die taal=
kundige van hierdie situasie kennis neem. Dit is immers
binne 'n situasie waar spreker en hoorder tot onderlinge begrip
of wanbegrip kom. Die teks wat hieronder (3.1(d) en (e))
weergegee word, vorm deel van 'n veel uitgebreider teks. Die
eerste woorde was net plek-plek hoorbaar omdat 'n mikrofoon
nie gewerk het nie. Hierdie teks illustreer in 'n mate die
voorgaande stellings.

3.1(d) ... negentien ...

*Ons ons gordels stywer trek. Daar is 'n ontsettende
droogte. Werkloosheid neem toe. Die internasionale
ekonomie is in 'n resessiefase. Waar ons in die
verlede baie meer voedsel uitgevoer as ingevoer het,
is ons verplig om op groot skaal graan- en ander
voedselprodukte in te voer.*

Die spreker is 'n bekende ingenieur en bedryfsleier. Die
lesing is in Februarie 1983 aangebied; 'n tyd van droogte en
resessie. Lede van die gehoor kan hulle in elke woord wat hy
sê, inlewe. Hulle kan dit boonop op hulle onmiddellike situasie
toepas. Dit waaroor hy praat is bekend. Hulle aanvaar dit as
teenwoordig en aktueel. Die ongehoorde gedeelte kan dus aangevul
word. Die volgende gedeelte van die teks plaas wat hy sê egter
in 'n totaal ander perspektief.

3.1(e) *Vandag staan ons weer voor 'n soortgelyke toestand as
hierdie een. Anders as in 1933 is die feit dat
ons oor meer geskoolde mannekrag beskik.*

Die totale begrip en verwagtingshorison van die gehoor het
eensklaps verander. Dit wat gesê is, is as verlede en nie
hede nie, bedoel. Die konteks het egter die eerste interpretasie

moontlik gemaak. Elke lid van die gehoor het sy parallelle teks gebou, en toe hierdie teks nie meer met dié van die spreker ooreenstem nie, was h nuwe teks noodsaaklik.

Dwarsdeur die gesprek is die hoorder(s) besig om parallelle tekste van dit wat die spreker sê te bou (Nida, 1981:9). Op grond hiervan moet ons die verwarring wat by die gehoor bestaan het, al was dit net vir h oomblik, gaan soek. Indien die hoorder elke sin wat hy waarneem, afsonderlik sou ontleed, dan sou die hoorder woord met woord en sinstuk met sinstuk en sin met sin geskakel het en die interpretasie daarvan moes uitstel totdat hy die hele sin, die makrosin, waaruit die teks bestaan, paraat gehad het.

Olson, e.a. (1981:283, e.v.) het h ondersoek gedoen om aan te toon dat elke genre h besondere onderliggende struktuur het wat aan die deelnemers bekend is. Hulle gevolgtrekking kan ewe goed op Nida se parallelle teksbegrip van toepassing gemaak word: *The reader expects all of the elements of the story to fit into a coherent general framework, each element having its place in an overall plan and the entire plan in clear resolution.* (Olson, e.a., a.w.: 293) In hulle proefneming het Olson-hulle sekere voorspellings oor gelese tekste van proefpersone verlang. Die voorspellings van die proefpersone was in h hoë mate dieselfde, selfs die voorspellings in verband met onlogiese elemente in die teks. Hieruit kan eweneens afgelei word dat hoorders h parallelle teks op grond van die teks en konteks vir hulleself konstrueer. So h konstruksie sou nie op die basis van

- (a) die interpretasie van h geïsoleerde sin of
- (b) die interpretasie van h aantal kontekslose sinne moontlik gewees het nie.

Die diskoers (teks en konteks) is dus noodsaaklik vir 'n kommunikatiewe ondersoek van taaluitings en nie die sin as strukturele gegewe nie. (Vergelyk ook 3.3.) Dit is nou noodsaaklik om diskoers, teks en konteks van nader te beskou.

3.1.2 Teks en konteks

Die skematiese voorstelling van diskoers (figuur 3.1) berus op 'n sintese van die werk van Ervin-Tripp (1973:240, e.v.); Hymes (1974:52, e.v.); Mathesius (1975:14, e.v.); Fowler (1977); Lyons (1977:470, e.v.); Halliday (1978:128, e.v.); Gregory en Carrol (1979), wie se werk grootliks ooreenstem met dié van Halliday (1978); De Beaugrande (1980:177); Nida (1981); Olson (1981) en Louw (1982). Die sintese moet nie as verteenwoordigend van 'n enkele van hierdie skrywers gesien word nie maar eerder as 'n benadering wat die geskikste is vir die doelwit van die onderhawige studie.


'n Diskoers bestaan uit 'n teks en 'n konteks waarbinne die teks tot stand kom.

3.1.3 Die teks

Sonder die konteks kan die teks nie bestaan nie: dit (die teks) word binne 'n konteks verwesenlik, in stand gehou, gerekonstrueer en vertolk: *Die Sprechsituation ist die Schnittfläche unserer Ordnungen. In ihr begegnen Sprache und Welt im fundamentalsten Sinne.* (Weinrich, 1978:188) Geskrewe tekste of tekste op band of plaat bestaan wel, nie as tekste nie, maar as artefakte. Dit vereis 'n gemeenskap of ten minste 'n lid van 'n gemeenskap om hierdie onveranderlike artefak met sy potensialiteite in 'n kunswerk of, lesing en betekenis om te skep (vergeelyk Mukařovský, 1970:90). Hierdie kontekslose tekste moet dus van 'n konteks voorsien word om teks te kan word. Daar is potensialiteite daarin

FIGUUR 3.1

DIE DISKOERS : TEKS EN KONTEKS



In hierdie voorstelling van 'n diskoers is alles behalwe die teks en die parallelle teks en die vertolkte teks kontekstuele elemente. Die literêre diskoers verskil in enkele opsigte van hierdie voorstelling (vergelyk 3.7).

vervat maar dit word binne h konteks verwerklik en vertolk. So h verwerklkte teks is dan ook nie meer h onafhanklike saak nie maar h essensiële element van die diskoers.

Binne die teks is daar ook talle elemente wat essensieel vir die eenheid en vertolkbaarheid daarvan is en hierop word in 3.3 ingegaan.

3.2 DIE KONTEKSELEMENTE

Die konteks is die tweede element van die diskoers, waar die teks in Weinrich se woorde (3.1.3, hierbo) *Sprache* is, is die konteks in sy woorde *Welt*. Konteks word as sambreelterm gebruik, vir in sekere opsigte totaal disparate sake, net een band bind hulle almal en dit is hulle anderse aard as die teks as deel van die diskoers. In (3.7) word spesifiek aandag gegee aan die konteks van h literêre diskoers. In hierdie afdeling (3.2) word konteks in die algemeen ondersoek.

Die konteks word deur Van Dijk (1971:127) *gedefinieerd door alle relaties tussen de tekst en de met de teks verbonden eenheden (personen, maatschappij etc.)* Hierdie woorde word geëgo deur Gregory en Carrol (1979:4): *situation can be thought of as the relevant extra-textual circumstances, linguistic and non-linguistic, of the language event/text in question.*

Soos reeds gestel, kan h teks as element van die diskoers nie sonder h konteks bestaan nie, eweneens bestaan die konteks as element van die diskoers nie sonder h teks nie: waarvoor sou dit as konteks dien? Vervolgens word die vernaamste kontekselemente oorsigtelik behandel. Hierdie uiteensetting berus, soos in 3.1.2 genoem, op die werk van verskeie persone, maar die terme wat gebruik word, is veral die van Hymes (1974:52, e.v.).

3.2.1 Die deiktiese sentrum

Die deiktiese sentrum en sy rol as tydsoriënteringspunt is reeds in 2.2.1 onder die loep geneem. Daar is in die genoemde afdeling vasgestel dat die deiktiese sentrum 'n vierledige eenheid is. Hierdie vier elemente is tyd, ruimte, spreker en hoorder. Die spreker is die fokuspunt vir hierdie elemente wat mekaar in hom ontmoet. Indien een van hierdie elemente ontbreek, het ons nie met die deiktiese sentrum te doen nie. Die deiktiese sentrum moet uit hoofde van wat in 2.2.1 vasgestel is, gedefinieer word as daardie punt waarop en waartydens die spreker hom bevind by die maak van 'n uiting teenoor 'n hoorder. Soos in 2.2.1 gesê, kan daar nie na hierdie punt verwys word sonder dat die deiktiese sentrum verskuif het nie. Indien daar wel na hierdie sentrum verwys word, is dit nie meer die sentrum nie maar 'n oriënteringspunt wat nie meer die deiktiese sentrum van die diskoers, waarin die verwysing gemaak word, kan wees nie.

Rondom hierdie deiktiese sentrum, met die spreker as absolute fokuspunt, is al die elemente van die konteks gerangskik. Dit is wel waar dat sekere soorte diskoerse verskillende sprekers het en dat die teks uit die bydraes van al hierdie sprekers gebou word. Hierdie feit doen egter niks aan die voorgaande stelling af nie. Die fokuspunt van die konteks verskuif in sulke gevalle van die een spreker na die ander en dit bly dieselfde diskoers. 'n Voorbeeld van so 'n diskoers word in 3.3.1 gegee. Watter meganismes in sodanige diskoerse in werking is, is nie die onderwerp van hierdie ondersoek nie en hierop word dus nie verder uitgebrei nie. Ek wil volstaan met een opmerking: aangesien die spreker in spreker/hoorderdiskoerse, in teenstelling met skrywer/leserdiskoerse (kyk 2.4 en 3.7.1.1) die dominante rol vertolk, is daar allerlei diskoerspolitiese strategieë wat deur

die deelnemers aan 'n diskoers aangewend word om die sprekersrol te vertolk (Van Rensburg, 1982:XXI).

3.2.2 Tyd- en ruimtelike oriëntering

Die oomblik van spreke is een van die elemente van die deiktiese sentrum. Alles wat voor hierdie punt gebeur het, behoort tot die verlede en alles wat na hierdie punt kom, tot die toekoms. (Vergelyk 2.2.1.)

Hoe nader die gebeure of toestand waaroor die spreker praat aan hierdie punt lê, hoe nader sal die tydafstand wat in die teks uitgedruk word wees. Dit bring mee dat sekere sake as behorende tot die oriëntering van die deiktiese sentrum gesien word, selfs al is dit nie presies dieselfde tydspunt as die moment van spreke nie:

3.2(a) *Hy hardloop vinnig, nê?*

kan 'n spreker van 'n persoon sê wat pas klaar gehardloop het, met die veronderstelling dat die ander deelnemers sal beseft dat hy van 'n gebeure praat wat, hoewel dit op die punt van uiting reeds plaasgevind het, as tot daardie punt behoort. Dit sal dan nie 'n stelling oor die persoon se algemene vermoë om vinnig te hardloop of 'n tydlose stelling (vergeelyk 5.2) wees nie.

3.2(b) *Vandag sal jy 'n ding sien*

kan beteken dat die gebeure waaroor gepraat word, besig is om plaas te vind en nie in die toekoms lê nie. *Vandag* is in dié geval die oomblik van spreke, terwyl *sal* dan bloot op die instelling van die spreker dui.


Die oomblik van spreke moet dus nie as 'n eendimensionele snit op die tydsas gesien word nie, maar wel een wat so groot is as wat die spreker dit, met inagneming van die res van die konteks en daarmee saam die vooronderstellings van die deelnemers wil maak (Figuur 3.2). Vergelyk verder

3.2(c) *Dit reën nou baie.*

Nou is nie noodwendig die oomblik van uiting nie. Dit hoef byvoorbeeld nie eers op die oomblik van uiting te reën nie. Die spreker kan met inagneming van die konteks wat die heersende weerstoestand insluit, bedoel dat dit gedurende die afgelope tyd en in die voorsienbare toekoms, wat selfs weke na weerskante van die punt van uiting kan wees, baie reën. Dit veronderstel dan dat daar 'n ander tydperk moes wees waarin dit nie soveel gereën het nie.

FIGUUR 3.2

SNIT OP DIE TYDSAS WAT AS DEEL VAN DIE UITINGSPUNT GESIEN KAN WORD



Teenwoordige tyd is dus nie gelyk aan die uitingstyd nie maar eerder die tyd wat deur die deiktiese sentrum sonder ander tydsverwysingspunte georiënteer word. Vanuit die deiktiese sentrum word daar na ander tydsoriënteringspunte verwys. Gebeure en toestande wat aan sodanige punte gekoppel word, word nie direk deur die deiktiese sentrum georiënteer nie maar via die verwysde tydsoriënterings aan die deiktiese sentrum (vergelyk ook 5.6.1).


Dat die mens primêr ruimtelik dink, ook met betrekking tot tyd is reeds in hoofstuk twee (2.2.1) verduidelik. Die ruimtelike oriëntasie van die spreker tydens uitings is dus van kardinale belang by die ontleding van 'n diskoers. Indien die spreker sou lê, mag 'n uiting soos

3.2(d) *agter my*

iets geheel anders veronderstel as wanneer hy sou sit.

Met die spreker se plek in die ruimtelike plasing as fokus=element van die deiktiese sentrum (vergelyk 2.2.1), is al die ander sake in die ruimte rondom hom gerangskik.

FIGUUR 3.3



Spreker (a) (Figuur 3.3) sal die stoel as *voor* die boom beskryf, terwyl spreker (b) dit as *agter* die boom sal beskryf. Nie een van die twee sal die ander een se beskrywing bevraagteken indien hulle aan dieselfde gesprek deelneem nie.

'n Tweede saak wat met die ruimtelike oriëntering van die konteks in verband staan, is die sosiokulturele funksie van die plek waar die diskoers plaasvind. Waar die eerste kwessie, hierbo, slegs oor die ruimtelike oriëntering handel, gaan dit in die tweede instansie oor die funksie van die plasing in die breë sosiokulturele opset waarbinne 'n uiting gemaak word. 'n Gebou is nie maar bloot 'n gebou nie: dit kan 'n klaskamer, kerk, winkel ensovoorts wees. So is ook 'n plasing in die buitelug nie ontgaan

van die kultuur en maatskappy waar so 'n plasing is nie: dit kan 'n hoofweg, hoek van 'n straat, by 'n poskantoor, 'n geploegde land, 'n onbewerkte deel van 'n plaas, 'n sportveld ensovoorts wees. Hierdie plasing (*setting*) het 'n invloed op die vermoë van die spreker om sy eie kode te monitor, ten opsigte van byvoorbeeld *fouls*. Die sosiokulturele oriëntering van die ruimte sal net soos die ruimtelike plasing van die spreker deur die deelnemers aan die diskoers as voorveronderstelling aanvaar word.

'n Uiting soos

3.2(e) *Hier moet julle eerbiedig wees*

het gans anderse implikasies as die *hier* op 'n skoolsaal dui, as wanneer dit byvoorbeeld bedoel word vir dieselfde saal wat vir 'n erediens gebruik word. Die feit dat dit 'n saal en dus 'n gebou is, is die suiwer ruimtelike plasing terwyl die funksie daarvan, hoewel dit daarmee in verband staan, die sosiokulturele oriëntering genoem kan word.

Elke uiting word verder binne 'n kultuurhistoriese opset, wat as *a priori*-gegewe vir die uiting aanvaar word, gemaak. Dit is eweneens deel van die tyd- en ruimtelike oriëntering van die diskoers. Terwyl die sosiokulturele oriëntering direk verbonde is aan die ruimtelike oriëntering, is die kultuurhistoriese oriëntering verbonde aan die tydsoriëntering van die deelnemers. Onder kultuurhistoriese oriëntering moet die historiese aspekte van 'n spesifieke tyd- en ruimtelike plasing van die diskoers begryp word, met ander woorde dit wat die deelnemers reeds van die betrokke plasing weet. Die skoolsaal waarvan hierbo gepraat is en wat tydens die uiting as kerksaal dien, kon byvoorbeeld in die verlede gebruik gewees het vir die aanbidding van 'n gewaagde toneelstuk. In so 'n geval sal die uiting 3.2(e) moontlik komiese konnotasies verkry.

Nog 'n aspek van die tyd- en ruimtelike plasing is toneel. Hymes (1974:55) noem dit *scene*. Onder hierdie saak moet die samespel van die sosiokulturele en kultuurhistoriese elemente verstaan word. 'n Beter term vir *toneel* sou miskien *atmosfeer* kon wees. Die atmosfeer tydens die uiting word ook deur die deelnemers as 'n gegewe van die diskoers aanvaar. Ter illustrasie: die spreker maak uiting 3.2(e) op dieselfde plek as hierbo, maar tydens die begrafnisdiens van 'n bekende. Dit het nou 'n gans ander waarde as wat dit sou hê tydens die opvoering van 'n toneelstuk, selfs al is die besondere toneelstuk die vorige aand daar opgevoer. Omdat die atmosfeer stemmigheid vereis, moet hierdie uiting nou ook as ernstig vertolk word.

Die tyd- en ruimtelike oriëntering van hierdie gesprek is dus nou soos volg:

plek - saal;
 tyd - oggend;
 sosiokulturele oriëntering : kerksaal;
 kultuurhistoriese oriëntering : skoolsaal, teater, kerksaal;
kerksaal word egter aanvaar as gevolg van die
 toneel - stemmig, en die
 geleentheid - 'n begrafnisdiens.

Uit die voorgaande opsomming van die plasing blyk dit dat nie een aspek skeikbaar is van die ander nie, hulle vorm saam die tyd- en ruimtelike oriëntering van die diskoers. Net soos wat die suiwer tyd- en ruimtelike oriëntering van die spreker deikties deur hom weergegee word in sy uitings, word elkeen van hierdie sake in sy deiktiese verwysings geïmpliseer. Al hierdie sake is dus ook, hoewel soms op afgeleide basis deel van die deiktiese sentrum van die diskoers. Enige absolute skeiding tussen hierdie samestellende komponente van tyd- en ruimtelike oriëntering sal kunsmatig wees: sake word immers nie as òf ruimtelik òf chronomaties.

òf kultuurhistories, òf sosiokultureel beleef nie, maar gelyktydig as 'n ondeelbare geheelgewe. Om hierdie rede moet al hierdie gegewens as deel van die deiktiese sentrum van die diskoers gesien word.

3.2.3 Deelnemers

Elke diskoers moet minstens twee deelnemers hê, 'n spreker en 'n hoorder. Spreker en hoorder kan byvoorbeeld in dramatiese monoloë saamval. Sprekergerigte uitings word nie in hierdie ondersoek as 'n diskoerstipe gesien nie. (Onder sprekergerigte uitings word daardie verstaan wat Mathesius (1975:13) *ekspressiewe uitings* noem. Dit is bloot emotiewe uitings wat nie op 'n hoorder gerig is nie.) Hymes (1972:56, e.v.) onderskei ook nog in sommige kontekste 'n toehoorder en toespreker. Toehoorders is 'n persoon of persone wat bloot toevallig by die diskoers aanwesig is. Die spreker rig nie sy woorde in die eerste plek tot hierdie persone nie, maar kan nie anders as om by die keuse van sy uiting ook hierdie persone in ag te neem nie. 'n Onderwyser praat byvoorbeeld met sy leerlinge maar is daarvan bewus dat die hoof van die skool sy gesprek waarneem. Sy keuse van woorde en ander elemente in die teks is nou ook gerig op die hoof.

'n Toespreker vind 'n mens byvoorbeeld waar 'n tolk as tussen-ganger moet optree. Hy is die spreker terwyl die persoon wie se woorde hy moet vertolk die toespreker is. Hierdie laaste onderskeiding van Hymes is veral relevant vir literêre diskoerse (kyk 3.7.1.1).

Ten opsigte van die deelnemers aan 'n diskoers is hulle status van deurslaggewende belang by die analise van die betekenis van 'n teks. Lyons (1977:641) wys byvoorbeeld daarop dat die status van deelnemers in tale soos Japannees en Koreaans ook in tweedepersoonvoornaamwoorde gestruktureer word. Indien 'n persoon van twintig 'n ander as *oom* aanspreek en hierdie *oom* in die sin geïntegreer word (Ponelis, 1979:39), kan die afleiding gemaak word

dat die aangesprokene ouer as die spreker is. Indien dit nie die geval is nie, kan 'n andersoortige status hiermee te kenne gegee word: die aangesprokene mag miskien gesien word as iemand wat oud voordoen. Dit kan natuurlik ook sy biologiese oom wees, al is hy jonger!

Met status word allerlei aspekte bedoel, byvoorbeeld geslag, ouderdom, huwelikstaat, gesondheid, gesag, kwalifikasie, ensovoorts (Wybenga, 1981:47, e.v.).

Die status van die deelnemers vorm net soos tyd- en ruimtelike plasing 'n integrerende deel van die konteks en moet ook as 'n onskeibare geheelgegewe gesien word. Dat 'n aanspreekvorm soos *ji* 'n deiktiese vorm is, verduidelik Lyons (1977:638) breedvoerig. Die persoon wat aangespreek word, kan net so min as die spreker losgemaak word van sy status en dus word ook hierdie geewe deel van die diskoers. Die deelnemers aan 'n gesprek en hulle status is dus net soos die tyd- en ruimtelike plasing, deiktiese elemente wat vanuit die spreker se plasing as fokuspunt in die diskoers besien word.

3.2.4 Onderwerp

Die onderwerp of tema waaroor dit in 'n diskoers gaan, kan ook deel van die konteks vorm. In der waarheid word die onderwerp vanuit die konteks in die teks ingevoer. Dit is 'n aanvegbare stelling, maar die waarheid daarvan blyk gou as daar in gedagte gehou word dat die spreker nie oor 'n onderwerp kan praat wat nie tyd en ruimtelik aanwesig is by die situasie van die gesprek wat alle voorveronderstellings van die gesprek insluit nie. Dit is dus of 'n afgeleide deiktiese kategorie of konkreet deikties as daar fisies na die onderwerp gewys kan word.

Die elemente van die konteks wat tot dusver behandel is, kan dus direk of indirek as deiktiese kategorieë getipeer word. Hulle vorm dus die deiktiese komponent van die konteks.

3.2.5 Diskoerskenmerke

Onder hierdie term word daardie aspekte van die konteks wat die aard en vorm van die diskoers bepaal, saamgevat. Dit is nie primêre elemente soos die vorige drie nie, maar elemente wat deur die vorige drie bepaal word en dus daaruit voortvloei.

3.2.5.1 Kanaal

Oppervlakkig beskou is daar net twee soorte kanale naamlik òf 'n fonologiese òf 'n skriftelike. Aangesien die skrif ook op die fonologiese gebaseer is, kan 'n mens redeneer dat laasgenoemde die enigste kanaal is. Dit is egter 'n oorvereenvoudiging, die kanaal word deur die tyd- en ruimtelike verwydering van spreker en hoorder bepaal. Op grond hiervan kan verskillende soorte kanale byvoorbeeld skriftelike, nabye, telefoniese, klankopname-, radio-, televisie- en ander kanale voorgestel word. Die kanaal is van deurslaggewende belang vir die keuse van die dialek waaronder alle diatipes van taalgebruik soos geolek, sosiolek, chronolek, dialek, stylregister, ensovoorts (vergelyk Gregory en Carrol, 1978:7, e.v.) verstaan moet word. (Oor die verskille tussen mondelinge en geskrewe tekste vergelyk 3.4.)

'n Telefoongesprek, byvoorbeeld, plaas sekere beperkings op die keuses wat die spreker kan maak, net soos wat 'n skriftelike kanaal beperkings op die keuses van die *spreker* maak. Die aard van die diskoers word in 'n hoër mate bepaal deur die kanaal wat die spreker in 'n besondere konteks moet gebruik. Die kanaal is ook in baie opsigte deurslaggewend vir die kode wat gebruik sal word.

3.2.5.2 Toonaard

h Tweede diskoerskenmerk is die toonaard waarin die diskoers plaasvind. Hieronder word die graad van erns en formaliteit van die diskoers verstaan. Enkele voorbeelde kan genoem word: is dit h formeel en emosionele gesprek, formeel en komies, informeel en speels, informeel en ernstig, ensovoorts? Waar die kanaal grootliks deur die tyd- en ruimtelike oriëntering van die deelnemers bepaal word, word die toonaard grootliks deur die onderwerp van die diskoers bepaal, terwyl die toneel, geleentheid, sosiokulturele oriëntering, deelnemerstatus en die kultuurhistoriese oriëntering ook bepalende faktore vir die toonaard van die gesprek is.

3.2.5.3 Genre

Die genre van h diskoers word medebepaal deur die toonaard en die kanaal daarvan. Die onderwerp en die ander konteks=elemente speel natuurlik ook h rol by die bepaling van die diskoersgenre, maar dit moet as h afgeleide rol gesien word: toonaard en kanaal vloei immers voort uit al die elemente wat onder die deiktiese komponent byeengebring is. Die genre is ook bepalend vir die kode wat gebruik sal word terwyl dit ook gedeeltelik sal bepaal watter stylvorme en keuses uit die bestaande paradigmas in h kode gedoen sal word. (Vergelyk byvoorbeeld Wolfson, 1978:215, e.v.)

3.2.6 Die konteks is deikties gefundeer

Aan die einde van hierdie bespreking van die konteks blyk een saak duidelik, naamlik dat alle elemente van die diskoerskonteks direk of indirek deur die deiktiese sentrum bepaal kan word. Hierdeur word die stelling van Lyons (1977:638) dat die taal=struktuur in h hoë mate uit aangesig-tot-aangesiginteraksie ontwikkel het, onderstreep. h Verabsoluttering van deiksis kan soos geen absolute beskouing van watter aard ook al slaag nie en

so 'n standpunt word ook nie in hierdie bespreking ondersteun nie, eerder was dit die bedoeling om die belang van deiksis in enige diskoers te beklemtoon.

3.3 TEKSTUUR

Uit die voorafgaande gedeeltes het dit geblyk dat 'n teks nie sonder 'n konteks kan bestaan nie, maar dat dit organies uit die konteks voortvloei. Die konteks mag dus nie in die bespreking van die teks uit die oog verloor word nie.

Die bindende faktor van 'n sin, woord of morfeem is die struktuur daarvan. Omdat 'n teks nie bloot 'n rangverskil òf 'n hoërvlak-taalver=skynsel as die grammatikale elemente daarvan, verteenwoordig nie èn omdat dit die èintlike vorm is waarin kommunikatiewe taalgebruik verwesenlik word, verkies Halliday (1976:2, e.v.) om liewers van tekstuur as teksstruktuur te praat: *It (die teks) draws this texture from the fact that it functions as a unity with respect to its environment.*

Dat die teks nie maar bloot 'n hoër-ordestruktuur as die sin is nie, blyk onder andere uit die feit dat 'n enkele woord soos *uitgang*, 'n uitroep *eina*, 'n sinstuk *net vir mans*, 'n versameling telwoorde soos op 'n termometer, 'n prentjie (vergelyk Coetzee, 1981:79), 'n sin, 'n stel boeke, 350 hoofstukke van 'n radiovervolgverhaal tekste kan wees. 'n Teks is dus uit strukturele oogpunt soms meer en soms minder as 'n sin. Dit is nie 'n hoërvlaktaalgebruik nie, dit is om kort te gaan 'n kommunikatiewe eenheid en nie 'n strukturele eenheid nie. Grammatikaal-strukturele wetmatighede is medebepalend vir die teks, nie alleenbe=palend nie. Dit is ook nie 'n voorwaarde vir die eenheid daarvan nie. Teenoor hierdie opvatting van Halliday (a.w.), is daar die beskouing van persone soos Van Dijk (1971 en 1980), asook Hendricks (1976) en Hurtig (1977), dat 'n teks uit 'n formalisties-strukturele hoek benader

behoort te word. Op hierdie verskilpunte word nie verder ingegaan nie behalwe om te sê dat hierdie teenstelling eerder in terminologiese as werklike verskille geleë is en dat dit gesoek moet word in die stryd tussen taalkundiges en letterkundiges maar veral by filosofiese strominge in die taal- en letterkunde.

In hierdie afdeling word na enkele tekselemente gekyk te wete grense, verband (kohesie of binding), samehang en elemente wat tot die samehang bydra. Vir hierdie gedeelte is veral gesteun op Halliday (1976), De Beaugrande (1980) en Nida (1975 en 1981).

3.3.1 Teksgrense

Die tekselement wat die moeilikste eksplisiet gemaak kan word, is die grens. Die grens van 'n teks hang grootliks van die aard van die teks af. Soms hang dit uitsluitlik van die konteks af en soms van die boodskap wat daarin vervat word. In 3.3(a) is 'n voorbeeld van 'n teks waarvan die konteks en spesifiek die kanaal, die grens daarvan bepaal.

3.3(a) Konteks:

Deelnemers

Kollegas met ongeveer dieselfde status, behalwe C wat 'n senior posisie beklee. Die sprekers word aangedui met letters.

Tyd- en ruimtelike oriëntering

11h00 in die môre tydens 'n teepouse in die teekamer van 'n werkplek. Spreker A staan by 'n teetafel waarop teegerei is. Sprekers B, C, D en die hoorders sit in 'n halfmaan om spreker A, met hulle gesigte na sy kant gedraai.

Onderwerp

Wisselend

Kanaal

Aangesig-tot-aangesig, mondeling

Toonaard

Informeel-luimig-emosioneel

Ander kontekselemente, byvoorbeeld spreekbeurt en handeling word in die teks aangedui.

Teks:

- A *Het iemand die koei gesteel?*
- B *Daar's hy dan voor jou.*
- A *Maar dis leeg (hou melkbeker onderstebo).*
- C *Nie net vandag nie.*
- A *Een van julle swip te veel melk en te min koffie.*
- D *Wag n bietjie (staan op en gaan uit).*
- A *Wat is sy storie?*
- B *Hy het vergeet om die brief aan die koffiemense te pos (n verwysing na die werk wat D doen).*
- A *Dit help my nie.*
- B *Die kafee is om die hoek.*
- C *Wel mense daar's werk (almal behalwe A verlaat die teekamer).*

Benewens die grense van die diskoers, illustreer hierdie teks die afhanklikheid van die konteks baie duidelik. Dit sou vir geen uitleg vatbaar gewees, indien die konteks weggelaat sou word nie.

Die grense van hierdie diskoers lê nie in die onderwerp of die boodskap nie: geen samehang behalwe die kontekstuele is

immers aan te toon nie. Die grense van hierdie diskoers lê in die kanaal daarvan opgesluit. Die teks het 'n duidelike aanvangspunt (uit die oogpunt van A), naamlik sy intrede in die teekamer. Dit het ook 'n duidelike afsluitpunt, naamlik die oomblik waarop die deelnemers minder as twee geword het.

Hierdie soort diskoers word deur Ervin-Tripp (1973:242, e.v.) as 'n *avoidance conversation* getipeer. Sy beskryf dit so: *Conversation is started only because the alternative activity is unpleasant or the sender is satiated; any hearer will do, and topics are highly variable. Water cooler conversations in an office, coffee breaks during study sessions, bus-stop discourse.*

Hoewel sy haar indeling van diskoers net tot die aanvangsmomente van diskoerse waaraan slegs twee persone deelneem, beperk, kan die verwantskap met hierdie tipering en die aangehaalde diskoers 3.3(a), duidelik gesien word: 'n stilte wat baie ongemaklik sou wees, word vermy; die sosiokulturele agtergrond vereis 'n gesprek; die onderwerp is nie omlyn nie en vervaag maklik.

Diskoerse wat aan hierdie een verwant is, is die spreekwoordelike telefoongesprekke van huisvrouens en tieners, praatjies oor die weer, kuiertjies oor die grensdraad, ensovoorts. By al hierdie diskoerse word die kanaal as't ware opgehef as gevolg van 'n dwingende element buite die teks en selfs buite die onmiddellike konteks. Die grense van hierdie soort diskoerse is die bereik van die kanaal. Die tema van hierdie soort diskoerse word ook nie hervat of deurgevoer nie. Sodra die kanaal afgesluit word, verdwyn die teks ook. Volgens Gregory en Carol (1979:89) is daar nie *unified whole* by hierdie tekste nie. Teks word deur hierdie twee skrywers op grond van die samehang darin bepaal.

Vervolgens bepaal ek my ook by tekste waarin daar 'n duidelike samehang is.

In, so ver ek kan vasstel, alle ander tekste word die grense deur die samehang (kyk 3.3.3) daarvan bepaal: 'n tema word ingelei en afgesluit (vergelyk Ponelis, 1979:312). Indien die kanaal afgesluit word, word die teks hervat sodra dit weer oop is. Hier moet die aandag net weer daarop gevestig word dat dit hier oor teksgrense en nie diskoersgrense nie, handel: die diskoersgrense is makliker bepaalbaar, iets moet die konteks wysig en die diskoers begin of is verby: die optel of neersit van 'n telefoon, die oop- of toemaak van 'n boek, die verdwyning of toetrede van 'n spreker of hoorder, ensovoorts kan almal as diskoersgrense dien.

'n Belangrike faktor by die bepaling van teksgrense is die genre van die teks: sekere tekste soos lesings, simposiums, geskrewe tekste en toesprake se grense word deur sosiaalgeïnstiteerde gebruik bepaal. Hulle genre is dus afhanklik van die kultuurhistoriese oriëntering van die konteks. Hierdie feit is nie 'n weerspreking van die stelling hierbo dat die boodskap en samehang die grense bepaal nie: een van die vereistes van sodanige genres is dat die boodskap binne die aanvaarde grense deurgevoer moet word.

3.3.2 Verband en band (cohesion)

Verband is 'n semantiese konsep: *It refers to relations of meaning that exist within the text, and define it as a text.* (Halliday, 1976:4) Hierdie verband kom volgens Halliday (t.a.p.) voor indien een element van 'n teks van 'n ander element vir die interpretasie daarvan afhanklik is. Halliday (t.a.p.) gebruik die volgende teks om die verband te illustreer:

3.3(b) *Time flies.*

You can't; they fly too quickly.

Die eerste sin kan 'n volledige teks wees maar vanweë die verwantskap wat met *they*, die herhaling van *fly* en die ellisiekonstruksie *you can't* geskep word, verkry die eerste sin 'n totaal ander interpretasie as die gewone spreekwoordelike.

Ellisie, herhaling en anaforiek (*they* in 3.3(b) is voorbeelde van wat Halliday (a.w.: 3) *ties* (bande) noem). Die verhouding wat deur bande geskep word, is die verband. Die drie soorte bande wat hierbo genoem is, is nie die enigste nie en daarom word daar vervolgens na al die bandsoorte wat deur Halliday onderskei word, gekyk.

3.3.2.1 Verwysing (a.w.: 37, e.v.)

Onder hierdie term word twee soorte verwysings verstaan, naamlik endoforiese en eksoforiese verwysing. Eksoforiese verwysing is verwysings na die konteks en hulle is gewoonlik van 'n deiktiese aard, byvoorbeeld *hierdie, daardie, ek, jy*, ensovoorts. Endoforiese verwysing is teksinterne verwysing en hulle is gewoonlik van anaforiese of kataforiese aard. Ponelis (1979:577) verkies om van anaforiek as die oorkoepelende term vir endoforiese verwysings te praat en onderskei dan tussen vooruitwerkende anaforiek (anafoor by Halliday) en terugwerkende anaforiek (katafoor by Halliday en ook Lyons, 1977:659).

3.3.2.2 Verwysing en ellisie (a.w.: 88, e.v.)

Halliday (a.w.: 88) omskryf hierdie terme soos volg: *substitution and ellipsis. These can be thought of in simple terms as processes within the text: substitution as the replacement of one item by another, and ellipsis as the omission of an item. Essentially the two are the same process; ellipsis can be interpreted as*

that form of substitution in which the item is replaced by nothing. Hierdie uiteensetting en sy verdere beskrywing daarvan vertoon 'n ooreenkoms met anafories en by Ponelis vind ons hierdie vorme logieserwys as aspekte van anafories, naamlik as tipe- (a.w.: 566) en nul-anafories (a.w.: 583). Nul-anafories moet tekenanafories (Ponelis, a.w.: 566) wees omdat dit noodwendig referensieel is.

3.3.2.3 Samevoeging (a.w.: 226, e.v.)

Samevoeging is 'n element wat veral met voegwoorde tot stand kom. Dit veronderstel dat een betekenis in 'n teks as't ware 'n ander voorveronderstel. Tipiese vorme wat gebruik word om hierdie verbande uit te druk, is voegwoorde en elemente wat oorsaaklikheid, gelyktydigheid, opeenvolging, toevoeging, teenstelling, verwantskappe en voorwaarde uitdruk, byvoorbeeld *omdat*, *as gevolg van*, *terwyl*, *sodra*, *nadat*, *met die doel om*, *indien*, ensovoorts. Adjunkte van allerlei aard word ook vir hierdie doel gebruik. In hierdie studie sal daar veral na vorme wat temporaliteit waaronder duur, frekwensie, tydstop ensovoorts uitdruk, gekyk word.

3.2.2.4 Herhaling

Hierdie saak word deur Halliday (a.w.: 274, e.v.) onder veral leksikale herhaling tuisgebring terwyl ander vorme van herhaling onder een van die hoofde hierbo (3.2.2.1-3.2.2.3) ingedeel word.

By Harris (1952) is hierdie saak van kardinale belang aangesien hy teks op strukturele gronde sonder betekenis of konteks wil ontleed: *the analysis of the occurrence of elements in the text is applied only in respect to that text alone - that is, in respect to the other elements in the same text, and not in respect to anything else in the language* (a.w.: 1). Om hierdie

rede stel hy veral belang in die herhaling van ekwivalente patrone wat hy *patterns of recurrence* (a.w.: 5) noem. Dit sluit sake soos die voorkoms van elemente in ekwivalente omgewings, ekwivalente klasse elemente en ekwivalente sinsorde in: *given a particular text we collect those linguistic elements (morphemes or sequences of morphemes) which have identical environments within a sentence, and we call these equivalent to each other* (Harris, 1952(b):474).

Onder herhaling word hier dus nie net leksikale herhaling verstaan nie maar ook struktuurherhaling. 'n Voorbeeld van die eenheidskeppende funksie van herhaling vind 'n mens in 'n ekstreme mate by gedigte. Vergelyk in hierdie verband Du Plessis (1981: 44, e.v.)

3.3.3 Samehang (*Coherence*)

De Beaugrande (1980:19) omskryf samehang soos volg: *COHERENCE subsumes the procedures whereby elements of KNOWLEDGE are activated such that their CONCEPTUAL CONNECTIVITY is maintained and made recoverable. The means of coherence include:*

- (1) *logical relations such as causability and class inclusion;*
- (2) *knowledge of how events, actions, objects and situations are organized; and*
- (3) *the striving for continuity in human experience. Coherence is upheld by continual interaction of TEXT-PRESENTED KNOWLEDGE with PRIOR KNOWLEDGE OF THE WORLD.*

Waar verband met oppervlakvorme (dit wil sê sinne, leksikale items ensovoorts en die herhaling daarvan) te doen het, is

samehang n suiwer semantiese saak, n saak oor die onderliggende ideewêreld en nie die oppervlakweergawe daarvan nie. Die siening van De Beaugrande oor samehang korreleer met, maar is nie identies nie aan Nida (1981:82, e.v.) se uiteensetting van wat hy *Internuclear Semantic Relations* noem, vergelyk:

A well-structured discourse or text normally employs a variety of internuclear semantic relations, but in such a way as to maximize both progression and coherence, that is to say, progression and cohesion as that which ties the whole together. (Nida, a.w.: 87)

Samehang moet gesien word as die resultaat van die eenheid= skeppende elemente en die semantiese elemente in n teks. Die samehang van die teks kan ontdek word deur die onderliggende totale verband wat in die teks tot stand kom. Om dit te bepaal is dit nodig om vas te stel wat die internukleêre semantiese verhoudings in die teks is. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur kernsinne van afsonderlike paragrawe uit te lig en met mekaar in verband te bring of te probeer bepaal wat die kern= boodskap van die teks is en die ander elemente met hierdie boodskap in verband te probeer bring. Slaag die leser/hoorder van n teks nie daarin om hierdie samehang te bepaal nie, is die teks vir hom duister en selfs chaoties: *but unless the relationships between the various parts (dit wil sê episodes, paragrawe, hoofstukke, perikope en ander teksgedeeltes) conform to the internuclear semantic relations, the hearer or reader is likely to be misled (Nida: a.w.: 88).*

Sonder die oppervlakvorme is geen samehang natuurlik moontlik nie maar die kern is dat oppervlakvorme in diens is van die kommunikatiewe en nie andersom nie (Louw, 1976:118). By

literêre tekste is daar ook ander faktore wat 'n rol speel in die samehang (vergelyk 3.6).

Nieteenstaande die feit dat struktuur waaronder ook komposisie die samehang moet uitdruk, is dit nie altyd ewe direk waarneembaar nie, daar moet altyd via die betekenis en die konteks na samehang gesoek word. Die uiting (3.3(c)) kan byvoorbeeld in 'n teks voorkom. Uit 'n strukturele oogpunt gesien, is daar geen onderlinge verband nie, maar sodra via die betekenis gewerk word, kan die strukturele verband ook uitgewys word. Betekenis word met ander woorde in die idee gekulmineer en die idee bepaal die struktuur waaronder ook die komposisie en ordening verstaan moet word.

3.3(c) *Die groot man en die verhoog ...
praat ...
Die reus op die berg bulder ...*

Louw (1976:123, e.v.) wys op die rol wat 'n paragraaf speel by die eksplisitering van die tema in geskrewe tekste. Elke paragraaf het 'n eie identiteit of kommata maar hulle word deur die kernboodskap onderling aan mekaar gebind.

Ook Van Dijk (1980:53, e.v.) wat nie vanuit 'n funksionele basis nie, maar 'n semanties-generatiewe raamwerk werk, onderskei verskillende samehangselemente, naamlik konjunksie, disjunksie, kontras, konsessie, voorwaarde, oorsaaklikheid, finaliteit en omstandigheid (te wete tyd, plek en wyse). Hoewel hierdie sake struktureel aantoonbaar is, is dit ook vir hom semantiese kategorieë.

Samevattend kan samehang met die volgende woorde getipeer word: dit is die besondere keuse van die spreker/hoorder uit *the range of semantic choices members of a culture have access to in their language* (Gregory en Carrol, 1979:87) om 'n besondere boodskap aan 'n leser/hoorder oor te dra.

In en deur die samehang daarvan bestaan die teks en is dit interpreteerbaar.

3.4 MONDELINGE EN GESKREWE TEKSTE; 'N FUNKSIONELE ONDSKEID TUSSEN LITERÊRE EN GEWONE DISKOERSE

Om 'n onderskeid tussen genres te tref, en veral met die oog op 'n onderskeid tussen literêre en gewone diskoerse, lê eintlik in die veld van die literatuurteorie en daarom word slegs enkele belangrike sake in hierdie gedeelte uitgelig.

3.4.1 Beginnels van klassifikasie

Een van die basiese metodes in die wetenskap is indeling waaronder werkwyses soos tipologisering, genealogisering, klassifisering en ordening verstaan word. Omdat daar in hierdie studie 'n ondersoek na literêre tekste en dan in die besonder van kortverhale gemaak word, is dit noodsaaklik om die ooreenkomste en verskille daarvan met ander diskoersgenres na te gaan. 'n Logiese, hoewel nie altyd ewe maklike wyse nie om sodanige ooreenkomste en verskille uit te wys, is om 'n indeling te maak van die tipes diskoers wat in die taal voorkom.

Enige klassifikasie berus op definisie: 'n definisie van 'n gegewe genre onderskei hom van ander genres terwyl 'n indeling weer op die ooreenkoms of raakvlakke van die besondere genre met ander wys. Stoker (1961:74, e.v.) en Botha (1978:83, e.v.) stel die volgende vereistes aan 'n wetenskaplike indeling:

- 3.4.1.1 Daar moet 'n basiese beginsel vir indeling gevind word. Hierdie beginsel is 'n bepaalde kenmerk wat eie aan 'n klas is en dit moet berus op 'n definisie van die klas om sodoende ander klasse uit te sluit, en lede van die betrokke klas in te sluit.
- 3.4.1.2 Die indelingsbeginsel mag nie van een indelingsvlak na die volgende verander nie, maar moet konstant bly.
- 3.4.1.3 Die rigting van die stappe van indeling moet van 'n wye basis (dit wil sê die algemene) na 'n enger (dit wil sê die besondere) werk.
- 3.4.1.4 Geen vlak mag uitgelaat word nie maar die indeling moet na die logiese volgende vlak beweeg.
- 3.4.1.5 Die indeling moet voldoen aan die doel wat die ondersoeker daarmee het. Geen indeling word immers gemaak ter wille van die indeling nie, maar eerder om daarmee iets aan te toon of toe te lig. Vergelyk ook 3.4.5 in hierdie verband.

3.4.2 Beginnels by die klassifisering van diskoersgenres

Genre-indelings in die letterkunde is 'n *a priori* vereiste by letterkundiges. Dit blyk byvoorbeeld uit die groot aantal studies wat uitsluitlik oor hierdie onderwerp handel (Hempfer, 1973:9, e.v.). Nieteenstaande hierdie feit, bekla Hempfer (a.w.: 15) die *desolate* *toestand der Gattungstheorie* wat veral op terminologiese gebied bestaan.

Die onderhawige studie is nie die plek om in volle besonderhede op al die beskouings en klassifiseringstelsels in die letterkunde in te gaan nie, maar ek wil die oorvloedige indelings wat in die letterkunde bestaan, kontrasteer met die feit dat daar in die taalkunde nog geen volledige indeling van diskoers gemaak is nie. Weliswaar vind 'n mens pogings in dié rigting (Hymes, 1970:110, e.v.; Ervin-Tripp, 1973:242, e.v.; Halliday, 1978:147; Nida, 1981:29, e.v.; De Beaugrande, 1980:195, e.v., ensovoorts), maar nie een hiervan vorder veel verder as 'n eerstevlak indeling van diskoers in geskrewe en gesproke vorms nie. Dis gewoonlik ook nie meer as 'n blote verdeling volgens die kanaal wat gebruik word nie. Ander, byvoorbeeld Nida (t.a.p.) en De Beaugrande (t.a.p.) gee bloot onderskeidende definisies van moontlike tekstipes.

Die beginsels van indeling verskil ook van ondersoeker tot ondersoeker:

Kanaal	(Appel, 1976:113)
Funksie	(De Beaugrande (t.a.p.))
Kontekstueel	(Halliday (t.a.p.))
Vorm	(Hymes, 1970:110).

Om 'n doeltreffende indeling van diskoerssoorte te maak, is dit soos in 3.4 hierbo geblyk het, nodig om

- (a) diskoers te definieer, en
- (b) te bepaal waarvoor die indeling gebruik moet word.

Die indeling wat vir my doel die beste is, is die onderskeidings wat Jakobson (1960) op funksionele grondslag tref. Hy gaan van die standpunt uit dat taal vyf verskillende funksies het. Hierdie funksies word vervolgens gelys.

3.4.2.1 Referensiële funksie

Waar die konteks waarbinne die teks gebruik word in die brandpunt gestel word, met ander woorde waar die taal gebruik word om na sake in die konteks te verwys, het taal 'n referensiële funksie.

3.4.2.2 Ekspressiewe funksie

Waar die spreker/skrywer taal gebruik om sy gevoelens uit te druk, is die funksie van die taal ekspressief. 'n Uitroep van pyn is byvoorbeeld in 'n hoë mate ekspressief.

3.4.2.3 Die konnotatiewe funksie

Waar die ontvanger van die taal in die brandpunt gestel word en taal gebruik word om een of ander verandering in die kennis=besit by die hoorder te bewerkstellig, het taal 'n konnotatiewe funksie. 'n Politieke toespraak het veral 'n konnotatiewe funksie.

3.4.2.4 Fatiese funksie

Waar taal gebruik word om kontak tussen die spreker en hoorder te verkry en te behou het ons met die fatiese funksie van taal te doen. Dit kan ook gesien word as daardie funksie waar die klem op die behoud van die kanaal val. Woorde en uitdrukkings soos *hoor!*, *verstaan jy?*, *is jy nog hier?* en die tipiese *hello* in 'n telefoongesprek is kenmerkende verskynsels van die fatiese funksie.

3.4.2.4 Die metalinguistiese funksie

Die klem val hier op die medium van die taal self. Wanneer daar byvoorbeeld oor taal gepraat word, het ons met die meta=linguistiese funksie te doen. 'n Voorbeeld hiervan vind 'n mens in 'n uiting soos: *Hoe spreek 'n mens 'apestaal' uit?*

3.4.2.5 Die poëtiese funksie

Waar taal die aandag op die boodskap vestig. Dit geskied deurdat die keuse wat uit die taalmoontlikhede gemaak word so gekombineer word dat die struktuur, benewens boodskapdraer, self ook boodskap word. Nou het die taal 'n poëtiese funksie, vergelyk ook 3.6.2.

3.4.2.6 Aard van die onderskeiding van die funksies

Jakobson (a.w.) lê klem daarop dat hierdie funksies selde suiwer is. In elke diskoers vind ons in 'n minder of meerdere mate aspekte van elkeen van hierdie funksies, maar die funksie wat oorweeg, is die geldende vir 'n besondere diskoers.

3.4.3 Tekstipes

Op grond van die taalfunksies kan 'n indeling van diskoers gemaak word, maar binne elke soort diskoers kan daar verskillende tekstipes wees.

Nida (1981:29, e.v.) onderskei vyf basiese tekstipes, maar ook hier, soos by die funksies van taal, moet 'n mens onthou dat min tekste slegs van een tipe is. Die oorwegende aard van die teks moet as uitgangspunt gebruik word by die indeling daarvan. Vervolgens word die tekstipes wat Nida (t.a.p.) onderskei, gelys.

3.4.3.1 Vertelling

Vertelling is 'n tekstipe waarin 'n tydsopvolging (vergeelyk Stempel in 3.8.5) van verwante gebeure in verband met spesifieke deelnemers (karakters, persone) weergegee word. Die tydsverloop hoef nie noodwendig eendimensioneel te wees nie (vergeelyk 3.8.1) maar kan herhaling, opskorting en retrospeksie insluit. Tyd en karakters is dus die saambindende of organiserende faktor by vertellings.

3.4.3.2 Beskrywing

In 'n beskrywing word die inligting ruimtelik of kategoriaal weergegee. Indien jy 'n huis wil beskryf, kan daar as't ware van kamer tot kamer beweeg word óf dit kan ingevolge sy verskillende konstruerende kategorieë soos vensters, deure, ensovoorts beskryf word.

3.4.3.3 Argumentasie

Hierdie soort teks bestaan uit 'n reeks stellings wat op logiese kategorieë soos oorsaak en gevolg, rede en gevolg, ensovoorts berus. Wetenskaplike verhandelings is tipiese voorbeelde van hierdie soort tekste.

3.4.3.4 Dialog

Dit moet nie met diskoers in die algemeen, of 'n gesprek verwar word nie, dialoog berus op interafhanklike uitdrukkings soos vraag en antwoord, stelling en ontkenning of stelling en bekenning. 'n Sakegesprek oor 'n telefoon is gewoonlik van hierdie aard.

3.4.3.5 Lyste

'n Stel reëls, of 'n lys name is voorbeelde van 'n lys. Die saambindende faktor by hierdie tekstipe is dus dat 'n reeks soortgelyke items, enkele woorde of selfs paragrawe in een of ander volgorde weergegee word. 'n Tipiese voorbeeld van 'n *lys* is 'n telefoongids.

3.4.3.6 Prosa en poësie

Poësie word dikwels as 'n afsonderlike soort teks aanvaar, maar Nida (a.w.: 30) wys daarop dat argumentasie, dialoog en watter ander tekstipes ook al, in prosa- of poëtiese vorm weergegee

kan word. Selfs lyste kan in poësievorm weergegee word: vergelyk byvoorbeeld die eerste strofe van Die veepos, of die klein begin van Totius:

*h Armoedige hutjie,
h ondigte kraaltjie,
h waterputjie,
h laaste straaltjie
en oor die veld, verlate en wyd
kruip skemergrys en eensaamheid.*

3.4.4 Skrif en spraak

Elke taalfunksie en tekstipe kan in 'n geskrewe of gesproke kanaal gevind word. Kanaal, soos in (3.2.5.1) verduidelik, hang af van die mate van verwyderdheid tussen die deelnemers. In hierdie afdeling word net 'n onderskeid tussen die geskrewe en gesproke kanale getref en op ander kanaalsoorte word nie ingegaan nie.

Dit word dikwels aanvaar dat skrif bloot 'n sekondêre vorm van spraak is. Teenoor hierdie verbrede beskouing is daar dié van sekere skrywers wat daarop aandring dat daar wesenlike verskille tussen skrif en spraak is. (De Beaugrande, 1980:201 en 285, e.v.; Gregory en Carroll, 1978:26, e.v.; Mathesius, 1975:15; Lyons, 1968:40; De Groot, 1964:153).

Mathesius (t.a.p.) sê byvoorbeeld dat *a written utterance is a form of language 'sui generis' just as a spoken utterance, each having its specific function. Although the written utterance has developed on the basis of speech, it has attained considerable autonomy with respect to speech.*

Teenoor die skrywers wat soos hierbo gesê 'n duidelike onderskeid tussen die geskrewe en die gesproke taal tref is daar ander, soos Sapir (1921:20), wat slegs die ooreenkoms wil beklemtoon: *Written language is thus a point-to-point equivalence, to borrow a mathematical phrase, to its spoken counterpart.*

Nieteenstaande die feit dat die meeste taalkundiges vandag die standpunt van Sapir verwerp, vind 'n mens dat daar by diskoers= indelings dikwels uitgegaan word van die standpunt dat met ekwivalente vorme gewerk word. Dit is onhoudbaar. Die ondersoeker moet vooraf bepaal of hy 'n indeling van gesproke diskoers of geskrewe diskoers wil maak. Dit is nie bloot 'n verskil in kanaal nie. Om hierdie stelling te staaf, word die vernaamste verskille kortliks gelys.

GESPROKE TAAL

Kontekstuele verskille

- (a) Minstens 'n spreker en 'n hoorder - spontane inter= aksie is dus moontlik (Gregory en Carrol, 1978:29).
- (b) 'n Deiktiese ruimte.
- (c) Deiktiese tyd.
- (d) Die medium is vlugtig. Die teks is dus herhaalbaar maar nie terugvindbaar nie.
- (e) Spesifieke hoorders.

GESKREWE TAAL

- 'n Voorgestelde spreker en 'n leser (Van Rensburg, 1982:XXI). Inter= aksie is dus nie moontlik nie.
- 'n Voorgestelde ruimte.
- 'n Voorgestelde tyd.
- Die medium is permanent en die teks is dus terugvindbaar.
- Die lesers is nie altyd vooraf bepaalbaar nie. Daarom is ook hulle veronderstellings nie kontroleerbaar nie (vergelyk Olson, e.a., 1981:285).

Tekstuele verskille

- (a) Baie kanaalgerigte (fatiese) uitings kom voor soos: *o ja, havi, vortaan jy.* Kanaalgerigte uitings is seldsaam (Gregory en Carrol, a.w.: 39).


- | | |
|---|--|
| (b) Ekonomie van segging is nie noodsaaklik nie, herhalingskonstruksies is volop. | Ekonomies (De Beaugrande, 1980: 200; Olson, e.a., a.w.: 285). |
| (c) Eenvoudige strukturering. | Ingewikkelder strukturering (Appel, a.w.: 113). |
| (d) Metalinguistiese nadruk is moontlik, byvoorbeeld aksent en intonasie. | Slegs diakritiese nadruk is moontlik (De Beaugrande, a.w.: 201-202). |
| (e) Die temas is minder kompleks en konkreet. | Die temas is kompleks en abstrak (Olson, e.a., a.w.: 285). |

3.4.5 Indeling

Aangesien dit nie in hierdie studie die plek is om 'n volledige indeling van diskoersgenres te maak nie, word slegs die toepaslike indeling deurgevoer in die skema (Figuur 3.4). Die doel van die studie is, soos in die eerste hoofstuk uiteengesit, om die grammatikale vergestaltung van tyd in die vertellerstekes van Afrikaanse kortverhale te bepaal. Met hierdie doelwit in gedagte word die skema dan ook gemaak.

Soos reeds genoem (3.4 hierbo) val genre-indelings in die letterkunde buite die bestek van die ondersoek en daarom word daar by die toepaslike gedeeltes in die skema slegs na 'n resente bron verwys, waar die betrokke indelings gemaak is.

FIGUUR 3.4

'N INDELING VAN DISKOERS

In 3.6 word vollediger ingegaan op die kenmerke van die literêre diskoers, in onderskeiding van ander diskoerse.

3.5 DIE TAAK VAN DIE TAALKUNDIGE - DIE TAAK VAN DIE LETTERKUNDIGE

In die inleiding tot hierdie hoofstuk is die onderlinge stryd tussen taalkundiges en letterkundiges belig. Hoe n mens ook al die toestand dat daar uit die filologie twee verskillende vakkdisiplines gegroei het, sou betreur, is dit n gegewe. Eerder as om dit te bekla, moet elke dissipline die ander se winste ter harte neem. Vrede en samewerking tussen hierdie groepe sal net gevind kan word indien daar ooreengekom kan word oor die terrein van ondersoek. Dit is egter makliker gesê as gedaan aangesien daar in elkeen van hierdie dissiplines soveel verskillende strominge is. Terreinafbakening is dus slegs moontlik indien daar veralgemend na die vernaamste van hierdie strominge gekyk word.

In die taalkunde kan daar aldus G.J. de Klerk (openbare lesing : April 1982); Gregory en Carrol (1978:1, e.v.); en Antal (1976:51, e.v.) twee hoofrigtings onderskei word, naamlik een waarin die taal as n sosiaal geïnstitutionaliseerde werktuig met as belangrikste funksie kommunikasie gesien word en n tweede waarin taal as n kognitiewe sisteem, soos by Chomsky (Smith en Wilson, 1979:21, e.v.), gesien word. Halliday (1978:12, e.v.) tipeer die eerste stroming as n *inter-organism*-benadering en die tweede as n *intra-organism*-benadering. Ook Du Plessis (1981b:2) tref n soortgelyke onderskeid.

Tussen hierdie twee rigtings in die taalkunde, is daar talle strominge waarin soms die een en dan weer die ander aspek van die groter strome beklemtoon word.

Net soos in die taalkunde kan daar ook in die letterkunde twee uiteenlopende rigtings onderskei word, en is daar eweneens talle kleiner strominge kenbaar. Aan die een kant vind h mens die benaderingswyse wat die teks as kunsprodukt in die brandpunt wil stel, terwyl daar aan die ander kant die stroming is wat die teks as semantiese gebaar (term van Mukařovský, 1974:66, e.v.) in die brandpunt wil stel. Die uiterste verteenwoordigers van die eerste groep kan miskien gesien word in die ondersoek na teksgrammatikas. Petöfi (1973:39) stel hierdie standpunt so: *I am convinced that all aspects can be considered by ONE AND THE SAME text grammar.* (Vergelyk ook Adriaens, 1978:237, e.v.)

Die uiterste verteenwoordigers van die tweede groep kan miskien die sogenaamde resepsie-estetici wees. By hierdie groep word die teks as kommunikasievorm in h sosiale bestel gesien (vergelyk byvoorbeeld Gumbrecht, 1978:171, e.v.; Schmidt, 1973:31). By die eerste groep strewe die teksgrammatici na h metode *om een eindige beskrywing van de tekstualiteit uit te werken* (Grivel, 1978:12).

Met hierdie baie oppervlakkige en veralgemenende uiteensetting waarin geen aandag gegee is aan strome wat middelposisies beklee nie, soos die Franse strukturaliste in die letterkunde, kan daar probeer word om, al is dit van h voorlopige, sommige sal sê kunsmatige, aard te onderskei tussen die terrein van ondersoek van die taalkundiges en dié van die letterkundiges.

Taal is nie eenvlakkig nie en daarom is die oordrywing van h enkele faset daarvan h kunsmatige fragmentarisering daarvan. Hierdie stelling sê nie dat spesifieke aspekte van taal nie vir ondersoek van ander aspekte losgemaak mag word nie, maar wel dat die totaliteit en samehang daarvan nie straffeloos misgekyk kan word nie. Die Gallileaanse wetenskapsbeoefening wat vir die natuurwetenskappe bruikbaar is (vergelyk Ponelis, 1981:247, e.v.) kan nie sonder meer


op die taalkunde van toepassing gemaak word nie. Word die strukturele aspek van taal oorbeklemtoon, sal die resultate van die ondersoek bloot breinginnastiek wees, terwyl 'n oorbeklemtoning van byvoorbeeld die sosiale aspek onvermydelik aanleiding sal gee tot 'n siening dat taal sisteemloos is.

Taal is 'n maaksel van 'n sosiale wese of liever verskeie geslagte sosiale wesens, naamlik die mens, en om hierdie rede is dit onlosmaaklik gebonde aan dieselfde sake as die maker daarvan, te wete tyd en ruimte, gemeenskap (waarby die kultuur inbegryp word) en individue en omdat dit maaksel is ook aan 'n struktuur (kyk Figuur 3.5). (Vergelyk ook Wybenga, 1981:19, e.v.) Hierdie struktuur moet noodwendig al die genoemde gebondenhede van taal reflekteer. Fishman (1972:4) skryf ten opsigte van die sosiale gebondenheid van taal die volgende:

It (language) is not merely the carrier of content, whether latent or manifest. Language itself is content, a referent for loyalties and animosities, an indicator of social statuses and personal relationships, a marker of situations and topics as well as of societal goals and the large-scale value-laden arenas of interaction that typify every speech community.

Al die ander gebondenhede: tyd, ruimte en individuele gebondenhede is ewe goed afleesbaar as die sosiale indien enige uiting van nader beskou word (vergeelyk byvoorbeeld Gregory en Carrol, 1978:9, e.v.).

FIGUUR 3.5



By die bestudering van taal kan die ondersoeker 'n sosiale of strukturele bril opsit, maar hy kan ook 'n tydsbril of 'n ruimtebril dra. Sy ondersoek sal in hoë mate gelei word deur die bril wat hy op het. Indien hy 'n ruimtebril op het, sal sy belangstelling noodwendig in die geolekte wees maar nogtans sal hy nie die sosiale aspekte wat ruimtelik voorkom kan miskyk nie, ewe min as wat hy in 'n sosiale ondersoek die struktuur van elke bestudeerde uiting kan miskyk.

Die ondersoeker word dus in hoë mate gelei deur die soort bril wat hy op het. Hy kan byvoorbeeld 'n bril dra wat alle waarneembare kleure bloot skakerings van die kleur van sy bril maak, daardeur verdwyn die skakerings nie maar hulle word in 'n besondere perspektief gestel. Indien hy egter 'n bril sou dra waarin daar selfs nie eens meer skakerings van ander elemente voorkom nie, sal sy bevindings ook in dieselfde mate beperk word.

Elke ondersoeker verkry deur sy ontwikkeling en ondervinding 'n besondere bril en dit geld vir taalkundiges en letterkundiges in die algemeen. Die bril, indien dit wel skakerings van alle taal=elemente toelaat, maak nie die bevindings ongeldig nie - dit gee slegs 'n besondere perspektief daaraan. 'n Letterkundige kyk na die taal omdat dit die medium is waarin 'n letterkundige werk tot stand kom. Die taalkundige kyk na dieselfde taal en selfs dieselfde taal=produkt maar met 'n ander bril. Die gegewens wat deur die letterkundige versamel word is daarom vir die taalkundige van belang, terwyl taal=kundige gegewens vir die letterkundige van belang is. Elkeen dra nietemin sy eie bril: die letterkundige se bril is gerig op die taal as kunsmedium of kunskommunikasiedium - niks kan in die literatuur bestaan sonder die taal nie; die taalkundige kyk na die kunswerk as nog 'n openbaring van die taal as boodskapsdraer - hy het 'n hoe-werk-die-taal-bril op.

Uit hierdie metafoor, wat soos enige ander metafoor blootgestel is aan oordrywing en waninterpretasie, blyk dit dat taalkundiges en letterkundiges dieselfde medium van ondersoek het, maar dat hulle perspektief daarop verskil. Hulle ondersoekresultate kan dieselfde wees maar hulle doelwit sal verskil.

'n Kruger voorstelling om hierdie probleem uit te druk kan gesien word by die studie van insekte. 'n Insektekundige bestudeer die habitat van die insek om tot 'n groter kennis van die insekwêreld te kom, terwyl 'n boer die habitat van die insek bestudeer om skadelike insekte uit te roei. Die versamelde kennis en selfs metodes van ondersoek kom ooreen, maar die doelwit verskil.

Verdere opmerkings oor die taalkundige studie van literêre taal word in 3.6.3 gemaak.

3.6 KENMERKE VAN DIE LITERÊRE DISKOERS

Sedert die skeiding wat daar tussen taal- en letterkunde gekom het, veral as gevolg van die negentiende-eeuse positivisme (vergelyk die inleiding tot hierdie hoofstuk) is daar op allerlei maniere probeer om h onderskeid tussen poëtiese en *gewone* taalgebruik te tref. Die vernaamste verskilpunte waarvan sommige na die Griekse retorikers teruggevoer kan word, word in hierdie afdeling bespreek.

3.6.1 Die literêre diskoers is nie-verwysend

Verwysing veronderstel h konteks: *whenever we talk of an expression in a given sentence as having reference, we are assuming that the sentence in question has been, or could be, uttered with a particular communicative force in some appropriate context of use* (Lyons, 1977:180). Verwysing is die manier om deur middel van die taal met die wêreld om die taal h verhouding aan te gaan en dit is dus altyd situasie= gebonde (De Klerk, 1978:50).

In h gewone diskoerskonteks gaan die spreker van die standpunt uit dat sy voorveronderstellings deur sy hoorder gedeel word. Wanneer daar blyke is dat dit nie die geval is nie, kan hy dit regstel, sodat spreker en hoorder uiteindelik dieselfde verwysingsraamwerk deel.

In die literêre diskoers kan die skrywer byvoorbeeld slegs hoop dat sy leser h verwysing na sê maar Napoleon sal begryp. Die skrywer gebruik immers deurentyd verwysings na die konteks wat soos in 3.2.2 gesien is, ook sosiokulturele en kultuur= historiese aspekte insluit maar hy kan nie h mislukte verwysing herstel nie. Dit lê in die aard van die skriftelike diskoers.

Om hierdie rede kan 'n literêre diskoers wel as nie-verwysend gesien word. Dit is natuurlik 'n halwe waarheid want ook in *gewone* diskoerse kan verwysing misluk sonder dat dit herstel word.

'n Belangriker rede vir die nie-verwysende aard van literêre werke is Todorov (1967:117) se uitspraak dat gewone taal die verwysde saak tot taal maak en die saak dus vernietig (dekonkretiseer): *Le mot ne sert pas à sauvegarder les choses mais à les détruire: en prononçant un mot, nous remplaçons la présence réelle de l'objet par un concept abstraite.*

Hierteenoor skep die literêre taal 'n verwysingsraamwerk, of liever dit maak dit vir die leser moontlik om so 'n verwysingsraamwerk te skep: *Quel est le statut du langage littéraire? Sa caractéristique le plus marquant est que les 'choses' n'existent pas, les mots n'ont pas de référent (dénotatum) mais uniquement une référence qui est imaginaire. Dans le langage commun il y a une seule référence qui est aussi bien celle de l'acte d'énonciation que celle de l'énoncé. Dans le langage poétique ces deux références sont isolées et le lecteur doit suppléer de lui-même la seconde. (t.a.p.)*

Die teks maak dus vir die leser 'n verwysing beskikbaar en die leser moet 'n verwysingsraamwerk deur middel van die verwysing vir homself inbeeld.

Die literêre taal kan egter nie heeltemal sonder 'n verwysingsraamwerk bestaan nie, elke teks word immers binne 'n spesifieke konteks wat 'n bepaalde tyd- en ruimtelike oriëntering veronderstel, weergegee. Hierdie konteks sluit die taal wat in die teks gebruik

word in en taal word primêr verwysend gebruik. Die literêre konteks dien dan ook as grond (*ground*) vir die verwysing. Die literêre taal is dus 'n indeks, dit wil sê dit het 'n aangrensende verwysing. (Van Zoest, 1978:103, e.v.) Met behulp van hierdie aangrensendheid verkry die literêre teks 'n denotatum naamlik *een uit woorden opgeboude wereld* (Van Zoest, 1979:72). Die fiksionele het dus ook verwysingsgeldigheid dit is *alleen een ander soort geldigheid* (a.w.: 74). Maatje (1977: 187) verwys ook na hierdie nagebootste, mimetiese geldigheid (*mimese*). Benewens hierdie sekondêre soort verwysing bestaan daar in die literêre werk ook 'n konkreter verwysing, wat op die kontrak wat die leser met die verteller sluit (kyk 3.7.1.1), berus. 'n Voorbeeld van so 'n soort verwysing vind ons byvoorbeeld wanneer die skrywer direk in die werk ingryp met 'n opmerking soos: *Nou sal u sien liewe leser ...* Die *nou* wat hier van sprake is, verwys na die moment waarop die besondere uiting gelees word (vergelyk verder 3.7).

3.6.2 Die literêre taal is nie-normatief

Mukařovský (1970:43) noem hierdie saak as 'n funksie van literêre taal: *The function of poetic language consists in the maximum of foregrounding of the utterance. Foregrounding is the opposite of automatization, that is, the deautomatization of act; the more an act is automatized, the less it is consciously executed; the more it is foregrounded, the more completely conscious it becomes.*

Die gewone taal deautomatiseer ook maar dit word gedoen ter wille van aandag en kommunikasie. In literêre taal word de-automatisering volgens Mukařovský (a.w.: 44) gebruik om die aandag op die uiting self te vestig: *it is not used in the services of communication but in order to place in the foreground the act of expression, the act of speech itself.*

Geen middel wat vir hierdie doel aangewend word, kom nie ook in die gewone taal voor nie; die literêre taal kan slegs geponeer word op elemente wat reeds in die gewone taal bestaan. Dit is volgens Bierwisch (1970:104) *parasitic structures that can only occur on the basis of linguistically primary structures*. Voorbeelde van deoutomatisering is alliterasie, fokussering, rym, metrum, herhaling, ensovoorts.

In die literêre taal moet deoutomatisering in die totale samehang van die teks gesien word: vorm en inhoud het dieselfde funksie. In die gewone taal is die vormlike bloot die draer van die inhoud en nie self inhoudelik nie. (Vergelyk in hierdie verband ook 3.4.2.5; Leech, 1970:122, e.v.; Epstein, 1975:41, e.v.; Van Luxemburg, 1982:110.)

Vandag se gedeoutomatiseerde vorm is egter m^ore ge^outomatiseerd: *Tel est aussi le réalisme révolutionnaire en littérature - Les mots qu'hier nous employions dans un récit, aujourd'hui ne nous disent plus rien.* (Jakobson aangehaal deur Todorov, 1965:10.)

3.6.3 Die literêre funksie

Die voorgaande verskilpunte tussen literêre en gewone taal is, soos gesien, nie wesenlik nie. Die ware verskil tussen gewone taal en literêre taal moet soos uit 3.6.2 blyk, eerder in die funksie as in die vorm daarvan gesoek word. In hierdie verband moet Jakobson (vergeelyk 3.4.2) weer bygehaal word. In elke uiting kan verskillende funksies van taal onderskei word, maar een van hierdie funksies word beklemtoon. Indien die aandag op die boodskap self gevestig word, het die uiting 'n literêre funksie.

Literêre taal is dus maar net nog 'n funksie waarin taal gebruik kan word en in dié verband is dit deel van die studieveld van die linguïs (Schmidt, 1973:27, e.v.). Waar die literator na die totaliteit van die literêre teks as eenheid van funksie en vorm


kyk, maak die linguïstiese skeiding. Hy stel vas hoe die *wêreld* van 'n teks geskep (gemanifesteer) word en ondersoek nie soseer die geskape wêreld van die teks nie, met ander woorde hy tref 'n onderskeid tussen *vorm* en *inhoud* al is dit dan 'n bloot kunstmatige skeiding en ondersoek dit afsonderlik. *Inhoud* moet verder hier gekwalifiseer word as taalinhoud en nie die inhoud wat uit die vereniging met vorm bestaan nie.

Ten slotte is 'n linguïstiese ondersoek nie gerig op die funksie van die literêre taal om die aandag op die boodskap te vestig nie, maar hoe die taal ingespan word om hierdie boodskap tot stand te bring. By literêre ondersoeke wat taalkundige insigte gebruik, bly hierdie eenheid steeds in die brandpunt. Hendricks (1973:96) formuleer dit so: Tekste word taalkundig gebruik om insigte te verkry wat die teks transendeer: *But in literary studies general principals are valued only for the light they can shed on particular texts.* Indien die eenheid by 'n literêre ondersoek verlore gaan, het ons waarskynlik nie meer met 'n literêre ondersoek te doen nie, maar met 'n kwasi-taalkundige ondersoek. Die verskil lê dus uiteindelik in die taalfunksie wat ondersoek word en nie in die ondersoek as sodanig nie (vergelyk ook 3.5).


3.7 TEKSTUELE KONTEKS EN TEKSKONTEKS

Uit wat in 3.6.1 gesê is, behoort dit duidelik te wees dat daar by die literêre werk 'n onderskeid getref moet word tussen 'n teksinterne konteks (tekstkonteks) wat 'n nie-referensiële karakter het en 'n teks-eksterne konteks (tekstuele konteks) wat 'n referensiële karakter het. Hierdie twee kontekste is nie skeibaar nie, aangesien hulle saam die literêre diskoers vorm. Op 'n baie abstrakte vlak is hulle wel onderskeibaar. 'n Skematiese voorstelling van 'n gewone diskoers (Figuur 3.6) en 'n literêre diskoers (Figuur 3.7) sal die verskil tussen hierdie twee soorte kontekste verder opklaar.

FIGUUR 3.6

GEWONE DISKOERS

FIGUUR 3.7

LITERÊRE DISKOERS

- a = teksinterne verwysing (teksverwysing)
 b = tekseksterne verwysing (tekstuele verwysing)

In elke diskoers is die konteks 'n voorwaarde vir die bestaan daarvan. Hierdie konteks kom dus by die literêre en die gewone teks voor. By die literêre teks is hierdie konteks sowel as die tekskonteks voorwaarde vir die bestaan daarvan. Die eerste is 'n gegewe terwyl die tweede 'n afgeleide konteks is. Dit is 'n konteks wat met behulp van en deur die teks self tot stand kom (kyk 3.6.1) terwyl die eerste soort konteks nie vir sy bestaan van die teks afhang nie. In die volgende bespreking word na die verskillende kontekselemente van die vertelling en meer spesifiek die kortverhaal gekyk.

3.7.1 Elemente van die tekstuele konteks

3.7.1.1 Deelnemers

Soos in elke diskoers moet daar 'n spreker wees. In die geval van 'n vertelling of liever 'n kortverhaal is dit natuurlik nie 'n spreker in die enger sin nie, maar 'n historiese skrywer of sy fiktiewe afgevaardigde. Hierdie verteller/soms skrywer, is by implikasie altyd aan die woord. Omdat hy nie persoonlik teenwoordig is nie, moet daar eerder van 'n voorgestelde verteller of geïmpliseerde outeur gepraat word (vergelyk oor vertelinstantie in 3.7.2.1). Die term *geïmpliseerde outeur* is van Booth afkomstig (vergelyk Bronzwaer (1977:232, e.v.); Bal (1980:124, e.v.); Van Collier en Van Rensburg (1982:238, e.v.). Bal (t.a.p.) onderskei na aanleiding van Bronzwaer ook tussen 'n geïmpliseerde en 'n abstrakte outeur. By ander skrywers (byvoorbeeld Van Collier en Van Rensburg (t.a.p.)) word weer 'n konkrete en abstrakte outeur onderskei. Die verteller word deur almal genoem. In hierdie studie word die standpunt gehuldig dat daar net 'n geïmpliseerde spreker, wat soms skrywer en soms verteller is, bestaan (vergelyk 3.7.2.1). Hierdie deelnemers word saamgevoeg met die begrip abstrakte outeur, terwyl die konkrete outeur nie as 'n deelnemer aan die literêre diskoers gesien word nie. Dit word gedoen omdat 'n literêre werk, soos enige ander geskrewe diskoers, van permanente

aard is (vergelyk 3.4). Omdat dit permanent is, moet daar by elke lees van 'n vertelling iemand aan die woord wees wat deur die leser as die verteller aanvaar word (die geïmpliseerde outeur of sy afgevaardigde). Hierdie spreker bestaan natuurlik nie konkreet nie, hy word geïmpliseer. Om hierdie rede is dit miskien beter om van 'n vertelinstansie as verteller te praat. Die term *verteller* word egter deurgaans behou.

Teenoor die geïmpliseerde outeur of sy afgevaardigde is daar wel 'n konkrete leser. As dit nie so was nie, sou die literêre diskoers 'n artefak (vergelyk 3.1.3) gebly het. Vanuit 'n taalkundige oogpunt kan ek dus ook nie met Van Rensburg en Van Coller (a.w.) saamstem dat daar so iets soos 'n abstrakte leser is of kundige leser of 'n modelleser soos wat Eco (1979:17) dit vanuit die oogpunt van die outeur wil hê nie. Selfs nie altyd eens 'n outeur nie. Indien 'n mens wel van die outeur se oogpunt uitgaan, bestaan daar sekerlik 'n abstrakte en selfs 'n modelleser: in verskeie vertellende tekste spreek die geïmpliseerde outeur of verteller (vergelyk 3.7.2.1) die leser aan. Wanneer hy hom aanspreek, of liever, terwyl hy (die konkrete outeur) die leser aanspreek/aanskryf is dit 'n geïmpliseerde, model- of abstrakte leser maar dan het ons nog geen literêre diskoers nie, slegs 'n literêre diskoers in wording. Die diskoers bestaan eers as die konkrete leser dit lees en dan bestaan die konkrete outeur (dit wil sê as persoon skrywende aan die teks) nie meer nie. Al wat dan wel bestaan is die implikasie van 'n vertellende persoon by die leser. Min, indien enige literator, sal met hierdie uiteensetting tevrede wees, maar dit is die taalkundige realiteit van die literêre teks: 'n verteller en/of 'n geïmpliseerde outeur (dit wil sê 'n spreker en/of 'n toespreker) en 'n konkrete leser (hierna bloot die leser genoem).

Een verdere opmerking dien nog gemaak te word: die feit dat hier oor 'n leser geskryf word, maak die leser inderdaad 'n

abstraksie. Die feit dat in hierdie studie sekere moontlike vertolkings aan die leser toegedig sal word, veronderstel wel 'n modelleser. Dit is in albei gevalle heeltemal waar in soverre 'n mens teoreties oor die saak besin, maar dit is nie die realiteit by 'n literêre diskoers nie: hier tree slegs 'n vertelinstansie en 'n konkrete leser op.

In die mate waarin die verteller na homself in die diskoers verwys en self handelend optree, is hy nie alleen verteller nie, maar ook 'n akteur. In hierdie opsig stem ek met Eco (1979:10) se stelling saam: *But as far as a text is focussed qua text, and especially in cases of texts conceived for a general audience (such as novels, political speeches, scientific instructions, and so on), the sender and the addressee are present in the text, not as mentioned poles of the utterance, but as 'actantial' roles of the sentence ...* Dat die leser, 'n akteur, dit wil sê deel van die tekskonteks is, is egter 'n absurditeit en is slegs waar in raamvertellings, dit wil sê waar daar wel 'n leser is, wat 'n teks binne die teks lees (vergelyk egter ook 3.7.2.1). Hierdie opmerking moet weer gesien word uit 'n oogpunt van die reële diskoers, en nie uit die oogpunt van 'n diskoers oor die diskoers, soos wat ons dit in hierdie studie het nie. Enige saak wat ek aan die leser toedig maak immers van hom 'n abstraksie net soos enige kwaliteit wat algemene kenmerke afsmeer aan 'n hoorder in 'n gewone diskoers van die hoorder 'n abstraksie maak. Dit is nie die abstrakte leser wat die teks lees nie, hy kan nie lees nie, hy is 'n postulaat. Net soos die akteurs in die verhaal is hy 'n mens van papier (term ontleen van Bal, 1979). Die konkrete leser, wie hy ook al mag wees, is die leser en hierdie leser kan nie die abstraksie wees waaraan die skrywer gedink het toe hy hom aangespreek het as: *My lieve leser nie*. Uit die outeur se oogpunt is hy wel van papier, maar soos reeds genoem, bestaan die literêre diskoers nie op die lessenaar van die outeur nie.

Om dus te wil beweer soos Van Rensburg en Van Coller (a.w.: 216, e.v.) impliseer dat die literêre teks 'n kontrak tussen 'n abstrakte outeur en abstrakte leser is, is uit taalkundige oogpunt 'n onmoontlikheid: dit is 'n kontrak wat die konkrete leser vrywillig aangaan of opsê met 'n vertelinstansie wat vanweë sy papierpersoonsaard nie aan die kontrak kan verander as die leser dit wil opskort of *verkeerd* vertolk nie. Die leser is die bepalende faktor vir die bestaan van die kontrak in die literêre diskoers, hy besluit hoe dit geïnterpreteer moet word, of dit logies is, of dit op een vlak gelees moet word, of daar hoegenaamd meer as een vlak van interpretasie kan wees. Dit is dus foutief om saam met Van Rensburg en Van Coller (a.w.: 224) te beweer: *die moedswillige of naïewe leser het nie werklik deel aan die gesprek nie*. Dit is die leser wat die gesprek herskep, reconstrueer en dus in der waarheid tot stand bring. Sonder die leser, hoe naïef, ontaard, moedswillig of boos hy ook al is, bestaan daar geen literêre diskoers nie. In der waarheid is hierdie dekonstruksieproses noodsaaklik vir die bestaan van die diskoers, so nie bly die teks 'n artefak (3.1.3).

Een ding is waar, die kontrak by 'n literêre diskoers is eensydig, maar dit kom eensydig van die kant van die leser: hý is die vertolker van die kontrak wat as 'n artefak met onverwenslike potensialiteite aan hom voorgehou word.

Waar die spreker by die gewone diskoers die leidende rol speel (Van Rensburg, 1982:XXI) het die outeur in die literêre diskoers die ondergeskikte rol. Soms kan 'n mens selfs sê geen rol nie, want gewoonlik verkeer die leser in gesprek met die verteller (vergelyk 3.7.2.1).

3.7.1.2 Tekstuele ruimte

Waar, in die gewone diskoers, die spreker die fokuspunt van die deiktiese sentrum is, (vergelyk 3.2.1), word die deiktiese sentrum in die literêre konteks in 'n hoër mate deur die leser bepaal. *Hier* is vir die leser nie die *hier* van die abstrakte outeur nie maar die *hier* wat hy ervaar en van bewus is. Indien die leser so iets soos die volgende sou lees: *Hier het u, liewe leser, die verhaal van Tuil Uilspieël in die hande*, vertolk hy immers nie *hier* as *daar* waar die outeur hom bevind nie. Om hierdie rede slaag vertellings waarin ruimtelike verwysings, wat op die outeur van toepassing is, nie, dit word deur die leser as deel van die teksruimte vertolk.

'n Verwysende ruimte kom in der waarheid selde in die vertelling voor, ons het gewoonlik met 'n sekondêre ruimte of mimetiese ruimte (vergelyk 3.6.1) te doen. Weliswaar vind 'n mens in enkele werke dat verwysende ruimte wel voorkom: 'n titel van 'n boek: Moord op bladsy 13 kan byvoorbeeld wel deeglik na 'n werklike ruimte verwys, indien die moord werklik op bladsy 13 beskryf sou word. Sodanige ruimtelike verwysings vind ons byvoorbeeld ook in Onse Hymie (Le Roux, 1982:87): *Daar is 'n boek bekend as Facts of Psychic Science ... In die boek word genoem ...*, dit wil sê as die besondere boek wel bestaan.

3.7.1.3 Tekstuele tyd

Net soos die leser 'n bepalende element van die deiktiese sentrum vir die ruimte is, is hy ook die fokuspunt van die deiktiese sentrum vir die tekstuele tyd. Ludvic Askenazy begin een van sy sprokies met: *Vandag vertel ek vir julle 'n ou Hongaarse storie* (Steenberg, 1980:30). *Vandag* word deur die leser sekerlik nie as die dag waarop Askenazy die storie neergeskryf het, geïnterpreteer nie, maar wel as die dag waarop hy die storie lees. Net so word *Eendag, baie lank gelede* nie as *lank gelede* ten opsigte

van die skryfmoment nie, maar wel ten opsigte van die leesmoment geïnterpreteer.

3.7.1.4 Kultuurhistoriese en sosiokulturele oriëntering

Nieteenstaande die feit dat die skrywer vanuit sy eie kultuurhistoriese en sosiokulturele oriëntering (vergelyk 3.6.1) skryf, het die leser geen ander oriëntering as sy eie nie. Selfs al sou hy alles in die werk stel om die vooronderstellings van die outeur na te gaan, is dit nog steeds sy persoonlike vooronderstelling wat die deurslag by die vertolking van die teks gee. As illustrasie hiervoor kan die volgende gedeelte uit Lukas 7 dien: *37. En toe h vrou in die stad, wat h sondares was, verneem dat hly in die Fariseër se huis aan tafel was, het sy h albaste fles met salf gebring. 38. en agter by sy voete gaan staan en geweën; en sy het sy voete begin natmaak met haar tranen en hulle afgedroog met die hare van haar hoof; en sy het sy voete gesoen en met salf gesalf.*

In h Kinderbybel word hierdie toneel weergegee as sou Christus op h gewone stoel sit terwyl die vrou by hom kniel. In der waarheid was dit die gebruik dat h mens aan tafel aanele met jou voete na agter of kant gestrek. In so h posisie is dit maklik verklaarbaar hoekom daar in vers 38 staan dat die vrou agter Jesus by sy voete gestaan het, veral as in ag geneem word dat daar op banke geleë is. Die illustreerder het hier, net soos soveel ander kunstenaars voor hom, aanvaar dat daar by h tafel gesit moet word. Vergelyk in dié verband ook die skildery *Die Laaste Avondmaal* van Leonardo da Vinci, waar Johannes op h redelik onbeskofte (moderne uitgangspunt) manier op Christus se bors lê. Ook hierdie saak is verstaanbaarder as besef word dat daar in ieder geval geleë word, nie gesit word nie.

Everything needed to make the story understandable will either be apparent on the basis of general knowledge or will be provided by the writer, skryf Olson, e.a. (1981:294). Dit is min of meer waar indien daar aanvaar kan word dat die outeur en die leser dieselfde vooronderstellings deel. Dit kan egter nie waar wees as dit 'n vertaalde verhaal is, veral uit 'n taal van 'n onverwante kultuur of as dit 'n skrywer is uit 'n totaal ander kultuurhistoriese periode nie.

Nog 'n belangrike kontekstuele saak word so deur Fowler (1977: 13) beskryf: *The reader comes to the published novel equipped with more or less expertise in the underlying systems, gained and consolidated through encounters with other realizations of them.* Indien die leser reeds vertellings wat in dieselfde genre geskryf is, gelees het, sal hy 'n teks op 'n ander manier lees as 'n persoon wat nog geen verwante vorme onder oë gehad het nie. Die *expertise* van die leser is deel van die leser se kultuur= historiese oriëntering en daarom deel van die tekstuele konteks.

'n Verhaal wat in 'n klassituasie op universiteit gelees word sal waarskynlik anders deur 'n leser benader word as een wat hy op sy bed lê en lees sonder om besondere akademiese insette te lewer. Die sosiokulturele oriëntering van die leser kan dus deurslaggewend vir die vertolking van 'n teks wees.

3.7.1.5 Diskoerskenmerke van die literêre teks

Die kanaal van 'n epiese werk, meer spesifiek 'n kortverhaal, is skriftelik en daarom moet per implikasie al die sake wat oor hierdie kanaal gesê is (3.4) by die konteks van 'n literêre diskoers betrek word.

Die toonaard van die literêre diskoers word grootliks deur die teks en nie die spreker nie, bepaal. Dit is egter moontlik

dat 'n tragiese verhaal deur 'n leser wat in ligte luim is op 'n komiese wyse gelees kan word. Hierdie onpaslike toonaard vind 'n mens dikwels waar die leser daarop uit is om 'n teks belaglik voor te stel.

Ten slotte moet volstaan word daarmee dat aangesien die leser die enigste aktiewe deelnemer aan die literêre diskoers is, die bestaan van die tekstuele konteks ook volledig van hom afhanklik is.

3.7.2 Die tekskonteks

Waar, soos verduidelik, die tekstuele konteks die konkrete eksterne konteks is, het ons by die tekskonteks met 'n voorgestelde teksinterne konteks te make.

Hierdie voorgestelde konteks is nie noodwendig enkelvoudig nie, maar kan, afhangende van die aantal vertellings binne die teks, uit talle verskillende kontekste bestaan. Die verskillende kontekste is dan in mekaar ingebed. 'n Eenvoudige voorbeeld van sulke ingebedde kontekste vind ons by *Oom Gert Vertel*. Leipoldt vertel van 'n verteller naamlik Oom Gert wat laasgenoemde verhaal aan 'n hoorder wat hy as Neef aanspreek, vertel. Binne hierdie konteks van spreker (Oom Gert) en hoorder (Neef) is 'n tweede konteks waarin ander sprekers (byvoorbeeld die hoofkonstabel, Bennie, die predikant) en ander hoorders (gewoonlik Oom Gert), optree. Indien een van hierdie sekondêre sprekers nog 'n verdere geskiedenis sou verhaal, kon daar natuurlik nog 'n konteks gewees het, ensovoorts.

Benewens hierdie voor-die-hand-liggende sekondêre tekskontekste is daar ook 'n abstrakte konteks wat uit die wisselwerking tussen die verteller en die abstrakte outeur sou kon ontstaan. Venter (1982) gee 'n indringende en helder bespreking van hierdie soort

teks en konteks. Uiteindelik onderskei hy byvoorbeeld tussen h storiëruimte wat tot stand kom uit die daarge= stelde konteks (tekstkonteks, vergelyk 3.7) en die verhaal= ruimte wat tot stand kom uit die inwerking van die abstrakte outeur op vormlike wyse. Van die wyse waarop die abstrakte outeur werk, sê Venter (a.w.: 80): *Die paradigmatische keuses van die abstrakte outeur is nie linguïsties (in die enger sin van die woord) nie. Die abstrakte outeur signaleer egter wel deur sy narratiewe keuses en sy ordeninge van die teks, betekenis. Op hierdie besondere saak word nie verder ingegaan nie, aangesien dit nie direk in die weg van die onderhawige studie lê nie.*

In die volgende bespreking sal ook enkele opmerkings gemaak word wat die spreker in die tekstuele konteks raak en waaruit dit sal blyk dat dit nie noodwendig die abstrakte outeur is wat die sprekersrol in die tekstuele konteks vertolk nie.

3.7.2.1 Die vertelinstantie

Een van die geliefkoosde onderwerpe in die jonger literatuur= wetenskap is die vasstelling van wie die sprekersrol in die verhaal vertolk, met ander woorde wie aan die woord in die verhaal is. Hierdie stelling word gestaaf deur die talle artikels en selfs boeke wat aan hierdie onderwerp gewy is. Dit is dus nie uit h taalkundige oogpunt nodig of selfs moontlik om h indringende of volledige bespreking van hierdie saak te gee nie. Die hoofsaak is egter dat daar van hierdie aspek kennis geneem moet word om h keuse uit die talle aanbiedinge te maak wat tot die bereiking van die doel van die studie sal bydra. Aangesien ek my in hierdie studie juis rig op die vertellers= teks is dit egter nodig dat h keuse wel gemaak moet word. Dit val vir my op Genette (1980) maar wat hier volg is nie verbatim sy beskouing nie, tewens talle daarvan is verdraai om aan die literêre teks die karakter van h konkrete diskoers te gee.

Verder vul ek aan uit die beskouing van Chatman (1975); Maatje (1977); Bronzwaer (1977); Bal (1978) en Van Luxemburg, e.a. (1981).

In die eerste plek moet die volle epiese werk as 'n vertelling gesien word en daarom moet aanvaar word dat elke woord 'n herhaling is van wat reeds gebeur het. (Vergelyk Bal, 1967:86.) Selfs gedeeltes wat in aanhalings geplaas word en dus veronderstel is om karakters te wees wat praat, is in der waarheid nie die karakter se eerstephandse woorde nie, maar wel die woorde wat die verteller noodsaaklik genoeg ter sitering vir sy vertelling geag het (Van Luxemburg, 1981:129). Omdat ons nie met die werklikheid te doen het nie maar met 'n vertelling kan ons ook nie volledigheid verwag nie, ons moet ons berus by dit wat die verteller kies om aan ons mee te deel. Hierdie mededeling sal dan noodwendig deur die verteller se persoonlikheid in sover as wat hy 'n persoonlikheid in die vertelling het, gekleur wees. Sy voor- en afkeure sal hy aan ons oordra. Soms is ons daarvan bewus dat iemand ook sy keuses en sy persoonlikheid rig, hoe kan hy anders 'n persoonlikheid hê (vergeelyk Chatman, 1975: 224, e.v.)? Hierdie ander instansie is die abstrakte outeur. Indien die verteller nie self aan sy vertelstel deel het nie, behalwe om as't ware die kanaal te vorm vir 'n spreker nie, val die verteller uit die leser se oogpunt saam met die spreker in die tekstuele konteks. Dit is uit leserervaringsoogpunt gewoonlik die geval en om hierdie rede is daar in 3.7.1.1 gesê dat dit óf die abstrakte outeur óf sy afgevaardigde is waarmee die leser sy kontrak sluit. Indien dit vir die leser (nie die kritikus óf Eco se modelleeser óf die sogenaamde abstrakte leser nie) maar die konkrete leser, dit wil sê daardie persoon wat besig is om die boek of verhaal te lees, voorkom asof iemand die verteller aan 'n toutjie hou, dan weet hy ook dat hy met 'n toespreker (3.2.3) te doen het. In sulke gevalle, en slegs in sulke gevalle, sluit die leser sy kontrak nie met die verteller

nie maar met die abstrakte outeur. Hy besef dan dat die persoon wat met hom praat deel van die *storie* is: so'n verteller kan dus nie met die leser praat nie omdat hy ook 'n papiermens is. Waar die leser nie tot hierdie besef kom nie, hoe verkeerd sy opvatting ook al uit die oogpunt van literatoure is, moet hy sy kontrak met die stem wat via die papier met hom spreek aangaan. So nie, na wie kan hy luister?

Die outeur kan op verskillende maniere iemand *afvaardig* om namens hom die storie te vertel. Hy kan selfs verskillende persone hiervoor gebruik (Genette, 1980:214). Sy uiteindelijke besluit oor die afgevaardigde is 'n keuse tussen slegs twee moontlikhede: die persoon staan òf buite die verhaalgebeure in die sin dat hy nie 'n karakter (akteur) in die verhaal is nie òf hy is 'n deelnemer aan die gebeure en dus 'n karakter in die verhaal (Genette, a.w.: 244). Ongeag van die feit of hy 'n karakter is al dan nie, bly hy 'n eerste persoon, 'n *ek* dus. 'n Persoon wat vertel moet immers 'n ek wees (Genette, t.a.p.; Bronzwaer, 1977:230, e.v.; Bal, 1980:127).

Die term ek-verteller of eerste persoonverteller is dus tweeslagtig aangesien die *ek* waarvan sprake is soms 'n karakter ('n handelende ek) in die storie is en soms nie. Om hierdie rede verkies Genette (a.w.: 245) om liewer van homodiëgeties (vir 'n vertelling waar die verteller ook 'n karakter in die storie is) en heterodiëgeties (waar die verteller nie 'n karakter in die storie is nie) te praat.

Afwesigheid van die verteller is volgens Genette (t.a.p.) absoluut terwyl daar verskillende grade van teenwoordigheid kan wees. Die ek-karakter kan òf as hooffiguur (held, protagonis), òf as toeskouer (waarnemer) teenwoordig wees. Vir die eerste soort homodiëgetiese kies Genette die term outodiëgene.

As waarnemer in die verhaal kan die verteller soms 'n aktiewe rol as karakter speel of soms as onsigbare toeskouer, nou die gebeure uit die een hoek of vanuit een persoon se gesigspunt of selfs gedagte-wêreld belig en dan weer uit 'n ander. Hierdie verskillende hoeke waaruit die gebeure belig word, word fokalisators genoem (Bal, a.w.: 129, e.v.; Genette, a.w.: 161, e.v.). Daar bestaan ook verskillende wyses van fokalisasie, wat kan wissel van 'n enkele uiters beperkte fokalisator deur wie se oë en verstand die hele vertelling bekyk word, tot 'n oorkoepelende alomteenwoordige soort aanwesigheid wat alles weet en alles kan voorspel. Die fokalisator kan, omdat dit die persoon is deur wie se oë en deur wie se gees waargeneem word bepalend wees vir die fiktiewe deiktiese sentrum (vergelyk in verband met fiktiewe deiktiese sentrum 2.2.1). Fokalisering gaan dikwels hoewel nie altyd nie, gepaard met 'n verskynsel wat vrye indirekte rede genoem word en wat, in Engels altans, implikasies het vir die keuse van tempus (vergelyk Chatman, 1975:214, e.v.).

In gevalle waar daar sodanig gefokaliseer word dat die werklikheid deur die oë en verstand van die fokalisator waargeneem word, is laasgenoemde bepalend vir die fiktiewe deiktiese sentrum (2.2.1) wat in die verband tot stand kom.

Genette (a.w.: 255, e.v.) som die funksies van die vertelinstansies soos volg op:

- (i) sy belangrikste funksie is die vertelling van die storie, hiermee kan hy nie ophou sonder om sy status as verteller te verloor nie. Hy kan hoogstens die woord tydelik aan 'n ander vertelinstansie oorgee;
- (ii) hy rig die leser se aandag op die teks;

- (iii) hy hou die diskoers aan die gang;
- (iv) hy behou kontak met die leser en
- (v) hy verwesenlik sy eie rol as blote waarnemer, as beoordelaar, as karakter wat 'n bepaalde visie op die werklikheid openbaar.

Met hierdie kort uiteensetting is slegs enkele aspekte van, en beskouings oor die vertelinstansie belig. Daar is byvoorbeeld nie eens verwys na die beskouing wat veral deur Duitse letterkundiges, byvoorbeeld Lämmert, oor ouktoriële en aktoriële vertellers bestaan nie (vergelyk byvoorbeeld Lintvelt, 1978:36, e.v.).

3.7.2.2 Die hoorder en die toehoorder

Net soos wat die vertelinstansie in die tekskonteks met die spreker in die tekstuele konteks kan saamval, is dit ook moontlik dat die leser ook met die hoordersrol in die tekskonteks saamval. Aan die ander kant gebeur dit egter dikwels dat die leser bewus gemaak word van 'n hoorder aan wie die verteller in die tekskonteks die verhaal vertel. Die leser staan in sulke gevalle dikwels voor 'n keuse om bloot as toeskouer op te tree of om hom met hierdie aangesprokene te vereenselwig. Dit gebeur byvoorbeeld as die verteller 'n direkte woord tot die leser rig: *Hier is ons vier helde weer*, sê die verteller in amper al die Trompie-boeke aan sy lesers.

In die meeste gevalle is dit vir die leser duidelik dat dit hy is wat aangespreek word, maar in gevalle waar hy bewus word van die feit dat die aangesprokene 'n ander konteks as syne moet hê, kan hy hom nie meer met die aangesprokene vereenselwig nie, en weet hy dat hy as toeskouer optree in die gesprek tussen die verteller en sy voorgestelde aangesprokene. Die *neef* in Oom Gert Vertel is 'n baie eenvoudige en eksplisiete voorbeeld

van so 'n aangesprokene. Aangesprokenes van hierdie soort, wat 'n konteks met die verteller deel, kan eksplisiet in die teks aanwesig wees of kan 'n onsigbare teenwoordigheid in die teks wees. Indien hy deur die leser waargeneem kan word, is die aangesprokene se teenwoordigheid op dieselfde diëgetiese vlak as die verteller (vergelyk Genette, a.w.: 259). Indien sy teenwoordigheid nie deur die leser afgelei kan word nie, bevind die verteller en leser hulle in dieselfde konteks. Hierdie laaste stelling is nie in 'n letterkundige raamwerk soos dié van Schmid wat deur Venter(1982:59, e.v.) en Van Coller en Van Rensburg (1982:220) weergegee word, houdbaar nie. Maar by hierdie skrywers is daar soos reeds verduidelik (3.7.2), nie 'n weergawe van 'n konkrete diskoers nie, eerder 'n weergawe van 'n abstrakte diskoers tussen abstrakte deelnemers.

3.7.2.3 Ander deelnemers en elemente van die tekstkonteks

'n Baie bekende probleem in die letterkunde is die een wat handel oor die aard van die geskape wêreld in die vertelling. In hierdie verband word daar gewoonlik 'n onderskeid tussen die werklikheid, mimesis en die woordwêreld getref.

Mimesis, oppervlakkig beskou, is die nabootsing van die werklikheid. 'n Suiwer vorm van mimesis vind ons byvoorbeeld in die drama (vergelyk Venter, 1982:22, e.v.). 'n Ander term vir die geskape woordwêreld is diëgesis. Chatman (1975:214) verduidelik dat die verskil tussen mimesis en diëgesis daarin lê dat mimesis *wys* en diëgesis *vertel*. Dit wat die verteller aan ons wys is mimesis en dit wat hy aan ons vertel is diëgesis. Venter (a.w.: 23) wys daarop dat mimesis in 'n vertelling eintlik 'n diëgesis van mimesis is. Hoe suiwerder die mimesis is, hoe minder is die waardeskeppende invloed wat die vertelinstansie het en hoe kleiner is sy rol in die verhaal. Chatman (a.w.: 240, e.v.) doen 'n metode aan die hand waarvolgens die vertellerstekste van die personetekste onderskei kan word. Hy maak 'n verdeling wat

berus op afnemende mimesis. Die hoogste graad van mimesis vind h mens by vertellings in die vorm van briewe of 'n dagboek. Die outeur en verteller sal in sulke gevalle saamval. In die volgende vlak wat effens minder mimeties is, is die skrywer bloot h naskrywer van wat hy hoor. Hy tree dus as't ware op as h soort bandopnemer en gee slegs die dialoog of monoloog wat hy waarneem weer. Ten opsigte van hierdie soort vertelling, net soos al die ander, moet h mens natuurlik onthou dat hierdie weergawe nooit werklikheidsgetrou en dus suiwer mimeties kan wees nie, daar is immers h tydsverloop tussen gebeure en vertelling. Die skrywer maak h keuse van dit wat hy wil sê. Chafe (1977:218) druk dit so uit: *Although occasionally we may talk about things at the same time we are perceiving it, such discourse is relatively unusual; most of the time we talk about things retrieved from memory. Most experience is recounted in the past tense ...* Elke herroeping of weergawe veronderstel dat die persoon wat dit weergee h keuse maak uit wat hy tot sy beskikking het. Hy rangskik en orden en besluit op watter manier dit die beste weergegee kan word. Dit is in sigself h waardeoordeel. Elke weergawe is dus in der waarheid h redigering en h skepping (vergelyk ook Chafe (a.w.: 219, e.v.)). Nog minder mimeties as die vorige is die weergawe van gevoelens en gedagtes, want dit vereis dat die skrywer ook gedagtes sou moes kon lees. Die skrywer kan alles weergee wat gedink is, soos dit gedink is, of liever soos sy karakters dit gedink het. Ook hier kan hy nie sy redigerende invloed verberg nie. Tot hierdie vlak het h mens, aldus Chatman, met mimesis te doen. Alle ander sake is nie mimesis nie.

Vir die doel van hierdie studie gebruik ek Chatman se onderskeiding om, al is dit hoe kunsmatig, h onderskeid tussen vertellers- en personeteks te tref. Waar die verteller met h waarneembare *ek* in die verhaal saamval, sal sy gedagtes en waarnemings ook as deel van die vertellerstekes aanvaar word.

Die ander deelnemers in die tekskonteks word dus ðf diëgeties ðf mimeties deur die verteller voorgestel.

Ook ruimte en tyd word op hierdie twee wyses in die tekskonteks weergegee. Ruimte word op veral twee maniere tot stand gebring, naamlik

- (i) topies, dit wil sê met 'n aanduiding en beskrywing van die plek waar die verhaal afspeel en
- (ii) op 'n minder direkte wyse waar die leser 'n voorstelling moet maak.

Die eerste hiervan behoeft nie 'n betoog nie. Die tweede word onder meer vergestalt met behulp van sintuiglike waarneming van die deelnemers. Geluide, reuke en sigbare dinge veronderstel immers almal dat daar 'n ruimte moet wees waarin die verhaal afspeel (vergelyk in dié verband Bal, 1980:102).

Venter (1982) wys ook op die strukturende rol wat ruimte in die totstandkoming van die verhaal speel (vergelyk 3.7.1.2).

Tyd kom ook op verskillende wyses in die teks tot stand. Hierdie onderwerp word in 3.8 breedvoeriger belig.

Ander kontekselemente in die tekskonteks word deur die verteller en skrywer aan die leser meegedeel en hiervoor word wyduiteenlopende metodes gebruik wat egter buite die veld van die studie val, daar word dus nie op ingegaan nie.

3.7.3 Die literêre teks

Benewens die feit dat al die tekselemente wat in 3.3 uiteengesit is, tot die teks behoort, is daar nog een aspek van die verhaaltteks wat genoem moet word. Hierdie aspek staan ten nouste in verband met wat vroeër (3.3) oor die poëtiese funksie van taal gesê is: die fokus van die literêre boodskap word op die boodskap self geplaas. Elke woord en sin dra tot hierdie funksie by: nie alleen hulle inhoud nie, ook hulle betekenis, maar ook hulle frekwensie en plasing. Oor hierdie aspek word nie verder uitgewy nie behalwe om voorlopig te stel dat ook hierdie saak 'n deurslaggewende rol kan hê op die wyse waarop tyd in 'n verhaal uitgedruk word.

3.8 TYDSVERGESTALTING IN DIE VERHAAL

Tyd word op talle maniere in die literêre werk benut om struktuur aan die werk te gee. Hoe tyd uitgedruk word en watter rol dit in die verhaal speel, word vanuit die oogpunt van die letterkundige belig. Enkele opmerkings word ook gemaak oor die rol wat tempus by die totstandkoming van tyd in die literêre werk speel. In elke taal, elke genre het tempus sy eie funksie wat ingrypend tussen tale en genres kan verskil. (Vergelyk byvoorbeeld Wolfsen, 1981:227.) Enige geskrewe stuk moet in die tyd gerealiseer word omdat dit deur taal vertolk word. Taal het immers 'n sekvensiële karakter (Mendilow, 1965:65-71). Aan hierdie feit hang die totale tydskarakter van 'n verhaal. Dit is ook van hierdie feit wat skrywers op allerlei maniere probeer ontkom. (Brink, 1967:87, e.v.) Dinge gebeur buite die verhaal natuurlik ook in volgorde, maar die agtergrond waarteen dinge gebeur of dit ander gebeur is en of dit bloot die ruimte is waarin dit gebeur, bestaan en geskied simultaan. Hierdie gelyktydigheid is nie in taal weergegebaar nie. Die verskillende sake rondom 'n spesifieke gebeurte moet òf voor òf na die betrokke gebeurte geskets word.


Benewens die genoemde sake is daar ook nog daardie gebeure wat in die subjek van die gebeure, as dit 'n mens is, se verstand plaasvind. Dit kan sake soos herinnerings en vertolkings insluit, wat op hulle beurt weer op vorige gebeure mag berus. Ook hierdie sake mag die skrywer van belang ag om weer te gee. Dit, saam met wat in die vorige paragraaf genoem word, kan op geen manier gelyktydig uitgedruk word nie. Dialoog en die gedagtestroom is in die taal weergegebaar volgens die normale chronologie daarvan maar indien 'n eksterne saak soos *reën op die dak* daarby gebring word, moet die normale chronologie opgehef word. Die skrywer moet dus 'n wyse van uitdrukking vind om gebeure en toestande gelyktydig weer te gee.

Die verskillende maniere waarop die taal deur die skrywer tot gelyktydigheid maar ook tot opeenvolging en beperking gedwing kan word, word deur Van Hoek (1978:53) skematies voorgestel. Hy gee slegs aandag aan vertelsnelheid. By sy voorstelling kan ook nog ellips en herhaling gevoeg word, terwyl 'n tweede voorstelling nodig is om volgorde weer te gee. Figuur 3.8 is 'n effens gewysigde weergawe van die genoemde skema en Figuur 3.9 is 'n voorstelling van die volgorde. Hierdie wysigings is gemaak aan die hand van Mendilow (1965:63-165); Maatje (1977:136-164); Van Luxemburg (1982:154, e.v.) en Genette (1980:33-160). Dieselfde werke en veral dié van Genette, is gebruik vir die voorstelling van volgorde.

3.8.1 Vertelsnelheid

FIGUUR 3.8

VERTELSNELHEID



Verteltyd is die tydsduur gemeet in woorde, sinne, bladsye wat 'n verhaal in beslag neem (Van Hoek, a.w.: 52).

Vertelde tyd is die tydsduur soos dit in die teks voorgestel word.

(a) tot (e) word tipografies voorgestel volgens aan die bokant die verteltyd en aan die onderkant, die vertelde tyd.

(a) eksplisiete ellips - gebeure wat uit die verhaal wegge-
laat word en waarna weer verwys word;

(b) versnelling - gebeure wat saamgevat word;

(c) eweredigheid - word slegs ten opsigte van dialoog
aangetref;

(d) opskorting - beskrywings veronderstel altyd 'n
opskorting in die tyd;

(e) implisiete ellips - tyd wat weggelaat is sonder dat
daar weer direk na verwys word. 'n Mens lei bloot uit
ander gegewens af dat daar so 'n tyd weggelaat is. Dit
is verwant aan (a) maar by (a) word nogtans na die
weggelate gebeure verwys, opsommend of andersins;

(f) herhaling - herhalings veronderstel dat dieselfde
gebeure wat reeds vertel is, herhaal word en daarom
beslaan dit geen nuwe tydspanne nie. Herhaling in die
tyd vind 'n mens byvoorbeeld as dieselfde gebeure vanuit
'n ander karakter se oogpunt beskryf word. Of as gebeure
weergegee word wat gelyktydig met reeds beskreeë gebeure
plaasvind;

- (g) hipotetiese ellips - *the most implicit form of ellipsis is the purely hypothetical ellipsis, impossible to localize, even sometimes impossible to place in any spot at all ... (Genette, a.w.: 109)*. Na die weglating vind 'n mens bloot 'n aanduiding dat daar êrens 'n weglating moes wees. Dit is verwant aan (e) maar by (e) weet 'n mens by die lees van die verhaal, dat daar byvoorbeeld tussen punt 1 en 2 'n gedeelte weggelaat is.

3.8.2 Volgorde

Die alfabetiese aanduiding in Figuur 3.9 stel die gebeure in die vertelling voor soos wat hulle vertelmatig op mekaar volg (vertelorde); dit kan hoofstukke, paragrawe of episodes wees, terwyl die syfers die chronologiese orde weergee. Vergelyk die volgende gedeelte (3.8(a)) uit Rust-Mijn-Ziel: 'n Aandgesang (Aucamp, 1977:264), waarvan daar 'n indeling van die eerste gedeelte gemaak word. Dit is 'n oorvereenvoudiging ter wille van illustrasie:

- 3.8(a) *In die somers van vergange jare het ek na middagete gaan stap; nou, in die stramme droogte, met een skroeiwarm dag na die ander, gaan stap ek voor ontbyt en na aandete, omdat dit dan koel is, maar ook uit erbarming teenoor die veld, want in die sagte lig van die môre en die skemering van die aand val die droogte nie so skerp op nie; sien jy weidseheid, en nie dorheid nie; voel jy vrede, nie verlatenheid nie.*

Nou die oggend: Ek staan op 'n rantjie en kyk oer die plaas en raak bedroef, want dis nie of ek na die plaas kyk nie, maar na 'n herinnering, 'n toewerlandskap wat enige oomblik in die mis kan verdwyn. Oor 'n jaar of twee, drie, vier - wie kan sê hoe lank? - gáán die

*plaas verdwyn; dan sal Rust-mijn-niel 'n
herinnering word, 'n Boplaas, 'a landscape of
the mind', 'n sprokie bevolk deur dodes.*

*Wanhopig probeer ek red wat te red val: ek
koester name en reuke; geluide, kleure, teksture.
Ek kyk na die stukkie aarde onmiddellik om my.*

In hierdie uittreksel kan 'n mens die volgende vertelorde en chronologiese orde soos in Figuur 3.9 onderskei.

FIGUUR 3.9

VOLGORDE, RETROSPEKSIE EN ANTISIPASIE

A	B	C	D	E
1	3	2	4	2'

In die somers	= A
Nou in die strawwe droogte	= B
Nou die oggend	= C
Oor 'n jaar	= D
Wanhopig probeer ek	= E

B volg hier vertelmatig voor C hoewel C eintlik chronologies voor B moet wees of minstens aan die begin van B ingesluit moet wees, terwyl E weer by C aansluit.

A is 'n terugblik na 'n periode waarvoor daar nie vertel word nie. So 'n terugblik noem Genette (a.w.: 49) 'n eksterne analepsis.

E is 'n interne analepsis, dit wil sê 'n teruggrype na 'n tyd, eintlik gebeurde, waarvoor daar vertel is (Genette, a.w.: 50).

D is 'n antispasie of by monde van Genette (a.w.: 67) 'n prolepsis. 'n Sogenaamde eerste persoonverteller leen homself beter tot prolepsis *by the very fact of its avowedly retrospective character, which authorizes the narrator to allude to the future and in particular to his present situation, for these to some extent form part of his role* (t.a.p.).

Genette (a.w.: 49) maak nog fyner onderskeidings maar slegs een hiervan word nog genoem, naamlik gemengde pro- en analepsis. 'n Gemengde analepsis is 'n analepsis waarin die gebeure wat beskryf word voor die aanvang van die vertelling begin maar tot in die vertelling voortduur. Die gebeure waarna teruggegryp word, val dus deels binne en deels buite die verhaal.

Analepsis en prolepsis is dus anachronieë wat *can reach into the past or the future, either more or less from the 'present' moment (that is, from the moment when the narrative was interrupted to make room for the anachrony* (a.w.: 48). Hierdie hede (present) veronderstel *a kind of zero degree that would be a condition of perfect temporal correspondence between narrative and story* (a.w.: 36), dit wil sê 'n verwysingspunt wat die fokus van die vertelling uit die oog van die verteller en die storie, die gebeure waaroor hy vertel, vorm.

'n Bekende tegniek in die vertelling is die sogenaamde *in medias res*. *De leser valt daarbij aan het begin van de roman midden in de geschiedenis* (Van Luxemburg, 1982:154; vergelyk ook Genette, a.w.: 36). Van hierdie punt word dan retrospektief gekyk na wat vooraf gebeur het.


Ten opsigte van die anachronieë moet nog vermeld word dat 'n anachronie 'n sekere bereik het, dit wil sê dit waarna teruggegryp

word, het n duur van byvoorbeeld n paar sekondes of selfs jare, terwyl n anachronie ook n sekere afstand het. Afstand verwys dan na die tydsduur tussen die anachronie en die fiktiewe hede (Van Luxemburg, a.w.: 155).

3.8.3 Epiese afstand

Verwant aan die afstand waarvan hier pas gepraat is, is die *epische Distanz* of epiese afstand wat Jauss (1978:115, e.v.) as deurslaggewend vir tydsuitdrukking in die vertelling sien. Epiese afstand kan sketsmatig soos in Figuur 3.10 voorgestel word.

FIGUUR 3.10



Hoe verder die verteller hom bevind van dít waaroor hy vertel, hoe groter sal die omvang van sy waarneming wees. Indien hy hom nader aan die gebeure plaas, is hierdie afstand natuurlik slegs dit waaroor hy op n gegewe punt kan heenkyk. *Will der Erzähler die epische Distanz aufheben, so muss er die Zukunft in die Vergangenheit seiner Geschichte - le temps ouvert dans le temps clos - wieder einführen und im passé du récit erzählen.* (Jauss, a.w.: 116) Hy moet met ander woorde om die afstand op te hef, geen antisipasies maak vanuit die fiktiewe hede nie.

Die leser kan aldus Jauss (a.w.: 124) slegs in die binneruim van die vertelling ingetrek word *wenn der Erzähler seinem Transzendenten Standpunkt aufgibt.* Dit is so omdat die leser hom op dieselfde vertelposisie bevind as die verteller. Indien die

afstand groot is kyk die leser net soos die verteller retrospektief daarna en is die gebeure altyd in die verlede. Soms is dit h hede in die verlede, soms h reeds gebeurde verlede en soms h toekoms van die verlede of soos Jauss (a.w.: 116) dit uitdruk, h '*Noch nicht' eines pasé à venir*.

Nieteenstaande hierdie fiktiewe vorme wat geskep word, is die leser steeds daarvan bewus dat alle vertellings h weergawe is van die verlede, maar hy stel hom bereid om die voorgestelde werklikheid as waarheid te aanvaar (vergelyk Van Rensburg, 1982: 130).

3.8.4 Die funksie van tempus

Sedert die verskyning van Käte Hamburger se nou reeds oorbekende werk Die Logik der Dichtung in 1952 - waarvoor ek die 1957-uitgawe gebruik - het daar in Duitsland (maar ook van elders) talle reaksies gekom, wat soms haar bevindings ondersteun en soms weerspreek het.

Kortliks kom haar sienswyse daarop neer dat die sogenaamde epiese preteritum kenmerkend is van die vertelling en spesifiek die fiktiewe vertelling (Hamburger, 1957:27). Die preteritum verloor as't ware sy verledetydskarakter en verkry die betekenis van h voorgestelde hede (a.w.: 29, e.v.). Sy voer as bewys hiervoor aan dat uitdrukings soos die volgende algemeen in vertellings kan voorkom: *Morgen war Weihnachten* (a.w.: 37). Tyd word nou fiktief, nie meer met behulp van *tempus* uitgedruk nie, maar wel met behulp van bywoorde soos *morgen* en *gestern* (t.a.p.).

In Duitsland het die belangrikste reaksie van Weinrich gekom met die verskyning van Tempus; besprochene und erzählte Welt. Vir die volgende opmerkings oor sy beskouing gebruik ek h samevattende artikel van Weinrich (1978).

Hy wys (a.w.: 165, e.v.) daarop dat dit onekonomies is om in elke sin en met elke werkwoord tyd aan te dui. Taal, aldus Weinrich, werk nie onekonomies nie. Daar moet dus 'n ander funksie by Tempus as bloot tyd wees. *Wäre nicht eine vollkommene, den Denken adäquate Sprache vorstellbar, welche die Zeit, wenn sie unwichtig ist gar nicht, wenn sie aber wichtig ist, dann ganz genau benzeichnet? Warum Tempora die in Ihrer stereotypie bald zuviel, bald zuwenig geben* (a.w.: 167). 'n Bietjie verder vra hy (169): *Soll man Tempus mit Zeit erklären?* Dit rym nie vir hom nie, Tempus druk eerder tydelikheid as tyd uit (a.w.: 178).

Bowendien is die *eenvoudige* gebruik van die preteritum met bywoorde soos *mêre* en *nou* nie net tot vertellings beperk nie. Hy haal vervolgens voorbeelde in Engels, Duits en Frans aan om sy stelling te staaf. Die preteritum druk dus nie net fiksionaliteit uit nie, maar ook sekerheid, ook verlede en daarom die tydswaarde eerder as die tyd van die uiting (a.w.: 194). Soos reeds aangedui (2.2.2) is werkwoordpatrone in Afrikaans in 'n selfs minder mate van tyd afhanklik. Enige een van die twee patrone kan saam met enige tydsverwysingspunt gebruik word.

Daar is volgens sy beskouing twee basiese werkwoordelike stelsels, naamlik een om van die wêreld te praat en een om daaroor te vertel. Vir die besproke wêreld word veral die presens en verwante vorme gebruik, terwyl daar vir die vertelde wêreld veral van die preteritum en die daarmee verwante vorme gebruik gemaak word.

Juta Goheen (1978) bestry die opvatting van Hamburger maar ook dié van Weinrich aan die hand van 'n werk van Rilke. Sy wys hoe tempus in verskillende werke verskillende funksies kan kry. By Rilke se Aufzeichnungen des Malte Laurids Brigge verkry die

preteritum die waarde van verganklikheid, die perfektum die waarde van voltooiing en dus Ingeperkteid en die presens teenwoordigheid en aanwesigheid (a.w.: 288, e.v.). Tempusvorme word dus gebruik om spesifieke waardes te kommunikeer en nie om tyd as sodanig, of soos wat Hamburger dit wil hê, fiksionaliteit uit te druk nie. Dit het ook nie net die soort waardes wat Weinrich daaraan gee nie, maar verkry binne 'n gegewe werk en dus ook 'n gegewe diskoers 'n besondere funksionaliteit.

Nessa Wolfson sit in twee artikels (1978 en 1981) die funksie van tempus, veral die Engelse historiese presens en die omskakeling van een tempusvorm na 'n ander in mondelinge vertellings uiteen. Sy wys (1978:215, e.v.) op die feit dat die historiese presens veral in sekere genres soos reisgidse en sportoorsigte voorkom. Dit word volgens haar ondersoek (1978:219 en 1981:227), nie soseer vir dramatiese momente in vertellings aangewend nie. By die dramatiese momente vind daar gewoonlik 'n omskakeling na die preteritum plaas.

Sy lê besondere nadruk op die funksie van tempus binne besondere genres en wys daarop dat die gebruik van verskillende tempusvorme ook afhang van die situasie of konteks waarbinne dit gebruik word (1978:222, e.v.). Sake soos die onderlinge bekendheid en selfs die geslag van sprekers speel 'n belangrike rol by die besondere tempusvorme wat gebruik word.

Haar ondersoek, veral die beklemtoning van die feit dat die historiese presens nie dramaties gebruik word nie, staan lynreg teen die bestaande opvatting hieroor. Dat hierdie siening van haar ook vir Afrikaanse mondelinge vertellings geldig is, is deur Du Plessis (1983) aangetoon.

Een belangrike werk, naamlik die van Bronzwaer, Tense in the Novel (1970), verdien nog ons aandag. Hierdie studie het as hoofteema die plek en die taak van die taalkunde in literêre kritiek. Hy illustreer dit aan die hand van opvattinge oor die funksie van tempus. Aan die een kant wys hy Hamburger se beskouing af op grond daarvan dat sy dit tot die epiëk beperk (a.w.: 47). Aan die ander kant stem hy ook nie met Weinrich saam nie omdat laasgenoemde nieteenstaande liipediens, nie die kontekstuele verband by die funksie van tempus voldoende belig nie (a.w.: 70).

Hy sit ook die teorie van Franz Stanzel, waarop hier nie ingegaan is nie, uiteen en besluit dat hierdie teorie linguisties meer geregverdig is (a.w.: 47). Stanzel gaan veral van die standpunt uit dat die tempusgebruik by die aard van die vertelinstansie lê. Indien daar met die sogenaamde vrye indirekte rede vertel word, is die verteller ook 'n karakter in die vertelling en dan kan tydsbywoorde soos *môre* en *nou* wel met die preteritum gebruik word (a.w.: 46). Indien die fokalisering verander, sal ook die tempusgebruik verander (a.w.: 47).

Bronzwaer sien uiteindelik die gebruik van tempus in die vertelling as 'n wyse waarop die outeur 'n kontras kan skep tussen verteller en karakter asook hede en verlede binne die vertelde wêreld. Daardeur kan uitdrukking gegee word aan emosie en nuanses van betekenis, en uiteindelik kan die graad van betrokkenheid van die outeur in sy daargestelde wêreld ook met behulp van tempus uitgedruk word (a.w.: 79-80).

3.8.5 Opeenvolging in die samehang

Stempel (1978) wys daarop dat daar in 'n teks 'n logiese opbou van oorsaak en gevolg, toestand en gebeurte is waardeur die leser kan slaag om 'n diachronie te bou (a.w.: 317). Iemand moet immers sterf voor hy begrawe kan word, dit moet reën terwyl druppels val. Sinne soos die volgende is dus moontlik:

- 3.8(b) *Müller klingelte (er/und) trat ein.
Müller las und rauchte.
Müller las und schlief ein.
Es regnete. Tropfen fielen. (a.w.: 304-305.)*

Hierteenoor is sinne soos die volgende logies nie moontlik nie:

- 3.8(c) *Müller ass, danach ass er.
Müller schlief und las.
Es regnete danach fielen Tropfen. (t.a.p.)*

Die vertellingverbande stig dus as't ware vanself 'n opeenvolging. Op 'n abstrakte vlak volg een gedeelte van 'n vertelling op 'n ander waar dit chronologies nie pas nie, maar binne die konteks van die verhaal (die boodskap van die vertelling) in teenstelling met die storie (dit wil sê die blote gebeure) is 'n besondere opeenvolging logies en noodsaaklik. Wat ver in die verlede is, is immers soms psigologies reëler as dit wat nader in die verlede is (Brink, 1967:88, e.v.).

3.8.6 Tekstyd

Tekstyd moet uit hoofde van wat in 3.8.1 tot 3.8.5 gesê is, meervlakkig benader word en nie vanuit 'n enkele hoek nie. Die rol van die verteller, die karakters, die teksruimte, gebeure, epiese afstand en die kommunikatiewe funksie van tempus (wat veral op kontras, of anders gestel, keuses uit die beskikbare tempusmoontlikhede berus), moet alles in ag geneem word. Dit móét gedoen word as die ondersoeker enigsins tot 'n aanvaarbare gevolgtrekking oor die wyse waarop tyd in die vertellerstek vergestalt word, wil geraak.

3.9 SAMEVATTING

Die literêre teks is by uitnemendheid 'n geheelstruktuur, álle tekste is. Die taal is nie isoleerbaar van die konteks waarin dit gebruik word nie, onderskeibaar wel. Dié twee stellings word deur die gegewens in hierdie hoofstuk ondersteun. Uit hulle vloei voort dat ook tydgegewens nie van die teks en die konteks losgemaak kan word nie. Om tydsuitdrukking dus in isolasie van teks en konteks te bestudeer, is onprakties en onwetenskaplik.

Die grammatika van tyd in Afrikaans sal nie in die werkwoord gevind kan word nie, ook nie in die predikate van geïsoleerde sinne nie, maar slegs in die diskoers wat die kommunikatiewe taaleenheid is.

In die inleiding tot hierdie hoofstuk is die kunsmatige skeiding van letterkunde en taalkunde betreur. Die oplossing wat hiervoor aan die hand gedoen is, maak nie 'n skeiding in materiaal nie, maar in funksie en doelstelling.

Om die literêre werk as diskoers te sien, moet daar uit taalkundige oogpunt van die standpunt uitgegaan word dat dit 'n konkrete diskoers is. Daar is nie in so 'n beskouing ruimte vir 'n abstrakte outeur tensy die leser van hom bewus word nie. Die taalkontrak word gesluit tussen 'n konkrete leser en gewoonlik die vertelinstantie. Die teks word deur die leser gekonkretiseer.

By 'n ondersoek na die tydsuitdrukking in die diskoers moet die leser en die vertelinstantie as deelgenote aan dieselfde tydsplasing en dus deiktiese sentrum aanvaar word. Vanuit hierdie standpunt sal die analise van die kortverhale in die volgende hoofstuk gedoen word.

H O O F S T U K 4'N ANALISE VAN DIE TYDSVERGESTALTING IN AGT KORTVERHALE

In Hoofstuk 3 (3.3.3) het dit geblyk dat die taalstruktuur in diens van die kommunikatiewe funksie van taal is. Dit is nie die struktuur wat kommunikeer nie, maar die deelnemers aan die gesprek. Waar die struktuur hom nie leen vir die oordrag van 'n besondere boodskap nie, sal die deelnemers nogtans, met inagneming van die konteks, daarin slaag om so 'n samehang in die teks te bewerkstellig dat die boodskap oorgedra kan word.

Hierdie stelling moet as die werkshipotese vir die onderhawige hoofstuk gesien word. By voorbaat moet daar gestel word dat dié stelling soos alle veralgemenings 'n oordrywing is, niesteenstaande die feit dat die deelnemers, 'n mens wil amper sê ondanks die struktuur, daarin slaag om te kommunikeer, is dit die belangrikste medium in die kommunikasieproses en daarom moet die boodskap minstens gedeeltelik in die struktuur teruggevind kan word. Die soeke na die inhoud in die struktuur moet altyd via die samehang en daarom ook die betekenis geskied en nie andersom nie (vergelyk 3.3.3). Eers as 'n mens die vertolkte teks het, sal dit duidelik word op watter wyse dit in die struktuur terugvindbaar is.

Soos reeds gestel, word kommunikasie by die deelnemers gevind en daarom moet daar, om tot die kern van grammatiese tydsvergestalting in Afrikaanse kortverhale te kom, bepaal word wie die deelnemers aan die diskoers is. Om dieselfde rede is 'n ontleding van die konteks en samehang in die teks noodsaaklik. By die bestudering van die kortverhale met die oog op die grammatikale tydsvergestalting daarvan moet die volgende sake dus ontleed word:

- (a) die konteks, wat
- (b) die deelnemers insluit en dus
- (c) die deiktiese sentrum bepaal;

hiermee moet ook aandag gegee word aan

- (d) fokalisators in die teks wat 'n fiktiewe deiktiese sentrum kan veronderstel;
- (e) die chronologie in die teks (vergelyk 3.8.1) en
- (f) die boodskap wat deur die spreker oorgedra word.

In Hoofstuk 1 (1.6) word dit in die vooruitsig gestel dat die kortverhale wat ontleed sal word

- (a) 'n verteenwoordigende beeld moet gee vir wat in die Afrikaanse letterkunde te vind is;
- (b) dat hulle uit 'n letterkundige oogpunt meriete moet hê;
- (c) dat daar 'n voldoende vertellerstekes moet wees om die ontleding moontlik te maak en
- (d) dat daar by voorkeur 'n ooglopende ontginning moet wees van die grammatikale moontlikhede om tyd in Afrikaans uit te druk.

Die eerste drie van hierdie kriteria lê eintlik op die weg van die letterkundige en benewens (c) wat in (3.7.2.3) verduidelik word, word hulle nie verder geëksplisiteer nie. Om nogtans hierdie kriteria te handhaaf beperk ek die keuse van die verhale wat ontleed word tot verhale wat in twee bekende en alomgebruikte

kortverhaalbundels opgeneem is, naamlik Hoogtepunte in die Afrikaanse Verhaalkuns (byeengebring deur A.P. Grové, tweede uitgawe, 1977) en Die Afrikaanse Korverhaalboek (saamgestel deur Abraham H. de Vries, tweede uitgawe, 1980). Hiermee verlaat ek my dus op verhale wat deur literatore self geskik geag is om in bundels opgeneem te word om daarmee 'n verteenwoordigende beeld van die Afrikaanse verhaalkuns te bied.

Die keuse van een verhaal wat nie in hierdie bundels voorkom nie naamlik Die Betlehem-ster (uit Jaarringe deur Henriette Grové, 1966), is gemaak om die besondere aanwending van die gemerkte en ongemerkte werkwoordpatrone daarin met Elise Muller se gebruik daarvan in Kinders in die skemer te kontrasteer.

Die volgende agt verhale word in meer detail ontleed (maar al die verhale in hierdie bundels, word as verwysingsmateriaal en korpus vir die ondersoek gebruik):

Lettie deur Gustav Preller
Leuens deur C.M. van den Heever
Die tuiskoms deur J. van Melle
Kinders in die skemer deur Elise Muller
Hoogsomernag deur Chris Barnard
Swart-ys deur Hennie Aucamp
Terugkeer deur P.J. Haasbroek
Die Betlehem-ster deur Henriette Grové

Wyse van verwysing en ander voorbeeldmateriaal

Verwysings na die genoemde bundels sal so weergegee word:

Hoogtepunte uit die Afrikaanse verhaalkuns : H
Die Afrikaanse Kortverhaalboek : K
Jaarringe : G

Na aanhalings sal die bladsynommer ook vermeld word (byvoorbeeld H34). Verwysings wat op dieselfde bladsy voorkom en direk na mekaar gegee word, sal na die eerste met t.a.p. aangedui word. Voorbeelde wat gebruik word en nie uit 'n verhaal kom nie kan op hierdie wyse van aanhalings onderskei word omdat geen bladsynommer of bron by hulle aangedui word nie. Aanhalingstekens word net gegee as dit in die voorbeeld uit die verhale self voorkom.

Die verhale word telkens ontleed om een besondere aspek van die tydsvergestaltung daarin uit te lig maar daar word telkens terloops na ander verwante aspekte wat daarin voorkom, verwys.

4.1 LETTIE van Gustav Preller

Wetes, tye en oriënteringspunte

In die eerste paragraaf stel die verteller hom eksplisiet teenoor die leser. Uit hierdie voorstelling blyk dit dat die gebeure waarvoor hy gaan vertel reeds plaasgevind het.

4.1(a) *Die geval Lettie ... is 'n hele ruk gelede
gebeur ... (H34)*

Die leser verkeer dus in 'n bewuste gesprek met die verteller.

4.1(b) *Maar juis dáárom dag ek dat dit Liewer nou
moes opgeteken word. (t.a.p.)*

Die *nou* in hierdie sin word deur die leser as die *nou* van die verteller vertolk maar ter wille van die diskoers betrek die leser dit ook op homself. Die leser moet immers op dieselfde diskoersvlak as die verteller verkeer, hulle moet deel hê aan dieselfde deiktiese sentrum om die gesprek te laat vlot (vergelyk 3.2.5).

Die verteller maak vervolgens 'n paar algemene stellings wat hy ook as algemeengeldend verklaar:

- 4.1(c) *die dltyd-grote ... wat dlmal moet onthou,
vergeet ons ter wille van die geskiedvorseer ...
alles raak weg uit die memorieleittjie. (t.a.p.)*

Die tydlose geldigheid word nie in die werkwoordvorm uitgedruk nie maar eerder met *dltyd*, *dlmal* en *alles*. Hierdie *alles* sluit ook in

- 4.1(d) *en klompies Boere wat skiet en skiet ... en
die kreun van die wat seergekry het. (t.a.p.)*

Skiet word herhaal, nie alleen om die frekwensie of iteratiewe aspek (vergelyk 2.3) uit te druk nie, maar ook ter wille van die veralgemening en benadrukking wat in enige herhaling kenbaar is. Om dieselfde rede nominaliseer hy *kreun*. Dit is nie nou maar 'n blote gebeure nie maar 'n saak, en 'n saak het eerder ruimtelike as tydskenmerke. Die tydelike gebeure word sodoende aan die tyd ontruk en as algemeengeldend voorgestel. Stel ter opklaring hiervan die volgende teenoor mekaar:

- 4.1(e) 1) *die beseerdes kreun* (as sin) en
2) *die kreun* (met ander woorde *gekreun*) van die *beseerdes* (as nominaalkonstruksie).

Met die teenstellende neweskikker *maar* in die slotsin van die eerste paragraaf:

- 4.1(f) *Maar Lettie ... (t.a.p.)*

word die gebeure rondom Lettie, wat in die vertelling wat volg, losge-
maak van hierdie algemene; die maklik vergeetbare. Die effek word

verhoog deur nie met die vorige aan te gaan nie maar dit met 'n punt af te sluit en die *Maar* met 'n hoofletter te laat begin. Dit is 'n diakritiese nadruksmiddel eie aan skriftelike taalgebruik (vergelyk 3.4.4). Die slotsin van die verhaal lui so (weer eens met 'n hoofletter):

4.1(g) *Maar, soos ek sê, dis al só lank gelede, dit
doef al weg uit die geheue. (H 39)*

Skynbaar loonstraf hierdie sin my vroeëre bewering, maar is dit werklik so? Hier verskyn die vertellende *ek* vir die eerste keer sedert die begin van die verhaal weer sigbaar, eksplisiet in die verhaal. Die verteller stel hom weer teenoor die leser. Hy het alles haarfyn onthou rondom die geval Lettie, dit het nie uit sy geheue verdof nie. Hierdie teenstellende *maars* wat herhaal word, vloek teen mekaar: dit is 'n teenstelling van 'n teenstelling. Hy sê *nóú* (vergelyk: *maar soos ek sê*) en daarom maak hy dit teenwoordig. Nie op grond van die werkwoord *sê* wat bloot 'n ongemerkte vorm ten opsigte van tyd is, maak hy dit teenwoordig nie, maar op grond van die feit dat 'n stelling wat volg op, *ek sê* in samehang met *maar* en *soos* altyd hede móét wees tensy dit op een of ander wyse eksplisiet as verlede gemerk word. Hierteenoor is 'n stelling na *hy sê* en selfs *ek sê* nie sonder meer as hede interpreteerbaar nie:

- 4.1(h) 1) *Soos ek sê: hy is ryk.*
2) *Ek sê: hy is ryk.*

Hy is ryk in 4.1(h)1) veronderstel òf 'n hede òf minstens 'n algemeen=geldigheid terwyl 4.1(h)2) òf hede òf verlede kan wees met ander woorde ek herhaal wat ek reeds gesê het òf ek sê nou so.

Sodra hierdie sin gemerk word, byvoorbeeld met 'n besondere plasing of 'n bywoord kan die *hede*-interpretasie verdwyn:

- 4.1(i)1) *Maar, hy is ryk, soos ek sê.*
 2) *Maar, soos ek toe sê: hy is ryk.*
 3) *Maar, soos ek daarop sê: hy is ryk.*

Daarop het in hierdie soort gebruik (4.1(i)3) so 'n kragtige uitwerking op die totale samehang dat dit direk voorgaande en opvolgende uitings almal in die verlede plaas.

In die tweede paragraaf fokus (vergelyk vir hierdie term 3.8) die verteller self vanuit die hede van die tekstuele konteks op Lettie:

- 4.1(j) *Sy was 'n mooi ding ... (H34)*

Die slotsin van hierdie paragraaf staaf ook hierdie stelling:

- 4.1(k) *dat sy 'n eie nasie had om te behoort. (H34)*

Was en *had* druk hier die afstand tussen die tekstuele hede van die verteller en leser uit: *Sy was mooi*. *Sy* is dit nie noodwendig meer nie; *sy had* 'n volk, nie noodwendig *nog* nie. Hierdie stellings is voltooi ten opsigte van die deiktiese sentrum. Presies dieselfde verskynsel vind ons in die derde paragraaf maar hier word die afstand tussen die deiktiese sentrum, benewens die gebruik van die gemerkte werkwoordvorm *was* deur *toe* en *daar* vergroot:

- 4.1(l) *toe die kakie-offisier daar aangery kom. (t.a.p.)*

Toe in plaas van *nadat* of *wanneer* dui op 'n verwyderdheid tussen die oomblik van spreke en die gebeure waarmee *toe* anafories verbind word. *Toe* kan miskien soos volg geparafraseer word: *op daardie tydstip waarop*. Dit maak van *toe* nie alleen 'n anaforiese element nie maar ook 'n deiktiese. Die tyd en ruimte van die handeling verbonde aan *toe* word op 'n afstand geplaas. Die korrektheid van hierdie parafrasering blyk uit die voorkoms

van *daar* saam met *toe*. Die gebeurte is tyd en ruimtelik van die deiktiese sentrum verwyder.

4.1(m) *Toe hulle hier aangery kom.*

Die gebruik van *toe* saam met *hier* soos in (m) is slegs moontlik indien daar nie 'n ruimtelike afstand tussen die verteller en gebeurte bestaan nie. Iets wat in 'n fiktiewe verhaal hoogs onwaarskynlik is. Dit kan natuurlik saamval met 'n ruimtelike oriënteringspunt wat reeds gegee is. Dan slaan *hier* op die gegewe ruimtelike oriënteringspunt en nie op die deiktiese oriëntering nie. In mondelinge vertellings waar die spreker hom op dieselfde ruimtelike punt bevind as waaroor hy verhaal kan so 'n *hier* natuurlik wel voorkom.

In die volgende paragrawe vind ons 'n vermindering van die epiese afstand (vergelyk 3.8.3):

4.1(n) *Styf van ver ry, lig die offisier hom suuar uit die saal, sukkel sy voet uit die stiebeul en gooi die teuel naar sy ordonnans, waarna hy wydsbeen die voetpaadjie opsleuter, deur-toe: geel kamaste, wyeboudrybroek, kakiehelm en oogglas.*

Die skoul wou agterna, maar hy beduie hom met 'n afwerende gebaar om by die perd te bly.

Hy klop aan met die peitskop, kug 'n paar keer, en Let kom voor. (H34-35)

Die epiese afstand is egter nie opgehef nie. Hierdie reeks paragrawe is ondubbelsinnig in die verlede tyd. Nie op grond van hulle werkwoordvorme wat immers bloot handelinge en nie tyd uitdruk nie, maar op grond van die samehang in die teks. Dit is ook geen sogenaamde historiese of dramatiese gebruik van die presens nie. Die sogenaamde presensvorm van die werkwoord bestaan in Afrikaans immers nie (vergelyk 2.2.2).

Die eerste saak wat op verlede dui is die feit dat die offisier bepaald is: *die offisier*. Reeds in die vorige paragraaf by die eerste kennisname was dit *die offisier*. Hy is toe nie as nuwe deelnemer aan 'n teenswoordige gesprek voorgestel nie. Vir die verteller was dit ou inligting, nie vir die leser nie. Hierdie feit maak dit verlede; die leser aanvaar dit as ou inligting wat die verteller deurgee. Hy is bekend, nie aan die leser nie, dit aanvaar die leser want hy het immers nog nie van hom gehoor tot op die oomblik van lees nie. Hy is bekend aan die verteller. Die verteller ken die verhaal en daarom ook die offisier. Offisier en verhaal hoort daarom tot die aan die verteller bekende verlede. 'n Tweede saak wat in hierdie paragraaf opval is die gebruik van *waarna* - stel die volgende sinne teenoor mekaar:

- 4.1(o)1) *Hy klim af en nou slenter hy die voetpaadjie op.*
- 2) *Hy klim af en slenter die voetpaadjie op.*
- 3) *Hy klim af en dan slenter hy die voetpaadjie op.*
- 4) *Hy klim af waarna hy die voetpaadjie opslenter.*

4.1(o)1) kan enige tyd uitdruk afhangende van die deiktiese sentrum van die verteller. Dit kan ewe goed hede as verlede wees. Dieselfde geld ook vir 4.1(o)2). Om te bepaal of hierdie twee sinne tot die hede of die verlede behoort, moet 'n mens na hulle samehang met die res van die teks asook die konteks gaan kyk.

4.1(o)3) kan slegs, indien die samehang en konteks dit vereis, as hede gesien word. Geïsoleerd gesien skep dit die indruk van die verlede. Hoe kan 'n mens wat 'n lopende kommentaar gee, reeds tydens die gebeure weet wat volgende gaan gebeur? So 'n wete is as't ware 'n voorwaarde vir die gebruik van *dan* in 4.1(o)3). Teenoor die eerste twee sinne wat afhangende van die konteks en samehang as hede en verlede gesien kan word, is daar by 4.1(o)4) 'n duidelike afstand tussen die uitingshede en die verhaalgebeure. *Waarna* veronderstel immers dat daar 'n oordeel oor handeling gemaak is. Een handeling word gesien as afgehandel voordat

die volgende uitgevoer word. So 'n oordeel vereis 'n verwyderdheid tussen die persoon wat die oordeel maak en die gebeure self. Hy moes reeds altwee handelinge objektief kon sien om die oordeel te maak. *Waarna* sluit 'n hede-interpretasie uit. 'n Toekomstige interpretasie kan wel gemaak word, om dieselfde rede. Daar is dan 'n afstand tussen die spreker en die gebeure. *Waarna* kan slegs ten opsigte van gebeure in die verlede of gebeure in die toekoms gebruik word.

Die gebruik van *wou* in die volgende paragraaf (4.1(n)) dui ook daarop dat daar 'n afstand tussen die gebeure en die spreker moet bestaan. 'n Gelyktydige vertelling, 'n lopende kommentaar dus, sou nie 'n afgehandelde instelling aan die handeling van die skout kon koppel nie. Hierdie vertolking kan slegs gemaak word as die spreker reeds bewus is van die *afwerende gebaar* van die offisier. Ook die feit dat hierdie gebaar daarop moet dui dat die skout by die perde moet bly, kan veronderstel dat die spreker dit by nabetragting so geïnterpreteer het. Hy beskik dus oor 'n sekere wete in verband met die gebaar. Die offisier kon miskien bedoel het dat die skout moet wag; moes teruggaan na hulle kamp of nog 'n duisternis ander moontlikhede wat op die voorveronderstellings wat tussen offisier en skout moes bestaan het, berus. Slegs by nabetragting of 'n intieme kennis van hierdie twee here se gebruike kan so 'n oordeel oor hierdie gebaar moontlik wees.

Die aanvang van die volgende paragraaf in (4.1(n)): *Hy klop aan ...* (H35) kan in isolasie as enige tyd hoegenaamd geïnterpreteer word, maar 'n verlede-interpretasie word vereis indien dit in samehang met *kug 'n paar keer* gelees word. 'n Lopende kommentaar hiervan kan hoogstens so iets wees soos:

4.1(p) *hy kug en kug en kug weer.*

Slegs van 'n tydsafstand of wete kan besluit word dat iemand *'n paar keer kug*.

Die volgende paragraaf behoef geen betoog nie, 'n indirekte weergawe van wat iemand sê, is immers slegs by nabetragting moontlik.

4.1(q) *Of daar mansmense tuis was, vra hy ...* (H35)

Wat in hierdie sin egter opval is die gebruik van *was* - *is* sou nie die afgehandelheid van hierdie saak opgehef het nie, vergelyk

4.1(r) *Of daar mansmense tuis is, vra hy ...*

Met *was* verhoog die spreker die epiese afstand tussen hom en die gebeure. Ook die fokus verander, die verteller beskou die gebeure nie meer van agter die offisier se rug nie maar van die posisie waar Let staan. Dat hy eers wel die gebeure van agter die offisier beskou het, blyk uit die feit dat hy *opslenter deur-toe* (4.1(n)). Dat ons algaande die wêreld vanuit Let se gesigspunt begin sien, blyk uit 'n reël soos

4.1(s) *(Let) tuur 'n oomblikkie in die rigting van die lande.* (H35)

'n Tweede moontlike interpretasie vir die gebruik van *was* in plaas van *is*, kan moontlik gesoek word uit die feit dat ons hier met 'n ouer vorm van Afrikaans te doen het: een waarin al die oorgeblewe imperfektumvorme nog in hulle ou waarde gebruik word, met ander woorde dat sodanige vorme deurgaans gebruik word waar hulle bestaan en dan ongeveer dieselfde waarde het as in Nederlands. Vir hierdie standpunt pleit die feit dat *sou*, *wou*, *was* en *had* byna deurgaans in die verhaal gebruik is in plaas van *sal*, *wil*, *is* en *het*. Met *het* word hier die oorganklike werkwoord bedoel en nie die sogenaamde hulpwerkwoord van tyd nie. Ons vind drie teenvoorbeelde vir so 'n beskouing in die teks. In die gebruik van *kan*:

4.1(t) *Hy kan sy oë nie van haar afhou nie ...* (H37)

Ook hier sou 'n mens dan eerder *kon* as *kan* wou hê. In dieselfde paragraaf vind 'n mens ook *ie* in plaas van *was*. ... *en is veels te ingenome daarmee*. Aansluitende by die eerste verklaring van *was* kan 'n mens ten opsigte van hierdie gebruik opmerk dat die verteller nie in dié geval 'n groter afstand verkies het nie maar die gebeure se ontwikkeling met 'n intense belangstelling van naderby besigtig. Dat hierdie gedeelte 4.1(t) *Hy kan sy oë nie van haar afhou nie en is veels te ingenome daarmee om te sien waarheen dit gaan* (t.a.p.) in elk geval verlede is, en nie hede nie, blyk uit *om te sien waarheen dit gaan*. Die verteller moes immers by so 'n uiting reeds geweet het *waarheen dit sal gaan*. *Te* veronderstel immers 'n modale hulpwerkwoord (vergelyk Ponelis, 1968:126).

Herhaaldelik vind 'n mens in hierdie teks die woorde *vervolg hy* (byvoorbeeld H35 en H37). Hierdie woorde kan nie op die hede dui nie. *Vervolg* in hierdie sin kan slegs op verlede of toekoms dui. Om hierdie woorde te gebruik veronderstel dat 'n mens nog meer gaan sê, dat dit waarmee jy besig is, uitgebrei sal word. Geen radiokomentator sal hierdie woord tydens die beskrywing van 'n politieke debat kan gebruik nie, dit dui op 'n terugblik en nie 'n deuropende kommentaar nie. Dieselfde soort betekenis vind 'n mens by *verder* en *voort* in die volgende sinne:

4.1(u)1) *'Hoor nou!' gebied sy verder.* (H39)

2) *Hy bemerk haar verleentheid en praat voort.* (H37)

Oordele of liewer kennis van die wyse waarop 'n handeling voltrek is, bestaan slegs in retrospeksie. 'n Oordeel hieroor kan immers nie gevel word terwyl 'n handeling aan die gang is nie. Voorbeelde van sulke oordele of wetes vind 'n mens keer op keer in hierdie verhaal, byvoorbeeld:

4.1(v)1) *Sonder 'n woord keer Let haar om.* (H35)

2) *(Hy) spelle naderhand die meisie haar naam uit.* (H36)

- 3) *Lettie ... gaan hom voor na buite.* (H37)
- 4) *En hy giegel daar uitermate oor ...* (H38)
- 5) *en druk byna meteens die sneller.* (H38)
- 6) *h Paar asemlose momente volg.* (H38)
- 7) *Hy buk weg, eers op so h slywe slinger-gangetjie ...* (H39)

Die plasing van *sonder h woord* voor die handeling *keer Let haar om* veronderstel immers dat die verteller voor sy vertelling reeds geweet het dat sy nie h woord sou uiter voordat sy haar omkeer nie. Tensy hy h profeet is, kan hy nie telkens sulke raak stellings maak nie, vergelyk maar elkeen van hierdie sinne wat implisiet hierdie voorafwetes veronderstel.

Dat daar h tyd- en ruimtelike afstand tussen die verteller en die verhaal is, blyk ook telkens uit vorme soos

- 4.1(w)1) *Dieselfde agtermiddag is Rietpol se mooi ou woning in as en puin gelê.* (H39)
- 2) *Maar op dié oomblik lyk dit ...* (H36)

Indien hierdie sinne in h teenwoordige tyd en ruimte uitgedruk word, sou h mens so iets soos *vannmiddag* in plaas van *dieselfde agtermiddag* en *nou* in plaas van *dié oomblik* moes hê.

De Villiers (1971:56) het hierdie sake statisties waargeneem: *Die presens* (ongemerkte patroon) *kom na verhouding die meeste voor by woorde soos, namate ...* (byvoeging tussen hakies D.M.W.). Ook elders in hierdie werk wys hy daarop dat h vorm soos *die middag* verlede uitdruk, maar hy verklaar dit nie. Dit bly vir hom statistiese gegewens: sekere patrone kom meer dikwels as ander onder gegewe

omstandighede voor. Hieruit moet h mens aflei dat die struktuur deur hom as belangriker of minstens net so belangrik gesien word as die boodskap. Die teendeel is egter waar soos dit duidelik uit die sinne in 4.1(w)1 en 4.1(w)2 blyk: die struktuur staan in diens van die boodskap.

Die deiktiese sentrum waaruit vertel word, bly in die leser se hede. h Tweede sentrum word verkry wanneer die verteller die gebeure deur die oë en denke van die karakters in die verhaal volg. h Sodanige deiktiese sentrum vind h mens in die dialoog waarop daar nie in hierdie studie ingegaan word nie, asook in fokalisering (vergelyk 3.7.2.1). Waar daar in hierdie vertelling van h deelnemer as fokalisator of deiktiese sentrum gebruik gemaak word, is dit gewoonlik Lettie wat as fokalisator optree. Dit wek natuurlik simpatie by die leser op. h Duidelike voorbeeld van so h fokalisering vind ons in die volgende gedeelte ná die woorde *toe haar die moeder byval siek in die sykamer*:

4.1(x) *Let wou net bits-vinnig antwoord, toe haar die moeder byval, siek in die sykamer; en die onverskillige boosheid maak dadelik plaas vir vrees. Hy had die mag om die huis op hul hoofde af te brand - hy sou dit miskien doen: dieselfde was al so baie maal gedaan! Nee, sy sou liever probeer om hom aan die gang te hou. (H37)*

Bewyse vir die feit dat Lettie as fokalisator optree vind ons byvoorbeeld in die *nee* van die slotsin van 4.1(w) asook *die sykamer* wat vanaf h afstand miskien eerder omskryf sou word as *die kamer langs-aan* indien sake vanuit die vertellershede gegee sou word. Daar kan egter ook teenbewyse aangevoer word teen die gedagte dat Lettie waarlik die deiktiese sentrum in hierdie vertelling geword het. Haar gedagtes word gerapporteer, sy dink dit nie self nie, vergelyk

4.1(y) *Hy had die mag om die huis bo hulle koppe af te brand. (H37)*

Die sentrum verskuif vervolgens as Let na die lande tuur (H35) en weer met die woorde *Let gaan die huis binne* as Let met die gewere terugkom:

4.1(b1) *Die meisie was byna onmiddellik terug met twee gewere. (H35)*

Volgens die voorgaande gegewens kan daar 'n saak uitgemaak word vir 'n enkele of twee deiktiese sentrums. Vir die enkele deiktiese sentrum pleit immers die feit dat alles wat hier verhaal word, op so 'n wyse weergegee word dat dit tot die verlede behoort. Daar bestaan dus 'n tyd- en ruimtelike afstand tussen die gebeure en die verteller. Vir 'n tweede sentrum pleit die feit dat ons in 4.1(a1) byvoorbeeld, met 'n spesifieke uitkykpunt te doen het.

Eerder as om van 'n tweede of fiktiewe deiktiese sentrum te praat in gevalle waar die verteller en nie een van die karakters nie, aan die woord is, is dit logieser om van tyd- en ruimtelike oriënteringspunte te praat.

Die ruimtelike oriëntasie verander nooit reël nie. Dit is 'n gewete ruimte, met ander woorde 'n ruimte waarvan die verteller vanuit d/1 kennis dra. Hy weet watter plasing die meeste inligting aan die leser kan deurgee. Hy *staan* byvoorbeeld nie buite die kring as die deelnemers hulle in die sitkamer bevind nie, maar sit as't ware tussen hulle.

Ons het dus slegs met 'n tyd- en ruimtelike oriëntering te doen. In hierdie ruimtelike oriëntering kan die verteller van punt tot punt binne die totale daargestelde verhaalruimte beweeg om die gebeure as't ware van verskillende kante mee te deel. Die ruimtelike oriëntering is niks meer of minder as die ruimte wat in die verhaal tot stand gebring word nie. Wat tydsoriëntering betref het ons met 'n

tekstuele tydsverwysingspunt te doen (2.2). Of in terme van (3.7 en 3.8.6) met tekstyd te make. Die verteller kies h punt waar= vandaan die gebeure ontvou word. Hierdie punt is nie staties nie maar skry saam met die gebeure vanaf die gekose aanvangspunt voort.

Gebeure rondom die tyd- en ruimtelike oriënteringspunt word in hierdie verhaal dan ook nie in h *presensvorm* of selfs h *historiese presensvorm* weergegee nie maar as afgehandeld ten opsigte van die deiktiese sentrum. Dit behoort tot die verlede en as h mens h tempusnaam daarvoor moet kies, sal imperfektum die geskikste daarvoor wees: die handeling vind immers een na die ander in chronologiese opeenvolging plaas. Wanneer na h gegewe punt wat voor die punt waarop die voortskrydende gebeure hulle bevind, plaasgevind het, verwys word, word in hierdie verhaal gewoonlik van die gemerkte werkwoordpatroon gebruik gemaak. Sodanige sinne kan dan, as h mens werklik h tempusnaam daarvoor nodig ag, plusquamperfektumvorme genoem word. In laasgenoemde verband moet nog h enkele saak genoem word. In Preller se idiolek bestaan die vorm *had* nog, en hy maak meermale daarvan gebruik om die *plusquamperfektum* weer te gee, vergelyk

4.1(c1) *Die eerste skoot had al alarm gemaak ... (H39)*

Ten slotte: die verhaalgebeure word vanuit d/1 aan ons meegedeel maar om hoegenaamd h verhaal te vertel, moes die verteller h tydsoriënteringspunt kies waarsonder die gebeure in die verhaal in die lug sou bly hang. Om dieselfde rede moet daar h ruimte voorgestel word waarbinne die gebeure hulle afspeel. Hierdie ruimte is egter ewe min h deiktiese ruimtelike sentrum as wat die tydsoriëntering h deiktiese tydsentrum is. Deiksis veronderstel immers h eenheid van spreker/hoorder (leser) ruimte en tyd (vergelyk 2.2.1 en 3.2.1). In hierdie verband vind h mens hierdie eenheid net waar die leser bewus is van h ander spreker wat nie met hom as leser praat nie en waarby hy slegs h toeskouer is. Hy word dus by monde van Chatman (3.7.2.3) in sulke gevalle iets gewys en nie iets vertel nie.

4.2 LEUENS van C.M. van den HeeverTwee sprekers : een teks

In teenstelling met die verhaal wat in 4.1 behandel is, stel die verteller hom in hierdie verhaal nêrens eksplisiet op die voorgrond nie. Ons vind hier nie 'n waarneembare *ek* wat ons meedeel dat hy 'n verhaal wat in die verlede plaasgevind het, gaan vertel nie. Maar ook hier, net so min as in *Lettie*, het ons met 'n verskuifde deiktiese sentrum te doen. Ons *sien* nie die verteller nie, maar ons word van hom bewus gemaak omdat ons net soos by *Lettie* daarvan bewus is dat iemand met 'n meerdere wete aan die woord is. Tog kom 'n fiktiewe deiktiese sentrum plek-plek tot stand waar sake asof deur die hoofkarakter se gees meegedeel word.

Omdat die verteller homself nooit op die voorgrond plaas nie, is die afstand tussen ons en die gebeure ook kleiner en meer direk. Ons dink aanvanklik selfs dat ons onmiddellike toeskouers moet wees, vergelyk

4.2(a) *Dit is Saterdagmôre en Eloffstraat, met sy rye blink winkelvensters wat opglans in die son, is een en al lewê: rye motors ... (H87)*

Hierdie illusie vervaag egter baie gou. Ook hier is iemand wat al reeds weet en hy vertel ons wat hy op 'n vroeër geleentheid waargeneem het. Vergelyk:

4.2.(b) *Naomi gaan van winkelvenster na winkelvenster ... (t.a.p.)*

Sy loop nie *nou* nie, sy het al geloop, hoe anders kan die verteller weet dat sy van een venster na 'n ander loop. Hy moes haar bewegings dopgehou het vir ten minste *twee vensters lank*.

4.2(c) *Dan kyk sy weer na haar eie rok.* (t.a.p.)

4.2(d) *Die ou wrokkende gedagte kom weer in haar op.* (t.a.p.)

Die afstand tussen hierdie persoon in die verhaal en die leser word vergroot deur die herhaalde gebruik van *weer*, asook die *eie* in 4.2(c).

Indien dit haar (Naomie se) eie waarneming is wat aan die leser meegedeel word, sal sy seker nie na haar *eie* rok kyk nie, hoogstens na haar rok. Die leser word dus algaande bewus gemaak daarvan dat iemand anders die gebeure vantevore reeds waargeneem het. Hierdie persoon evalueer gegewens en deel dit daarna mee. Dit geskied ook nie gelyktydig met die gebeure nie maar lank genoeg daarna om oordele soos, *weer* en *eie* te kan maak.

Naomi word ook nie net bewus van iemand wat langs haar staan nie, maar

4.2(e) *'Plotseling' word sy bewus dat iemand langs haar gaan staan.* (HB7)

Plotseling dui op die meerdere kennis van die verteller, h wete dus wat retrospektief moet wees. Dieselfde soort gegewe vind h mens by

4.2(f) *In h oogwenk het sy Olga van kop tot tone opgeneem.* (t.a.p.)

Slegs by nabetragting sou h mens kon sê dat hierdie gebeure in h *oogwenk* geskied het. Die gemerkte vorm van die werkwoord *het opgeneem*, het hier ook geen ander funksie as om te sê dat hierdie handeling voltooi is op die punt in die opeenvolging waarvan daar vervolgens vertel

word nie. Dit dui nie soseer op 'n verlede ten opsigte van die leser nie, maar op 'n afgehandeldheid/voltooidheid ten opsigte van die volgende punt in die verhaal.

Nieteenstaande hierdie soort vertellerwetes waarvan ons bewus gemaak word en wat orals deurbreek:

- 4.2(h)1) *Sy loop ingedagte langs die straal af. (H88)*
- 2) *Naderhand is sy klaar. (H89)*
 - 3) *Toe sy sit, begin ... (H89)*
 - 4) *Daar volg 'n saambondeling van mense. (H90)*
 - 5) *Toe hulle met die trap afgaan. (H92)*
 - 6) *Opeens val die reëndruppels ... (H93)*
 - 7) *Sy sit haar voorskoot aan, meganies en met vinnig bewegende vingers. (H94)*
 - 8) *'n Rukkie staan sy stil, voordat sy uit die slaapkamer gaan ... (H94)*

het ons tog die wete van 'n minder groot afstand tussen die gebeure en die oomblik van weergawe as wat dit by Lettie was. Hierdie wete berus op die feit dat ons in hierdie verhaal byna dwarsdeur met fokaliserings van die verteller deur die persoon van Naomi te doen het. Sy neem dus as't ware die woord by die verteller oor en deel haar belewenisse persoonlik aan ons mee. Om hierdie rede word 'n fiktiewe deiktiese sentrum geskep:

- 4.2(i)1) *Dit lyk of dit vanmiddag gaan reën en sy het nie eens 'n jas by haar nie. Die woonhuise hier voor haar ... (H90)*
- 2) *Sy kyk ... ja hier is die straat. (H90)*

In 4.2(i)1) en 2) word die hede en die ruimte deur haar gees gesien: *vanmiddag, voor haar, hier is die straat*. Hierdie fokalisering kom op elke bladsy van die kortverhaal voor en bly ook nie tot haar beperk nie. By nog 'n deelnemer blyk fokalisering deur die verteller duidelik:

- 4.2(j) *En Olga dink: dit is nie alles pluis met Naomi se mededelings nie, want haar hele voorkoms wys dat sy veragterlik het, en die huis wat sy nou daar aangewys het ... (H93)*

In al hierdie gevalle neem ons die werklikheid asof deur die gees van die karakters waar. Ons het hier met die hede van die karakters te doen. Ons word iets gewys en nie iets vertel nie.

Op die gebeurevlak van hierdie kortverhaal bly die leser bewus daarvan dat die verhaal chronologies ontvou word, niks word vooruitgeloop nie. Die subtiele afwisseling tussen mededelings van die verteller en fokaliserings versterk die gevoel dat die afstand tussen die gebeure en die vertel daarvan baie gering is. Op die verhaalvlak is dit egter nie heeltemal waar nie. Die herhaling van woorde soos *blink* (vergelyk 4.2(k)) dui daarop dat die geheelgegewe aan 'n ander instansie as die verteller bekend moet wees.

- 4.2(k)1) *Dit is Saterdagmôre en Eloffstraat, met sy rye blink winkelvensters wat opglans in die son, is een en al lewe. (H87)*
- 2) *Opeens val die reëndruppels; groot en blink skyn hulle teen die son. (H93)*
- 3) *Voor haar teen die klein ruitjie sukkel 'n reëndruppel af, blink glansend teen die straatlig daaragter. (H94)*

Om hierdie rede vervaag die verteller as spreker in die verhaal, hy word ook 'n mens van papier wat hom in die verhaal self bevind (vergelyk 3.7.2.1). Dit is plek-plek moeilik om tussen sy woorde en die

gedagtes van die fokalisator te onderskei. Die onderskeiding tussen die twee deiktiese sentrums word slegs een van graad en is nie werklik nie. 'n Ander instansie gebruik die verteller om die mededelings te maak, pas nadat hy hulle waargeneem het. Sy rol as spreker met die leser verdwyn ook saam daarmee in die agtergrond: die leser verkeer nie in gesprek met hierdie afgevaardigde nie, maar met 'n ander spreker wat die verhaal van begin tot einde deurdink het en beperkings op die vooruitwete van die verteller geplaas het. Die gesprek vind nou plaas met die abstrakte outeur wat 'n bepaalde boodskap wil oordra: een wat handel oor die blinkglansende winkelvensters van Eloffstraat teenoor die blinkglansende reëndruppel op 'n klein ruitjie van 'n slaapkamer. Hierdie vermoede word versterk deur die prag en praal van die lewe buite Naomi en die versletenheid en vaalheid van haar eie lewe. Bewys hiervoor vind 'n mens daarin dat alles wat Naomi van die lewe begeer, buite haar staan. Dit word veral deur haar vriendin en dié se groep vergestalt. Hierdie ander mense word glansend voorgestel, vergelyk

4.2(1) *hulle gly sag oor die glansende asfaltstrate*
(H93) (wat in haar vriendin se voorstad is) teenoor

4.2(m) *Sy draai by die lende lam hekkie in (H94) (wat*
toegang tot haar huis verleen).

Die verteller en die gebeure word, indien 'n mens die diskoers met die abstrakte outeur voer, as't ware na dieselfde tydsvlak geskuif. Verteller en gebeure is immers dan deel van die verhaal en nie van die gesprek met die leser nie. Die verteller en gebeure is egter nie op presies dieselfde tydsvlak nie, want soos gesien maak hy talle oordele oor die gebeure. Ons kan dus van drie tydsvlakke in hierdie verhaal praat.

4.3 TERUGKEER van P.J. HaasbroekChronologie of hoe gebeur een ding voor 'n ander?

In hierdie verhaal is daar minstens ses tydperiodes kenbaar. Hulle word met mekaar en met *tydlose* uitings verweef, maar is tog onderskeibaar. Hoe slaag die skrywer daarin om dit op so 'n wyse aan die leser oor te dra dat die leser nie die verskillende periodes met mekaar verwar nie? Berus hierdie onderskeiding op strukturele of semantiese gronde? Om op hierdie vrae te antwoord is dit nodig om eers die verskillende gebeuremomente in die verhaal te ontleed. Vir die wyse van ontleding wat hier gevolg sal word, verwys 3.8.2 in die vorige hoofstuk. Die hoofletters dui verskillende gebeure-eenhede in die verhaal aan terwyl die syfers op die chronologiese volgorde slaan. Die *aarivangswoorde* van elke gebeure-eenheid word vervolgens aangedui.

FIGUUR 4.1

A	B	C	D	E	F	G	H	
0	5	0	5	5	0	2	2 en 5	
I	J	K	L	M	N	O	P	Q
5	0	1	0	5	0	5	1	0
R	S	T	U	V	W	X	Y	Z
5	1	5	3	0	5	4	5	0
A ₁	B ₁	C ₁	D ₁	E ₁				
6	7	0	1	5				

-
- A. *Net 'n skreeu ver ...* (K200)
 B. *daardie oggend ...*
 C. *iets wat mens deesdae ...*
 D. *was ons nogal erg bewus ...*

- E. *Daar was nog in die bottel oor ...*
- F. *Bam bak alewig poetse ...*
- G. *Laas Dinsdag was dit weer ...*
- H. *'Maak jy grappies Bam?'*
- I. *'Druk die bottel in sy kies ...'*
- J. *Die gelyktetjie ...* (K201)
- K. *Bam het van die plek geweet*
- L. *Harry hou nie van die velaslaperij nie.*
- M. *maar dit was Bam se bottel.*
- N. *Op die gelyktytjie ...*
- O. *Bam was h ander man ...*
- P. *Voor die ding was Bam boer.*
- Q. *Party boere het groot vel mae ...*
- R. *Bam het heelwat te sê gehad ...*
- S. *Oor Sera en die dae ...*
- T. *Ek en Harry het naderhand ...*
- U. *Want ons het van ...*
- V. *Niemand laai jou ...*
- W. *Ons sleep Bam ...*
- X. *Bam het gesê ...*
- Y. *Ek spartel ...* (K202)
- Z. *Die water is diep ...*
- A₁ *hulle het later ...*
- B₁ *Toe nà die lykskouing ...*
- C₁ *Mens gaan by die plek ...*
- D₁ *Dat h man sy vrou daar ...*
- E₁ *en later daar gelê ...*

4.3.1 Tydloosheid

Alle *tydlose* uitings in Terugkeer is in Figuur 4.1 hierbo met 0 gemerk. Hierdie gegewens is nie alleen tydens die verhaalgebeure geldig nie, maar ook daarvoor en daarna.

Die term *tydloosheid* is slegs 'n gerieflikheidssterm wat in navolging van De Villiers (1971:20), Lyons (1977:194, e.v.) en Ponelis (1979:261) gebruik word. Geen ondermaanse saak is immers tydloos nie. Inderwaarheid is alle geskape dinge openbarings in die tyd en derhalwe tydelik. Ware tydloosheid vind 'n mens byvoorbeeld in uitings soos

4.3.1(a) *God is ewig.*

Ponelis (a.w.: 262) gee voorbeelde waar sogenaamde tydlose uitings tot die verlede kan behoort.

Onder tydloosheid moet hier dus die volgende verstaan word: 'n uiting word as tydloos beskou indien dit die wêreld (in hierdie geval die verhaalgebeure in Terugkeer) waarin dit gebruik word, transendeer. So gesien, bestaan daar verskillende grade van tydloosheid.

4.3.1.1 Generiese uitings

Onder generiese uitings moet uitings verstaan word wat klasse beskryf en nie eksemplare van klasse nie (vergelyk Ponelis (1979: 19) en Lyons (1977:194)). Om hierdie rede is sodanige uitings nie in dieselfde mate aan tyd gebonde as uitings wat slegs oor 'n eksemplaar handel nie. Eksemplare verdwyn gou, klasse bly vir langer periodes. Onder generiese uitings moet minstens twee verskillende soorte onderskei word wat onderskeidelik algemene generiese uitings en veralgemenings genoem kan word. Algemene

generiese uitings het met natuurwetmatighede te doen en daarom is hierdie uitings ook die mees *tydlose* soort:

4.3.1(b)1) *Sout los op in water.*

2) *Die aarde wentel om die son* (voorbeeld van Ponelis, a.w.: 261).

Van hierdie soort uitings is daar nie voorbeelde in Terugkeer nie.

Veralgemening is uitsprake van 'n subjektiewe en voorweten=skaplike aard en daarom is hulle in 'n minder mate *tydloos* as algemene generiese uitings. Party veralgemening bstryk volledige klasse (4.3(c)) terwyl ander slegs 'n bepaalde gedeelte van klasse bstryk (4.3(d)). Laasgenoemde soort het vanweë hulle beperkende aard dikwels die skyn van wetenskaplikheid. Aangesien veralgemening 'n tipies menslike eienskap is, word hierdie soort uiting dikwels in die taal geïdiomatiseer.

4.3.1(c)1) *Vrouens praat meer as mans.*

2) *Erfgeld is swerfgeld.*

3) *Hoe meer haas hoe minder spoed.*

4) *Engelse is rassiste.*

4.3.1(d)1) *Party vrouens praat meer as mans.*

2) *Talle sondaars word verlos.*

3) *baie gesoute perde is nie bestond teen perdwiekte nie.*

In Terugkeer vind ons drie voorbeelde van veralgemening:

- 4.3.1(e)1) *Party boere het groot vet mae en wit hande.* (K201)
- 2) *'Mens maak nie sulke grappies nie'.* (K200)
- 3) *Niemand laai jou ook deesdae op nie.* (K201)

By generiese uitings vind ons altyd 'n NS, wat generies gebruik word terwyl die werkwoord in die ongemerkte vorm voorkom. Geen ander algemene strukturele uitsprake kan hieroor gemaak word nie. Generiese naamwoorde kan in die enkelvoud, meervoud, bepaald of onbepaalde voorkom. By beperkende veralgemenings moet daar 'n bepaling soos *baie*, *party*, ensovoorts voorkom wat die beperking op die klas plaas.

4.3.1.2 Iteratiewe

Teenoor generiese uitings vind 'n mens uitings wat gewoontes en gebruike van 'n besondere eksemplaar in 'n klas beskryf. Ponelis (a.w.: 261) noem hierdie soort uitings *gewoontelike sinne*. Die *tydloosheid* van hierdie soorte uitings lê in die predikaat eerder as in die onderwerp. Sodra die onderwerp egter verdwyn word die *tydloosheid* wat in die predikaat bestaan natuurlik ook opgehef. Dit wat in die predikaat uitgedruk word, kan natuurlik ook vertydelik word indien die eksemplaar nie meer die besondere gewoonte of gebruik het nie.

Hierdie soort uitings bevat gewoonlik 'n tydsadjunk soos *altyd*, *elke keer*, *gewoonlik*, *saans*, ensovoorts (vergelyk Ponelis, t.a.p.). Die *tydloosheid* van hierdie predikate kan ook op ander maniere soos byvoorbeeld die konteks, samehang, nominaalkonstruksies, ensovoorts bepaal word. In der waarheid is die *tydloosheid* van uitings altyd van die samehang en konteks afhanklik, benewens die gebruik van adjunkte of strukturele markering in sommige gevalle, soos aangetoon is, en vervolgens verduidelik word. Ook by hierdie soort uitings vind 'n mens die ongemerkte werkwoordpatroon.

In Terugkeer is daar twee voorbeelde van *tydlose* iteratiewe:

4.3.1(f)1) *Bam bak alewig op ons poetse. (K200)*

2) *Harry hou nie van voldalaperie nie. (K201)*

Die eerste van hierdie twee voorbeelde mag egter reeds in die teks nie meer tydloos wees nie, maar kan tot die verlede behoort aangesien ons vermoed dat Bam dood is. Die verteller beleef egter hierdie saak as nog steeds geldend en daarom moet dit in die verhaal as 'n *tydlose* uiting gesien word.

4.3.1.3 Beskrywings

Nie alle beskrywings is *tydloos* nie, maar net daardie wat soos reeds gesê die verhaal transendeer. Waar generiese uitings, wesensaardlikhede en iteratiewe, herhaling uitdruk, druk beskrywings gelyktydigheid uit. Hierdie gelyktydigheid is volgens die voorbeelde in Terugkeer van tweërlei aard, die eerste kan voorwaardelike gelyktydigheid genoem word, terwyl die tweede lokale gelyktydigheid genoem kan word. Al twee vorme het een saak gemeen, naamlik ruimte=likheid. Gelyktydigheid is immers 'n kenmerk van ruimte net soos wat volgorde 'n kenmerk van tyd is (vergelyk 3.4.3.1 en 3.4.3.2).

Voorbeelde in Terugkeer van voorwaardelike gelyktydigheid is die volgende:

4.3.1(g)1) *Is jy haastig op pad na die brug oor die Umlazi, mis jou oog die flentertjie water in sy elmboog bos. Saadtyd meestal ook, want dan is die suikerriet witsilwer. Vroegoggend egter smelt koper in daardie kuil en dan hoef jou oog nie te soek nie. (K200)*

2) *Mens gaan by 'n plek verby en toevallig sien jy 'n bietjie water blink. As die son dit nie op daardie oomblik gegryp het nie, het jy dit mis gekyk. (K202)*

By voorwaardelike gelyktydigheid is dit volgens hierdie voorbeelde moontlik om 'n voorwaardesin en 'n beskrywing waar te neem. Dit blyk ook uit hierdie voorbeelde dat *as* as voegwoord en *dan* as anafoor vir die voorwaardesin òf eksplisiet òf implisiet in hierdie soort uitings voorkom. Verder kom die werkwoord in sulke gevalle in die ongemerkte patroon voor.

By lokale gelyktydigheid is daar nie sprake van voorwaardes of spesifieke strukturele middele wat die *tydlose* aspek daarvan benadruk nie. 'n Mens kan hoogstens sê dat die werkwoord in die ongemerkte patroon is en dat daar eksistensiële konstruksies (Ponelis, a.w.: 33) met die ongemerkte koppelwerkwoord *is* daarin voorkom.

Voorbeelde van lokale gelyktydigheid in Terugkeer is die volgende:

- 4.3.1(h)1) *Die gelyktyg is 'n bietjie hoër as die water. Daar is bome met baie groot groen blare en 'n klipplaat lê skuins tot in die water. Die rivier is breed en stil en sonder kom die kabeljou saam met die soutgety op en jaag die harders rond en bont oor die oppervlakte. (K201)*
- 2) *Hooqwater is die klip toe onder die water en die slyk daarop is glad. (K201)*

Beskrywings van hierdie aard is natuurlik net soos alle ander *tydlose* uitings onderworpe aan tyd, maar hulle transendeer ook die verhaaldeure en is daarom ten opsigte van die verhaaldeure tydloos.

4.3.2 Oriënteringspunt

In elke verhaal vind ons 'n tydsoriënteringspunt (vergelyk 3.8.2) wat deur die verteller gekies word as die punt waar ons in die opeenvolging van gebeure geplaas word. Sake voor hierdie punt is retrospeksies en indien na gebeure wat die normale volgorde wat by hierdie punt sy loop neem, vooruitloop, verwys word, het ons met antisipasies te make. Om in hierdie verhaal so 'n punt uit te wys, is geen maklike taak nie. Dit wil voorkom asof die verteller so 'n punt opsetlik vermy het. In 'n kort vertelling soos hierdie is dit natuurlik moontlik om dit te doen maar by 'n langer vertelling is die moontlikheid daarvan skraler. Hierdie opsetlike vermyding van 'n oriënteringspunt in Terugkeer kan op tweeërlei maniere verklaar word: dit dwing die leser tot diskoers met die verteller en 'n beskouing van die hele gebeure asof vanuit die vertellershede, óf dit skep die indruk van 'n geheel, 'n totale gelyktydigheid waarin hy moet kennis neem van 'n landskap waar *'n man sy vrou gehad het en later daar gelê en skop het*. Hierdie tweede vermoede kry bevestiging daarin dat die verhaal met 'n voorwaardelike beskrywing begin en met dieselfde voorwaardelike beskrywing eindig. Met ander woorde: as die leser hierdie stukkie water waarneem, dan neem hy/verteller ook al die gebeure wat hier plaasgevind het waar. Die verhaal= gebeure moet dus saam met die gelyktydigheid van die landskap as gelyktydig en tydloos gesien word.

So gesien is die tydoriënteringspunt van die verhaal elke keer wat 'n mens hierdie besondere *blits water* (K200) waarneem.

Ter wille van die argument wat in die eerste paragraaf (4.3 hierbo) geopper is, moet ons egter 'n oriënteringspunt kies sodat die volgorde wat nogtans in hierdie skynbare gelyktydigheid bestaan, ontleed kan word. Miskien kan ons juis omdat alles deel van 'n gelyktydigheid word enige punt as tydsoriënteringspunt kies, maar by nadere ondersoek is daar een gebeurereeks wat ononderbroke op mekaar volg, sy dit nie in verteltyd nie, dan

wel in vertelde tyd. Dit is die gebeure wat begin nadat Harry kop gegee het ten opsigte van sy antipatie teen veldslapery bloot omdat Bam die bottel besit het. Hierdie gebeure begin so: *maar dit was Bam se bottel* (K201, M in Figuur 4.1).

Van hierdie punt het ons die volgende sakeverloop volgens Figuur 4.1: M, O, R, T, D, E, B, W, Y. Die enigste bindende faktore wat op hierdie sakeverloop dui, is

- (i) die feit dat ons slegs in hierdie gedeeltes dialoog vind en
- (ii) dat ons hier 'n draad kan volg vanaf die besluit om die nag langs die water te slaap, via Bam se manewales in die water, sy dood (?) en die uiteindelijke verloor van die lyk (?) in die rivier.

Die opeenvolging moet dus hier volgens die logiese opbou wat stempel voorstel (vergelyk 3.8.5) gedoen word. Een saak, die besluit om op 'n besondere plek te kampeer, word logieserwys gevolg deur die maak van 'n vuur op die besondere plek terwyl nog 'n deelnemer in die water gaan was. Die dood van hierdie deelnemer volg hierop: hy kan immers nie dood wees voor of terwyl hy was nie en eers na sy dood kan hy onder die water van die rivier verdwyn. Dit is dus slegs uit die logiese samehang van die gebeure wat die leser hierdie opeenvolging kan bepaal. Die gemerkte en ongemerkte patroon van die werkwoord help ons nie hier nie, daar is geen verskil in die gebruik daarvan in hierdie en ander gedeeltes nie. Een saak wat opval, is dat ons slegs ten opsigte van hierdie gebeure die uitdruklike tydsadjunk *dié aand* vind en wel twee maal. In die dialoog word na hierdie aand as *vanaand* verwys. Ook in hierdie opeenvolging

vind ons by vyf geleenthede *toe* as tydsadjunk. In geeneen van die ander gedeeltes buiten hierdie opeenvolging kom *toe* voor nie. Hierdie gebeure word dus duidelik as 'n opeenvolging uitgelig.

4.3.3 Retrospeksies

Ons word deur die verteller ingelig dat daar ook gebeure voor die noodlottige gebeure van *dié aand* plaasgevind het. Die saak wat logieserwys die eerste moes plaasgevind het, was Bam se eerste (?) besoek aan dié besondere plek by die rivier saam met sy vrou:

4.3.3(a) *Bam het van die plek geweet. Hy het gesê hy het al voorheen hier geslaap. Hy en sy vrou. Visgevang ook.* (K201)

Indien hierdie gebeure as die retrospeksie wat die verste na die verlede reik, aanvaar word, vind 'n mens ander retrospeksies wat by hierdie een aansluit. Dit word saam met hierdie een in volgorde volgens Figuur 4.1 weergegee: K, P. S. Na al hierdie gebeure word daar duidelik verwys asof dit vooraf plaasgevind het, dit wil sê voor die noodlottige gebeure van die *aand*, vergelyk

- 4.3.3(b)1) *Hy het gesê hy het al voorheen hier geslaap.* (K201)
- 2) *Voor die ding (dit wil sê voor S in Figuur 4.1) was Bam boer.* (t.a.p.)
- 3) *Oor Sera en die dae voor die ander ou.* (t.a.p.)

Hierdie retrospeksies word telkens van die ander uitgelig met die woord *voor*, selfs al slaan hierdie *voor* nie altyd op die gebeure van die *aand* nie. Ook ten opsigte van hierdie gebeure is die leser in die eerste plek aangewys op die logiese samehang

van die teks en nie op strukturele kenmerke wat hierdie gedeeltes van die ander onderskei nie.

Twee ander retrospeksies kom in die teks voor. Die eerste is die verwysing na hulle tog na die plek langs die rivier:

4.3.3(c) *maar ons het nie eintlik geluister nie want ons het van Gingindlovu af geloop en was moeg.* (K201)

Uit die samehang kan ons aflei dat hierdie gebeure die noodlottige aand direk voorafgaan.

'n Tweede retrospeksie is moeiliker plaasbaar, vanweë die tydsadjunk *laas Dinsdag* wat daarin voorkom:

4.3.3(d) *Laas Dinsdag was dit weer 'n slang wat hy op Harry gegooi het.* (K200)

Die probleem met die plasing van hierdie retrospeksie lê daarin dat ons vermoed dat Bam dood is. Is hierdie Dinsdag voor die noodlottige gebeure? As dit so is, moet ons aanvaar dat daar in die gebeurereeks wat in 4.3.2 beskryf word 'n fiktiewe deiktiese sentrum is. Bevestiging hiervoor vind ons in 4.3.3(b)1) waar daar van *hier* en nie *daar* nie, gepraat word. Hierdie deiktiese sentrum bestaan dan van E tot N, aangesien daar in 0 weer sprake is van *dié aand* en nie *vanaand* nie en dit word by U hervat. Verdere bevestiging vir so 'n aanname vind ons in die feit dat ons in hierdie gedeelte op 'n enkele uitsondering na slegs die ongemerkte patroon van die werkwoord vind, terwyl al die ander gedeeltes in hierdie verhaal met die gemerkte patroon weer=gegee word, vergelyk byvoorbeeld:

4.3.3(e) *Bam sê niks nie, hoewel sy mond oop is, en skop met sy voete. Hy kyk vir my en kyk ook nie. (t.a.p.)*

Dit is juis in hierdie gedeelte waarin dit wil lyk of Bam sterf en daarom miskien psigologies die naaste aan die verteller is. Hy beleef dit dan ook asof dit h hier en nou is. In hierdie gedeelte kom alle voorbeelde van die direkte rede voor. Die gebeure word dus asof ons self daar is, voorgestel. Die uitsonderings wat ons in hierdie gedeelte vind word duidelik vanuit die vertellershede gemaak:

4.3.3(f)1) *Toe wonder ek of hy dood is. (K200)*

2) *Ek was regtig nie ernstig nie. Ek het sommer so gesê dat Bam moet ophou so kyk. (t.a.p.)*

Ons het dus in hierdie verhaal twee deiktiese sentrums. Die opeenvolging wat in 4.3.2 weergegee word, word afgewissel tussen hierdie twee sentrums: sekere wetes en twyfel oor Bam se dood word vanuit die hede meegedeel terwyl Bam en die ander deelnemers se optrede tydens die gebeure in die sekondêre (fiktiewe) deiktiese sentrum (vergelyk 2.2) staan. Hierdie soort fiktiewe deiktiese sentrum is van dieselfde soort as wat ons in Hoogsomernag (4.6) vind. Dinge word aan ons gewys en nie vertel nie (vergelyk ook 4.2).

As hierdie uiteensetting die regte is, moet wat in 4.3.2 gegee is, betwyfel word: die oriënteringspunt van die verhaal is dus die moment waarop Bam begin skop en hierdie gebeurereeks word gekenmerk deur die gebruik van die ongemerkte werkwoordpatroon. Hierdie patroon skep dan ook h kontras tussen die retrospeksies en die verhaalgebeure.

4.3.4 Latere gebeure in die verhaal

By A₁ en B₁ vind ons gegewens wat betrekking het op die gebeure wat ná die noodlottige aand volg. In albei gevalle word die gegewens vanuit die vertellershede meegedeel en daar word duidelik in die teks gewys dat hulle *later* dit wil sê, ná *dié aand* plaasgevind het:

- 4.3.4(a) *Hulle het later vir Bam daaruit gehaal met 'n swaar haak aan 'n lyn (dit herinner aan Bam se visvangekspedisie) en wou eers nie ons storie glo nie. Tot ná die lykskouing. (K202)*

4.3.5 Hoe word die volgorde weergegee?

Soos hierbo (4.3.1-4.3.4) gesien is, moet die leser vanuit die tekssamehang werk om 'n volgorde vir hierdie verhaal te rekonstrueer. In hierdie rekonstruksie word hy plek-plek gehelp deur strukturele middele soos tydsadjunkte en gemerkte en ongemerkte werkwoordpatrone. Indien hy hom egter slegs op hierdie struktuurmiddele sou verlaat, sal die rekonstruksie van die volgorde nie kan slaag nie. Hy moet hierbenewens ten aansien van 4.3.3 duidelik onderskei tussen twee deiktiese sentrums. In hierdie onderskeiding word hy gehelp deur vorme soos *laas Dinsdag*, *hier*, *hy kyk vir my* en die ongemerkte werkwoordpatroon aan die een kant, en *toe*, *dié aand*, *later* en die gemerkte werkwoordpatroon aan die ander kant.

Uiteindelik kom die leser tot die besef dat hy hier met 'n opsetlik verwickelde patroon te doen het wat as funksie juis die opskorting van volgorde ten gunste van 'n gelyktydigheid het.

4.4 KINDERS IN DIE SKEMER van Elise Muller

Kontras: gemerkte en ongemerkte werkwoordpatrone

In hierdie verhaal is 'n eksplisiete ek-verteller aan die woord. In die eerste gedeelte van die vertelling wat strek tot by die wit gedeelte op papier, op bladsy 56, word die leser voorgestel aan 'n idilliese afgehandelde kinderlewe, waarin elke sin die gemerkte werkwoordpatroon het: *was*, *het ge-* en werkwoord, *kon* en die ander gemerkte vorme van die modale hulpwerkwoorde, en *is* en verlede deelwoord, in die lydende vorm. Net in twee sinne word die ongemerkte patroon gebruik en hulle sluit by die res van die verhaal aan: hulle is dus antisipasies, maar hieroor later.

Hierdie gedeelte word afgegrens en in voltooidheid daargestel teenoor die res van die verhaal wat sy invloed steeds laat geld. Selfs die tydlose sinne wat in hierdie eerste gedeelte voorkom, word as deel van hierdie voltooidheid afgegrens:

- 4.4(a) *wanneer die koekmakrankatyd verby was en die gousblomme droog in die saad gekom het, het die son meteens van gesindheid verander en moordend uit die hoogte neergebrand. (K55)*

Ook gewoontelike handeling wat in ander verhale (vergelyk byvoorbeeld 4.3) dikwels in die ongemerkte vorm gegee word, nieteenstaande die gemerkte patroon van omringende sinne, word hier met die gemerkte werkwoordpatroon weergegee.

In der waarheid getuig die hele eerste gedeelte van 'n gewoonte: die gereelde besoek aan die kerkhof op Sondagmiddae. Elke sin gee as't ware iets van herhaling en gebruik weer. Hierdie eenselwige afgeslotenheid word soos reeds gesê slegs op twee plekke gebreek, naamlik:

- 4.4(b)1) *Ons wil geen naasbestoendes vaakloop nie. (K56)*
 2) *Maar sodra die roubeklaers huis toe gaan ... (t.a.p.)*

Hierdie twee sinne bevat die kiem vir wat kom. Dit word in die eerste gedeelte self bevestig, want wanneer hulle die naasbestaendes, tog niteenstaande hulle begeerte, raakgeloop het, het

4.4(c) *Diep in ons iets geroer wat nog verborge en vormloos daar geskuiel het. (t.a.p.)*

Hierdie verborge naamloosheid het dan saam met die roubeklaers se huistoegaan verdwyn, want dan het hulle

4.4(d) *gretig geloop na die graf waar die krans reeds verlep sou wees ... (t.a.p.)*

dit kon hulle doen want

4.4(e) *Die dood was nog anderkant die rante van ons lewes ... (t.a.p.)*

Die eerste gedeelte van die verhaal is dus 'n geheel, 'n eenselwige totaliteit sonder afwisseling en veranderinge. Die geheeleffek daarvan word benadruk deur die onafgewisselde gebruik van die werkwoordpatroon: alles in hierdie gedeelte is afsonderlik en sonder gebeure, 'n eenheid van gewoonte, 'n daargestelde gegewe wat afgehandel en voltooid is.

Aan die einde van dié gedeelte vind ons die eerste gebruik van *toe*. *Toe* vereis immers 'n enkele gebeure (dit kan byvoorbeeld in 4.4(f) gesien word), wat die gewoontelikheid van die geheel met sy gebruik sal deursny. In die eerste gedeelte vind ons tot in hierdie stadium slegs *dan*, *wanneer* en *as* wat hier op gewoonte en herhaling eerder as opeenvolging dui.

Hierdie *toe* lei logieserwys die skeiding tussen die eerste en die tweede gedeelte in

4.4(f) *En toe, op 'n vroeë Meinag, het dit eensklaps verander. (K56)*

Hierdie gedeelte behoort by die eerste, want dit het nog steeds die gemerkte werkwoordpatroon. Dit behoort egter ook tot die tweede gedeelte want hier het iets gebeur, die *toe* dui immers daarop. Van nou af sal *toe* in plaas van *dan* gebruik word, want dit wat net *geroer* het,

4.4(g) *het 'n naam en die naam was meteens ook oor ons ongeskrywe. Verganklikheid, (K56)*

Die tweede gedeelte word logies genoeg met *toe* ingelui want van nou af is die eenselwigheid verlore, die afgesonderde paradysbestaan word opgehef en nou word die ongemerkte patroon ook van hierdie moment af gebruik. Die wisseling van die werkwoordpatroon het hier met tyd as sodanig niks te doen nie, dit word 'n organisatoriese middel in die verhaal.

4.4(h) *Toe ek in die nanag wakker word, skyn die kerslig dof ... (K56)*

Byna elke nuwe gebeure-eenheid word van nou af met *toe* of *nou* ingelei:

4.4(i)1) *Toe gewaar my moeder my. (K57)*

2) *En nou is Lettie se pappie dood, (t.a.p.)*

3) *Nou weet ek glad nie wat om te sê nie. (K60)*

Van nou af gebeur dinge chronologies, agter mekaar. Hulle is nie meer eenselwig nie. Een nuwe handeling volg op 'n vorige.

Plek-plek vind 'n mens nog 'n enkele gemerkte werkwoordpatroon maar dan het dit bloot die funksie om die kontras tussen dit wat op 'n gegewe moment gebeur het en dit wat daarvóór gebeur het aan te dui.

4.4(j)1) *h Uur tevore het hy ... (K57)*

2) *Daar het af en toe mense op ons dorpie gesterwe ...
maar hierdie keer is dit anders. (K58)*

Van nou af is alles anders en hierdie andersheid word tot aan die einde van die verhaal voortgesit, want soos die slotsinne oorduidelik lui:

4.4(k) *Hierdie angs lê ons nooit af nie. Iewers, eenmaal,
wag die skaduwe ons ook in. (K64)*

In hierdie verhaal het die werkwoordpatrone dus die funksie om twee lewensfases van mekaar af te sonder, aan die een kant n eenselwige afgehandelde geheel wat met die gemerkte werkwoordpatroon aangedui word, terwyl daar aan die anderkant n oop opeenvolging is wat met die ongemerkte patroon aangedui word.

Dat byna die teenoorgestelde funksie aan die werkwoordpatrone gegee kan word, word met die analise van Die Betlehem-ster in 4.5 bevestig.

4.5 DIE BETLEHEM-STER van Henriette Grové

Kontras: gemerkte en ongemerkte werkwoordpatrone

In hierdie verhaal is daar net soos by Kinders in die Skemer (4.4) n homodiëgetiese *ek* aan die woord. Hierdie verhaal is egter baie meer verwickeld met meer oriënteringspunte as die vorige.

Die eerste paragraaf word aangebied asof dit n voltooide gegewe is wat iewers in die verlede lê. Die tyd- en ruimtelike belewende *ek* bevind haar nie op die verwysingspunt waar die gebeure wat daarin gegee word hulle afspeel nie:

4.5(a) *Sy was 'n Liegbeek. (G51)*

Pas vier bladsye later vind 'n mens uit dat die *ek* wat skynbaar aan die woord is, nog op dieselfde plek is maar op 'n ander tyds-oriënteringspunt:

4.5(b) *Ek is al byna die hele dag hier, en daar's nog niks nie. (G54)*

Om hierdie rede vind 'n mens in die eerste paragraaf die volgende ulting:

4.5(c) *Sy het dan kamma gesê 'n mens hoef net tot by die eerste mik te klim ... Maar dit was nie waar nie. (G51)*

Na 4.5(b) vind 'n mens 'n gedagtevloei (*stream of consciousness*) wat die gevoel wek dat die persoon wat nou aan die woord is met die primêre verteller van die verhaal saamval, met ander woorde dat die persoon wat in die takke rondklim en die een wat vertel dieselfde tyd- en ruimtelike oriënteringspunt deel. Dit is ook dieselfde as dié wat in die tweede paragraaf en verder bestaan. Hierdie aanname word egter op bladsy 56 teëgespreek:

4.5(d) *En toe val ek vooroor in die blare. (G56)*

Van hierdie punt af blyk dit duidelik dat daar minstens twee oriënteringspunte in die verhaal moet wees, die oriënteringspunt van die persoon wat vertel en dié van die persoon wat uit die boom geval het. Die laasgenoemde persoon beleef die gebeure in die verhaal en die eerste vertel hoe hierdie persoon dit beleef. Tot voor die val uit die boom was die belewende persoon aan die woord, hoewel 'n mens van ná hierdie moment weet dat sy eintlik sekondêr is ten opsigte van die verteller. Alle gebeure word van nou af tot aan die einde van die verhaal na die verlede van die primêre verteller teruggeskuif:

- 4.5(e)1) *'Toe nou maar' sê iemand ... 'jy het h
lelike skraap aan jou kop'. Ek het met my
hand daarvoor gevoel ... (t.a.p.)*
- 2) *Ek het uit die bed uit opgestaan ...
(slotsin, G60)*

Van hierdie moment het ons vir die eerste maal antisipasies oor wat nog in die toekoms van die storiegebeure lê:

- 4.5(f) *So het ek vir Ma ook gesê toe ek weer by die huis
was. (G56)*

Voordat ek die kontras in die gebruik van die werkwoordpatrone kan toelig, is dit nodig om h volgorde vir die verhaal vas te stel (vergelyk 3.8.2). In hierdie ordening word daardie retrospeksies met h korter bereik (vergelyk 3.8.2) en wat in die gedagte van die belewende ek leef, tersyde gestel. Alle antisipasies van die verteller word egter weergegee. Dit is juis in die antisipasies waaruit dit die duidelikste blyk dat daar twee deiktiese sentrums is, benewens verskillende oriënteringspunte.

In Figuur 4.2 word vier simbole gebruik: hoofletters vir die episodes soos hulle mekaar opvolg; Arabiese syfers vir die chronologiese opeenvolging van die gebeure en klein Romeinse syfers vir die deiktiese sentrum waarvanuit waargeneem word.

FIGUUR 4.2

A	B	C	D	E	F	G
1	2	3	4	5	6	7
i i of i	ii	ii	i	ii	i	ii
H	I	J	K	L	M	N
8	9	15	10	15	11	15
i(ii)	ii(i)	i	i	i	i	i(ii)
O	P	Q	R	S	T	U
12	15	13	14	15	16	17
i(ii)	i	i(ii)	i	i(ii)	i(ii)	i

Aanvangsinne volgens die opeenvolging in verteltyd met 'n aanduiding van die bladsy tussen hakies:

- | | | |
|----|--|-------|
| A. | <i>Sy was 'n liegbek.</i> | (G51) |
| B. | <i>Sies, om so te jok!</i> | (G51) |
| C. | <i>Ek is al byna die hele dag ...</i> | (G54) |
| D. | <i>Toe gaan die deur oop ...</i> | (G55) |
| E. | <i>Sy kam haar hare ...</i> | (G55) |
| F. | <i>En toe val ek vooroor ...</i> | (G56) |
| G. | <i>Gansie het ook eendag sy wind uitgeval.</i> | (G56) |
| H. | <i>Ek het met my hand daaroor gevoel.</i> | (G56) |
| I. | <i>En wat moet ek ...</i> | (G56) |
| J. | <i>So het ek ook vir Ma ...</i> | (G56) |
| K. | <i>Daar was nie eers ...</i> | (G56) |
| L. | <i>Ma het my lakens ...</i> | (G56) |
| M. | <i>Daardie kombuis was ...</i> | (G57) |
| N. | <i>Toe stryk sy ...</i> | (G57) |
| O. | <i>Daar was eiers ...</i> | (G57) |
| P. | <i>'Dis nie pannekoek ...'</i> | (G57) |
| Q. | <i>Ek wou mos nie ...</i> | (G57) |
| R. | <i>Daar was skoon lakens ...</i> | (G59) |
| S. | <i>Toe vertel ek ...</i> | (G59) |
| T. | <i>Ma het ...</i> | (G60) |

Daar is tot en met I 'n chronologiese opeenvolging in die verhaal met enkele retrospeksies van die belewende . Die deiktiese sentrum vir hierdie gedeelte is aanvanklik dié van die belewende *ek* wat haar in 'n boom bevind terwyl allerlei dinge van hier af deur haar waargeneem word. Die eerste episode (A) kan gesien word as 'n retrospeksie van hierdie *ek*, maar die uitsonderingslose gebruik van die gemerkte werkwoordpatroon in hierdie gedeelte laat twyfel oor hierdie aanname ontstaan. Op grond van hierdie gebruik ontstaan die vermoede dat hierdie gegewens vanuit die vertellershede weergegee word, dit wil sê vanuit die deiktiese sentrum van die verteller en die leser (U) wat nie in die teks self gevind kan word nie maar deur die leser geskep moet word.

In B en C, gebruik die skryfster byna sonder uitsondering die ongemerkte patroon en slegs in enkele retrospeksies van die belewende *ek* in hierdie episodes vind 'n mens 'n gemerkte patroon. Die werkwoordpatroon het dus hier 'n dramatiese funksie en nie 'n tydsfunksie nie (vergelyk 3.8.4). Die gemerkte patroon word slegs by retrospeksies van hierdie *ek* gebruik en telkens in gevalle wat hoogs dramaties is en wat in der waarheid aanleiding gegee het tot haar besluit om die wêreld vanuit die boom te bespied. Dit is hierdie momente wat haar kinderlewe kompliseer. Die gebruik van die gemerkte patroon kry hier die funksie van komplisering terwyl die ongemerkte patroon die sorgvryheid van die kinderlewe aandui. Die hoogtepunt van hierdie gebruik vind ons op bladsy 54 waar die belewende verteller 'n dramatiese monoloog voer. Hierdie sorgvryheid word versteur deur 'n enkele gebruik van die gemerkte patroon:

4.5(g) *Hoe moes ek dit weet?* (G54)

Hierdie woorde wat ten nouste aansluit by dinge wat die lewe vir die kind kompliseer, maak die twyfel wat sy in haar monoloog afgeskud het van voor af oop. Hierdie komplikasies verdwyn egter gou weer en geen gemerkte patroon kom voor nie. Ook hierdie sin 4.5(g) moet vertolk word as synde 'n uiting van die belewende *ek*. Die deiktiese sentrum bly

dieselfde. Stel hierteen *h* sin soos die volgende:

4.5(h) *Ek wou mos nie die pannekoek gehad het nie.*
(G57)

wat die afstand tussen die gebeure en die verteller vergroot.

By D (4.5(i)) vind ons vir die eerste keer *h* sekerheid dat daar *h* tweede persoon in hierdie vertelling aanwesig is. Dit word nie met *h* gemerkte werkwoordpatroon gedoen nie maar deur die gebruik van *toe* wat dadelik *h* afstand in die tyd van uiting en die gebeure impliseer:

4.5(i) *Toe gaan die deur oop en die vrou staan op die drumpel.* (G55)

Daar word ook nie in hierdie sin van *h* vrou dit wil sê *h* onbepaalde persoon gepraat nie, maar van *die* vrou.

Hierdie gebruik kan tweërlei verklaar word:

- (a) die kind het hierdie vrou verwag of
- (b) die primêre verteller het reeds gewet van hierdie verskyning en die persoon is daarom aan haar bekend.

Dat hierdie sin verskil van die res van die gedeelte blyk duidelik uit die omringende sinne waarin *dan* in plaas van *toe* gebruik word. Hierdie sin is dus nie *h* sin van die kind nie, maar wel van die primêre verteller vanuit deiktiese sentrum (i).

h Bietjie laer af vind ons weer die kompliserende gemerkte werkwoordpatroon as retrospeksies en waarnemings van die belewende *ek* vanuit deiktiese sentrum (ii):

- 4.5(j) *Daar het hy nou uitgeklim. Dina het gesê hy soen haar altyd ... Maar sy het hom gelok ... Sy het hom getoor ... (t.a.p.)*

Die vermoede wat by 4.5(i) ontstaan het dat die gebruik van die ongemerkte patroon met *toe* as ekwivalente van die gemerkte patroon beskou moet word, word deur 4.5(k) bevestig.

- 4.5(k) *En toe val ek vooroor in die blare. (G56)*

Sonder uitsondering maak hierdie skryfster van die ongemerkte patroon gebruik saam met *toe*, selfs al is die omringende sinne in die gemerkte patroon (vergelyk byvoorbeeld 4.5(i)).

- 4.5(l) *Ma het die punt van haar voorskoot opgelig. Toe vryf sy die tafel se blad daarmee af: 'Was dit dan lekkerder daar as hier, Lena'. Sy het nie na my gekyk nie. (G60)*

Alle sinne waarin die gemerkte patroon of *toe* voorkom, moet by hierdie skryfster dus as uitings gesien word wat deur die verteller vanuit deiktiese sentrum (i) gegee word. Dit sluit natuurlik nie die retro=speksie van die belewende *ek* in nie. Hierdie laaste opmerking maak egter nie die stelling dat die gemerkte patroon (insluitende die met *toe*) kompliserend is, ongeldig nie. Hieroor is reeds hoër op beslis.

Die funksie van die ongemerkte vorm in hierdie verhaal is om sorg= vryheid en sekerheid uit te druk terwyl dit die funksie van die gemerkte patroon is om kontrasterend te wees en dus komplikasies en onsekerheid uit te druk.

Met hierdie enkele opmerkings is die funksie van die werkwoordpatrone nie uitgeput nie, talle dinge kan nog daarvoor gesê word maar ek wil volstaan met 'n opmerking oor hulle funksie in hierdie verhaal om die deiktiese sentrum van die verteller weer te gee. Die ongemerkte patroon

word op enkele retrospeksies na deur die belewende *ek*, die jonger *Lena* (deiktiese sentrum (ii)) gebruik, terwyl die ouer verteller wat oor die gebeure terugskou, slegs gebruik maak van die gemerkte patroon. In enkele episodes vind 'n mens 'n afwisseling in die vertelling tussen die ouer *Lena* en die jonger *Lena*. Hierdie afwisseling is nêrens so opvallend as in 1 nie. Hier is daar selfs twyfel oor wie van die twee vertellers aan die woord is. In hierdie paragraaf kom ook die enigste gemerkte patroon saam met *toe* voor. As die gemerkte patroon en vorme met *toe* egter vir (i) en die ongemerkte patroon vir (ii) aanvaar word, verdwyn die onsekerheid by die leser.

Die wisseling tussen die vertelling van die ouer en die jonger *Lena* vind 'n mens ook van nou af tot aan die einde van die verhaal. Dat ons weldeeglik met twee deiktiese sentrums te doen het, word bevestig deur die antispasies wat van J tot S met retrospeksies afgewissel word. Slegs 'n ouer verteller aan wie die verhaal reeds bekend is, kan immers antisipeer. Alle antispasies word bowendien met die gemerkte patroon weergegee. Hulle is dus eintlik retrospeksies van 'n ouer persoon, die persoon met wie die leser in gesprek is, en hulle word gemaak vanuit die deiktiese sentrum (i) wat leser en primêre verteller deel.

4.6 HOOGSOMERNAG van Chris Barnard

Deiktiese sentrum: gemerkte en ongemerkte patrone

Net soos in 4.4 en 4.5 het ons in hierdie verhaal ook 'n homodiëgetiese *ek*-verteller. In hierdie verhaal is daar in teenstelling met die in 4.4 en 4.5 egter 'n eksplisiete kontraksluiting tussen die verteller in die verhaal en die leser. In hierdie opsig kom hierdie verhaal met *Lettie* in 4.1 ooreen maar dit verskil van *Lettie* omdat hierdie verteller ook, sy dit as 'n jonger persoon, deel het aan die gebeure waaroor hy vertel.

Die verteller begin sy verhaal deur 'n aantal tydlose stellings te maak, byvoorbeeld

4.6(a) *Ons droom almal soms die soort drome. (K158)*

Na hierdie gegewens vertel hy van die soort drome wat hy as seun gedroom het. Die deiktiese sentrum word nie verskuif nie, alles word vanuit die hede verhaal. Hy gee egter enkele tydsverwysingspunte om daarmee 'n tydsoriënteringspunt te skep:

4.6(b)1) *As kind ...*

2) *Toe ek sestien was ... (t.a.p.)*

asook ruimtelike verwysingspunte:

4.6(c) *Tussen die bome ... (t.a.p.)*

In hierdie gedeelte vind 'n mens verder 'n verskynsel waar 'n fiktiewe ruimtelike verwysingspunt in die tyd- en ruimtelike oriënteringspunte ingebed word.

4.6(d) *En dan het ek myself probeer voorstel ek lê in die Swartwoud ... Die Swartwoud sou 'n donker en klam plek wees ... met snoesige herberge ... Elke herberg sou sy meisie hê ... (t.a.p.)*

Dit is opmerklik dat die drome telkens weergegee word met die gemerkte patroon van die modale hulpwerkwoord *sou*. Die onwerklikheid van hierdie drome word hiermee bevestig. 'n Nuwe deiktiese sentrum word ook nie geskep nie, ons het bloot met tyd- en ruimtelike oriënteringspunte te doen. Die verteller bevind hom steeds in die hede en hy verwys na ander tyd- en ruimtelike oriënteringspunte. 'n Deiktiese sentrum verteenwoordig immers 'n spreker en hoorder en nie bloot verwysingspunte van tyd en ruimte nie (vergelyk 2.2.1 en 3.2.1). Verwysingspunte is bowendien nooit 'n deiktiese sentrum nie, dit is die punte waarna daar deikties verwys word. In 'n deiktiese sentrum word die ruimte en tyd nie objektief aangedui nie maar as 'n *a priori*-gegewe beleef. Solank

een van die vier elemente waaruit die deiktiese sentrum bestaan (spreker, hoorder, tyd en ruimte) ontbreek, kan h mens nie van h sentrum waaruit alles beskou en beleef word praat nie. Dit is dan geen volledige oriëntasie nie maar slegs h verwysde oriëntering. In h deiktiese sentrum kan nooit direk na die sentrum verwys word nie, dan is dit immers nie meer h sentrum nie.

Die eerste gedeelte van die verhaal eindig ook met h tydlose stelling:

4.6(e) *En dan, op h dag betrap hy homself dat hy dieselfde drome droom. Maar nie meer, soos vroeër in sy slaap nie. (t.a.p.)*

Nou begin die eintlike verhaal wat die verteller aan ons wil meedeel. Alles in hierdie verhaal word egter tyd en ruimtelik op h afstand gehou:

4.6(f)1) <i>die aand</i>	(K158)
<i>die volgende oggend</i>	(t.a.p.)
<i>die nag daardie</i>	(t.a.p.)
<i>daardie nag</i>	(K159)
<i>ek moes tot tien uur daar wag</i>	(t.a.p.)
<i>Sesuur die aand</i>	(t.a.p.)
<i>tot in daardie stadium</i>	(t.a.p.)

Sodanige bepalings kom in byna elke reël voor en die afstand word verder verhoog deur die byna uitsonderingslose gebruik van die gemerkte werkwoordpatroon. By tydlose stellings (byvoorbeeld 4.6(g)), *toe* (bywoord) en gevalle na voegwoorde *toe*, *asof*, *of*, *wat*, *terwyl*, *dat* en ellise van *dat*, dit wil sê sinne wat in jukstaposisie geplaas is, word van hierdie hierdie patroon afgewyk. Dit sou miskien verklaar kon word daarin dat dit ondergeskikte sinne is. So h verklarings gee egter geen opheldering nie.

- 4.6(g) *Titisee lê weggesteek tussen beboste huwels.
Veel van 'n dorp is dit nie. (K159)*
- 4.6(h)1) *Dit was asof ek na jare weer deur my prente=
boek blaaï ... (t.a.p.)*
- 2) *Toe ek naby haar kom ... (K160)*
- 3) *hoe dit gekom het dat sy met die tuba opgeskeep
sit. (K161)*
- 4) *Ek het gewonder of sy die instrument kan bespeel.
(t.a.p.)*
- 5) *Maar ek het skaars gehoor wat sy sê ... (K164)*
- 6) *Toe begin haar een hand beweeg ... (t.a.p.)*
- 4.6(i) *Die meisie het beduie ek moet saamkom kombuis toe.
(t.a.p.)*

Die tydlose stellings het nie deel aan die afstand wat daar tussen hede en verlede en dus tussen die deiktiese sentrum en die tydsverwysingspunt wat vir ons gegee word, lê nie: Om hierdie rede word die gemerkte patroon dan ook nie hier gebruik nie. (Vergelyk 4.6(g).)

By die voorbeelde in 4.6(h) en 4.6(i) word die gemerkte patrone ook nie gebruik nie aangesien daar 'n interne verwysingspunt of samehang in hierdie sinne is: die voltooidheid en afstand daarvan impliseer dieselfde soort afstand en voltooidheid as dié van die sin waarmee dit in samehang is. Waar daar wel van 'n gemerkte patroon saam met patrone soos in 4.6(h) en 4.6(i) gebruik gemaak word, word daar 'n voltooidheid of afstand ten opsigte van dit wat in die hoofsin opgeneem is, verkry.

Die enigste ander plekke waar 'n mens 'n ongemerkte werkwoordpatroon vind, is waar die verteller 'n stelling maak ten opsigte van dit wat in die hede, dit wil sê in die deiktiese sentrum waaruit hy praat, geldig is:

- 4.6(j)1) *As ek sê ek was teen daardie tyd lankal nie meer
in die beste van hulle nie ... (K159)*
- 2) *Ek stel my voor dit sou 'n mooi aand kon gewees
het. (K163)*

In 4.6(j)1) sê hy dit ten opsigte van die deiktiese sentrum van die leser en hy stel hom dit in 2) voor, eweneens op die oomblik wat hy dit aan die leser sê.

Die verhaalgebeure word dus van die deiktiese sentrum onderskei, nie alleen ten opsigte van die ruimtelike en tydsmarkerings (*daar, dié dag, ensovoorts*) nie, maar ook deur die gemerkte patrone van die werkwoord.

Hierdie saak kan dwarsdeur in die verhaal aangetoon word behalwe ten opsigte van sy herinnerings aan sy seunsdrome op (K161 en K162), verge- lyk byvoorbeeld:

- 4.6(k) *Die groen meisie onder die water wat afduik langs
my heupe, en sak, en sak, haar hare soos seegras om
my knieë, afsak en weer styg terwyl ek wag dat sy
haar borste insluur in die holtes van my hande. (K161)*

Hierdie gedeelte kan nie afgemaak word as tydloos nie, dit geld ook nie vir die hede van die verteller en leser nie. Hier het ons met so 'n sterk inlewing van die verteller te make dat daar werklik 'n nuwe deiktiese sentrum gestig word. Hierdie gebeure gebeur hier en nou, dit is meer reëel as die gebeure in die verhaal wat op 'n afstand bly. Hierdie drome is dus sterker en groter as die werklikheid wat hy verhaal. Hiermee weerspreek hy wat hy aanvanklik gesê het (vergelyk 4.6(e)). Hierdie drome droom hy nog. Die meisie wat hy werklik in die Swartwoud raakgeloop het, word die illusie. Sy word vergelyk met hierdie droom- meisies, hulle word nie met haar vergelyk nie:

- 4.6(l) *Haar hande was bekend, maar ek kan nie dink
hoekom nie; haar manier van stap ... (K161)*

Dié stelling word bevestig met

4.6(m) *En sy was almal van hulle. En sy was niemand.*
(K162)

Hierdie gedeelte (K161-K162) stem vormlik ooreen met die patrone wat die verteller in die hede gebruik en daarom móét dit gesien word òf as deel van die deiktiese sentrum wat hy met die leser deel òf as 'n ander ewe reële deiktiese sentrum.

In hierdie gedeelte word daar ook geen tydsverwysings of ruimtelike verwysingspunt gegee nie - dit is *a priori*-gegewens, en daarom vanuit 'n beleefde deiktiese sentrum.

In hierdie verhaal kry die gemerkte en ongemerkte vorme dus die funksie om tussen oriënteringspunte en die deiktiese sentrum te onderskei.

4.7 SWART-YS van Hennie Aucamp

Twee werkwoordpatrone, een tyd, twee perspektiewe ↗

Tot dusver is daar in die ontleding van die verhale uitgegaan van die standpunt dat die werkwoordpatrone kontrasterend is. Dit skep 'n kontras tussen deiktiese sentrums (4.2, 4.5 en 4.6), tussen opeenvolging en eenvormigheid (4.4), tussen sekerheid en onsekerheid (4.5), tussen gebeure, retrospeksies en antisipasies (4.3 en 4.5). In al hierdie verhale het dit egter, al was dit implisiet, geblyk dat beide patrone die verlede kan uitdruk. In die ontleding van Swart-ys word hierdie saak eksplisiet gemaak hoewel die kontrasterende funksies van die twee werkwoordpatrone nie uit die oog verloor sal word nie.

Daar is reeds by herhaling gesê dat 'n vertelling in die verlede afspeel en by Lettie (4.1) is aangetoon dat hierdie verledetyd berus op die meerdere wetes van die verteller en dat hierdie wetes van hom uit die volgorde, woordgebruik en betekenis duidelik blyk. By Swart-ys

kry ons nie soos by Lettie met 'n verteller te doen wat homself eksplisiet aan die woord stel nie. Hy begin met sy verhaal *in medias res* (3.8.2), dit wil sê asof in die middel daarvan:

- 4.7(a) *Ná twee maande van swerf in Europa het Jean-Jacques vermoed dat hy eensaam is, en sy spieël het dit bevestig, want verwaarlosing is 'n neerslag van eensaamheid.* (K191)

Soos reeds in 4.6 verduidelik, kan *is* in die bysin hierbo nie in die gemerkte patroon voorkom nie, want dan sou dit impliseer dat Jean-Jacques nie meer in hierdie stadium van die verhaal eensaam is nie. Dit sou dus 'n afstand tussen die gebeure in die hoofsin en Jean-Jacques se toestand veronderstel. Al die ander werkwoorde in hierdie gedeelte is egter in die gemerkte patroon wat 'n afstand tussen die verteller en die gebeure skep. Hierdie gemerkte patroon word vir drie paragrawe volgehou. Op enkele plekke word die patroon verbreek maar dan nie sonder rede nie, vergelyk:

- 4.7(b) *'Waarheen?' Tot dié inval gekom het: Sloane square. Want dis waar hy eenmaal twintig was.* (K191)

In hierdie sin het ons met twee deiktiese sentrums te doen, die van die verteller en die van die verhaalkarakter. Die karakter word as't ware aan die woord gestel met *waarheen* terwyl die verteller weer die woord neem met *tot die inval gekom het*. In die volgende gedeelte is dit weer die karakter wat die woord neem. *Sloane Square* bestaan nog, daarom word *is* gebruik. Sy twintigste verjaardag is verwyderd van hom, daarom gebruik hy *was*. Indien die verteller hier nie die woord aan die karakter oorgegee het nie, sou hy *dit was* in plaas van *dis* gebruik het, waardeur nie alleen die tyd nie, maar ook die plek *Sloane Square* van hom verwyderd sou wees.

Jean-Jacques leer ons in die verhaal ken as 'n koue beeldagtige persoon wat nie tot ander mense kan deurdring nie. Hy het 'n *ontoe-reikendheid* (K192) wat die vermoë om met ander mense gemeenskap te hê,

voorkom. Beelde trek hom aan maar mense stoot hom af. Om hierdie rede vind ons dat die verhaal die oomblik waarop Jean-Jacques 'n winkelpop sien, 'n wending neem. Die pop herinner hom aan 'n mens en doen 'n beroep op sy menslikheid maar as 'n mens dieselfde beroep doen, slaan hy op die vlug.

- 4.7(c) *Jean-Jacques het sy toegewing aan nostalgie betreur; wou net huis toe gaan, toe 'n winkelpop 'n beroep op sy menslikheid doen. Want die pop lyk net soos Annabelle ... (K191)*

Van hierdie oomblik word die gemerkte patroon van die werkwoord vervang deur die ongemerkte patroon. Alles word nou van nader aan Jean-Jacques bekyk. Die verteller is nog teenwoordig maar die gebeure om Jean-Jacques is nou nader aan die leser. Die leser kry dit as't ware eerstehands, tog is dit nog steeds die verlede tyd en nie die hede nie. Elke sin druk voorafgewete dinge uit, vergelyk:

- 4.7(d) *Dan verskyn daar 'n winkelmeisie langs haar; 'n vensterversterder met lappe aan haar voete wat haar soos 'n oorlogsvlugteling laat lyk. Wanneer Jean-Jacques opkyk na haar gesig, skrik hy. (K192)*

Die opeenvolging van hierdie gedeelte is die eerste saak wat bewys lewer dat alles wat hier gebeur, reeds verwerk is en daarna deur die verteller weergegee word. 'n Ware gelyktydige vertelling van hierdie gedeelte, met ander woorde 'n teenwoordige vertelling, sou miskien soos volg daar kon uitsien:

- 4.7(e) *Jean-Jacques sien die winkelpop. Hy sien 'n winkelmeisie langs die pop. Sy was nie vroeër daar nie. Hy sien die winkelmeisie het lappe aan haar voete. Die lappe aan haar voete laat hom dink aan 'n oorlogsvlugteling. Sy lyk vir hom soos 'n oorlogsvlugteling. Jean-Jacques kyk op na haar gesig. Hy skrik.*

In 4.7(e) word die gebeure een na die ander soos hulle waargeneem word, gegee terwyl daar in 4.7(d) alreeds h verwerking van die stof is, waarin onnodige herhalings uitgeskakel is en waarin die volgorde ander sake veronderstel. Hierdie gedeelte (4.7(d)) kan dus hoegenaamd nie hede wees nie. Tog vind ons h kleiner afstand as wat ons sou hē indien 4.7(d) so sou lees:

4.7(f) *Toe het daar h winkelmeisie langs haar verskyn;
h winkelversterker met lappe om haar voete wat haar
soos h oorlogselugteling laat lyk het. Toe Jean-
Jacques opgekyk het na haar gesig, het hy geskrik.*

Die rede moet in twee sake gesoek word. In die eerste plek skep *dan* en *wanneer* h afstand aangesien dit h voorafbeplande volgorde veronderstel wat òf in die verlede òf in die toekoms kan wees, maar hierdie twee woorde word ook algemeen gebruik vir voorwaardelike gelyktydige uitings (vergelyk 4.3). Hulle wek dus die indruk van algemeenheid en *tydloosheid*. Hierteenoor word *toe* (bywoord en voegwoord) slegs gebruik om na afgehandelde gebeure wat tot die verlede behoort te verwys.

Die tweede rede lê in die gebruik van die gemerkte werkwoordpatroon in 4.7(f) teenoor die van die ongemerkte patroon in 4.7(d). Die gemerkte werkwoordpatroon word slegs ten opsigte van gebeure gebruik wat ten aansien van h ander spesifieke punt in die verlede, hede of toekoms (vergelyk 2.2.2) voltooi is, hoewel gemerkte patrone in onderlinge samehang nie noodwendig op afgehandeldheid dui nie, vergelyk:

4.7(g) *Hy het geslaap en gedroom, sien ek.*

Die een handeling veronderstel hier die ander en daarom is hulle ten opsigte van mekaar durend maar ten opsigte van h ander tydsoriënteringspunt wat ons by *sien ek* vind, is hulle afgehandel. Indien 4.7(g) so sou lees:

4.7(h) *Hy het geslaap en gedroom, het ek gesien*

sou dit beteken dat die *sien*-handeling of ten tye van die persoon se *slaap* en *droom* plaasgevind het, of daarna maar dan sou hierdie *daarna* tussen *nou* en die tyd waarin geslaap en gedroom is, moes wees. Slegs in samehang met die res van hierdie hipotetiese teks sou 'n mens kon vasstel wat die geval is, byvoorbeeld:

4.7(i) *Hy het geslaap en gedroom, het ek gesien, toe hy by die kamer uitkom.*

Die *uitkom*-handeling sal in hierdie geval die tydsoriënteringspunt vir die *sien*-handeling wees.

Uit die voorgaande moet ons dus aanvaar dat die ongemerkte patroon 'n eie tydsoriënteringspunt veronderstel terwyl gemerkte patrone op oriënteringspunte buite hulleself aangewys is. Hieruit kan ons ook die gevolgtrekking maak dat die gemerkte werkwoordpatroon ook ten opsigte van tydsoriëntering gemerk is en daarom altyd voltooid-aspekties moet wees ten opsigte van 'n gegewe of geïmpliseerde tydsoriënteringspunt.

Hierteenoor moet die ongemerkte werkwoordpatroon eksplisiet deur die samehang of adjunkte gemerk word om 'n voltooide aspek weer te gee.

Die probleem van hoekom 4.7(d) 'n kleiner afstand tussen verteller en gebeure veronderstel, moet dus ook gesien word in die feit dat die ongemerkte werkwoordpatrone 'n eie tydsoriënteringspunt impliseer.

Die kleiner afstand wat met behulp van die ongemerkte werkwoordpatroon in hierdie verhaal geskep word, is egter nie die enigste rede vir die gebruik daarvan nie. Nog 'n rede lê daarin dat Jean-Jacques se sekerheid

in hierdie gedeelte opgehef word ten aansien van die inleidende gedeelte. Hierdie aanname word bevestig as die verteller in die slot= sin terugval op die gemerkte werkwoordpatroon:

- 4.7(j) *Die volgende dag het Jean-Jacques die jas gaan koop en, geborge in bewerpels, sy winterreis hervat.* (K194)

Die onsekerheid oor sy eie vermoëns is nou opgehef want hy het 'n keuse gemaak deur die *jas* en nie die *beeld* nie, te koop. Hy is nou *geborge* in eie selfgenoegsaamheid. Deurdat die ongemerkte werkwoord= patroon in die middelgedeelte gebruik word, sien die leser Jean-Jacques se twyfel oor sy bestaanwyse as't ware van nader en noudat Jean-Jacques 'n keuse gemaak het, weet die leser ook uit die gemerkte werkwoordpatroon dat die twyfel opgehef is: Jean-Jacques se beslissing is gevel, dit is voltooi.

4.8 DIE TUISKOMS van J. van Melle

Enkele opmerkings oor aspek en aktionsart

In hierdie ontleding sal daar veral opgelet word na aspek en aktionsart. Soos in alle vertellings het ons hier met die verlede te doen of liever met 'n fiktiewe gewete verlede wat deur 'n skrywer by monde van 'n verteller aan ons oorgedra word. Soos in 2.2.3 verduidelik, is daar 'n verband tussen tydsuitdrukking en aspek maar daar is ook gewys dat hierdie verskynsels nie sinoniem is nie. Tydsuitdrukking geskied vanuit 'n spesifieke deiktiese sentrum en daarom hoef dit nie eksplisiet te wees nie. Hierteenoor is aspek waardeoordele wat oor die verloop van gebeure gemaak word en daarom word dit waar nodig eksplisiet weergegee. Die *waar nodig* hang saam met die aktionsart (2.2.3 en 2.2.4) van die werkwoord. Waar die aktionsart so is dat dit nie bots met die aspek wat uitgedruk wil word nie, word aspek ook nie uitgedruk nie. Andersins is dit noodsaaklik om aspek uit te druk. Hierdie stelling word vervolgens aan die hand van Die Tuiskoms ondersoek en daar word verder ook aandag gegee aan die wyses waarop aspek in hierdie verhaal uitgedruk word.

In die eerste sin van die verhaal (4.8) vind ons twee werkwoorde wat uit hulle aard, aksionartig dus, durend is:

4.8(a) *Sy sit met haar kleinste kind op haar skoot
en luister na die wind.* (H107)

Hierdie durendheid lê gedeeltelik daarin opgesluit dat hulle onoorganklike werkwoorde is. Oorganklike werkwoorde is immers gewoonlik gerig op die totstandkoming of verandering van 'n spesifieke saak en daarom is sodanige werkwoorde gewoonlik beperk wat hulle duur betref. Hierteenoor is onoorganklike werkwoorde nie gerig op iets anders nie en daarom gewoonlik van 'n durende aard, vergelyk

4.8(b) *Sy huil X Hy eet die brood.
Hulle dink X Hulle vat die boek.*

Daar is natuurlik talle teenvoorbeelde vir hierdie stelling maar dit is my oortuiging dat die stelling in die meerderheid gevalle korrek is.

Sit en *luister* lei nie tot 'n sigbare resultaat nie, tewens hulle is werkwoorde wat onbegrens van duur is. Om hierdie werkwoorde se durende aard te wysig, is dit nodig om 'n tydsadjunk of ander strukturele middel daarvoor aan te wend. Dit kan ook met die samehang gedoen word, byvoorbeeld:

4.8(c) *Sy sit en slaan op.*

In so 'n uiting is dit dan logies dat *sit* nie langer kan duur as tot daardie moment waarop sy opstaan nie.

Om terug te keer na die eerste sin 4.8(a). Dit is juis die doel van die skrywer om 'n durende handeling uit te druk daarom rig hy nie

die aktionsart van hierdie werkwoorde nie. Dit word bevestig deur die nadruklike wyse waarop die durendheid van *waai* in die volgende sin beklemtoon word:

4.8(d) *Dit waai nou al dae aanmekaar.* (t.a.p.)

Hier word nie bloot gesê dat die wind waai nie, maar die duur daarvan word uitgelig - dit duur *al dae aanmekaar*. Nou wys hierdie sin terug na die handeling in die eerste sin. Ten aansien van die *sit* en *luister* van die vrou is die waai van die wind in die hede. Nie die hede van die leser nie, maar die van die vrou. 'n Mens mag hieruit miskien die gevolgtrekking maak dat sy al dae aanmekaar na die wind sit en luister.

Die durende aard van *waai* word eksplisiet onderbreek deur die feit dat dit soggens begin waai en saans gaan lê:

4.8(e) *Elke môre staan hy op en waai tot die son ondergaan; dan gaan hy lê ...* (t.a.p.)

Sonder hierdie eksplisiete inperking van *waai* sou die leser kon dink dat die wind dag en nag onophoudelik waai.

In die uiting *die son gaan onder* vind ons 'n voorbeeld van 'n onoor-ganklike werkwoord wat slegs 'n beperkte duur het, dit is kenmerkend van die meeste onoorganklike deeltjiewerkwoorde. Die beperking op hulle duur lê opgesluit in die deeltjies, vergelyk:

4.8(f)1) *die huis brand X die huis brand af*
2) *die man kom X die man kom terug.*

Die huis brand tot hy afgebrand het en die man kom net totdat hy terug is.

4.8(g) *Na dié kant toe is die veld heeltemal afgebrand ... (t.a.p.)*

Hier het ons nie met 'n omskrywingswerkwoord *is* te doen nie, maar met 'n koppelwerkwoord. *Afgebrand* word adjektiewies gebruik. Die voltooidheid of perfektiwiteit van *afbrand* word hierdeur benadruk. Indien die sin sou lees:

4.8(h) *Die veld het heeltemal afgebrand,*

sou dit ook voltooidheid aangedui het, maar indien die *heeltemal* wegelaat word, mag ons nie sonder om die samehang te raadpleeg aanvaar dat die werkwoord nie durend van aard is nie. Dit kon dan miskien geïnterpreteer word dat dit *besig was om af te brand*. Deur die gebruikmaking van *is* word 'n toestand geskep en soos in 2.2.3 aangetoon, druk 'n toestand nie verloop uit nie. Ook in die adjektiewiese gebruik van *doodgeryp*te gras hoërop in dieselfde paragraaf vind ons dat 'n toestand uitgedruk word.

Die inleidende paragraaf van hierdie verhaal skep die indruk van grootsheid en wydheid maar terselfdertyd van 'n landskap wat leeg (*afgebrand* en *doodgeryp*) is en onophoudelik aan die elemente blootgestel word. Hierdie feite word eksplisiet gegee: *oneindige veld*, en *die hele vlakke swart*; dit word egter ook implisiet in die durende aktionsarte, aangevul deur duratiewe aspekte, weergegee: *waai* en *skyn*, *waai aanmekaar*, *die bleekblou hemel staan strak*.

In die volgende kort paragraaf vind ons die beskrywing van 'n toestand van eensaamheid:

4.8(i) *Dis eensaam in die huis en die wind daarbuite maak dit met sy geraas nog eensamer. (t.a.p.)*

Die toestand van eensaamheid sou staties gebly het as die wind dit nie *eensamer* gemaak het nie, vergelyk

4.8(j) *Die wind maak dit eensaam X die wind maak dit eensamer.*

Die vergrotende trap van die adjektief *eensaam* rig die oorganklike werkwoord met beperkte aktionsartige duur tot langdurigheid. Dit bereik nie 'n resultaat nie, dit hou aan om eensamer te word. *Maak*' se duur word dus vergroot. Dit word nou aspekties duratief teenoor *maak dit eensaam* waar ons vind dat daar 'n resultaat is en gevolglik 'n begrensdsheid.

In die derde paragraaf vind ons 'n afwisseling van duur en herhaling wat aan hierdie paragraaf 'n toestand van durende roetine skep. Dit verhoog die eensaamheid van die vrou nieteenstaande die aanwesigheid van twee kinders, vergelyk:

4.8(k)1) *Hulle gaan vroeg skool toe en eers laat in die middag kom hulle terug. (t.a.p.)*

2) *Sy moet nou opstaan om te gaan koskook, maar sy bly sit. (t.a.p.)*

In hierdie paragraaf, net soos in die vorige twee, val die klem op die duur van gebeure, niks word afgehandel of voltooi nie. Selfs die oudste kinders se *weggaan* en *terugkom* wat andersins tot voltooidheid sou lei, word deur *in die môre* en *in die middag* aspekties tot herhaling gerig. Die duur van sake word nie opgehef nie. Selfs die *kook van kos* word uitgestel. Sy bly immers sit want die wind wat *steeds waai* skep 'n toestand van *droefgeestigheid*.

In die eerste drie paragrawe word alle werkwoorde dus aspekties tot durendheid gerig waardeur die skrywer daarin slaag om die verlatenheid en eensaamheid van die vrou te beklemtoon.

In die vierde paragraaf vind ons 'n beskrywing van die vrou. Soos die meeste beskrywings het ons hier nie met opeenvolging te doen nie, maar met 'n toestand en daarom is dit 'n weergawe van gelyktydigheid soos in 4.3.1 uiteengesit. Die werkwoord wat die meeste in hierdie gedeelte voorkom is *wees*, wat natuurlik 'n statiewe aksionsart het.

In die vyfde paragraaf vind ons 'n wending, die gemerkte werkwoord= patroon word hier gebruik terwyl dit tot dusver glad nie voorgekom het nie. Hierdie gedeelte beskryf die rede vir haar eensaamheid en daarom moet dit ten aansien van die eerste drie paragrawe as 'n voltooide gegewe weergegee word: die funksie van die gemerkte werkwoordpatroon is hier dus om dië gedeelte aspekties as voltooid daar te stel ten opsigte van die ander gegewens en nie om 'n verlede uit te druk nie. Die hele verhaal speel immers in die verlede af.

Die verhaal word deur 'n wit gedeelte op papier in twee dele verdeel. Die tweede gedeelte begin met 'n beskrywing van die doen en late van die vrou se man. Ook in hierdie beskrywing word die klem op duur en herhaling geplaas, vergelyk:

- 4.8(1)1) *Marthinus Cloete trek met sy skape deur die bosse. (H107)*
- 2) *Oor die afgebrande veld trek die skape moeisam verder en knabbel aan die yl dun verflenterde grassies, stadiger, die koppe altyd laer. (H108)*
 - 3) *Aldeur stadiger trek die skape. (t.a.p.)*
 - 4) *Nou en dan bly een van hulle lê. (t.a.p.)*
 - 5) *loop dan weer verder. (t.a.p.)*
 - 6) *Elke dag bly meer skape lê. (t.a.p.)*
 - 7) *Hy is voortdurend vol angs. (t.a.p.)*
 - 8) *Hy sien dit naderhand altyd. (t.a.p.)*
 - 9) *as hy saans by die vuur sit. (t.a.p.)*
 - 10) *Somtyds wens hy ... (t.a.p.)*

Ook werkwoorde wat statief is, soos *bly* en werkwoorde wat momentaan is, soos *afany*, word aspekties tot duur of herhaling gedwing deur woorde soos *nou en dan*, *elke dag* en die samehang met die res van die teks op herhaling dui.

Die eerste paragraaf van hierdie gedeelte bied egter ook 'n verklaring van hoekom hy besig is om *uit die bosse* te trek.

4.8(m) *Dit het al so warm geword ... (H107)*

Die gemerkte patroon van die werkwoord in samehang met *al* maak hierdie handeling aspekties voltooid ten aansien van die vorige sin 4.8(1)1). Dieselfde geld ook vir

4.8(n) *Hy het gehoor dat daar mooi reëns geval het en dat die gras mooi begin uitloop. (t.a.p.)*

Die kontraswerking van die gemerkte patroon in samehang met die ongemerkte patrone in die vorige sinne is genoeg om dit voltooid te maak. Indien al die ander omringende sinne egter ook in die gemerkte vorm was, sou die skrywer van nog meer middele soos *al* of *reeds* gebruik moes maak om hulle voltooidheid aan te dui. Indien die tweede werkwoord van hierdie sin byvoorbeeld in die ongemerkte patroon was, sou dit aspekties duur in verhouding tot die eerste sin uitgedruk het, met ander woorde die reën sou steeds besig gewees het om te val toe hy daarvan gehoor het. Indien die eerste werkwoord in die ongemerkte patroon was en die tweede nie, sou dit beteken het dat hy by herhaling hoor dat die reën geval het. Hierdie kontraswerking vind ons duidelik by die derde werkwoord van hierdie sin wat ongemerk is: *uitloop*. In kontras met die ander gebeure het ons hier met 'n gebeure te doen wat aan die gang is nadat die reën geval het en hy daarvan gehoor het.

Uitloop word ook aspekties gerig deur die skakelwerkwoord *begin* wat die aanvang van die handeling uitdruk maar terselfdertyd het ons hier

met gebeure te doen wat ten aansien van die gemerkte werkwoorde aan die gang en dus durend is.

Soos hoërop verduidelik, het ons in hierdie tweede gedeelte oor die algemeen steeds te doen met durende of herhalende handeling. Die herhalende of iteratiewe aspek word gewoonlik met 'n adjunk soos *somsyds, elke dag, saans, ensovoorts*, bewerkstellig terwyl die durende aspek versterk word met adjunkte soos *voortdurend* en *naderhand*. Hierdeur word ook die man as eensaamheid en nietigheid voor die elemente beklemtoon.

Hierdie aspekte word opgehef as daar 'n finale wending in die verhaal kom wat met die adjunk *een môre* ingelei word.

4.8(o) *Een môre sien sy hom.* (H108)

Van hierdie oomblik word die durende werkwoorde vervang deur momentane wat nie aspekties tot duur gerig word nie. Een saak volg die ander chronologies op. Dit geskied nou in teenstelling tot die byna amorfe vloei van sake voor hierdie oomblik:

4.8(p)1) *toe sy die klein klompie skape sien, bly sy verskrik staan.* (H108)

- 2) *En sy bly staan waar sy is en kyk na die skape wat traag nader kom totdat hulle by haar is ...* (t.a.p.)
- 3) *Toe gaan sy na haar man en groet hom met 'n soen ...* (t.a.p.)

Hierdie werkwoorde soos *groet, sê* en *antwoord* wat afgemete opeen=volgins bewerkstellig, word aangevul deurdat die werkwoorde met durende aksionsarte soos *staan* en *kyk* aspekties met woorde soos *toe* wat 'n moment aandui en *tot* wat 'n voltooiingspunt aandui, gerig word.

met gebeure te doen wat ten aansien van die gemerkte werkwoorde aan die gang en dus durend is.

Soos hoërop verduidelik, het ons in hierdie tweede gedeelte oor die algemeen steeds te doen met durende of herhalende handeling. Die herhalende of iteratiewe aspek word gewoonlik met 'n adjunk soos *somtyds, elke dag, saans, ensovoorts*, bewerkstellig terwyl die durende aspek versterk word met adjunkte soos *voortdurend* en *naderhand*. Hierdeur word ook die man as eensaamheid en nietigheid voor die elemente beklemtoon.

Hierdie aspekte word opgehef as daar 'n finale wending in die verhaal kom wat met die adjunk *een môre* ingelei word.

4.8(o) *Een môre sien sy hom.*(H108)

Van hierdie oomblik word die durende werkwoorde vervang deur momentane wat nie aspekties tot duur gerig word nie. Een saak volg die ander chronologies op. Dit geskied nou in teenstelling tot die byna amorfe vloei van sake voor hierdie oomblik:

4.8(p)1) *toe sy die klein klompie skape sien, bly sy verskrik staan.* (H108)

- 2) *En sy bly staan waar sy is en kyk na die skape wat traag nader kom totdat hulle by haar is ...* (t.a.p.)
- 3) *Toe gaan sy na haar man en groet hom met 'n soen ...* (t.a.p.)

Hierdie werkwoorde soos *groet, sê* en *antwoord* wat afgemete opeen=volgins bewerkstellig, word aangevul deurdat die werkwoorde met durende aksionsarte soos *staan* en *kyk* aspekties met woorde soos *loë* wat 'n moment aandui en *tot* wat 'n voltooiingspunt aandui, gerig word.

4.9 SAMEVATTING

In elkeen van die ontlede verhale is daar gevind dat die grammatikale tydsuitdrukking in diens van die boodskap gestel is. Om hierdie rede was daar ook telkens 'n andersoortige wyse waarop tyd benut is.

Daar is gevind dat die leser hom op dieselfde tydsvlak as die verteller bevind en dat 'n tweede of fiktiewe deiktiese sentrum net tot stand kom waar die woord deur 'n ander spreker in die verhaal oorgeneem word ðf in dialoog ðf in gedagtes. In sulke gevalle is die spreker 'n toeskouer by 'n gesprek of gebeure wat aan hom gewys, eerder as vertel word.

Daar is in hierdie ontledings ook uitgewys dat die verteller se kennis van wat gebeur, telkens verraal word in sy woordgebruik en die opeenvolging van elemente in sinne. Grammatikale tydsuitdrukking in Afrikaanse vertellings berus dus eerder op die samehang as op die werkwoord.

In die volgende hoofstuk sal die waarnemings wat in hierdie hoofstuk gemaak is, afsonderlik ondersoek word om daaruit 'n gevolgtrekking oor die wyse van grammatikale tydsvergestalting in Afrikaanse vertellings te maak.

H O O F S T U K 5GEVOLGTREKKING

Newton het êrens gesê dat hy 'n dwergie is wat op die skouers van reuse staan. Hierdeur wou hy te kenne gee dat dit nie sy eie vermoë is wat hom in staat gestel het om soveel in die wetenskap waar te neem nie, maar dat hy dit nie sou kon doen as dit nie was vir die werk van sy voorgangers nie. Elke taalwetenskaplike van vandag moet dieselfde sê. Die insigte van vandag sou nie moontlik gewees het sonder die werk van die mense van gister nie. Selfs bevindings wat ons vandag as onwaar wil afmaak, was noodsaaklike werk wat teenbevindings en verdiepte insigte moontlik gemaak het.

Die gevolgtrekking wat hier volg is van dieselfde aard: dit bou eenvoudig met stene wat ander mense gekap het. Selfs al word die stene hier op 'n ander manier gelei sou geen gebou moontlik gewees het daarsonder nie. Ander bouers sal op hulle beurt hierdie bousel afbreek en as dit geskik bevind word weer van die stene kan gebruik om 'n nuwe gebou op te rig.

In hierdie afdeling word die gegewens wat in die vorige hoofstukke versamel is, verwerk. Aandag word agtereenvolgens aan tydsuitdrukking in die algemeen soos dit in Afrikaans bestaan en daarna aan tydloosheid, teenwoordige, verlede en toekomstige tyd, aspek en aktionsart gewy. In die slotafdeling van hierdie hoofstuk word daarna gestreef om 'n samevatende beeld van die tydsuitdrukking in Afrikaans te gee en terselfdertyd word daar gekyk of die vraag van Antonissen (1.1), al is dit dan net ten dele, soos verwoord in (1.8), beantwoord is.

5.1 WETE EN WAARNEMING : TWEE WĒRELDE

Weinrich (vergelyk 3.8.4) onderskei twee wêreldes wat in die taal weergegee word, naamlik 'n besproke en 'n vertelde wêreld. In Duits

(t.a.p.) word die besproke wêreld met die presens en perfektum weergegee, terwyl die vertelde wêreld met die preteritum en plus=quamperfektum weergegee word. Sonder om my uit te laat oor Duits of enige ander taal met verwante tempusstelsels, wil ek op grond van die gegewens in Hoofstuk 4 van hierdie studie beweer dat die onderskeid eerder getrek moet word tussen die wêreld waarvan jy weet, en die wêreld wat jy waarneem. Dit geld altans vir Afrikaans.

Wat word presies met *gewete* en *waargenome* wêreld bedoel?

Die mens spreek hom in sy taal op so 'n manier oor die wêreld uit, dat dit op grond van dit wat hy sê, blyk dat hy kennis of wetes het aangaande dit wat hy meedeel. Hierteenoor kan hy in sy taal mededelings maak slegs ten opsigte van dit wat hy waarneem. Ter illustrasie hiervan twee voorbeelde uit 4.1:

- 5.1(a)1) *Hy kug 'n paar keer.*
 2) *Hy kug en kug en kug.*

In 5.1(a)1) word veronderstel dat die spreker reeds weet dat die *hy* in die voorbeeld 'n paar keer gekug het. In 5.1(a)2) word die handeling van die *hy* bloot weergegee soos dit plaasvind. Dit word waargeneem.

Tussen hierdie twee wêrelde lê daar 'n onoorbrugbare afstand wat ons *wete* sal noem. By 5.1(a)2) bestaan daar geen afstand tussen wêreld en taal of uitdrukking nie, of liever dit is so klein dat dit vanuit die waarneming van die spreker gelyktydig is (vergeelyk 3.2.1). By 5.1(a)1) is daar 'n afstand, 'n afstand van wete. Alle uitings in die taal kan onder een van hierdie hoofde, naamlik wete of waarneming tuisgebring word.

5.1.1 Die gewete wêreld

Alle gewete dinge behoort in 'n besondere sin tot die verlede. Om iets te weet moes dit alreeds waargeneem gewees het. Dit is natuurlik 'n oorvereenvoudiging. 'n Mens kan te kenne gee dat jy iets weet deur 'n voorspelling te maak of te veralgemeen. Sodanige voorspellings en veralgemenings berus egter vanuit die standpunt van die *hoorder* op sake wat vir die spreker as bekend aanvaar word.

5.1(b) *Hulle sal môre kom.*

Indien hierdie sin (5.1(b)) deur 'n spreker geït word, aanvaar die hoorder dat die spreker *inside information* of liever kennis het wat hom so 'n stelling kan veroorloof. Sodanige kennis veronderstel 'n afstand tussen dit wat gegee en dit wat gesê word. In hierdie uiting is die afstand duidelik, dit is 'n toekomsverwysing. 'n Sin soos

5.1(c) *Daar kom hulle*

veronderstel nie implisiet so 'n afstand nie. Dit is nie 'n *wete* wat oorgedra word nie, slegs 'n waarneming. Indien hierdie sin so sou lees:

5.1(d) *Toe hulle daar kom ...*

word daar deur die gebruik van *toe* te kenne gegee dat die spreker 'n afstand wat op 'n wete berus tussen hom en die gebeure skep. In elke uiting van sprekers word hierdie soort kennis, as hulle dit het, weergegee. Soms is dit eksplisiet in die uiting aanwesig en soms moet dit van die samehang afgelei word:

5.1(e) *Daar kom hulle. Die perde loop kop aan kop. Sodra die eerste een by die wenpaal is, gaan daar 'n gejuig op. Dit is Fleur, die gunsteling van die toekouers.*

In hierdie paragraaf kan verskeie sinne as blote waarneming aanvaar word.

5.1(f) *Daar kom hulle. Die perde loop kop aan kop ...
Dit is Fleur.*

Wat hier (5.1(f)) gegee is, kan op blote waarneming berus, maar sodra dit in samehang met

5.1(g) *Sodra die eerste een by die wenpaal kom, gaan
daar 'n gejuig op ... die gunsteling van die
toeskouers*

gelees word, word die sinne in 5.1(f) na die verlede gedwing. Sodra veronderstel immers 'n voorafwete van die verband tussen die *gejuig* en die perd wat *eerste* is, terwyl *gunsteling* daarop dui dat die spreker ook hieroor kennis moes hê.

Sinne soos die volgende kan voorspellings van toekomstige gebeure of mededelings oor die verlede wees:

- 5.1(h)1) *Terwyl hulle besig is om in die koel voorhuis
hul koffie te drink, praat hulle nie veel nie. (K96)*
- 2) *'n Oomblik laat sy die breiwerk sak. (K97)*
- 3) *Sy wens skielik Vinus wil van die koffie more. (K96)*
- 4) *Die pyne kom met rukke ... (K100)*
- 5) *Maar in hul eie woning brand die ligte helder ... (K101)*

Hierdie sinne is lukraak gekies uit Abraham H. de Vries se Die gusooi. Indien daar geen samehangende verband gegee word nie, kan hierdie sinne toekomstige of verlede tyd wees, maar nie hede nie, vergelyk byvoorbeeld:

- 5.1(i)1) (*Môre*), terwyl hulle besig is om in die koel voorhuis hul koffie te drink, (moet hy hulle afluister al) praat hulle nie veel nie.
- 2) *Gister*, terwyl hulle besig is om in die koel voorhuis hul koffie te drink (luister hy hulle af al) praat hulle nie veel nie.

In 5.1(j) het ons nog geen teenwoordige tyd nie:

- 5.1(j) (*Nou*), terwyl hulle besig is om koffie te drink (luister hy hulle af al) praat hulle nie veel nie

tensy dit in die samehang van die gesprek duidelik is dat die persoon wat hierdie sin sê 'n voorspelling maak oor wat besig is om te gebeur. Die spreker moet dus 'n *wete* uitdruk. Daar is veral een saak wat in 4.1(h)1) daarop dui dat dit nie 'n waargenome werklikheid, met ander woorde 'n gegewe wat aan die gang is terwyl die spreker dit waarneem nie: die spreker maak 'n waardeoordeel oor 'n gebeurde; hy stel dat die persone nie veel praat terwyl hulle koffie drink nie. Hy moet dus reeds weet dat hulle nie veel sal of sou praat nie. Die koffiedrinkery is immers aan die gang en die bietjie gesprek ook. Eers nadat hulle klaar gedrink het, tensy hy 'n profeet is, kan hy sê dat hulle nie veel gepraat het nie. Waardeoordele van hierdie soort wat ons ook in 4.1(h)2) 'n *oomblik*, 3) *skielik* en 4) *met rukke* oor gebeurde vind, berus immers op wetes. En hierdie wetes vereis 'n afstand tussen die gebeurde en die uiting. In 4.1(h)5) vind ons 'n andersoortige verskynsel wat die afstand verraa. Die woordjie *eie* sou in 'n gelyktydige waarneming en uiting onvanpas gewees het. Hiermee gee ek nie te kenne dat dit glad nie sou kon voorkom nie, maar dat dit onwaarskynlik is (vergelyk ook 4.2). In 'n gelyktydige waarneming en beskrywing van die gebeurde sou 'n mens die *eie* as deel van die konteks aanvaar het. 'n Mens kyk nie na jou *eie huis* nie, maar wel na *jou huis*. Die *eie* skep die indruk dat daar by die spreker 'n oordeel oor die handeling gemaak word, 'n oordeel wat van voorafkennis spreek. Indien daar hoegenaamd geen kennis oor die aangeleentheid is nie

en die spreker hierdie saak meedeel, kan hy hoogstens sê:
in 'n huis, waarin die *h* dan deeglik sy onwetenheid sou uitdruk.
 Hierdie uiting word egter net soos die vorige in 'n konteks wat
 afstand veronderstel, ingebed en daarom vind die spreker dit by
 nabetrugting en in samehang met die res van die teks noodsaaklik
 om sy kennis weer te gee.

Oordele oor handeling en die verloop daarvan word deur
 tydsadjunkte en voegwoorde uitgedruk. Sekere voegwoorde ver=
 onderstel immers altyd 'n totale kennis van gebeure en die volgorde
 daarvan, byvoorbeeld

5.1(k) *waaron, waarna, toe, nadat, voordat, omdat,*
sodat, sodra, ensovoorts.

Sekere tydsadjunkte vereis ook so 'n wete, byvoorbeeld:

5.1(l) *tydspuntadjunkte: vooraf, vantevore, opeens,*
eenkeer, toe, vervolgens, ensovoorts

tydsduuradjunkte: lank, die hele dag, die heel
dag, ensovoorts

frekwensieadjunkte: gewoonlik, soms, elke keer, altyd,
weer, ensovoorts.

In der waarheid is daar slegs enkele tydsadjunkte wat nie so
 'n wete veronderstel nie, hoewel hulle nie noodwendig 'n voorafwete
 uitsluit nie:

5.1(m) *dan, nou, op die oomblik, ensovoorts.*

Sekere wyseadjunkte, veral daardie wat die hele gebeure-eenheid
 betrek, vereis ook gewoonlik 'n voorafwete:

- 5.1(n) *skielik, 'n paar keer, verwigtig, dadelik, gou, speel-speel (in 'hy doen dit speel-speel'), ensovoorts.*

Hierteenoor is daar enkele adjunkte wat nie 'n voorafwete veronderstel nie en bloot 'n oordeel gee oor die handeling wat ontvou in vergelyking met ander handeling wat vooraf gaan, hieronder tel adjunkte soos die volgende:

- 5.1(o) *Hy werk speel-speel (met ander woorde hy werk en hy speel) vinnig, stadig, ensovoorts.*

Oor die algemeen word adjunkte juis gebruik om die meerdere wete en dus waardeoordele van die spreker weer te gee. Slegs in enkele gevalle word adjunkte gebruik om waarnemings gelyktydig met die beskrywing daarvan te beoordeel en hier berus hulle op vergelykings met aan die spreker bekende handeling en die handeling wat voor sy oë voltrek word.

Nie net waardeoordele en voegwoordelike strukturering van die volgorde verraaal die spreker se kennis nie, 'n mens kan dit ook in die volgorde van uitings waarneem, vergelyk:

- 5.1(p)1) *Hy sê: Ek kom vandag.*
 2) *Ek kom vandag, sê hy.*

Die woorde wat 'n spreker sê en die spreker word gewoonlik gelyktydig waargeneem maar tog moet daar aanvaar word dat 'n spreker eers iets moet sê voordat daar waargeneem kan word wie praat. Dit maak dus gewoonlik, veral wanneer slegs een of twee persone betrokke is, nie saak of *hy sê* die woorde wat hy sê volg

of voorafgaan nie, maar dit kan tog h aanduiding daarvan wees dat die mededeler vooraf bewus moes gewees het van wie aan die woord gaan kom. In h samespel met h adjunk soos in 5.1(q)1) kan daar egter geen twyfel oor hierdie voorafwete van die spreker wees nie, terwyl 5.1(q)2) nie noodwendig so h kennis vereis nie:

5.1(q)1) *Na h rukkie sê hy: Ek kom vandag.*

2) *Ek kom, sê hy na h rukkie.*

Die spreker moes in 5.1(q) immers eers tyd hê om te besluit dat h sekere uiting na h rukkie gemaak word.

Sekere werkwoorde is in der waarheid uitdrukkings van die wetes van die spreker, en hulle kan nie op die hede dui nie, wel op tydloosheid, toekoms en verlede:

5.1(r) *vervolg, hervat, voltooi (ten opsigte van h gesprek) verskyn, ensovoorts.*

Nog h saak wat die spreker se meerdere wete verraai is die gebruik van h uiting met h bepaalde naamwoordstuk in h inleidende sin, met ander woorde h sin wat aan die hoorder nuwe inligting deurgee. In hierdie geval moet h mens egter die uiting losmaak van die konteks. In h spesifieke konteks kan sekere uitings wel bepaald gebruik word met dien verstande dat dit op h deiktiese verwysing slaan. Buiten deiktiese verwysings veronderstel die gebruik van h bepaalde naamwoordstuk gewoonlik bekendheid. Dit is dan ook hierdie soort bekendheid of ou inligting by die spreker wat h mens so dikwels in die aanvang van h vertelling aantref. Die verteller is bekend met dit wat hy wil meedeel en nie die leser nie. Indien dit h gelyktydige vertelling was, sou die verteller waarskynlik van h onbepaalde naamwoordstuk gebruik moes maak omdat hy self nog onbekend is met die besondere saak:

- 5.1(s)1) Die eerste boodskapdraer by Gammadokies was die geel Boesmantjie ... (K16)
- 2) Die timmerplaas waar hulle elke more ... (K24)
- 3) Sommer van die begin af was daar 'n sterk wedersydse toegeneentheid tussen die jong predikantjie en oom Dirk de Bruyn. (K37)
- 4) Deur die venster waar sy staan ... (K135)
- 5) Die dokter maak die deur toe. (K174)

Dit is opmerklik dat adjunkte in Afrikaanse vertellings by voorkeur in die benadrukte sinsinsetposisie geplaas word. 'n Statistiese ondersoek sal hierdie bewering kan staaf. Juis hierdie posisie benadruk die wete-aspek daarvan (mondelling mededeling deur H.G.W. du Plessis).

Soos reeds aan die begin van hierdie bespreking gesê, hoef hierdie wete nie net die verlede uit te druk nie, dit kan ook oor sake wat in die toekoms lê, handel. Ook generiese uitings en ander *tydlose* uitings soos iteratiewe veronderstel die wete van die spreker. Die enigste plek waar hierdie wete van die spreker nie van toepassing is nie, is by waarnemings wat gelyktydig met die uiting gedoen word - die probleem van Afrikaanse tyds= uitdrukking lê dus nie in die onderskeid tussen hede en verlede nie, maar tussen die verlede en ander handeling wat nie gelyktydig met die beskrywing daarvan plaasvind nie.

5.1.2 Die waargenome wêreld

Die klassieke voorbeeld van die uitdrukking van die waargenome wêreld vind 'n mens in radiokommentaar. Hier is die spreker toegewys op die dinge wat voor sy oë plaasvind. Om hierdie rede vind 'n mens dikwels dat 'n handeling eers beskryf word, waarna die persoon wat dit uitgevoer het, gespesifiseer word. Hiervoor

word die struktuur dikwels op 'n *abnormale* wyse ingespan. Vergelyk in hierdie verband Ponelis (1979:410) se opmerking oor die gebruik van agensvorme by onpersoonlike konstruksies in rugbykommentaar.

Indien die onderwerp bekend is en die kommentaar by die enkele onderwerp bly, word sinne gewoonlik met die onderwerp ingelei:

5.1(t) *Die kis verlaat nou die kerkgebou. Dit word op die wa geplaas ...*

Waar die onderwerp wissel vind 'n mens dikwels dat 'n adjunk, by voorkeur *nou* ingespan word, om die spreker die geleentheid te gee om met sy kommentaar voort te gaan:

5.1(u) *Nou verlaat die eerste minister en sy gevolg die raadsaal. Nou staan hulle voor die deur ...*

Ware gelyktydige vertellings is seldsaam in Afrikaans, selfs nog seldsamer as die sogenaamde *historiese presens* in Engels en ander tale wat in vertellings gewoonlik van die imperfektum gebruik maak. Die probleem by die Afrikaanse tydsuitdrukking lê dus nie by sy *paucity of past tenses* (vergeelyk 1.1) nie, maar eerder in die onderskeid tussen die verlede en ander handelinge wat nie gelyktydig met die beskrywing daarvan plaasvind nie, met ander woorde by al daardie uitings waaroor die spreker kennis het. Die verskillende *tydekategorieë* in Afrikaans moet nou met inagneming van hierdie twee uitdrukkingswêreldes van nader bekyk word.

5.2 TYDLOOSHEID

In 4.3.1 is daar aandag gegee aan die *tydlose* uitings wat in Terugkeer voorkom. Daar is aangetoon dat geen uiting in die strengste sin van die woord tydloos is nie. Uitinge in 'n verhaal is net tydloos indien dit die gebeure in die besondere verhaal transendeer. Uitgaande van hierdie standpunt wil ek die volgende vereiste aan tydloosheid koppel: indien die inhoud van 'n uiting die konteks waarbinne dit gemaak word, transendeer, dit wil sê nie aan die tyd van die betrokke diskoers gebonde is nie, is dit tydloos ten opsigte van die betrokke diskoers. Op grond van hierdie beskrywing van tydloosheid moet 'n mens tussen verskillende grade van tydloosheid onderskei.

5.2.1 Generiese uitings

Na aanleiding van Ponelis (1979:19) en Lyons (1977:194) word onder generiese uitings daardie uitings wat op klasse slaan en nie eksimplare van klasse nie, verstaan.

In 'n generiese uiting is daar altyd 'n NS wat generies gebruik word terwyl die werkwoord in die ongemerkte patroon voorkom (vergelyk 4.3.1.1). Struktureel verskil hierdie NS'e nie van ander NS'e wat nie-generies gebruik word nie (vergelyk Ponelis: t.a.p.). Sodanige generiese NS'e kan bepaald, onbepaald, in die enkelvoud of meervoud wees. Ten opsigte van die predikaat kan 'n paar opmerkings gemaak word. In sekere generiese uitings (5.2(a)) word 'n werkwoord gebruik wat 'n kenmerkende funksie veronderstel van die betrokke subjek waarvoor dit die predikaat is (vergelyk in hierdie verband Labuschagne (1972:136)).

- 5.2(a)1) *Die son skyn.*
 2) *Die wind waai.*
 3) *Honde blaf.*
 4) *Plante groei.*
 5) *'n Vuur brand.*

Dit is opmerklik dat hierdie soort werkwoorde almal onoorganklik is. Dit is dus nie gerig op sake anders as hulle subjekte nie en dit vloei as't ware uit die aard van die klas waarop hulle betrekking het, voort. Hierdie uitings is nie *ipso facto* generies nie aangesien hulle bloot afhange van die samehang van hulle voorkoms met die res van die teks as tydsgebonde uitings gebruik kan word. Struktureel is hierdie generiese uitings nie van tydsgebonde uitings onderskeibaar nie. Feit bly egter staan dat hierdie soort generiese uitings die kenmerkende voorbeelde van generiese uitings is. Hulle moet dus gesien word as die kerngroep, en dus is 'n term soos kerngeneriese uitings nie onvanpas nie.

'n Tweede groep generiese uitings is die soort wat op wetenskaplike gronde gemaak word:

- 5.2(b)1 *Sout los op in water.*
- 2) *Die aarde draai om die son.*
- 3) *Die diamant is die hardste van alle minerale.*
- 4) *Die son is 'n ster.*
- 5) *Muskiete dra Malaria oor.*

Hierdie soort uitings is in teenstelling met die vorige groep nie net wat hulle tydloosheid betref afhanklik van die klas waaroor hulle handel nie, maar ook van hulle waarheid ten aansien van die wetenskaplike kennis van die mens. Daar mag byvoorbeeld aangetoon word dat sout nie onder alle omstandighede in water oplos nie. Dat die aarde om die son draai, is ook maar sedert Copernicus as feit waar.

Net soos die vorige groep generiese uitings kan hierdie uitings nie struktureel van tydsgebonde uitings onderskei word nie. Anders as die vorige groep is hierdie groep altyd tydloos tensy hulle spesifiek op grond van die samehang of 'n strukturele middel tot tydsgebondenheid gedwing word. Die teendeel was by die vorige soort uiting waar: hulle word as tydsgebonde aanvaar tensy die samehang hulle tot tydloosheid dwing. Vergelyk byvoorbeeld die volgende waarin 5.2(a)3) in 'n spesifieke tydsverband gebruik word:

5.2(c) *Honde blaf skielik voor hom.*

'n Derde groep generiese uitings moet nog onderskei word, naamlik veralgemenings. Hierdie uitings word daardeur gekenmerk dat hulle nie 'n kenmerkende predikaat soos die eerste het of op wetenskaplike waarhede soos die tweede groep berus nie. Daar bestaan twee soorte veralgemenings, naamlik daardie veralgemenings wat volledige klasse beskryf en daardie veralgemenings wat slegs betrekking het op 'n gedeelte van 'n klas. Kenmerke en voorbeelde van veralgemenings word in 4.3.1.1 gegee.

5.2.2 Gewoontelike sinne

In 4.3.1.2 is hierdie uitings onder die hoof *iteratiewe* bespreek. Enkele opmerkings, benewens dié wat reeds in die genoemde afdeling gegee is, moet nog hieroor gemaak word.

Daar moet in die eerste plek tussen twee soorte iteratiewe onderskei word. Aan die een kant is daar die iteratiewe soos in 4.3.1.2 wat as tydloos geklassifiseer moet word omdat dit die grense van die diskoers oorskry, en aan die ander kant is daar die soort iteratiewe wat op 'n herhalende handeling binne die grense van die diskoers dui:

- 5.2(d)1) *Hy skop-skop na die bal.*
- 2) *Telkens vra hy weer sy vraag.*
- 3) *Hy toring gedurig aan sy baadjie.*
- 4) *Af en toe kyk hy om.*
- 5) *Hy spring kort-kort oor die klippe.*

Hierdie soort iteratiewe gaan gewoonlik net soos dié in 4.3.1.2 gepaard met adjunkte wat Ponelis (1979:343) uitdrukking van frekwensie noem, hoewel in sommige hiervan, (5.2(d)1)) byvoorbeeld, ander middele gebruik word om frekwensie aan te dui. Die verskil tussen die twee soorte iteratiewe handelings lê soos gesê, daarin dat die een groep tydloos is ten opsigte van die diskoers, terwyl die ander groep aan die grense van die diskoers gebonde is. Struktureel kan daar geen onderskeid tussen hierdie twee groepe gemaak word nie.

Die nie-tydlose iteratiewe kom dikwels in vertellings en die uitdrukking van ander gewete wêreldes voor en minder dikwels in kommentaar, juis omdat die waarneming van 'n herhaling 'n oorskou van die gebeure vereis.

5.2.3 Beskrywings

In 4.5.1.3 is hierdie onderwerp volledig toegelig en daar word nie weer hierop ingegaan nie, behalwe om weer te beklemtoon dat slegs daardie beskrywings wat die diskoersgrense transendeer as tydloos ten opsigte van die betrokke diskoers gesien kan word.

5.2.4 Die teenwoordige tyd en tydloosheid

De Villiers (1971:45, e.v.) beskou veralgemenings en gewoontelike handelinge nie as tydloos nie, maar as voorbeelde van die presens

of teenwoordige tyd. Hierin is hy natuurlik heeltemal gereg= verdig as dit wat hy onder presens of teenwoordige tyd verstaan op veralgemenings toegepas word. Hy eksplisiteer egter nêrens die begrip teenwoordige tyd nie. Hierdie beskouing van hom gaan vir Afrikaans nie op nie, ons het in elk geval nie 'n *simple present tense* nie; ons kan hoogstens van 'n kommentariële wyse van weergawe van die waargenome wêreld praat. Die wyse van uitdrukking wat vir die waargenome wêreld gebruik word, hang ook nie van die werkwoordvorm af nie, vergelyk 2.2.2 asook 5.2(e).

5.2(e) *Hy stel die bal, o mag, dit het omgeval.
Hy stel dit weer ...*

Die gemerkte werkwoordpatroon in hierdie sin is sekerlik nie 'n *verledetydsvorm* nie, dit gee bloot 'n voltooide gebeure in kontras met die omringende onvoltooide of deurlopende handelinge weer. Ook hierdie gemerkte patroon behoort tot die waargenome wêreld. Die teenwoordige tyd wat De Villiers (t.a.p.) impliseer, is nie soseer teenwoordig nie, maar eerder alomteenwoordig soos dit immers uit sy voorbeeld op bladsy 45 (a.w.) blyk. Die voorwaardes wat vir tydloosheid hierbo gegee is, is eksplisiet en meer toetsbaar as sy stelling ten opsigte van sy genoemde voorbeelde, vergelyk:

Die indruk van tydloosheid ontstaan hier deurdad veralgemenings meegedeel word oor toestande, verhoudings en herhaalde gebeure wat skynbaar oor 'n langerige tyd strek, en nie spesifieke gebeurtenisse beskryf nie. En tog is dit beslis teenwoordige tyd. Dit is 'n baie algemene gebruik van die presens.

Nee! Wat is die *presens* waarvan hy hier praat? Daar bestaan nie so 'n dier in Afrikaans nie, in elk geval nie by die werkwoord nie

(vergelyk 2.2.2). Met hierdie stelling plaas hy hom op een lyn met die historisisme waarteen hy hom uitspreek (vergelyk 1.1).

Wat bedoel hy voorts met *h langerige tyd*? Ja, hy kan hierdie standpunt huldig as hy aanvaar: presens = ongemerkte werkwoord= patroon, maar dit sê nog nie dat: teenwoordige tyd = presensvorm van die werkwoord nie. Hierdie *langerige tyd* kom ook nie ooreen met die *wyer* tydsoriëntering wat deur die deiktiese sentrum gegee kan word nie (vergelyk 3.2.2).

Dit vermag egter niks om *h* andersins belangrike werk op grond van terme en onduidelikhede uitmekaar te trek nie. Daar kan volstaan word met die definisie van tydloosheid wat hierbo gegee is. Net so is dit egter noodsaaklik om definisies vir teenwoordige tyd, toe= komende tyd en verlede tyd te gee en vervolgens te bepaal hoe hierdie *tye* in Afrikaans en veral Afrikaanse vertellings uitgedruk word.

5.3 DIE TEENWOORDIGE TYD

Onder teenwoordige tyd moet nie, en ek sê dit by herhaling, *h* vorm van die werkwoord verstaan word nie. Dit slaan ook nie op gewoontelike handeling of ander handeling of uitings wat die grense van die diskoers transendeer nie. Dit is wat dit is, die tyd wat ten *tye* van die uiting deur die spreker as tot die teenwoordige gereken word (vergelyk Figuur 3.2 in afdeling 3.2.2). Dit is daardie tyd wat slegs een oriënteringspunt herken, naamlik die deiktiese sentrum (vergelyk 2.2.1). Na die deiktiese sentrum word, soos in 2.2.1 verduidelik, nooit verwys nie, dit dien as *h a priori*-gegewe in die diskoers. Uitinge waaraan daar geen tydsverwysings= punt gekoppel word nie en dus vanuit die deiktiese sentrum ten opsigte van toestande, gebeure en handeling wat die deiktiese sentrum as oriëntasie het, gemaak word, is *teenwoordigetyduitinge*. Dit sou dwaas wees om die term presens hieraan te koppel want dan moet *h* mens weer verval in *h*

bespreking en weerspreking van werkwoordvorme. Uitings in die teenwoordige tyd het net een gemeenskaplike kenmerk: dit lewer kommentaar oor sake wat in die onmiddellike waargeneem word. Geen tydsverwysingspunt is vir hulle nodig nie, net so min as wat dit nodig is om te sê

5.3(a) *Dit reën hier en nou.*

5.3(b) *Dit reën,*

is meer as genoeg om *hier* en *nou* te ondervang. Wat is *nou* in hierdie geval anders as 'n tydsverwysingspunt met die deiktiese sentrum as oriëntering? *Nou* kan ook as verwysing na verwysde oriënteringspunte dien, vergelyk:

5.3(c) *Die nagtegaal het net af en toe geroep,
en elke keer kan ek dit duideliker hoor.
Later was hy so naby dat ons hom in die takke
kon hoor rondspring. En verder vorentoe het
daar nou 'n tweede hoorbaar geword, en 'n derde.
(K166)*

Die *nou* in 5.3(c) het nie die deiktiese sentrum as oriëntering nie. Dit *verwys* na die oriënteringspunt wat in hierdie gedeelte meegedeel word. Dit is 'n spesifieke moment ná die *later* waarvan daar in die eerste sin sprake is. Hierteenoor verwys die *nou* wat in 5.3(a) gegee word nie. Dit is 'n oriëntering ten opsigte van die tyd van uiting - dit vloei daaruit voort; daar word na *nou* verwys en nie na die deiktiese sentrum as oriënteringsentrum nie.

Wanneer gesê word dat *geen verwysingspunt nodig is* vir teenwoordige tydsuitings nie, word daarmee nie bedoel dat daar geen verwysde tydspunte in sulke uitings kan voorkom nie. 5.3(a) is 'n voorbeeld dat sodanige uitdrukkings inderdaad voorkom. Dit het dit nie nodig nie, want die deiktiese sentrum in die diskoers dien as oriëntering vir hierdie soort uitings. Binne sulke teenwoordigetydsuitings kan daar natuurlik aspektiese kwessies ter sprake kom, vergelyk byvoorbeeld 5.2(e). Oor aspek word in (5.7) breedvoeriger ingegaan.

Om saam te vat: die teenwoordige tyd is die uitdrukking van die waargenome wêreld ten tye van die waarneming en dit word van tydlose uitings daarin onderskei dat laasgenoemde soort uitings volgens die samehang van die teks op tydloosheid, soos in 5.2 gedefinieer, dui.

5.4 DIE TOEKOMENDE TYD

In 5.3 kon daar verwarring ontstaan het rondom die begrip: *Die teenwoordige tyd het nie 'n tydsverwysingspunt nodig nie want die deiktiese sentrum dien as oriëntering vir hierdie soort uitings.* Hieruit kon miskien afgelei word dat beweer word dat slegs die teenwoordige tyd die deiktiese sentrum as oriëntering het, dit is natuurlik onjuis. Alle uitings het die deiktiese sentrum as basis. Die verskil lê egter daarin dat daar in ander gevalle na 'n oriënteringspunt verwys moet word, wat nie die deiktiese sentrum kan wees nie (geen verwysing na die deiktiese sentrum is immers moontlik nie). Hierdie oriënteringspunt bepaal 'n tydsafstand ten opsigte van die deiktiese sentrum en die voorvereiste daarvoor is 'n wete of kennis in verband daarmee en die handeling, gebeure en toestande daaromheen. Die afstand hoef ook nie en word in der waarheid ook nie werkwoordelik in Afrikaans uitgedruk nie, *sal* in

5.4(a) *Ek sal brood koop*

slaan immers nie op die toekoms nie, maar op die instelling van die spreker op die oomblik van uiting. Hierdie feit word deur taalkundiges onderstreep (vergelyk: Labuschagne, 1972:196, e.v.; De Villiers, 71, e.v. en 89, e.v.; Lyons, 1977:816, e.v.; Ponelis, 1979:248, e.v.). Dit is dus nie die modale hulpwerkwoord wat die toekoms in Afrikaans uitdruk nie, dit is die tydsverwysingspunt wat eksplisiet in die uiting voorkom of uit die samehang van die teks afgelei kan word. In 'n sin soos

5.4(b) *Ek sal môre brood koop,*

is dit nie *sal* wat op toekoms dui nie, maar *môre*. Die funksie van *sal*

is om die ingesteldheid van die spreker te beklemtoon. Hy gee hiermee te kenne dat dit nie 'n *wete* by hom is nie, maar miskien 'n voorneme.

Ter verdere verduideliking van die uitdrukking van toekomstige tyd, wat vanselfsprekend in die vertellerstekes van kortverhale byna uitgesluit is, word die volgende aanhaling uit Toon van den Heever se bekende Werkstaking by die kleigat gegee (K43).

5.4(c) *Weet jy wat Pens, ek word nou moeg van skaap oppas.
Wat wil jy dan maak, skool toe gaan?
Nee! (veragtelik) Ek wil wegloop.
Wegloop! Waarheen?*

*Sommer wegloop, verdwyn. Dan gaan ek ver weg:
Bosveld toe of Johannesburg toe of na 'n ander
land toe. Dan dink al die mense dat ek dood is.
Naderhand sal hulle hoor van 'n kommandant of 'n
generaal wat so kwaai is; hulle hoor hoe hy die
kakties uitmekaar gejaag het, hoe hy die tjaainies
laat spaander het. Dan trou die generaal met die
dogter van 'n koning of 'n 'knight' ...*

Naait? Wat is 'n naait?

Dis 'n kêrel wat 'n sawel dra en ysterklere.

Ysterklere! Hoe loop hy dan?

*Wa-a-ag man! Laat ek jou eers vertel. Dan hoor
al die mense eendag dat die beroemde generaal op
die stasie gaan wees. Dan span ou Van Eeden sy
verewa in en bind linte in die perde se maanhare.
Van Tonder en Brits en Van Vuuren en Pa en die hele
spul trek hulle kisklere aan en gaan stasie toe om
die generaal te sien. En as die trein stilhou, sit
hulle 'n plank teen die goetswen en daar kom die
generaal uitgery op 'n groot swart hings met 'n bles
en 'n witvoet, wat so kopspeel en trippel dat mens
sy hoeve skaars kan sien. Regop sit die generaal
te perd met 'n blink uniform aan en 'n lang blink
sawel in sy hand. Die polisiemanne en die gart sal
almal saluer. Die mense sal hoera skree en hulle
hoede opgooi. Ewe deftig haal die generaal sy hoed
af en verbeel jou hoe verwonderd sal ja wees om te
sien dis ek.*

Verskeie vandie sinne in hierdie teks kan in isolasie van die res van die teks as teenwoordige tyd (5.3) of verlede tyd (5.5) geïnterpreteer word, vergelyk:

5.4(d)1) *Regop sit die generaal te perd met 'n blink uniform aan en 'n lang blink sawel in sy hand.*

2) *en daar kom die generaal uitgery op sy groot swart hings ...*

Geen uiting kom egter in isolasie voor nie (vergeelyk 3.1.3. In elke diskoers is daar 'n konteks en in literêre tekste selfs twee (vergeelyk 3.7). Vir hierdie teks soos dit hier gegee word, is daar ook twee, dit wil sê as die ontleding wat u nou lees as konteks buite rekening gelaat word. Daar is die tekstuele konteks dit wil sê die konteks wat tussen die verteller en die leser bestaan en die tekskonteks wat hier veral in die gesprek tussen die *ek* en Pens tot stand kom (vergeelyk 3.7).

Die bestaan van die tekstuele konteks word eksplisiet gevind in *veragtelik* in

5.4(e) *Nee (veragtelik) Ek wil wegloop.*

Veragtelik is immers 'n oordeel wat die verteller by nabetraging uitspreek oor die wyse waarop die *nee* gesê is. Vanuit die tekstuele konteks gesien behoort hierdie hele uittreksel dus tot die verlede.

Die gedeelte hierná word volledig vanuit die deiktiese sentrum van die persone in die verhaal weergegee. Die leser is dus 'n toeskouer by 'n toneel wat die verteller aan hom wys (vergeelyk 3.7.2.3). Vanuit hierdie hoek is dié gedeelte nie verlede nie maar toekoms.

Waar die verlede 'n sekere wete is, is die toekoms slegs 'n moontlikheid. Die toekomstige aard van die *ek* in die verhaal lê nie in die *wil* van

5.4(f) *Ek wil wegloop*

opgesluit nie. Hierdie *wil* druk 'n voorneme in die hede uit. Die toekomstigheid lê eerder in die *wegloop*. Dit word bevestig in

5.4(g) *Sommer wegloop, verdwyn. Dan gaan ek ver weg.*

Hiermee word gesê:

5.4(h) *Sodra die wegloop kom, gaan ek op daardie moment van wegloop ver weg.*

Dan in 5.4(g) tree dus as anafoor vir die oomblik van *wegloop* op. Hy het immers nog nie weggeloo nie. Hy gee die voorneme daartoe met *wil* te kenne. Die voorneme bestaan in die hede, nie die *wegloop* nie. *Dan* streef egter die blote voorneme verby en gee 'n tydoriënteringspunt vir wat volg. Om hierdie rede word *dan* vyf maal in die vertelling herhaal. Waar 'n ruimtelike oriënteringspunt uit die ruimtelike aard daarvan staties is, verskuif die tydsoriënteringspunt saam met die tyd tensy 'n gelyktydigheid eksplisiet aangedui word. Om hierdie rede verwys die herhaalde *dan* nie elke keer na die weglooptmoment nie, maar na die punt in die tyd wat vervolgens bereik word.

Nie net *dan* tree as anafoor vir die tydsoriënteringspunt op nie, maar ook *naderhand* en *as*. In hierdie gedeelte kom *sal* voor, maar hierdie *sal* slaan nie op 'n voorneme of waarskynlikheid in die deiktiese hede van die spreker nie maar op 'n waarskynlikheid besien vanuit 'n gegewe tydsoriënteringspunt in die toekoms, vergelyk:

5.4(i)1) *Naderhand sal hulle hoor ...*

2) *Regop sit die generaal te perd met 'n blink uniform aan ... Die polisiemanne en die gart sal almal saluwer. Die mense sal hoera skree en hulle hoede opgooi.*

In 5.4(i)1) word die tydsoriëntering deur *naderhand* bepaal en die *sal* druk die modaliteit ten opsigte van hierdie oriëntering uit. Met so druk die *sal* in 5.4(i)2) die waarskynlikheid van *salueer*, *hoera skree* en *hoede opgooi* ten tye van die *Regop sit ...* van die generaal aan en nie ten aansien van die deiktiese hede nie.

Bevestiging dat *naderhand* optree as tydsoriënteringspunt vind h mens ook in die sinne met gemerkte werkwoordpatrone wat met hierdie punt in verband staan:

5.4(j) *Hulle hoor hoe hy die kakies uitmekaar
gejaag het, hoe hy die tjaainies laat
spaander het.*

Wanneer hulle hiervan hoor, is dit immers reeds gedoen. Om hierdie rede word *hoor* twee maal herhaal en *hoe* ook. Hierdie twee woorde word gebruik as anafore vir die tydsoriëntering.

Om saam te vat: toekomstige tydsuitdrukking berus ook op 'n *wete*, maar dit is 'n *wete* van voorneme of waarskynlikheid ten opsigte van moontlike aanleidende handeling. Die moontlikheid van die gebeure kan met behulp van 'n modale hulpwerkwoord of ander modale woord uitgedruk word, maar dit kan ook bloot geïmpliseer word. Waar dit geïmpliseer word, moet die implikasie uit die samehang blyk. Die voorneme of moontlikheid behoort tot die deiktiese hede terwyl die handeling, gebeure of toestand wat uitgedruk word tot die toekoms behoort. Waar die hede nie 'n eksplisiete tydsverwysingspunt hoef te hê nie, moet 'n toekomsverwysingspunt eksplisiet met behulp van 'n adjunk of die samehang gegee word.

5.5 DIE VERLEDE TYD

Soos reeds by herhaling gesê, berus die uitdrukking van die verlede op wetes wat in die teks weergegee word. Die soort *wete* oor die

verlede verskil ten opsigte van wetes oor die toekoms daarin dat dit op verwerkte ondervinding berus terwyl wetes oor die toekoms op waarskynlikheid berus.

Net soos daar vir toekomsverwysing 'n eksplisiete toekomsverwysingspunt bestaan, moet daar vir die verlede op dieselfde wyse, òf met behulp van 'n tydsverwysingspunt òf uit die samehang, 'n verwysingspunt na die verlede gekies word. Van hierdie tydsverwysingspunt ontvou die tyd dan chronologies, wat natuurlik beteken dat die verwysingspunt, tensy dit anders aangedui word, saam met die opeenvolging van gebeure aanskuif.

'n Uiting soos in 5.5(a) behoort tot die verlede op grond van die adjunk *gister* daarin:

5.5(a) *Gister loop hy in die straat en sien sy vriend voor die winkel.*

Die volgende uittreksel (5.5(b)) uit Swart-ys (vergeelyk 4.7) behoort ook oteenseglik tot die verlede hoewel geen spesifieke verledetydsverwysing daarin voorkom nie.

5.5(b) *Dan verskyn daar 'n winkelmeisie langs haar; 'n vensterverstierder met lappe om haar voete wat haar soos 'n oorlogsvlugteling laat lyk. Wanneer Jean-Jacques opkyk na haar gesig, skrik hy. Sielvolle Victoriaanse oë; van 'n ouderwetse pop ook die preuts mondjie, die hoë, rooibruin wange, die kroesdroë krulle om 'n bleek gesig. En om haar hals, soos 'n bloedstreep, 'n pruimpers bandjie van fluweel. Sy beantwoord Jean-Jacques se blik, en raak gevange. Nou dwing sy om aandag: haar hand kruip smagtend op teen haar dy; sy glimlag sonder voorbehoud. Elke tand in haar mond is met silwer beslaan; 'n blink lag, 'n metaallag. En Jean-Jacques ril en stap haastig weg.*

So vinnig vlug hy dat hy by die galery verby= loop ... (K192)

Dat hierdie gedeelte nie hede kan wees nie, blyk uit die wetes wat hierin vervat is (vergelyk 4.7). Dit kan dus slegs 'n beskrywing van 'n gebeurte wees waar daar afstand tussen die tyd van die gebeurte en die tyd van uiting bestaan, dit wil sê ðf toekoms ðf verlede moet hierin uitgedruk word. In hierdie gedeelte kom die voegwoord en bywoord *toe* ook nie voor nie. *Toe* sou 'n sekere verwysing na die verlede gewees het, aangesien dit nooit saam met gebeurte in die hede of toekoms gebruik word nie. Anders as in 4.1 verduidelik, moet die voegwoordelike *toe* só geparafraseer word:

Op daardie moment in die verlede waarop; en die bywoordelike *toe* so: *op daardie moment in die verlede.* Die gebruik van selfs 'n enkele *toe* in 'n vertelling is dus 'n genoegsame verledetydsverwysing. Nie ter onderskeiding van die hede nie, die wetes wat daarin vervat word, is genoegsaam om so 'n aanname onmoontlik te maak, maar ter onderskeiding van die toekoms, want soos aangetoon, herus toekomsuitdrukking ook op wetes. In plaas van *toe* word *wanneer* en *dan* in hierdie uittreksel gebruik. Soos in 4.4 verduidelik, het *wanneer*, *as* en *dan* nie 'n implisiete waarde wat verlede veronderstel nie. Dit word gebruik in die hede, verlede en toekoms om opeenvolging, verhouding en voorwaarde uit te druk (vergelyk ook 4.3.1.3).

Op watter gronde moet 'n mens nou aanvaar dat hierdie uittreksel (5.5(b)) tot die verlede behoort? Hoe kan ons sê dat *dan* as anafoor optree vir 'n verledetydsoriënteringspunt? Die *nou* wat in hierdie gedeelte gebruik word, slaan nie op 'n spesifieke oriënteringspunt in die toekoms nie, hoewel dit moontlik is soos in 5.4 aangetoon, en vergelyk:

5.5(c) *Hy sal môre vir die eerste maal voor die spieël staan, dan sien hy die merk op sy kop. Nôu voor die spieël sal dit vir hom soos 'n ertjie lyk.*

Nou gee immers bloot 'n punt ten opsigte van 'n spesifieke tyds-oriëntering weer (vergelyk ook 2.2.2).

In die eerste plek kan die verledetydsoriëntering van hierdie uittreksel uit die samehang met die res van die teks afgelei word. Hierdie teks begin immers met 'n duidelike verwysing na die verlede (vergelyk 4.7). Ja, maar hierdie besondere uittreksel is sonder hierdie samehang gegee, boonop weet 'n mens nie eens dat dit deel van 'n vertelling is nie. As 'n mens dit sou kon sê, sal 'n mens immers kon konstateer dat dit verlede tyd moet wees.

Die geheim vir die verledetydsoriëntering in hierdie gedeelte lê veral in twee sake. Die eerste is die gedetailleerdheid van die beskrywing. Geen toekomsverwysing kan so 'n gedetailleerde beskrywing verdra nie, vergelyk:

5.5(d) *Nou dwing sy om aandag: haar hand kruip smagtend op teen haar dy; sy glimlag sonder voorbehoud. Elke tand in haar mond is met silwer beslaan; 'n blink lag, 'n metaallag. En Jean-Jacques ril en stap haastig weg.*

Enkele momente in hierdie gedeelte kan wel met 'n modale hulpwerkwoord soos *sal* verbind word (nie dat hierdie werkwoord nodig is om toekoms uit te druk nie, maar ter wille van die argument) maar nie die geheel nie. Om dit te toets word hierdie gedeelte met *sal* herskryf:

5.5(e) *Nou sal sy om aandag dwing: haar hand sal smagtend teen haar dy opkruip; sy sal sonder voorbehoud glimlag. Elke tand in haar mond sal met silwer beslaan wees; (dit) sal soos 'n blink lag wees, (soos) 'n metaallag. En Jean-Jacques sal ril en haastig wegstap.*

Hierdie gedeelte 5.5(e) doen onnatuurlik aan omdat die leser nie kan aanvaar dat iemand iets so haarfyn in verband met 'n toekomstige gebeurte kan voorspel nie. Daar is te veel veranderlikes. Selfs al sou die gedeelte (5.5(d)) geloofbaar as toekomsverwysing tot en met *metaallag* wees, maak die voorspelling van Jean-Jacques se ril en haastige wegstap die hele gedeelte as toekoms onaanvaarbaar. Item vir item kan dit toekoms wees, maar nie in die geheel nie. Dit moet dus op grond van die gedetailleerde beskrywing en die soort wetes wat hiermee uitgedruk word as 'n beskrywing van 'n verlede tydsgedebourte wees.

In die tweede plek behoort hierdie uittreksel (5.5(b)) tot die verlede omdat geen uitdrukking van waarskynlikheid of instelling van die spreker hierin voorkom nie. In die bespreking van die uittreksel uit *Werkstaking by die kleigat* (5.4) het dit geblyk dat daar telkens as daar 'n wending in die gebeurte plaasvind 'n duidelike aanduiding van die spreker se instelling ten opsigte van die besondere oomblik in die toekoms oor die verdere verloop van sake gegee word. Daar is minstens vier sulke plekke in hierdie uittreksel (5.5(b)) waar 'n *sal* of 'n ander aanduiding van waarskynlikheid soos *waarskynlik*, *moontlik*, *miskien* ensovoorts nie onvanpas sou wees indien dit toekoms sou uitdruk nie (5.5(f)). So 'n aanduiding word trouens deur die leser verwag:

- 5.5(f)1) *Wanneer Jean-Jacques ...*
- 2) *Nou dwing sy ...*
- 3) *En Jean-Jacques ril ...*
- 4) *So vinnig vlug hy ...*

Die twee redes wat aangevoer is vir die interpretering van 5.5(b) as 'n weergawe van die verlede en nie die toekoms nie, te wete gedetailleerdheid en sprekerinstelling, is afsonderlik nie genoegsaam vir die aanname dat dit verlede is nie, maar in samehang met mekaar moet 'n mens aanvaar dat hierdie gedeelte 'n weergawe is van 'n afgehandelde gebeurte. Afgehandel ten opsigte van die hede maar nog aan die gang op die oomblik in die verlede waarin dit gebeur.

Om saam te vat: Verledetydsuitdrukking berus ook op wetes net soos die toekomstige tyd, maar dit is wetes wat berus op ondervinding en dit is daarom gedetailleerd en onvoorwaardelik. Die verlede tyd moet uit die samehang blyk of h eksplisiete oriënteringspunt in die verlede moet aangegee word. Net soos by die toekomstige tyd verskil die verledetydsuitdrukking ook op grond van wetes wat weergegee word van die uitdrukking van die hede terwyl daar ook hier h oriëntering moet wees, wat in h teenwoordige tydsuitdrukking as h *a priori*-gegewe aanvaar word en dus nie uitgedruk hoef te word nie.

5.6 KONTRAS: DIE NOODSAAKLIKHEID VAN TWEË WERKWOORDPATRONE

Tot dusver is daar in hierdie hoofstuk veral aandag gegee aan die ongemerkte werkwoordpatroon, of liewers tydsuitdrukking waarin slegs hierdie patroon voorkom. Dit is aangedui dat hede, verlede en toekoms= uitdrukking in Afrikaans met die werkwoordvorm as sodanig niks te make het nie. Dit, ondanks die feit dat Afrikaanse taalkundiges tog h presensvorm en h preteritumvorm van die werkwoord onderskei. Daar bestaan dus uit wat tot dusver gegee is en wat die werkwoordvorm in Afrikaans aanbetref nie tempus, nie. Tempus as h mens nogtans hierdie term vir die Afrikaanse tydsuitdrukking wil gebruik, berus in Afrikaans op die samehang wat uit die teks spreek en die verhouding van die teks tot die konteks waarin die deiktiese sentrum gevind kan word. Hoekom, as dit so is, is daar dan nogtans twee werkwoordpatrone in Afrikaans? Het ons hoegenaamd twee werkwoordpatrone nodig? Op hierdie vrae word daar in hierdie afdeling ingegaan.

5.6.1 Deiktiese sentrums

In elke diskoers bestaan daar slegs een deiktiese sentrum. Hierdie sentrum is die oriënteringsentrum vir die teks. Vanuit hierdie sentrum word na alles verwys of word daar verwysde oriënteringspunte aangegee waaraan gebeure gekoppel kan word.

Dit is waar in alle diskoerse behalwe die literêre diskoers waarin daar twee kontekste voorkom (vergelyk 3.7). Omdat daar

twee kontekste is, word daar ook twee ruimtes en twee tydsoriënterings gevind. Daar word egter nie in elke literêre diskoers twee sprekers en twee hoorders/lesers dit wil sê een vir elke konteks gevind nie. Soms vind h mens wel twee sprekers (vergelyk 4.5) maar dan nog nie twee hoorders/lesers nie. Die leser en die deiktiese sentrum van die verteller bly dan dieselfde. Daar is net een. Gewoonlik vind h mens dat daar benewens die spreker/verteller- en leser= konteks nog h personekonteks ook is, dit wil sê h konteks waarin die daargestelde persone (vergelyk 3.7.2.3) optree, as't ware onafhanklik van die persoon wat hulle doen en late, ja, selfs hulle woorde vertel. In sulke gevalle het ons definitief met twee deiktiese sentrums te doen, die ruimte, tyd, spreker en hoorder verskil van die elemente wat in die konteks van die verteller/leser voorkom. Hierdie twee sentrums staan in h besondere verhouding tot mekaar: die verteller/lesersentrum is die konkrete en werklike sentrum; die daargestelde persone se sentrum is h fiktiewe sentrum (vergelyk ook 2.2.1).

Benewens hierdie kontekste is daar ook nog ander in die kortverhaal moontlik, die letterkundiges sal daarop aandring dat daar altyd meer is, maar soos verduidelik (vergelyk 3.7.1.1) is dit nie waar nie tensy die leser daarvan bewus word. h Voorbeeld van so h derde sentrum vind ons in Leuens (4.2) waar die leser daarvan bewus word dat hy met die abstrakte outeur in gesprek verkeer. Hierdie sentrum is dan die konkrete sentrum. In hierdie geval het die verteller, soos aangetoon, h sekondêre sentrum hoewel hy steeds in gesprek met die leser verkeer en is daar h tersiêre sentrum by die persone in die verhaal te vinde. Die sekondêre en tersiêre sentrums is soos in 4.2 verduidelik beide fiktief.

Dat daar allerlei variasies in die verhouding en getal sentrums bestaan, is in hoofstuk vier by die ontleding van die kortverhale gesien. Ter wille van die onderskeid tussen sentrums kan die outeur van die twee werkwoordpatrone gebruik maak. Hy kan byvoorbeeld die

gemerkte werkwoordpatroon vir die verteller gebruik (4.5 en 4.1) en die ongemerkte patroon vir die persone in die vertelling. Hy hoef dit egter nie te doen nie. Hiervan gee die verhaal Leuens (4.2) duidelike blyke: drie sentrums word hier met behulp van net een werkwoordpatroon hanteer.

In Die Betlehem-ster (4.5) vind die outeur dit weer noodsaaklik om ter wille van die verwickelde chronologie met twee werkwoordpatrone te opereer.

In Swart-ys (4.7) maak die outeur afwisselend van die gemerkte en ongemerkte patrone in die vertellerstek gebruik. Die deiktiese sentrum van die verteller/leser bly hierdeur onveranderd maar die perspektief op die gebeure verander.

In Hoogsomernag (4.6) word daar byna uitsluitlik van die gemerkte werkwoordpatroon gebruik gemaak behalwe waar die verteller oor die hede van lesers en verteller mededelings doen. Dit word volgehou met een verdere uitsondering waar daar, soos aangedui is, 'n tweede deiktiese sentrum, benewens die een in die dialoog van die daargestelde persone, tot stand kom. Hiermee slaag die outeur om werklikheid van onwerklikheid te onderskei.

Om saam te vat: met behulp van twee werkwoordpatrone kan die outeur daarin slaag om twee, drie en selfs meer deiktiese sentrums te onderskei. Hy doen dit egter nie in isolasie van die samehangelemente in die teks nie, maar juis in konjunksie daarmee. Dat hy wel sonder gemerkte werkwoordpatroon selfs drie deiktiese sentrums kan weergee, blyk uit die ontleding van Leuens. Die gebruik van twee werkwoordpatrone is vir die skep van deiktiese sentrums nie noodsaaklik nie maar dit gee wel in sommige gevalle 'n groter duidelikheid van onderskeiding. Die werkwoordpatrone in Afrikaans is dus 'n struktuurmiddel (organisasoriese middel) wat hulle besondere funksie in die samehang verkry.

5.6.2 Boodskap

Soos daar in 3.6.3 verduidelik is, berus die literêre funksie van taal daarin dat die aandag op die boodskap self gevestig word. Die ontlede verhaal waar hierdie stelling die duidelikste aan die hand van die werkwoordpatrone onderstreep kan word, is Kinders in die skemer (4.4). In hierdie verhaal gebruik die skryfster die twee werkwoordpatrone op so 'n manier dat die gemerkte patroon die boodskap van herhaling, eenheid en tydloosheid verkry terwyl die ongemerkte patroon die boodskap van opeenvolging en tydsgebondenheid dra. Dit geskied benewens die ander meer *normale* semantiese funksies van hierdie patrone. Dit moet weer beklemtoon word dat hierdie funksies nie in isolasie van die samehang in die teks deur die werkwoordpatrone uitgedruk kan word nie.

Soos in 4.5 aangedui, slaag Henriette Grové daarin om in Die Betlehem-ster byna die teenoorgestelde funksies met dieselfde twee werkwoordpatrone uit te druk: die ongemerkte patroon dui hier op sekerheid en sorgvryheid terwyl die gemerkte patroon onsekerheid en tydelikheid uitdruk.

In Hoogsonernag (4.6) word die werkwoordpatrone aangewend om tussen werklikheid en onwerklikheid te onderskei. Werklikheid word deur die ongemerkte patroon oorgedra en onwerklikheid deur die gemerkte werkwoordpatroon.

By Swart-ys (4.7) vind ons dat die verskillende werkwoordpatrone ingespan word om onderskeidelik sekerheid en onsekerheid, afstand en nabyheid uit te druk.

P.J. Haasbroek gebruik beide vorme om saam in Terugkeer (4.3) 'n soort tydlose gelyktydigheid te bewerkstellig deurdat die een sentrum die ander opvolg en daardeur word 'n soort kringloop, 'n soort eindelose terugkeer bewerkstellig.

5.6.3 Opeenvolging

Benewens die voorgaande funksies is daar ook die meer *normale* funksie van die gemerkte patroon om in kontras met die ongemerkte patroon opeenvolging en voltooiing aan te dui. Op hierdie saak word in 5.7 nader ingegaan.

5.6.4 Kontras

Om saam te vat kan daar gesê word dat die vernaamste rede vir die bestaan van twee werkwoordpatrone in Afrikaans, die weergawe en skepping van kontras is. Twee patrone lewer die moontlikheid om hulle teen mekaar af te speel. Dit bly ook nie 'n tweedimensionele kontrasskepping nie, maar dit word 'n verwickelde spel van kontras in die hande van bekwame skrywers. Met net een werkwoordpatroon sou ons in Afrikaans wel oor die weg kon kom maar twee maak moontlikhede van kommunikasie oop wat nie uitgepraat kan word nie. Werkwoordpatrone het met tyd in vertellings niks te make nie, dit dien as 'n kreatiewe stylmiddel vir die skepping van kontras.

5.7 AKTIONSART EN ASPEK

In Hoofstuk 2 (2.2.3) is daar verduidelik wat onder hierdie twee terme verstaan word.

Dit is nie tyd wat deur aspek en aktionsart uitgedruk word nie, maar wel die verhouding wat met behulp van hierdie twee verskynsels in die opeenvolging van handeling, toestande en gebeure ten opsigte van 'n besondere tydsoriëntering weergegee word.

5.7.1 Aktionsart

Elke werkwoord het, soos in 2.2.3 verduidelik, sy eie besondere aktionsart. Die verskillende aktionsarte van die werkwoorde word deur Labuschagne (1972:131, e.v.) in vyf en twintig klasse gegroep.

Op die aard en aanvaarbaarheid van sy indeling word nie ingegaan nie. In hierdie afdeling word net die aksionsarte van enkele werkwoorde van nader bekyk, sodat die funksie daarvan in die besproke kortverhale van nader toegelig kan word.

Wees het as funksie om die bestaan van sake uit te druk. Dit druk nie alleen bestaan uit nie maar dien ook as middel om die toestand van die bestaande uit te druk. Hierdie werkwoord is uit sy betekenis aard nie duratief nie. Dit gee eerder die resultaat van die bestaan van 'n saak of toestand weer. Om hierdie rede druk dit in die enger sin van die woord nie verskillende tye uit nie. Om hierdie rede is daar 'n afsonderlike vorm *was* wat daarop dui dat die bestaan opgehef is, met ander woorde nie meer is nie. *Was* is so gesien nie verlede tyd nie. Dit is teenwoordig in dié sin dat dit in die hede aandui dat 'n toestand of bestaan nie meer *is* nie. In vertellings het *was* dus 'n baie belangrike funksie, dit dui immers daarop dat dit wat met hierdie woord bepaal word nie meer so bestaan nie.

Die gebruik van *is* in die vertellerstekes dui nie noodwendig op die *nog bestaan in die hede* nie maar tensy dit deur die samehang anders gerig word, op die *bestaan* op die tydspunt wat as oriëntering vir die toestand gegee word, vergelyk:

5.7.1(a)1) *Hy kan sy oë nie van haar af hou nie en is veels te ingenome dáármee. (H37)*

2) *Die meisie was byna onmiddellik terug ... (H35)*

5.7.1(a)1) vind ons 'n gedeelte van die teks waar die gevoelens en gedagtes van 'n persoon in die verhaal uitgedruk word. Die gebruik van *is* in hierdie geval dui op die persoon se houding ten tye van hierdie gedagtes. Daar is hier dus 'n fokalisering (vergelyk 3.7.2.3) deur hierdie persoon.

In 5.7.1(a)2) het ons met 'n uiting in die vertellerstekes te make. Die verteller is in die hede en daarom word *was* en nie *is* nie, gebruik.

Indien *is* op hierdie wyse benader word, is dit ook logies dat die sogenaamde preteritumvorm van die passief met *is* uitgedruk word: dit gee in hierdie gebruik dus nie 'n *verlede* weer nie, maar 'n toestand in die hede. Die gebruik van *was* in die passief sal dan daarop dui dat hierdie toestand nie meer in die hede bestaan nie. Hierdie kwessie val egter buite die bestek van die ondersoek en word daar gelaat.

Arriveer, *aankom* en soortgelyke werkwoorde word daardeur gekenmerk dat die handeling wat daarin uitgedruk word reeds by die aanvang daarvan ten aansien van die tydsoriëntering wat gegee word, voltooi is, vergelyk:

- 5.7.1(b)1) *Hulle arriveer om tien uur môremiddag.*
 2) *Hulle kom in die dorp aan.*

Hierdie werkwoorde druk dus nie duur uit nie, maar om duur daarmee uit te druk moet iets soos die volgende gesê word om dit aspekties te bewerkstellig:

- 5.7.1(c) *Hulle arriveer van nou tot tienuur.*

Selfs hier is elke afsonderlike arrivering voltooi, dit is nog geen werklike duur wat uitgedruk word nie, 'n mens kan immers nie sê nie:

- 5.7.1(d) *Hy arriveer van nou tot tienuur.*

Die deeltjie *aan* saam met die duratiewe werkwoord kan dui op bereiking van 'n voltooiingspunt (vergelyk ook 4.8 en Du Plessis, 1972). Die meeste oorganklike werkwoorde is soos in 4.8 verduidelik op die bereiking van 'n resultaat, produk of toestand gerig en daarom kan sulke handeling of gebeure net duur tot 'n spesifieke toestand of resultaat bereik word (5.7.1(e)). Sou 'n mens sulke werkwoorde onoorganklik gebruik (5.7.1(e)2), moet die duur daarvan op 'n ander manier, aspekties (5.7.1(e)3) of in die samehang (5.7.1(e)4) opgehef word, vergelyk:

- 5.7.1(e)1) *Hy eet sy kos.*
 2) *Hy eet.*
 3) *Hy eet klaar.*
 4) *Hy eet en gaan speel.*

Onoorganklike werkwoorde daarenteen is gewoonlik duratief van aard (vergelyk 4.8) veral daardie wat sonder meer *tydloos* gebruik kan word (vergelyk 5.3), asook:

- 5.7.1(f)1) *Honde blaf.*
 2) *Die kind huil.*
 3) *Die boom bloei.*
 4) *Die water stroom.*
 5) *Die aarde draai.*

Talle onoorganklike werkwoorde is natuurlik nie duratief nie, hiervan getuig *aankom* en *arriveer* hierbo.

Sommige werkwoorde soos *biggel*, *hakke1* en *waggel* slaan op 'n herhalende handeling wat eerder frekwentatief of iteratief as duratief is. In die gegewe voorbeelde hang die frekwentatiewe aard natuurlik saam met die suffiks *-e1*.

So is daar ook statiese werkwoorde soos *ken* en *heet* (vergelyk 2.2.3) wat nie duur of selfs momentaniteit uitdruk nie, maar 'n stand van sake.

Werkwoorde soos *skiet*, *blits* en *pluk* druk uit hulle aard 'n handeling wat telkens net 'n oomblik in beslag neem, uit.

Hierdie soort handeling is nie vergelykbaar met die soort handeling wat *arriveer* veronderstel nie aangesien 'n mens so iets kan sê soos

5.7.1(g) *Hy pluk langoos aan die perskes.*

'n Mens kan nie *langoos* arriveer nie: as jy arriveer, het jy klaar gearriveer, dit maak nie saak hoe stadig of hoe vinnig dit gaan nie.

5.7.1(h) *My ouers dreig al lank om te kom, maar hulle arriveer nou al tien maande lank.*

In hierdie geval het *arriveer* 'n spesifieke modaliteit op grond van die samehang. Hierdie modaliteit wat op waarskynlikheid eerder as werklikheid dui, rig die aksionsart van *arriveer* tot duur wat oor 'n periode van maande strek. *Arriveer* word dus nie in sy oorspronklike betekenis gebruik nie. *Arriveer* het hier die betekenis: *dreig om te kom*.

5.7.2 Die wyse waarop aspek in Afrikaans uitgedruk word

In hierdie afdeling word net gewys op die vernaamste aspektiese middele in Afrikaans. Dit word geensins bedoel om 'n volledige ondersoek na hierdie middele te wees nie, maar dit word nodig geag om tempus en aksionsart van aspek te onderskei. In Hoofstuk 2 (2.2.3) is ook op enkele aspektiese middele gewys.

5.7.2.1 Verbindings met infinitiefsinne

Aspek, met name duratiewe aspek, word uitgedruk met 'n bywoord of voorsetsel in verbinding met 'n infinitiefsin.

- 5.7.2(a)1) *Hy is besig om te huil.*
 2) *Hy is aan die werk.*
 3) *Hy is aan't speel.*

Die eerste deel, dit wil sê die eerste sin druk deur die aksionsart van die werkwoord *wees* 'n toestand uit. Indien 'n werkwoord nou in 'n infinitiefsin aan hierdie toestand gekoppel word, gee die geheel (5.7.2(a)1)) byvoorbeeld, 'n toestand van huil weer, met ander woorde iets soos:

- 5.7.2(b) *Hy verkeer in 'n huilende toestand.*

Hiermee word die handeling tot duur gerig. Selfs momentane soos *pluk* kan so tot duur, Ponelis (1979:255) noem dit progressie, gerig word.

- 5.7.2(c) *Hy is besig om perskes te pluk.*

5.7.2.2 Skakelwerkwoorde en verwante

Een van die belangrikste aspektiese middele in Afrikaans is skakelwerkwoorde en ander werkwoorde wat soos skakelwerkwoorde ingespan word. Hiermee kan byvoorbeeld inchoatiewe, duratiewe (imperfektiewe) en okklusiewe aspek uitgedruk word. Voorbeelde van hierdie soorte asnek word vervolgens onderskeidelik gegee.

- 5.7.2(d)1) *Ek begin bou.*
 2) *Ek hou aan bou.*
 3) *Ek hou op bou.*

Saam met infinitiefsinne word nog meer aspekte met skakelwerkwoorde uitgedruk en selfs ander werkwoorde word op hierdie wyse aspekties ingespan (vergelyk Ponelis, a.w: 245 en 257-258).

5.7.2(e) *Die tou dreig om te breek.*

In 5.7.2(e) word 'n ingressiewe aspek uitgedruk (vergelyk 2.2(f)).

5.7.2.3 Adjunkte

Met behulp van wyse-en tydsadjunkte kan frekwensie, duur en voltooidheid uitgedruk word, met ander woorde iteratiewe, imperfektiewe, okklusiewe en perfektiewe aspek (vergelyk 2.2.3) kan hiermee uitgedruk word.

- 5.7.2(f)1) *Hy bou met rukke.*
 2) *Hy bou aanhoudend.*
 3) *Hy bou klaar.*

5.7.2.4 Voegwoorde

Aangesien dit die funksie van voegwoorde is om twee sinne met mekaar te verbind, het hulle terselfdertyd 'n aspekties wysigende funksie. Een handeling word immers in verhouding met 'n ander handeling gestel. Hierdeur word duur, aanvang en voltooiing uitgedruk. Die gebruik van voegwoorde is ten nouste met die samehang van die teks verweef en die aspektiese werking wat dit het, kan dus ook nie losgemaak word van die samehang nie.

- 5.7.2(g)1) *Hy praat terwyl ek skryf.*
 2) *Hy speel en gaan slaap.*
 3) *Toe die boek val, sien hy dit.*

Die verband wat met neweskikkende voegwoorde, *en* in 5.7.2(g)2), uitgedruk word vereis gewoonlik 'n opeenvolging terwyl onderskikkende voegwoorde (5.7.2(g)1) en 3)) gewoonlik insluiting waaronder sake soos gelyktydigheid uitdruk. Die soort opeenvolging wat met *en* verkry word hang van die aksionsarte van die aparte werkwoorde af (vergelyk byvoorbeeld 3.8.5) terwyl die insluiting by *toe* en *terwyl* van 'n gemeenskaplike tydsverwysingspunt afhanklik is.

5.7.2.5 Die gemerkte werkwoordpatroon

Die vernaamste middel om voltooidheid of die okklusiewe en perfektiewe aspek uit te druk, is met behulp van die gemerkte werkwoordpatroon. Omdat hierdie patroon ook gebruik word om kontras te skep (vergelyk 5.6.4) word aspek daarmee gewoonlik in samehang met ander elemente soos adjunkte uitgedruk.

- 5.7.2(h)1) *Hy het gebou.*
 2) *Hy het klaar gebou.*
 3) *Hy het reeds klaar gebou.*

Die gemerkte werkwoordpatroon gee altyd 'n voltooidheid ten opsigte van 'n spesifieke tydsoriëntering weer, hoewel dit ten opsigte van 'n ander tydsoriënteringspunt nie voltooi hoef te wees nie.

- 5.7.2(i) *Hy het gebou terwyl ek met hom praat.*

In 5.7.2(i) word veronderstel dat die bouhandeling aan die gang was ten aansien van die praathandeling maar dat dit ten aansien van die deiktiese tydsoriëntering voltooi is. Hierdeur word ook die praathandeling tot die moment waar die boubedrywigheid aan die gang is, beperk.

5.7.2(j) *Teen elfuur môreoggend het hy klaar gebou.*

In 5.7.2(j) is die boubedrywigheid ten opsigte van die gegewe tydsoriënteringspunt *elfuur môre-oggend* voltooi.

Die feit dat daar so algemeen verkeerdelik aanvaar word dat die gemerkte werkwoordpatroon verlede tyd uitdruk, moet juis in die voltooide aspektiese aard van hierdie patroon gesoek word: voltooide sake behoort gewoonlik tot die verlede en daarom word bloot aanvaar dat gemerkte werkwoordpatroon = verlede tyd (vergelyk ook 2.2.3).

5.7.3 Samehang en samespel

In die literêre teks, soos trouens in die meeste tekste, word handeling teen mekaar afgespeel. Allerlei aspektiese verhoudings kom tot stand in die samehang van aksionsart, aspek en tydsoriënteringspunte. In elke diskoers is daar 'n deiktiese sentrum wat as primêre tydsoriënteringsentrum optree. Alle handeling en tydsverwysingspunte word ten aansien van hierdie sentrum georiënteer. Ten opsigte van die deiktiese sentrum kan handeling en toestande dus begin, aan die gang wees, bestaan of voltooid wees. Sekondêr kan ander toestande, handeling en tyds=oriënteringspunte ten opsigte van die werkwoorde wat direk deur die deiktiese sentrum georiënteer is, ook georiënteer word. Hierdie oriënterings geskied in die eerste plaas aksionsartig en waar nodig (vergelyk 4.8) word die aksionsarte van die werkwoorde aspekties gerig. Die aksionsart van 'n werkwoord kan, soos in 5.7.1(c) byvoorbeeld gesien, nooit gewysig word nie, dit word wel gerig sodat 'n besondere verhouding met 'n tydsverwysingspunt of gebeure verkry kan word.

Dikwels is dit uit die samehang van die teks duidelik watter aspek uitgedruk moet word en dan is dit ook nie nodig om die aksionsart van die werkwoord te wysig nie (vergelyk 3.8.5).

In 4.8 is daar aan die hand van Die Tuiskoms geïllustreer hoe aspek en aktionsart in samehang met die tydsoriëntering opeenvolgings en verhoudings tussen gebeure uitdruk.

5.8 SAMEVATTING

In 3.8.6 is daarop gewys dat 'n ondersoek van tekstyd nie eenvlakkig benader kan word nie. Dit het in hierdie ondersoek waar geblyk. Tydsuitdrukking in Afrikaans is 'n uiters verwickelde verskynsel wat slegs uit die totale samehang in die teks en met inagneming van die konteks verduidelik kan word. Tyd word nie soseer in Afrikaans uitgedruk nie, dit word veronderstel. Die veronderstelling van tyd hang af van die konteks waarin dit gebruik word en daarom van die deelnemers, die plasing (tyd- en ruimtelik) die aard van die teks en die voorveronderstellings wat by die deelnemers bestaan.

Daar is aangetoon dat die mens wat praat en die mens wat luister van twee dinge bewus is, naamlik dit wat geweet word en dit wat bloot waargeneem word. Indien iets geweet word, kan die spreker nie anders as om hierdie wete in taal uit te druk nie. Die hoorder word daarom bewus gemaak, op grond van allerlei elemente wat in die teks voorkom, dat dit waaroor die spreker dit het aan hom bekend is en daarom veronderstel hy dat die spreker óf iets meedeel wat tot die verlede behoort óf 'n voorspelling maak oor iets wat in die toekoms lê. Die hoorder onderskei tussen hierdie twee gewete wêreldes deur te let op die tydsverwysingspunte wat óf eksplisiet in die vorm van adjunkte gegee word óf wat in die samehang (ook die kontekstuele samehang) geïmpliseer word. Alles word deur die deiktiese sentrum georiënteer en op grond van hierdie oriëntasie besluit die hoorder watter tyd in die teks uitgedruk word. Verhoudings van opeenvolging en gelyktydigheid binne die teks word met behulp van die samespel van die tekssamehang, aktionsart en aspek uitgedruk. Hierdie verhoudings is nie tydsverhoudings nie maar verhoudings wat ten opsigte van 'n gegewe tydsoriëntering tot stand kom.

Hierteenoor, dit wil sê teenoor die gewete wêreld, is daar die uitdrukking van die waargenome wêreld. Dit is die uitdrukking van

die teenwoordige tyd. Tydsverwysingspunte word selde eksplisiet in hierdie waargenome wêreld gegee aangesien die tydsoriëntering van die deiktiese sentrum veronderstel word en ook nie uitgedruk kan word nie. Verwysingspunte in hierdie wêreld word slegs gebruik om aspektiese verbande weer te gee.

In die tydsuitdrukking van Afrikaans speel die werkwoordpatrone slegs 'n geringe rol. Hulle funksie is primêr om kontras en aspek weer te gee, soms ook tyd, maar dan op 'n afgeleide wyse en op voorwaarde dat dit reeds op 'n ander manier gegee is. Afrikaans ken daarom in die tradisionele sin van die woord nie die kategorie tempus nie. Wat vir tempus aangesien word, is niks meer as aspek nie.

Die antwoord op Antonissen se vraag (1.1) moet dus in 'n sin ontwykend wees. Daar is nie 'n verbale (in die sin van die werkwoord) moontlikheid om die verlede tyd in Afrikaans uit te druk nie. Wat hy met *moontlikhede* om die verlede tyd uit te druk, bedoel, is of daar verskillende aspekte van die werkwoord in Afrikaans bestaan. Hierop is die antwoord onomwonde ja. Nadat die leser bewus gemaak is van die tyd waarin die vertelling hom afspeel, bestaan die aspektiese moontlikhede wat in enige ander taal kan bestaan ook. Dit word nie net met behulp van die werkwoordpatrone uitgedruk nie, ewe min as in Nederlands byvoorbeeld. Die twee werkwoordpatrone in samehang met die teks het dieselfde krag om 'n boodskap van die verlede oor te dra as byvoorbeeld Nederlands. Die verskil is egter dat die samehang van die Nederlandse teks nie dieselfde semantiese gewig moet dra as die Afrikaanse ekwivalent nie. Dit is daarom vir 'n spreker van Nederlands of ander Germaanse taal baie moeilik om hierdie gewig aan die samehang te gee. Logieserwys sal sodanige sprekers wil beweer dat die verledetydsuitdrukking slegs deur die werkwoord gedra kan word. Moedertaalsprekers wat ook probleme met hierdie saak het, soos Brink en Marais (1.1), tref na aanleiding van hulle kennis van ander tale 'n onhoudbare vergelyking bloot op grond van die werkwoord. Dit is dieselfde soort fout wat Bowmer en De Villiers maak: hoewel hulle albei tog daarop wys dat die samehang die deurslaggewende

faktor vir Afrikaanse tydsuitdrukking is, gaan hulle van die standpunt uit dat die struktuur van die werkwoord net soos in Latyn die deur=slaggewende faktor behoort te wees. Dit is 'n logiese soort fout aangesien dit juis die werkwoord is wat toestande en handeling uitdruk en hierdie sake slegs in die tyd tot stand kom. Hoe moeilik dit ook al mag wees om Afrikaanse tydsuitdrukking, nie aspek nie, los te maak van die tradisionele beskouing hieroor, is dit noodsaaklik. Dit gee aanleiding tot verwarring by moedertaalsprekers reeds op skoolvlak, om nie van andertaliges te praat nie.

Die geformuleerde probleemstelling in 1.8 word hiermee as beantwoord beskou. Afrikaans is wat tydsuitdrukking betref, in die hande van 'n stylbewuste en gevoelige skrywer 'n ewe goeie werktuig om die *condition humaine* te vergestalt as enige ander taal. Dit is per slot van rekening nie die struktuur van die taal wat kommunikeer nie, maar die gebruikers van die struktuur. In hulle hande kan die *fyn net van die woord* ingespan word om die *blink visse* van die gedagte uit te trek.

B I B L I O G R A F I E

- ADRIAENS, S. 1978. Modellen van linguïstiese tekstgrammatikas. (In Grivel, C., red. *Methoden in de literatuurwetenskap*. Muiderberg: Dick Coutinho.)
- ANTONISSEN, R. 1966. Spitsberaad. Kaapstad: Nasou.
- APPEL, R., HUBERS, G. & MEIJER, G. 1977. Sociolinguïstiek. Utrecht: Spectrum.
- BAL, MIEKE. 1979. Mensen van papier. Assen: Van Gorcum.
- BAL, MIEKE. 1980. De teorie van vertellen en verhalen. Muiderberg: Dick Coutinho.
- BARNES, A.S.V. s.j. Afrikaanse oefeninge. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- BÄUERLE, R., EGLI, U. & VON STECHOW, A., reds. 1979. *Semantics from different points of view*. Berlyn: Springer Verlag.
- BIERWISCH, M. 1970. Poetics and linguistics. (In Freeman, D.C., red. *Linguistics and literary style*. New York: Holt, Rinehart and Winston.)
- BOLINGER, D.L. 1973. Accent is predictable (if you're a mind reader). *Language*, 48(3):634-644.
- BOLINGER, D.L. 1977. *Meaning and form*. London: Longmans.
- BOOYSEN, C.M., MARAIS, J. 1946. Die nuwe Afrikaanse praktiese grammatika, stylkursus en klankleer. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- BOSSHOF, S.P.E. 1921. *Volk en taal van Suid-Afrika*. Amsterdam: De Bussy.

- BOTHA, R.P. 1978. Generatiewe taalondersoek. Kaapstad: H.A.U.M.
- BOUMAN, A.C. & PIENAAR, E.E. 1924. Afrikaanse spraakkuns. Stellenbosch: Pro Ecclesia.
- BOWMER, T.H. 1978. 'n Voorstelling van tydsaanduiding in Afrikaans. Pretoria: Ongepubliseerde verhandeling. U.P.
- BREMOND, C. 1977. De logica van de narratieve mogelijkheden. (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W. en Kunne-Ibsch, Elrud, reds. Tekstboek algemene literatuurwetenschap. Baarn: Ambo.)
- BRINK, A.P. 1967. Aspekte van die nuwe prosa. Pretoria: Academica.
- BRONZWAER, W.J.M. 1970. Tense in the novel. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- BRONZWAER, W.J.M., FOKKEMA, D.W. & KUNNE-IBSCH, ELRUD, reds. 1977. Tekstboek algemene literatuurwetenschap. Baarn: Ambo.
- BROOS, J.A.R. 1959. 'n Definisie van modaliteit. (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika. C16.) Pretoria.
- BROOS, J.A.R. 1964. Aspek, 'n drie-dimensionele interpretasie. (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika. C52.) Pretoria.
- BURGHARDT, W. & HÖLKER, K. 1979. Text processing/Textverarbeitung. Berlyn: Walter de Gruyter.
- CHAFE, W.L. 1977. The recall and verbalization of past experience. (In Cole, R., red. Current issues in linguistic theory. Bloomington: Indiana University Press.)
- CHAFE, W.L. 1977(b). Creativity in verbalization and its implications for the nature of stored knowledge. (In Freedle, O., red. Discourse production and comprehension. Norwood, New Jersey: Ablex.)

CHATMAN, S. 1975. The structure of narrative transmission. (In Fowler, R., *red.* Style and structure in literature. Oxford: Basil Blackwell.)

COETZEE, L. 1981. Texture in multi-media messages. (In Sinclair, A.J.L., *red.* Kongresreferate van die 17de Nasionale Kongres van die Linguistevereniging van Suid-Afrika. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.)

COLE, R., *red.* 1977. Current issues in linguistic theory. Bloomington: Indiana University Press.

COMBRINCK, J. 1981. Kom en gaan. (In Sinclair, A.J.L., *red.* Kongresreferate van die 17de Nasionale Kongres van die Linguistevereniging van Suid-Afrika. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.)

CULLER, J.D. 1975. Defining narrative elements. (In Fowler, R., *red.* Style and structure in literature. Oxford: Basil Blackwell.)

DE BEAUGRANDE, R. 1980. Text, discourse and process. Norwood, New Jersey: Ablex.

DE GROOT, A.W. 1964. Inleiding tot de algemene literatuurwetenschap. Groningen: J.B. Wolters.

DE KLERK, W.J. 1978. Inleiding tot die semantiek. Durban: Butterworth.

DE VILLIERS, M. 1942. 'n Bydrae tot die sintaksis van die werkwoord in Afrikaans. Kaapstad: Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Kaapstad.

DE VILLIERS, M. 1948. Woordsoorte, werkwoorde en tye. Kaapstad: Nasionale Pers.

DE VILLIERS, M. 1951. Werkwoordvorme in Afrikaans in die verlede tyd. (Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Jrg. xxvi, Reeks B, No. 1.)

DE VILLIERS, M. 1962. Die aanduiding van tyd in Afrikaans. *Standpunte*, 44(2):53-61.

- DE VILLIERS, M. 1971. Die grammatika van tyd en modaliteit. Kaapstad: A.A. Balkema.
- DE VILLIERS, M. 1975. Die semantiek van Afrikaans. Kaapstad: H.A.U.M.
- DE VRIES, J. 1979. Etymologisch Woordeboek. Utrecht: Aula-Boeken.
- DITTMAR, N. 1976. Sociolinguistics, London: Edward Arnold.
- DU PLESSIS, H.G.W. 1972. Die deeltjiewerkwoord in Afrikaans. Ongepubliseerde verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- DU PLESSIS, H.G.W. 1977. Oor *daar* in Afrikaans. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 17:234-235.
- DU PLESSIS, H.G.W. 1979. Opmerkings oor Johannesburgse Afrikaans. (In Louw, J.P., red. Taalseminaar 1979, Pretoria: U.P.)
- DU PLESSIS, H.G.W. 1981. Die sintaksis van Ernst van Heerden se *Musiek*. (In Coetzee, A.J., red. Hulsels van Kristal. Kaapstad: Tafelberg.)
- DU PLESSIS, H.G.W. 1981b. Professorale intreerede. (Wetenskaplike bydraes van die P.U. vir C.H.O. Publikasiereeks H.86.) Potchefstroom.
- DU PLESSIS, H.G.W. 1983. Die analise van 'n Griekwa-vertelling. Ongepubliseerde lesing aangebied tydens die 19de Nasionale Kongres van die Linguistevereniging van Suid-Afrika. Bloemfontein.
- DU TOIT, F.G.M. 1940. Eugène N. Marais, sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.
- DU TOIT, P.J. 1905. Afrikaanse studies. Gent: A. Siffer.
- DU TOIT, S.J. 1891. Afrikaans ons volkstaal. 71 stelling. Paarl: Du Toit.

- ECO, U. 1979. The role of the reader. Bloomington: Indiana University Press.
- ENKVIST, N.F. 1964. On defining style. (*In* Spencer, J., *red.* Linguistics and style. London: Oxford University Press.)
- EPSTEIN, E.L. 1975. The self reflexive artefact. (*In* Fowler, R., *red.* Style and structure in literature. Oxford: Basil Blackwell.)
- EPSTEIN, E.L. 1978. Language and style. London: Methuen.
- ERVIN-TRIPP, SUSAN, M. 1973. Language acquisition and communicative choice. Stanford: Stanford University Press.
- FILLMORE, J.D. & LANGENDOEN, D.T., *reds.* 1971. Studies in linguistic semantics. New York: Holt, Rinehart and Winston.
- FISHMAN, J. 1972. The sociology of language. Rowley, Massachusetts: Newburg House.
- FOWLER, R. 1971. The languages of literature. London: Routledge and Kegan Paul.
- FOWLER, R., *red.* 1975. Style and structure in literature. Oxford: Basil Blackwell.
- FOWLER, R. 1977. Linguistics and the novel. London: Methuen.
- FREEDLE, O., *red.* 1977. Discourse production and comprehension. Norwood, New Jersey: Ablex.
- FREEMAN, D.C., *red.* 1970. Linguistics and literary style. New York: Holt, Rinehart and Winston.
- GABBAY, D. & ROHRER, C. 1979. Do we really need tenses other than future and past. (*In* Bäuerle, R., Egli, U. en Von Stechow, A., *reds.* Semantics from different points of view. Berlin: Springer Verlag.)
- GARVIN, P.L., *red.* 1964. A Prague school reader. Washington, Georgetown.

GENETTE, G. 1980. Narrative discourse. Oxford: Basil Blackwell.

GIVON, T. 1979. On understanding grammar. New York: Academica Press.

GOHEEN, JUTTA. 1978 Tempusform und Zeitbegriff in R.M. Rilkes "Die Aufzeichnungen des Malte Laurids Brigge". (In Ritter, A., red. 1978. Zeitgestaltung in der Erzählkunst. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.)

GREGORY, M. & CARROL, SUSAN. 1978. Language and situation. London: Routledge and Kegan Paul.

GRIVEL, C., red. 1978. Methoden in de literatuurwetenschap. Muiderberg: Dick Coutinho.

GUMBRECHT, H.U. 1978. Receptie esthetika en handelingsteoretische literatuurwetenschap. (In Grivel, C., red. Methoden in de literatuurwetenschap. Muiderberg: Dick Coutinho.)

HALLIDAY, M.A.K. 1970. Descriptive linguistics in literary studies. (In Freeman, D.C., red. Linguistics and literary style. New York: Holt, Rinehart and Winston.)

HALLIDAY, M.A.K. & HASAN, R. 1976. Cohesion in English. London: Longman.

HALLIDAY, M.A.K. 1978. Language as a social semiotic. London: Edward Arnold.

HAMBURGER, KÄTE. 1964. Die Logik der Dichtung. Stuttgart: Ernst Klett Verlag.

HARDT, M. 1976. Poetik und Semiotiek. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

HARRIS, Z.S. 1952. Discourse analysis. *Language*, 28:1-30.

HARRIS, Z.S. 1952b. Discourse analysis: a sample text. *Language*, 28:474-493.

- HEMPFER, K.W. 1973. *Gattungstheorie*. München: Wilhelm Fink Verlag.
- HENDRICKS, W.O. 1973. Linguistic contributions to literary science. *Poetics*, 7:86-102.
- HENDRICKS, W.O. 1974. Linguistics and folkloristics. (In Sebeok, T.A., red. *Current trends in linguistics*. Volume 12. Den Haag: Mouton.)
- HENDRICKS, W.O. 1976. *Grammars of style and styles of grammar*. Amsterdam: North Holland Publishing Company.
- HESSELING, D.C. 1923. *Het Afrikaans*. Leiden: E.J. Brill.
- HOEK, L.H. 1978. Verhaalstrategieën aanzet tot een semiotisch georiënteerde narratologie. (In Grivel, C., red. *Methoden in de literatuurwetenschap*. Muiderberg: Dick Coutinho.)
- HURTIG, R. 1977. Towards a functional theory of discourse. (In Freedle, O., red. *Discourse production and comprehension*. Norwood, New Jersey: Ablex.)
- HYMES, D., red. 1964. *Language in culture and society*. New York: Harper and Row.
- HYMES, D. 1974. *Foundations in sociolinguistics*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
- JAKOBSON, R. 1960. Closing statement. (In Sebeok, T.A., red. *Style in language*. Cambridge, Massachusetts: M.I.T. Press.)
- JAKOBSON, R. 1977. *Linguïstiek en poetica*. (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W. en Kunne-Ibsch, Elrud, reds. *Teksboek der algemene literatuurwetenschap*. Baarn: Ambo.)
- JANKOVIC, M. 1972. Perspectives of semantic gesture. *Poetics*, 4:16-27.
- JAUSS, H.R. 1978. Ursprung und Problematik des modernen Zeitromans. (In Ritter, A., red. *Zeitgestaltung in der Erzählkunst*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.)

KEENAN, E.L. 1971. Two kinds of presuppositions in natural language. (In Fillmore, J.D. en Langendoen, D.T., *reds.* Studies in linguistic semantics. New York: Holt, Rinehart and Winston.)

KIPARSKY, P. 1968. Tense and mood in Indo-European syntax. *Foundations of Language*, 4:30-51.

KRUSCHE, D. 1978. Kommunikation im Erzähltext, (1. Analysen.) München: Wilhelm Fink Verlag.

KUNO, S., *red.* 1975. Harvard studies in syntax and semantics, (Vol. 1.) Cambridge, Massachusetts.

LABUSCHAGNE, F.J. 1957. Die oorsprong en wese van taal, funksioneel gesien. (Oorgedruk uit die *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, Oktober 1957:68-109.)

LABUSCHAGNE, F.J. 1968. Iets oor aspek: lingologies gesien. *Taalfasette*, 6.

LABUSCHAGNE, F.J. 1972. Die oorsprong en wese van taal en die funksielingemaat in Afrikaans. (R.G.N.-Publikasiereeks 16.) Potchefstroom: Pro Rege.

LANGENHOVEN, C.J. & PIENAAR, E.C. 1956. Hoe om te skrywe. (Versamelde werk XII.) Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

LE ROUX, J.J. 1923. Oor die Afrikaanse sintaksis. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.

LE ROUX, J.J. 1939. Praatjies oor ons taal. Kaapstad: Nasionale Pers.

LINTVELT, J. 1978. Discursiewe vertelteksten. (In Grivel, C., *red.* Methoden in de literatuurwetenschap. Muiderberg: Dick Coutinho.)

LOTMAN, J.M. 1979. The future for structural poetics. *Poetics*, 8:501-507.

- LOUBSER, J.E. 1961. Die saamgestelde verbale vorm van Nederlands na Afrikaans. Groningen: J.B. Wolters.
- LOUW, J.P. 1976. Semantiek van nuwe testamentiese Grieks. Pretoria: U.P.
- LOUW, J.P., *red.* 1979. Taalseminaar. Pretoria: U.P.
- LOUW, J.P. 1982. 'n Semiotiese benadering tot diskoersanalise. (*In* Van Rensburg, M.C.J., *red.* Kongresreferate van die 18de Nasionale Kongres van die Linguistevereniging van Suid-Afrika. Grahamstad: Rhodes Universiteit.)
- LYONS, J. 1968. Introduction to theoretical linguistics. London: Cambridge University Press.
- LYONS, J. 1977. Semantics I and II. London: Cambridge University Press.
- LYONS, J. 1981. Language, meaning and context. Bungay: Fontana Paperbacks.
- MAATJE, F.C. 1977. Literatuurwetenskap. Utrecht: Bohn, Scheltema en Holkema.
- MCCAWLEY, J.D. 1971. Tense and time reference in English. (*In* Fillmore, J.D. en Langendoen, D.T., *reds.* Studies in linguistic semantics. New York: Holt, Rinehart and Winston.)
- MALHERBE, D.F. 1917. Afrikaanse taalboek. Bloemfontein: De Nasionale Pers.
- MANSVELT, N. 1884. Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idiotikon. Kaapstad.
- MATHESIUS, V. 1975. A functional analysis of present day English. Den Haag: Mouton.
- MATHESIUS, V. 1975b. On information-bearing structure of the sentence. (*In* Kuno, S., *red.* Harvard studies in syntax and semantics, (Vol. 1.) Cambridge, Massachusetts.

MENDLOW, A.A. 1965. *Time and the novel*. New York: Humanities Press.

MOUTON, MARISA. 1982. Tyd in samewerking met ander struktuur= elemente, geïllustreer aan enkele Afrikaanse prosawerke. Potchef= stroom. Ongepubliseerde verhandeling. P.U. vir C.H.O.

MUKAROVSKÝ, J. 1970. *Aesthetic function, norm and value as social facts*. Michigan: Ann Arbor.

MUKAROVSKÝ, J. 1970b. *Standard language and poetic language*. (In Freeman, D.C., red. *Linguistics and literary style*. New York: Holt, Rinehart and Winston.)

MUKAROVSKÝ, J. 1973. *Studien zur strukturalistischen Ästhetik und Poetik*. München: Carl Hanser Verlag.

MUKAROVSKÝ, J. 1976. *On poetic language*. Lisse: The Peter de Ridder Press.

MUKAROVSKÝ, J. 1977. *De kunst als semiotische feit*. (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W. en Kunne-Ibsch, Elrud, reds. *Tekstboek algemene literatuurwetenschap*. Baarn: Ambo.)

NIDA, E.A. 1975. *Exploring semantic structures*. München: Wilhelm Fink Verlag.

NIDA, E.A. 1976. *Semantic relations between nuclear structures*. (In Jazayery, M.A. et al., reds. *Linguistics and literary studies*. Lisse: The Peter de Ridder Press.)

NIDA, E.A. 1981. *Signs, sense, translation*. Pretoria. U.P.

OLSON, G.M., MACH, R.L. & DUFY, SUSAN, A. 1981. *Cognitive aspects of genre*. *Poetics*, 10:283-315.

PAVEL, T.G. 1973. *Some remarks on narrative grammars*. *Poetics*, 8:5-30.

PETÖFI, J.S. 1973. *Text-grammars, text-theory, and the theory of literature*. *Poetics*, 7:36-76.

PONELIS, F.A. 1968. Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis. Pretoria: Van Schaik.

PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria: Van Schaik.

PONELIS, F.A. 1981. Taalkundekroniek. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 21:246-259.

POTGIETER, D.J. 1931. Juta se nuwe Afrikaanse grammatika vir middelbare skole. Kaapstad: Juta.

PRATT, MARY, L. 1981. The short story, the long and the short of it. *Poetics*, 10:175-194.

RAIDT, E.H. 1976. Afrikaans en sy Europese verlede. Kaapstad: Nasou.

RITTER, A., *red.* 1978. Zeitgestaltung in der Erzählkunst. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

ROMMETVEIT, R. 1974. On message structure. New York: John Wiley and Sons.

ROSSOUW, P.J. s.j. Die lewende taalreeks. Kaapstad: Juta.

SAPIR, E. 1921. Language. New York: Harcourt, Brace and World, Inc.

SCHMIDT, S.J. 1973. A science of literary communication. *Poetics*, 7:7-35.

SCHOLTZ, H. v.d. M. 1940. Taal en taalverskynsels. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

SCHOLTZ, J. du P. 1980. Wording en ontwikkeling van Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.

SCHÖNFELD, M. 1947. Historische grammatica van het Nederlands. Zutphen: W.J. Thieme.

SEBEOK, T.A., *red.* 1960. *Style in language*. Cambridge, Massachusetts: M.I.T. Press.

SEBEOK, T.A., *red.* 1974. *Current trends in linguistics*, (Vol. 12.) Den Haag: Mouton.

SINCLAIR, A.J.L., *red.* 1981. *Kongresreferate van die 17de Nasionale Kongres van die Linguïstevereniging van Suid-Afrika*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

SMITH, N. & WILSON, DEIRDRE. 1979. *Modern linguistics. The result of Chomsky's revolution*. Harmondsworth: Penguin Books.

SPENCER, J. & GREGGORY, M.J. 1964. *An approach to the study of style*. (In Spencer, J., *red.* *Linguistics and style*. London: Oxford University Press.)

SPENCER, J., *red.* 1964. *Linguistics and style*. London: Oxford University Press.

SPITZER, L. 1970. *Linguistics and literary history*. (In Freeman, D.C., *red.* *Linguistics and literary style*. New York: Holt, Rinehart and Winston.)

STANKIEWICZ, E. 1974. *Structural poetics and linguistics*. (In Sebeok, T.A., *red.* *Current trends in linguistics*, (Vol. 12.) Den Haag: Mouton.)

STEENBERG, ELSABÉ. 1980. *Voorlees vir nadink*. Kaapstad: Tafelberg.

STEMPEL, W. 1978. *Möglichkeiten einer Darstellung des Diachronie in narrativen Texten*. (In Ritter, A. *Zeitgestung in der Erzählkunst*. Darmstadt: Wissenschaftlicher Buchgesellschaft.)

STOKER, H.G. 1961. *Beginsels en metodes in die wetenskap*. Potchefstroom: Pro Rege.

TOBIN, PATRICIA, D. 1978. *Time and the novel*. New Jersey: Princeton University Press.

TODOROV, T. 1965. *Théorie de la littérature*. Parys: Editions du Seuil.

- TODOROV, T. 1967. *Littérature et signification*. Parys: Larousse.
- TODOROV, T. 1979. The evolution of poetics. *Poetics*, 8:509-511.
- ULLMANN, S. 1973. *Meaning and style*. Oxford: Basil Blackwell.
- VAN COLLER, H.P. 1982. Pilatus of pilaar? (*In Van Jaarsveld, G.J., red. Wat sê jy?* Johannesburg: McGraw-Hill.)
- VAN COLLER, H.P. & VAN RENSBURG, M.C.J. 1982. Van mond tot oor. (*In Van Jaarsveld, G.J., red. Wat sê jy?* Johannesburg: McGraw-Hill.)
- VAN DER MERWE, C.P. 1940. *Handleiding vir sekondêre Afrikaansleerlinge*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- VAN DER MERWE, C.P., KEMPEN, W. & KNOETZE, F. *Verskeie jare. Ons moedertaalreeks*. Kaapstad: Nasou.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1958. *Aspek as uitdrukkingsmiddel van handeling*. (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika. B7.) Pretoria.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1963. *Inleiding tot die taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1972. *Afrikaans, sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.
- VAN DER MERWE, THEUNIE. 1982. *Tipering en onderskeiding van moderne Afrikaanse kort prosastukke*. Potchefstroom. Ongepubliseerde verhandeling. P.U. vir C.H.O.
- VAN DER VYFER, D.H. 1972. *Konfrontative Untersuchungen in vier temporalen Kategorien des Afrikaans und des Deutschen*. Stellenbosch. Ongepubliseerde proefskrif. U.S.
- VAN DIJK, T.A. 1971. *Moderne literatuurteorie*. Amsterdam: Van Gennep.
- VAN DIJK, T.A. 1972. *Some aspects of text grammars*. Den Haag: Mouton.

- VAN DIJK, T.A. 1977. Text and context. Explorations in the semantics and pragmatics of discourse. London: Longmans.
- VAN DIJK, T.A. 1979. Advice on theoretical poetics. *Poetics*, 8:569-608.
- VAN JAARSVELD, G.J., *red.* 1982. Wat sê jy? Studies oor taalhandelinge. Johannesburg: McGraw-Hill.
- VAN LOEY, A. 1970. Schönfeld's historiese grammatika van het Nederlands. Zutphen: W.J. Thieme & Cie.
- VAN LUXEMBURG, J., BAL, MIEKE & WESTSTEIJN, W.G. 1982. Inleiding in de literatuurwetenskap. Muiderberg: Dick Coutinho.
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1982. Inleiding. (*In* Van Jaarsveld, G.J., *red.* Wat sê jy? Johannesburg: McGraw-Hill.)
- VAN RENSBURG, M.C.J., *red.* 1982. Kongresreferate van die 18de Nasionale Kongres van die Linguistevereniging van Suid-Afrika. Grahamstad: Rhodes Universiteit.
- VAN ZOEST, A.J.A. 1978. Peirciaanse semiotiek. (*In* Grivel, C., *red.* Methoden in de literatuurwetenskap. Muiderberg; Dick Coutinho.)
- VAN ZOEST, A.J.A. 1979. Semiotiek. Ambo: Basisboeken.
- VENTER, L.S. 1982. Ruimte as epiese kategorie. 'n Onderzoek aan die hand van Afrikaanse en Nederlandse romans. Potchefstroom. Ongepubliseerde proefskrif. P.U. vir C.H.O.
- WEIDEMAN, A.J. 1981. Systematic concepts in linguistics. Bloemfontein. Ongepubliseerde verhandeling. U.O.V.S.
- WEINRICH, H. 1978. Tempus nicht Zeit. (*In* Ritter, A., *red.* Zeitgestaltung in der Erzählkunst. Darmstadt: Wissenschaftlicher Buchgesellschaft.)
- WETHERILL, P.M. 1974. The literary text: an examination of critical methods. Oxford: Basil Blackwell.

WOLFSON, NESSA. 1978. A feature of performed narrative.
Language in society, 7:215-237.

WOLFSON, NESSA. 1981. Tense switching in narrative.
Language in style, XIV:226-231.

WYBENGA, D.M. 1981. Aanspreekvorme en wisselende status -
n ondersoek na die gebruik van aanspreekvorme onder Afrikaans=
sprekendes in Vanderbijlpark. Potchefstroom. Ongepubliseerde
verhandeling. P.U. vir C.H.O.

GRAMMATIESE TYDSVERGESTALTING IN AFRIKAANS - 'N LINGUISTIESE
ONDERSOEK AAN DIE HAND VAN ENKELE AFRIKAANSE KORTVERHALE

S U M M A R Y

TITLE: Grammatical time expression in Afrikaans - a
linguistic study based on some Afrikaans short
stories

BY: D.M. Wybenga

PROMOTER: Prof. H.G.W. du Plessis

ASSISTANT
PROMOTER: Dr. M.C.A. Seyffert

Thesis submitted in partial fulfilment the requirements for the
degree of DOCTOR LITTERARUM.

Although many studies on the grammatical expression of time in Afrikaans have appeared since the beginning of this century (2.4), no systematic representation of tense and time has yet been given. Neither does the present study purport to make such a representation. The main aim of this study is rather to establish whether the Afrikaans language has adequate means for expressing time in narrative and, if so, to establish the way in which it is done.

Rob Antonissen in 1961 (1.1) asked whether there might not be a connection between the fact that up to that time no epic novel of importance had appeared in Afrikaans and the peculiarities of past tense expression in Afrikaans. He hoped with this question to promote studies in the tense-system of Afrikaans. He explicitly stated that all languages can be used for every style required by their users but he was of the opinion that Afrikaans writers did not exploit the possibilities of their language in respect of time expression. Up to date no adequate answer has been given to this question.

The main reason for the failure of linguists to cope with the problem of time expression in Afrikaans is seen in this study to be the strong influence of traditional linguistics in which Latin grammar was taken as the model for all languages (2.1). From this point of view languages are thought to be the poorer if grammatical forms existing in Latin do not appear in their grammars. One of these misconceptions is that time expression should be part of the verb. Until now, all studies about time expression in Afrikaans have fallen into this trap although some of those linguists who fell into it had warned against this very trap (1.1).

Time expression, as John Lyons has clearly shown (2.2.1), is a deictic category. With this as starting point a critical analysis is made of studies on Afrikaans time expression (2.4).

The traditional concept of aspect and *aktionsart* is critically examined and found wanting in 2.2.3. Here it is shown that there are two distinct categories in what is normally considered as 'aspect'. Verbs have a definite *aktionsart* or aspectual character which can be directed but not changed.

1) *Hulle arriveer van twaalf tot een.*

In this sentence (1) *arriveer* still retains its meaning of momentariness. Each separate arrival is completed at the moment of arrival, therefore it is not possible to say

2) * *Hy arriveer van twaalf tot een.*

Aktionsart or aspectual character is therefore seen, as F.J. Labuschagne (2.2.3) does, as a component of the meaning of the

verb whereas aspect is the directing of this verbal character vis a vis a specific temporal point of reference by means of morphological and syntactical possibilities in the language as well as the coherence of the text in which the verb is used.

Studies on Afrikaans time expression in the past always concentrated on morphological and syntactical aspects of the grammar and although lip-service was often given to text coherence as a factor of time expression this aspect was never followed to its logical conclusion. In this study the discourse as the prime unit of communication is treated as being the most important factor in time expression. This is done because the linguistic analysis of short stories requires that they are treated as discourses between a narrator and a reader.

The point is made (3.1.2 and 3.1.3) that a discourse consists of both a text and a context. The text without a context is in terms of Jan Mukarovsky (3.1.3) an artifact with unrealised potentialities. Only within a context are these potentialities realised and interpretable.

The context of a discourse consists of several elements (3.2): In the first place, there have to be at least two participants, a speaker and a hearer; secondly, every discourse has a specific spatial and temporal setting which includes a socio-cultural and historical function on which the presuppositions of the participants are founded. Space, time and function together form the scene or setting of the discourse. From this setting the subject of the discourse is derived. Discourse features like the channel, tone or formality, genre and code also develop from it. Finally the setting is focussed by the speaker in a deictic point-of-observation (2.2.1 and 3.2.1). This point-of-observation is a four dimensional unity consisting of the speaker as focal point, a hearer, the time of making an utterance and the place where the utterance is made. From this point or

deictic centre observations are made and reference points both spatial and temporal are chosen. The deictic centre can never be referred to without losing its central observational character when it becomes just another reference point and no longer the deictic centre.

The text (3.3) of a discourse is coherent because of ties which conjoin the relations of meaning within the text. The ties are of different kinds, for instance anaphora and cataphora.

Different types of discourse exist and for this study it was necessary to distinguish between literary discourse on the one hand and other types of discourse (3.4). Within the broad spectrum of literary discourse it was relevant for the study to distinguish between narrative and other types of literary discourse as well as between short story and other subgenres of narrative. To succeed in these distinctions the main differences between oral and written texts are listed. Types of texts are differentiated according to a system devised by Eugene Nida (3.4.3). A further division is made by means of the functional typology of language of Roman Jakobson (3.4.2).

A main problem in this study was to differentiate between the task of the linguist and the task of the literary critic in the analysis of a work of literature. Finally it was decided (3.5 and 3.6.3) that the difference lies in the function analysed rather than the medium and data which are analysed.

The literary discourse differs from "ordinary" discourse in referential (3.6.1), normative (3.6.2) and functional (3.6.3) aspects of language. Because of referential differences between a literary and "ordinary" discourse two sets of contexts are found

in short stories. On the one hand there is the contextual or real context and on the other hand there is a textual context which is derived from the text itself (3.7).

The point is made that the discourse in a short story takes place between a narrator and the reader. Sometimes the reader becomes conscious of another person speaking in the text. In such cases the discourse exists between an implied or abstract author and the reader (3.7.1.1). In the latter case the narrator is treated as just another character or role in the story. The reader and the person he perceives as being the speaker are the participants in the discourse in which they share the same setting and therefore the same deictic point-of-observation. Time expression in the story is dependent upon this deictic centre and not in the first instance on the fictive deictic centre or centres (2.2.1) which come into being within the text. This fictive deictic centre is the point-of-observation shared by the characters in the story whose dialogue is shown, as it were, by the narrator to the reader (3.7.2.3).

Textual time reference (3.8) depends on factors like sequence, chronological order, tense and textual coherence. For the sequence and chronological order in short stories the explication of these matters by Gérard Genette (3.8.1 and 3.8.2) was taken as point of departure for this study. Several aspects of tense relations (3.8.5) like tense as a feature of narrative, tense as a value of narrative and tense as a creator of contrast in a story were considered to enable a better understanding of how time expression in Afrikaans short stories is realized.

Finally it was decided that the treatment and evaluation of time expression in Afrikaans stories cannot be understood if all different aspects of the literary discourse are not taken into account.

Eight Afrikaans short stories were analysed:

- Lettie by Gustav Preller
Leuens by C.M. van den Heever
Die Tuiskoms by J. van Melle
Kinders in die skemer by Elise Muller
Hoogsomernag by Chris Barnard
Swart-ys by Hennie Aucamp
Terugkeer by P.J. Haasbroek
Die Betlehem-ster by Henriette Grové

It was found that time expression in each of these stories differed functionally. Although time expression in no two stories had the same function, time was, in the main, similarly expressed in all of them. Time expression and patterns of the verb do not correlate in Afrikaans. Normally it is taken for granted that the marked pattern: *het ge* + verb and secondary forms of auxiliaries as well as the verb *wees* (i.e. *was*) are used for the expression of the past tense, whereas the unmarked pattern of the verb is used for the present and a dramatic presentation of the past. That this is not the case can be seen in the following simple sentences where adverbs are chosen to denote the time reference point:

- 3) (a) *Die bus kom nou.*
 (b) *Gister kom die bus.*
 (c) *Môre kom die bus om 10h00.*
 (d) *Die bus het nou gekom.*
 (e) *Die bus het gister gekom.*
 (f) *Môre om 10h00 het die bus (al) gekom.*

The marked pattern of the verb always presupposes a time reference point in respect of which the action or state expressed by the verb

is seen as completed. In a certain sense this verb does denote pastness but then it is a past seen in respect of the given or implied time reference and not necessarily a time before the deictic centre. In other words, the marked pattern of the verb has an aspectual meaning of completion and not a tense meaning of past. Without an explicit or implicit time reference the verbal pattern as such cannot be treated as either past, future or present. Often it is found that no such time references occur in stories. By what means then is Afrikaans time expression realised?

It is realised by the context and by the coherence of the text. In everything that is said it is possible to distinguish between what is known to the speaker and what is only observed and commented on. This is particularly true in a narrative. The hearer or reader perceives an utterance as either about something known or something observed. When something is known, the speaker makes certain value judgements in his speaking about it. Such judgements cannot be made in a running commentary of states, events and actions.

- 4) (a) *Skielik sien hy die man.*
 (b) *Hy hoës 'n paar keer.*
 (c) *Naderhand hoor hy dit.*
 (d) *Versigtig draai hy om.*
 (e) *"Dit is die waarheid" vervolg hy.*
 (f) *'n Oomblik staan hy voor die deur.*

In all these sentences there is at least one word which communicates to the reader that that which is said is known to the speaker and it must therefore be either a recounting about what happened in the past or a prophecy about what still has to happen in the future. This is the case because these words express something that is known to the speaker. *Skielik* in (4(a)), for instance, presupposes that the speaker knew that everything happened at once or will happen at once.

For this reason it is impossible to translate these sentences into English with a present continuous or even a simple present, except if they are used in a narrative told in the so-called historic present tense.

5) * *Suddenly he sees the man.*

The same is true for *hi paar keer* in (4(b)). One cannot say that somebody coughed a few times if one does not either make a prophecy or describe something which has already happened.

6) * *He coughs (is coughing) a few times.*

The most that one could do in a running commentary is something like

7) *Hy hoers en hoers en hoers.*
He coughs and coughs and coughs.

In each of the sentences in (4) the element of knowing plays a role. Either of knowing what has happened or of knowing what will happen.

Past and future time in Afrikaans are thus derived from the coherence in the text in which the speaker expresses his knowledge about an event.

The past time can be distinguished from the future in three ways. The first is by means of direct and explicit time references to

the time meant; secondly in the probability of occurrence which is modally expressed in future references and, thirdly, the more detailed expression of events that took place in the past.

Timeless expressions which include generic and habitual expressions are distinguished from temporal expressions in the fact that they communicate events which transcend the temporal borders of the discourse. They are known and treated as such because of the total coherence of the text.

Two verbal patterns in Afrikaans enable the speaker to contrast sequences of events and deictic centres. In stories they have the extra function of stylization and creation of nuances of meaning. In a story like Kinders in die skemer, for instance, the marked pattern receives the meaning of carefreeness, timelessness and repetition, whereas the unmarked pattern is used to denote temporality and chronological sequence.

Time expression in Afrikaans is a complicated and multi-faceted category that cannot be explained only, if at all, by means of the verb and adverbial constructions or simple syntactical analysis.

Time as such is not truly expressed, it is presupposed in the text and by the context. It is a misconception to treat verbal patterns in Afrikaans as if they are tenses of the verb. Once it is established what textual time is meant, all forms of aspect rather than tense expressed in other languages, can also be expressed in Afrikaans. As in other languages this is not a function of verbal forms alone but of the total coherence of text and context. In the final analysis it is not the structure of the language which communicates but the participants in the discourse.